

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 59 | Volume 59 | **SEPTEMBER 2019**
Nommer 3 | Number 3



Tydskrif vir Geesteswetenskappe
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751
Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die L.W. Hiemstra Trust – Opperig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra
The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra



3

Uitgewer/Publisher
Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts
Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574
Privaat sak/Private bag X11
Arcadia 0007
Suid-Afrika/South Africa
September 2019

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Hoofredakteur/Editor in Chief:

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature

REDAKSIE / EDITORIAL BOARD

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics

LM (Lourens) du Plessis – Regsfilosofie/Philosophy of Law

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science

DP (Danie) Goosen – Godsdienwetenskap/Religious Studies

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology

EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomie/Economics

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyn/Language practitioner

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/Philosophy of Education

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature

J (Jacques) van der Elst – Nederlandse Letterkunde/Dutch Literature

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/
Theory of Literature

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology

REDAKSIERAAD/ADVISORY EDITORIAL BOARD

Nasionaal/National

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology

Susan Meyer – Afrikaans (Opvoedingswetenskappe)/Afrikaans (Education Sciences)

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese
Burgerskapsonderwys/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic
Citizenship Education

Internasionaal/International

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdienfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious
Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit
Leuven, België)

A (Anne-Marie) Beukes – Hoof- Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.

Journal of Humanities by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

Intekengeld vir 2019 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):

Subscription fees for 2019 in South Africa (VAT and postage included):

Tydskrif vir Geesteswetenskappe: R350,00 per jaargang/volume

S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie: R300,00 per jaargang/volume

Nuusbrief /Newsletter: R110,00 per jaargang/volume.

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

Rig korrespondensie aan/Correspondence to:

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Arcadia 0007, Suid-Afrika/South Africa

E-pos: publikasies@akademie.co.za

Webwerf: <http://www.tgwsak.co.za>

Tel: 0861 333 786 X4; Faks/Fax: 012 329 0293

TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Jaargang 59 Nummer 3, September 2019 / Volume 59 Number 3, September 2019

Inhoudsopgawe

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES

ANTON A. VAN NIEKERK

Die intellektueel as opvoeder / *The intellectual as educator* 305

J. BURGER VAN LILL

Die verwerping van kennis oor die komplekse menslike leefwêreld / *Gaining knowledge about the complex human lifeworld* 318

PIETER BRITS EN ANDRIES RAATH

Inheemse kennis as beskermbare kulturele identiteitsbate: Kanttekeninge by die beoogde beskerming van inheemse kennis in Suid-Afrika / *Indigenous knowledge as a protectable cultural heritage asset: Notes on the proposed protection of indigenous knowledge in South Africa* 345

PIET STRAUSS

“Hervormd” of “gereformeed?”: Die keuse voor die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Zuid-Afrikaanse Republiek in 1866 / *“Hervormd” or “gereformeed?”: The choice the General Assembly of the Dutch Reformed Church had to make in the South African Republic in 1866* 367

BENNO A. ZUIDDAM

De geloof en theocratie bij C.W.H. van der Post in *Piet Uijs of Lijden en Strijd der Voortrekkers in Natal* / *C.W.H. van der Post's faith and theocracy as exemplified in Piet Uijs or the suffering and struggle of the Voortrekkers in Natal* 382

RIAAN EKSTEEN

Die uitwerking van binnelandse aangeleenthede op buitelandse beleid, met spesifieke verwysing na hedendaagse gebeure in die Verenigde State van Amerika / *The effect of domestic affairs on foreign policy, with specific reference to current events in the United States of America* 398

ERNST ROETS EN KOOS MALAN

’n Beoordeling van die (wan)prestasie van die artikel 185-Kommissie met betrekking tot die regte van gemeenskappe / *A concise assessment of the (mal)performance of the section 185 Commission in relation to the rights of communities* 413

MARYKE MIHAI EN SURETTE VAN STADEN

Ondervindinge, uitdagings en suksesse: Vroeëleesbegrippraktyke in hulpbronbeperkte omgewings met kinders uit linguisties-diverse agtergronde / *Experiences, challenges and successes: Early-reading comprehension practices in resource-constrained settings with children from linguistically diverse backgrounds* 436

TAALRUBRIEK

TOM McLACHLAN

Weer 'n spelreël 451

UITNODIGING

Oproep om artikelbydraes: Spesiale tema: Godsdienst en die Reg 453

Die intellektueel as opvoeder

The intellectual as educator

ANTON A. VAN NIEKERK

Direkteur: Sentrum vir Toegepaste Etiek

Universiteit Stellenbosch

E-pos: aavn@sun.ac.za



Anton van Niekerk

ANTON VAN NIEKERK (MA, BTh, Lis. in Teologie, DPhil Stell) is 'n uitgelese professor en direkteur van die Sentrum vir Toegepaste Etiek aan die Universiteit Stellenbosch. Hy is die skrywer en redakteur van 20 boeke en meer as 150 vakwetenskaplike artikels en boekhoofstukke. Hy het die US se Kanseliersmedalje vir die beste finalejaarstudent in 1980 verwerf. In 1995 word die Stalsprys vir Filosofie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan hom toegeken. Hy is professor aan die US sedert 1989, en was in 2014 een van die eerste uitgelese professore wat aan die US aangestel is. In 2016 word hy vereer met die Kanselierstoekening van die US vir uitnemendheid oor 'n hele loopbaan as akademikus. Die US het hom ook in 2018 versoek om sy aftrede met vyf jaar uit te stel. Hy was een van die stigters en vir 14 jaar voorsitter van die direksie van The Ethics Institute in Pretoria. Hy is ook 'n voormalige president van die Wysgerige Vereniging van Suider-Afrika, en was vir 11 jaar redakteur van die *SA Journal of Philosophy*. Hy was die promotor van 27 voltooide PhD-proefskrifte en die studieleier van 76 Magister-tesisse. Hy word beskou as een van die pioniers van die dissipline van die bio-etiek in Suid-Afrika. Benewens in bio-etiek, spesialiseer hy ook in godsdiensfilosofie en die filosofie van die menswetenskappe.

ANTON VAN NIEKERK (MA, BTh, Lic. in Theology, DPhil Stell) is a distinguished professor of philosophy and director of the Centre for Applied Ethics at Stellenbosch University. He is the author and editor of 20 books and more than 150 articles in accredited scientific journals and book chapters. In 1980 he was awarded the Chancellor's Medal for the best student on campus at Stellenbosch University. In 1995 he received the Stals Prize for Philosophy from the South African Academy of Arts and Science. He is professor at Stellenbosch since 1989, and in 2014 he was one of the first Stellenbosch academics to be appointed as distinguished professor. In 2016 he was honoured with the Chancellor's Award for a life-long career of excellence. Stellenbosch University invited him in 2018 to postpone his retirement for another five years. He was a founder and for 14 years chair of the Board of Directors of The Ethics Institute in Pretoria. He is a former president of the Philosophical Society of Southern Africa, and he was editor of the *SA Journal of Philosophy* for 11 years. He acted as supervisor for 27 completed PhD dissertations and for 76 Masters theses. He is regarded as one of the pioneers of the discipline of bioethics in South Africa. He also specialises in the philosophy of religion and the philosophy of the human sciences.

ABSTRACT***The intellectual as educator***

The article deals with the public intellectual as educator, particularly in the field of philosophy. Although many claims are made that public intellectuals emanate from ancient times (Protagoras and Socrates particularly come to mind), the literature is mostly inclined to refer to intellectuals as a modern phenomenon.

What was striking about the “intellectuals” of ancient Greece, is that their activities amounted to the respective activities of public debating and public dialogue. The Sophists were debaters – people who already had a fixed view that they tried to impose on others. This is to be clearly distinguished from Socratic dialogue, where the interaction starts with a mutual “docta ignorantia”, where participants open themselves to learn from each other, and where the interaction reaches a position that is new to both. When viewed as fundamentally a modern phenomenon (post-17th Century), the distinction between cultural (e.g. Ortega y Gasset) and political (e.g. Sartre, Chomsky) intellectuals comes to the fore. This modern origin of the term can be traced to the defenders of Dreyfuss – the intellectueles of 1898.

Throughout history, the nature and role of intellectuals has shifted. The author aims to identify such shifts, questioning their impact on the educational role of intellectuals today.

For a long time, intellectuals were considered mediators between the worlds of largely inaccessible ideas and values, and of everyday popular beliefs and traditions. This function has epistemological, cultural and political dimensions. On the epistemological level, the public intellectual confronts society with (otherwise inaccessible) ideas/theories by simplifying them (e.g. Einstein’s analogies). On the cultural level, the knowledge shared relates to the value and status of the culture the intellectual inhabits (e.g. Hegel on freedom within the state). Politically, intellectuals share ideas linked to political action (e.g. Marxists’ insistence on aiding the critical consciousness and facilitating a language to express the predicament of the working class).

The shift from a modern to postmodern culture contributed to shifts in style and modus operandi of intellectuals. This transition was precipitated by criticism regarding the possibility of the sovereign, ahistorical, rational subject with unhindered access to itself – that image of the subject that was problematised mainly by the “masters of suspicion”, Marx, Nietzsche and Freud.

Firstly, Postmodernity rejects authority figures presenting natural laws and cultural forms under the pretence of necessity: instead, Postmodernism embraces contingency and context. Today’s intellectuals inhabit a world where a plurality of world views, contexts, and the localised character of truth have replaced the former world of authority and necessity.

Secondly, conventional modern intellectuals were comfortable with the category of certainty. This was replaced by admission of fallibility within post-empiricist philosophy of science in the 20th century. Examples include Popper’s criticisms of science’s “craving to be right” and Einstein’s inclusion of predictions that, if proven false, would falsify his general theory of relativity. Rationality thus becomes falsifiability, and the ideal of certainty is replaced by the demand that a theory be corroborated. The author argues that science loses its special status in the implied anarchy of Paul Feyerabend’s claim that “anything goes”.

The postmodern context is, thirdly, characterised by fragmentation. Wittgenstein’s philosophical shifts illustrate this: ideas on language in the Tractatus argue that all understandable language shares a single logical form; yet later in Philosophical Investigations he critiques his own ideas, introducing the idea of “language games” and the importance of context. Picasso’s Guernica serves as another example of the fragmented nature of the postmodern experience.

A fourth aspect the postmodern shift brought about is the self-evident givenness of phenomena to include the requirement that all acquaintance with reality had to be mediated through symbols or language. This is illuminated by thinkers such as Derrida, (for whom nothing exists “outside of text”) and Gadamer who claims that “nothing exists outside of language”.

The fifth shift is that of authoritative claims of expertise to hermeneutics and interpretation. Specifically discussed is Zygmunt Bauman’s differentiation between legislators and interpreters, and Richard Rorty’s claim that, in a post-philosophical era, philosophy is replaced by hermeneutics.

In the modern era, intellectuals functioned as legislators. Kwiek refers to this group as possessing “unquestionable authority as [they] know the deepest context”. In the postmodern era, the intellectual becomes an interpreter rather than legislator. For Rorty, the prospective intellectual is a pragmatist (or “useful kibbitzer” – someone who seeks dialogue between unlikely participants). Truth becomes a matter of solidarity, with no ground other than the need to continue it for the act of dialogue. Rorty thus recommends that edification replace the search for rational, objective truth as primary goal of our intellectual-cultural activities.

The attempt to edify can, for example, appear in the hermeneutic activity of connecting one’s own culture and foreign cultures/historical periods, or between apparently incompatible disciplines. Rorty’s “intellectual of the future” has to cease being a “cultural overseer” or epistemologist. Instead, he claims postmodern intellectuals should be “informed (poly-pragmatic) dilettantes”. This refers to Socratic mediators in dialogue, rather than “experts” in given fields. These dilettantes would practise hermeneutics rather than epistemology or philosophy.

The author concludes with a few observations. He notes that Bauman and Rorty, despite their postmodern pretences, draw on the antique tradition of sophists versus Socrates, and debate versus dialogue. What they do deny, is that intellectuals make claims to superior frameworks. Instead, current-day intellectuals approach the crisis of intercultural contact via questioning whether the web of beliefs accessed is sensible and could be extended to overlap with that of those with other sets of beliefs and insights. This is what is meant by optimally applying dialogue.

Thus, intellectuals gradually lose their unique character; as increasing numbers join the intellectual ranks to take on this role. Crick explains how these “opinion leaders” apply public intellectual ideas to the situated contexts of the broader public. These ideas, however, begin to “take on a life of their own” and are assimilated into common knowledge. Thus intellectuals leave a deep and lasting impact via their ideas when given concrete expression through their “techne”.

KEY WORDS: Intellectual, modernity, postmodernity, science, subject, culture, education, rationality, relativism, dilettante

TREFWOORDE: Intellektueel, moderniteit, postmoderniteit, wetenskap, subjek, kultuur, opvoeding, rasionaliteit, relativisme, dilettante

OPSOMMING

Hierdie artikel handel oor die rol van die openbare intellektueel in die opvoeding van die samelewing. Die skrywer toon aan hoe vele skrywers meen dat die idee van die openbare intellektueel sy oorsprong in Antieke Griekeland het, met Protagoras en Sokrates as vermeende voorbeelde. Dit word meer algemeen aanvaar dat openbare intellektuele ’n moderne verskynsel is. Hulle medier tussen die publiek en ’n wêreld van meesal moeilik toeganklike idees. Op

die kulturele vlak evalueer hulle die status van die samelewings waartoe hulle behoort, en in die politiek ontwikkel hulle idees wat lei tot politieke aksie. Die skrywer wys veral op die oorgange in intellektuele optrede vanaf moderniteit na postmoderniteit. Hulle verwerp toenemend die outoritêre deklamasie van natuurwette en kulturele vorme, hulle spreek bedenkinge uit oor die houdbaarheid van die kategorie van seker kennis, hulle artikuleer die gefragmenteerde van die moderne wêreldbeleving, hulle verwerp toenemend die idee van die selfevidente gegewenheid van verskynsels en vervang dit met die idee van die noodsaak van mediasie via tekens en simbole, en hulle propageer laastens 'n wêreld waarin Filosofie as die "Vak" wat aan almal verduidelik waarmee hulle "eintlik" besig is, vervang word met die dialoog-soekende en bemiddelende idee van hermeneutiek.

INLEIDENDE OPMERKINGS: ANTIËK OF MODERN?

In hierdie artikel gaan dit oor opvoeding in die filosofie. Dit is egter opvoeding buite die formele verband van die huis, die skool of tersiêre opvoedingsinstellings. In die artikel wat volg, is die breë publiek die skoliere (of "leerders"). Die lerende publiek is almal wat boeke, koerante, sosiale media en die Internet lees. En die opvoeders is mense wat mildelik bydra tot dinge wat die moeite werd is om te weet. Ek praat natuurlik van intellektuele. Ek moet laasgenoemde egter nog versigtiger definieer: Wat hierdie opvoeders bydra, het veel te make met dit wat Paul van Tongeren in 'n onlangse boek iets soos die gemeenskaplike agenda van filosofie en wetenskap noem: om aan mense te verduidelik dat dinge nie altyd is soos dit lyk nie (Van Tongeren 2018:12). Hulle kan verbonde wees aan formele opvoedingsinstellings, maar sodanige affiliasies is geensins noodsaaklik nie. Hulle is opvoeders wie se standpunte, posisies, idees, ruminasies (of wat ook al) deur die breë publiek opgesoek word, of, as dit nie opgesoek word nie, dan ten minste van kennis geneem word, al is dit ook met wrewel. Sosiale media en die kommentaarkolomme van elektroniese koerante is 'n duidelike tentoonstelling van die feit dat hierdie "opvoeders" allermins altyd geglo of waardeer word.

Hierdie artikel is 'n poging om iets meer van hierdie vreemde spesie opvoeders te verstaan. Hulle is (en was nog altyd) deel van die publieke ruimte, al is hulle nie ingebed in 'n formele opvoedingstruktuur wat aan hul bydrae 'n eiesoortige definisie verskaf nie. Hulle is, paradoksaal, sowel 'n antieke as 'n moderne verskynsel. Sekere skrywers (soos Nathan Crick 2006) beweer dat hulle produkte van antieke Griekeland is, met Protagoras, vernaamste van die Sofiste, as die hooffiguur. Een ding is wel seker van Protagoras: of hy nou prototipies van die Sofistiese intellektuele was of nie, hy is wel die figuur wat die mite geskep het van dié samelewingsgroep wat bekend staan as "die mense wat weet".

Dis baie moeilik om steeds sin te bly maak van intellektuele sonder die konstruksie van 'n groepie intellektueel buitengewoon ingeligte en bedrewe figure wat opereer in 'n openbare konteks waarin die deursnee leerder oningelig en agter die tyd is. Protagoras word onthou vir die finesse waarmee hy sy slagspreuk van die mens wat die maat van alle dinge is, in oorrompelende debatte by sy toehoorders ingang laat vind.

Ek het gesê "debatte". Plato se verskyning op die toneel in Athene en sy verdagmaking van Protagoras (veral laasgenoemde se relativisme) is te danke aan iemand wat, ook as intellektueel, anders te werk gegaan het. Sy naam was Sokrates, en vir hom was die taak van die intellektueel nie debatvoering, waarin ek 'n opponer ten alle koste wil oortuig en deel van my kamp maak nie. Filosofie – die soort intellektualiteit waarmee hy hom besig gehou het – is vir Sokrates iets anders: dis dialoog, wat begin by die punt waar ek en my opponer erken dat ons min weet, waar ons bereid is om van mekaar te leer (ook in reaksie op kritiese vrae) en

waar ons albei 'n insig bereik wat beduidend verskil van wat ons geweet het by die aanvang van die dialoog. 'n Mens sou kon aanvoer dat filosofie begin met die vervanging van debatte deur dialoë in die instrumentarium van die intellektueel.

Ander skrywers (byvoorbeeld Montefiore 1990) beskou die intellektueel as 'n moderne verskynsel (d.i. post 17de eeu). Parys se “salons” was geliefkoosde bymeekaarkomplekke van intellektuele. Die Dreyfuss-saak was deurslaggewend; Szacki (1990:231) wys daarop hoe verdedigers van Dreyfuss hulself as *intellectuelles* bekend gestel het in die *Manifeste des intellectuels* van 1898. In die 20ste eeu ontstaan die onderskeid tussen kulturele intellektuele (bv. Ortega y Gasset en TS Elliot) teenoor politieke intellektuele (soos Jean-Paul Sartre en Noam Chomsky). Sartre, veral, propageer die idee van die “geëngageerde” intellektueel – die persoon wat nie alleen méér weet nie, maar wat die ivoortoring van die kulturele intellektueel verlaat (Sartre 2006). Sy agitatie mond uit in politieke aksie wat ingelig is oor en betrokke is by 'n magdom sake. Vergelyk Sartre se bekende uitspraak dat 'n intellektueel iemand is “that can never be persuaded to only mind his own business”.

Die aard en rol van die intellektueel het deur die geskiedenis heen opvallend verskuif. My doel met hierdie artikel is om enkele van hierdie verskuiwings te registreer en uiteindelik te vra wat die implikasies van sodanige verskuiwings vir die opvoedkundige rol van die intellektueel in eietydse samelewings is.

Vir soverre hul van opvoedkundige betekenis is, is intellektuele vir 'n lang tyd beskou as bemiddelaars tussen 'n relatief ontoeganklike wêreld van idees en waardes aan die een kant, en die wêreld van populêr gevestigde oortuigings en tradisies van gewone, alledaagse mense, aan die ander kant. Hierdie funksie het *epistemologiese, kulturele en politieke dimensies* vertoon. Op die *epistemologiese* vlak is die openbare intellektueel gewoon die persoon wat mense (dikwels vir die eerste keer) konfronteer met idees en teorieë waartoe hulle nie effektief toegang sou kry deur hul alledaagse handel en wandel of leeswerk nie. Die krag van die intellektueel as idee-bemiddelaar is dikwels daarin geleë dat hy of sy kompleksiteit kan vereenvoudig tot die vlak van begryplikheid. 'n Goeie voorbeeld is Albert Einstein wat by geleentheid sy revolusionêre idee dat die heelal eindig is, maar dat dit nogtans grenseloos uitdy, kon verduidelik met die beeld van 'n mier wat slegs twee-dimensioneel waarneem en sigself bevind op 'n ronde ballon wat opgeblaas word. Die heelal dy dus nie tweedimensioneel oneindig uit nie maar toon kurwes, met die implikasie dat die mier, indien dit ver genoeg slegs tweedimensioneel sou kon sien, uiteindelik sigself van agter sou kon betrag (Isaacson 2016).

Op die kulturele vlak was die kennisoordrag van intellektuele dikwels afgestem op die verduideliking van die meerderwaardigheid van die kultuur waarin die intellektueel sigself bevind. 'n Goeie voorbeeld hiervan was Hegel se geskiedenisfilosofie waarin die Rede se dialektiese strewe na vryheid alleen verwerklik kan word in een of ander staat. Die kulminasie hiervan is vir Hegel die Pruisiese nasionale kultuur, en die implikasie is dat samelewings sonder vergelykbare state (soos op die vastelande van Suid-Amerika en Afrika in Hegel se tyd) nie deur Hegel as deel van die geskiedenis beskou word nie (Hegel 1991:341-437).

Ek het reeds verwys na die politieke intellektueel wie se propagering van idees soms ook gepaardgegaan het met politieke aksie. Marxiste argumenteer dikwels “...dat die intellektueel juis sy status behou na die mate waarin hy daarin slaag om sy insigte te dissemineer as bydrae tot die kritiese bewussyn van die arbeidersklas” (Degenaar 1993:55). 'n Voorbeeld wat dikwels in die literatuur sigself voordoet, is die wyse waarop Gramsci (1978) sy funksie as intellektueel voltrek het. Hy sien sy intellektuele taak as die verantwoordelikheid om aan nie-intellektuelles 'n taal te verskaf waarmee hulle hul posisie in die sameleving op 'n ruimer en meer bevrydende manier kan formuleer as daarsonder.

VANAF MODERNISME NA POSTMODERNISME

Die oorgang vanaf ’n modernistiese na ’n postmodernistiese kultuur het ’n belangrike rol daarin gespeel om sowel die styl as die bydrae van intellektuele te verander. Zygmunt Bauman skryf in hierdie verband:

The postmodernity/modernity opposition focuses on the waning of certainty and objectivity grounded in the unquestioned hierarchy of values, and ultimately in the unquestionable structure of domination, which makes the question of objective standards impracticable and hence theoretically futile... Modernity is reconstructed ex-post-facto as an era possessing the self-same features the present time feels the most poignantly as missing, namely the universal criteria of truth, judgement and taste seemingly controlled and operated by the intellectuals. (Bauman 1992:24)

Die genoemde oorgang is gepresipiteer deur ’n omvattende kritiek op die idee en moontlikheid van die soewereine, rasionele subjek – dié subjek wat atomisties en outonoom verstaan moet word en opereer. Dit is die moderne subjek, die een wat sig ahistories, onbetrokke, onbeliggaamd en as ’n subjek met onbemiddelde selfkennis presenteer. Laasgenoemde idee of voorstelling is veral geïmplementeër deur die sogenaamde “masters of suspicion”: Marx, Nietzsche en Freud – diegene wat, soos Ricoeur treffend aantoon, die idee dat ’n subjek onbelemmerde toegang tot sigself het, afwys (Ricoeur 1980). Hoe ek ook al toegang verkry tot myself, word dit altyd bemiddel deur die lense van ideologie (Marx), die taal (Nietzsche) of die onderbewuste (Freud). Ons let vervolgens meer in besonderhede op die oorgang en die implikasies van hierdie verwickelinge vir die idee en praktyk van die intellektueel.

Vanaf noodsaak na partikulariteit en kontingensie

In die postmoderniteit is daar in die *eerste plek* veel minder aanklank vir die gesagsfiguur wat natuurwette of kulturele vorme met die pretensie van ’n daaraan gekoppelde noodsaak verkondig. Daar is ’n veel sterker aanvoeling vir partikulariteit en kontingensie. Die konvensionele, modernistiese intellektueel was tipies ’n persoon wie se vertrekpunt die universaliteit en uniformiteit van die rede was. ’n Mens dink onwillekeurig aan Kant: omdat ons almal “deel in dieselfde redelikheid, deel ons in dieselfde wêreld wat deur die rede gekonstrueer word” (Degenaar 1993:49). Montefiore skryf oor die rede in moderniteit:

As the source of our own conceptual awareness and self-awareness, as the principle of our own consciously deliberative activity, it demands overriding respect for the norms, standards and embodiments of itself. (Montefiore 1990:205)

Hierteenoor bevind die hedendaagse intellektueel sigself toenemend in ’n wêreld waarin kontekstualiteit, die onherleibare pluraliteit van oënskynlik inkommensurabele leefwêrelde, die pluriformiteit van lewensvorme sowel as die lokale karakter van waarheid, argumentasie en geldigheid die ou wêreld van gesag en noodsaak vervang het. In so ’n konteks is daar eenvoudig nie langer erkenning vir die intellektueel se vermeende monopolie op redelikheid en waarheid nie, en het dit ’n beduidende effek op sowel die styl as die inhoud van die intellektueel se bydrae tot die openbare gesprek.

Vanaf sekerheid na feilbaarheid

Die konvensionele moderne intellektueel, anders as sy voorganger, Sokrates, uit die antieke tyd, was in die *tweede* plek gemaklik met die kategorie van sekerheid, veral wat betref sy vakkundigheid. Die vermoë hiertoe word toenemend vervang deur die erkenning van feilbaarheid. Veral in die ontwikkeling van die krities rasionalistiese en postempirisistiese wetenskapsbeelde van die vroeg tot middel 20ste eeu, blyk dit dat die kategorie van sekerheid sy waarde en funksie verloor het. Iemand soos Karl Popper verkondig 'n volstreekte fallibilisme wat betref wetenskaplike kennis. Sy bekende uitspraak lui dat

the wrong view of science betrays itself in the craving to be right, for it is not his possession of knowledge, of irrefutable truth, that makes the man of science, but his persistent and recklessly critical quest for truth. (Popper 1968:281)

Popper se held in die praktyk van die wetenskap is Einstein, die intellektueel wat sy algemene relativiteitsteorie presies só geformuleer het dat dit voorspellings bevat het wat, indien onwaar, die ganse teorie sou falsifiseer. Rasionaliteit word toetsbaarheid; aan waarheid as regulatiewe ideaal vir die wetenskap word steeds vasgehou, maar sekerheid as ideaal word vervang deur slegs te vra na die vlak van staving of bevestiging (“corroboration”) van 'n teorie: “the question as to whether a theory has stood up to its tests” (Popper 1968:251-284).

Soos welbekend, word sake heelwat verder gevoer in die postempirisisme van Lakatos (1970), Kuhn (1970) en Feyerabend (1975). Vir Kuhn verloop die proses van wetenskaplike kennisverwerwing volgens geen rekonstrueerbare logika nie (soos Popper wel nog meen), maar verloop die verhaal van die wetenskap in 'n reeks navorsingstradisies wat onsaammeetbaar is en wat mekaar opvolg nadat die normale wetenskap wat in een bedryf is, nie langer gehandhaaf kan word na afloop van die krisis wat in die paradigma ontstaan het nie. Kriteria vir rasionaliteit is vir Kuhn slegs intra-paradigmaties geldig, en glad nie inter-paradigmaties nie (Kuhn 1970).

En uiteindelik verloor die wetenskap sy posisie van status geheel en al in die anargisme van Paul Feyerabend wat met stelligheid verklaar dat “anything goes”. Vir Feyerabend verloor die intellektueel alle geloofwaardigheid, en impliseer die idee van 'n “free society” dat ook die wetenskap enige besondere status prysgee (Feyerabend 1975). Die enigste intellektueel wat Feyerabend nog kan ernstig opneem, is wat hy die “Dadaïst” noem:

A Dadaist would not hurt a fly – let alone a human being. A Dadaist is utterly unimpressed by any serious enterprise and he smells a rat whenever people stop smiling and assume that attitude and those facial expressions which indicate that something important is about to be said. A Dadaist is convinced that a worthwhile life will arise only when we start taking things lightly and when we remove from our speech the profound but already putrid meanings it has accumulated over the centuries ('search for truth'; 'defence of justice'; 'passionate concern'; etc.). A Dadaist is prepared to initiate joyful experiments even in those domains where change and experimentations seem to be out of the question (example: the basic functions of language). I hope that having read the pamphlet [d.i. sy boek!] the reader will remember me as a flippant Dadaist and not as a serious anarchist. (Feyerabend 1975:21, voetnoot 12)

Vanaf uniformiteit na veelheid en fragmentariteit

Teenoor die klem op eenheid en uniformiteit wat die moderne intellektueel meesal gestuur het, is die postmoderne konteks waarin die intellektueel deesdae moet funksioneer in die *derde* plek veeleer gekenmerk deur veelheid en fragmentariteit. Dit kan aan die hand van twee voorbeelde – die een filosofies, die ander esteties – geïllustreer word. Die beste filosofiese illustrasie van hierdie oorgang is die oorgang vanaf die teorie van die Wittgenstein van die *Tractatus* (Wittgenstein 1961) na dié van die Wittgenstein van die *Philosophical Investigations* (Wittgenstein 1978). Dit beteken die oorgang vanaf ’n “picture theory of language”, wat dwarsdeur gedryf word deur die oortuiging dat alle verstaanbare taal slegs een logiese vorm het, na die insigte van die *Investigations* waar die outeur die skerpste kritikus van die *Tractatus* word. Nou groei die insig dat daar ’n verskeidenheid maniere (bekend as taalspele) is waarop taal betekenis konstitueer, dat betekenis volledig van konteks afhang, en dat konteks bepaal word deur die verskeidenheid van lewensvorme wat talig mede-gekonstitueer word. Daarom stel ons gans verkeerde eise aan die taal as ons daarvan verwag om in natuur- en sosiale wetenskappe op dieselfde wyse te funksioneer en ook sin te maak as in godsdiens en regspraak. Die estetiese voorbeeld waarna ek in hierdie verband wil verwys, is die skilderkuns van Picasso, en met name sy befaamde *Guernica* wat dikwels beskou word as die begin- en hoogtepunt van kontemporêre skilderkuns. Die skrywer van hierdie artikel is geen esteet wat met gesag oor die reuseskildery in Madrid se Reina Sofia kan praat nie. Wat egter onmiskenbaar van hierdie meesterstuk en sy veelseggende titel is (verwysende na die eerste insident waarin ’n burgerlike bevolking aan ’n lugaanval onderwerp is), is die gefragmenteerdheid van die postmoderne lewenservaring. Die skildery spreek daarby van die intense verweefdheid van pyn en fragmentasie – pyn en fragmentasie tot by die punt waar voorwerpe hul innerlike, samehangende integriteit verloor. Om intellektueel te wees in ’n wêreld geïnformeer deur die *Guernica*-ervaring, is geen eenvoudige saak nie.

Vanaf gegewenheid na bemiddeling

Vierdens het die oorgang van moderniteit na postmoderniteit meegebring dat die selfevidente of in sigself skynbaar betekenisvolle gegewenheid van verskynsels in ’n moderne konteks moes plek maak vir die vereiste dat alle vertrouwdheid met enigiets in die werklikheid bemiddel moet word. Hierdie bemiddeling is ’n mediasie deur middel van tekens of taal. Denkers wat dit begin raaksien het en hierdie erkenning aan die hedendaagse intellektueel opdwing, is figure soos Jacques Derrida (1976) en Hans-Georg Gadamer (1975). Vir Derrida is daar “niks buite die teks” nie. Skryf, eerder as spreke, is die modus waarmee werklikheid sigself aanmeld of ontsluit word. Taal is die medium waarin en waardeur mens en wêreld aan de lig tree as onderskeibare, betekenisvolle entiteite. Daar is vir iemand soos Gadamer niks “buite die taal” nie:

The linguistic analysis of our experience of the world is prior, as contrasted with everything that is recognized and addressed as beings. The fundamental relation of language and world does not, then, mean that the world becomes the object of language. Rather, the object of knowledge and of statements is already enclosed within the world horizon of language. (Gadamer 1967:426)

En elders:

Being that can be understood is language...That which can be understood is language...
For man's relation to the world is absolutely and fundamentally linguistic in nature, and
hence intelligible. Thus hermeneutics is...a universal aspect of philosophy, not just the
methodological basis of the human sciences. (Gadamer 1975:432-433)

Vanaf deskundigheid na interpretasie

Die *vyfde* oorgang waarop ek wil wys, is dié van gesaghebbende deskundigheid na hermeneutiek en interpretasie. Hier verwys ek na twee postmoderne denkers, te wete Zygmunt Bauman, met sy onderskeiding tussen “legislators and interpreters” (vergelyk Bauman 1987 en 1992:1-25) en Richard Rorty, met sy idee dat filosofie in ’n postfilosofiese (eerder as “postmoderne”) kultuur vervang behoort te word met hermeneutiek (Rorty 1980:313-394).

In die moderne era het intellektuele geopereer as wetgewers. Kwiek (1997), in ’n omvattende artikel oor Bauman se beskouing van die intellektueel, skryf as volg hieroor:

As it is one of the constant motifs of the tradition of philosophy: there is a group of people who know more than others due to having access to a truth, who disclose truth with the help of their intellects and – if need be – present it to the world in a softer, more common way. He is an unquestionable authority as he knows the deepest context.

Laasgenoemde verwoord die intellektueel as gesaghebbende wetgewer.

Wat in die postmoderne era gebeur, is dat die intellektueel ’n interpreteerder eerder as ’n wetgewer word. Dit kan ten beste geïllustreer word deur Richard Rorty se idee dat filosofie, wat in moderniteit altyd beskou is as ’n “Vak” – wat daarop fokus om aan ander te verduidelik waarmee hulle eintlik besig is – ’n “dissipline oor dissiplines” word. In die proses verwerf dit ’n ander inhoud en werkswyse. Die “intellektueel” wat Rorty in die vooruitsig stel, is ’n pragmatist vir wie waarheid nie die neerslag is van die “waarheidsoekende intellektueel” wat waarheid op ’n metafisiese wyse begrond nie. Vir die nuwe intellektueel is waarheid gewoon ’n kwessie van solidariteit. Daar is vir Rorty niks benewens die dialoog waarin verskillende mense en kulture met mekaar in gesprek tree nie – geen trans-kulturele rasionaliteit wat die sukses van die gesprek op enige manier kan waarborg nie. “There is only the dialogue”, slegs “ons”.

Irrationalists who tell us to think with our blood cannot be rebutted by better accounts of the nature of thought, or knowledge, or logic. The pragmatist [Rorty se ideale intellektueel!] tells us that the conversation which it is our moral duty to continue is merely our project, the European intellectual's form of life. It has no metaphysical nor epistemological guarantee of success. Further, and this is the crucial point, we do not know what ‘success’ would mean except simply ‘continuance’. We are not conversing because we have a goal, but because Socratic conversation is an activity which is its own end. (Rorty 1982:172)

In die soort wêreld wat Rorty in die vooruitsig stel nadat sy beskouing ingang gevind het, het die filosofie as dissipline verdwyn, en word die aanvaarde filosofiese tradisie alleen nog maar om filologiese redes bestudeer. Wat volgens Rorty die filosofie moet vervang, is “hermeneutiek”, en laasgenoemde in ’n sin wat wel aansluit by Gadamer. Wat Rorty by Gadamer waardeer, en wat deurslaggewend is vir sy voorstelling van die postmodernistiese intellektueel as opvoeder, is laasgenoemde se aandrag daarop dat ’n herbeskrywing van

onself die belangrikste ding is wat ons kan doen. Volgens Rorty vloei dit voort uit Gadamer se vervanging van kennisverwring as doel van menslike denke met “Bildung” (beelding, opvoeding, self-formasie) (Rorty 1980:359). Hierby sluit Rorty aan met die voorstel dat edifikasie die strewe na “seker”, “waar”, “objektiewe” en mitsdien “rasionele” kennis as vernaamste doel van ons intellektueel-kulturele bedrywighede moet vervang.

Die poging om te “edify” kan byvoorbeeld bestaan in die hermeneutiese aktiwiteit waarin ek probeer om konneksies te maak tussen my kultuur en ’n vreemde kultuur of ’n vreemde historiese periode, of tussen dissiplines wat skynbaar inkommensurabele woordeskatte het. Of dit kan ook die “poëtiese” aktiwiteit behels om nuwe doelstellings, nuwe woorde of nuwe dissiplines te bedink, saam met ’n aktiwiteit wat Rorty die “omgekeerde van hermeneutiek” noem, naamlik die poging om ons vertroude omgewing in die onvertroude terme van ons nuwe uitvindsel te interpreteer. Die laaste afdeling van Rorty se *Philosophy and the mirror of nature* (1980) is ’n verbeeldingryke poging om so ’n “filosofie van die toekoms” te antisipeer.

Die “intellektueel van die toekoms” moet naamlik vir eens en vir altyd ophou om die rol van ’n kulturele toesighouer (“cultural overseer”), oftewel ’n Platoniese filosoof-koning (“legislator”!), te probeer speel – iemand wat die “gemeenskaplike grond” van alle mense se kennis aansprake ken en wat gedurig vir mense vertel wat hulle eintlik doen omdat hy (die Filosoof) die uiteindelijke konteks (“ultimate context”) ken (bv. die Platoniese idees, die “Bewusstsein überhaupt”, die taal, of wat ook al). Die intellektueel moet met ander woorde ophou om ’n epistemoloog te wees, dit is iemand wat die hóóp dat daar eendag konsensus tussen mense sal wees, beskou as die teken van ’n gemene grond wat die sprekers, sonder dat hulle dit weet, verbind in ’n gemeenskaplike rasionaliteit. Vir die epistemologie is om rasioneel te wees om die gepaste stel kategorieë te vind waarheen alle bydraes tot ’n gesprek vertaal moet kan word indien konsensus bereik wil word.

Daarteenoor stel Rorty voor dat die postmoderne intellektueel die rol van ’n ingeligte dilettante (“informed dilettante”) of ’n veelstemmige pragmatist (“polypragmatic”) moet aanneem (Rorty 1980:317-318). Laasgenoemde is die Sokratiese bemiddelaar tussen gesprekke – nie iemand met ’n spesiale “kennis van kennis” nie, maar iemand wat wel oor sekere vaardighede beskik wat hom ’n “useful kibbitzer”¹ in intellektuele dispute kan maak (1980:393). In laasgenoemde se “salon” word hermetiese denkers met sjarme gelok uit hul in sigself geslote praktyke. Waarin die intellektueel-dilettante meer as enigiets anders geïnteresseerd is, is gesprek. Die dilettante bedryf nie meer epistemologie of filosofie nie, maar hermeneutiek.

The notion of culture as a conversation rather than as a structure erected upon foundations fits well with this hermeneutical notion of knowledge, since getting into a conversation with strangers is, like acquiring a new virtue or skill by imitating knowledge, a matter of ‘phronesis’ rather than ‘episteme’. (Rorty 1980:319)

BESLUIT

Ek sluit af met ’n paar interpreterende waarnemings. Eerstens val dit ’n mens op dat denkers soos Bauman en Rorty, ten spyte van hul postmodernistiese pretensies, steeds put uit die antieke tradisie van Sofis versus Sokrates en debat versus dialoog. Waarvan wel afgesien word,

¹ ’n “Nuttige/vaardige praatjiesmaker”; iemand wat in hoofsaak gesprekke probeer aanknoop met mense wat op die oog af erg van hom verskil, en wat dan kyk of hulle dalk/per ongeluk by interessante gemeenskaplike idees kan uitkom.

is die idee dat die intellektueel oor 'n superieure verwysingsraamwerk beskik wat vreemde raamwerke óf wil uitskakel óf inkorporeer. Die nuwe intellektueel is eerder die persoon wat die krisis van inter-kulturele kontak hanteer deur te kyk of die web van oortuigings (“web of beliefs”) waarbinne die wêreld vir hóm sin maak, wyer gespin kan word om, al is dit slegs ten dele, te oorvleuel met die web van diegene met 'n ander stel oortuigings en insigte. Dit is wat hy probeer vermag deur dialoog optimaal te probeer bemiddel. Soms slaag dit, in welke geval albei webbe verruim word; soms misluk dit, en kan die Ander hoogstens verdra word, maar nie geïntegreer word nie. Relativisme spreek dan die laaste woord. Relativisme is inderwaarheid die een implikasie waarmee die intellektueel van die toekoms bly worstel, maar ook in dié opsig het die wêreld, hoe dit ook al verander het, tog ook dieselfde gebly. Relativisme was immers 'n uitvindsel reeds van Protagoras! (Van Niekerk 1992:125-133).

Intellektuele verloor daarby toenemend hul unieke karakter. Een van die gevolge van die groter intellektuele sofistikasie van hul gehore, is die feit dat die vaardighede van die intellektueel wyer versprei word, en dat al hoe meer mense die rol van intellektuele kan speel, of dat die effek van intellektuele se werk organies al hoe meer beslag kry in samelewings.

Crick (2006:135) skryf byvoorbeeld insigtelik oor die “publiek” of gehoor van publieke intellektuele:

...[T]his audience includes those people who more truly fulfil the role of organic intellectuals – teachers, journalists, politicians, social activists, community leaders, or many of those individuals who fit the classic criteria of ‘opinion leader’... These ‘opinion leaders’ then work to apply the ideas of public intellectuals within [the] more situated contexts of the classroom, the community, the town meeting, the church, the newspaper and the political rally. However, once the ideas of the public intellectual work their way into the culture over time, they begin to take on a life of their own. They solidify into certain ways of thinking and acting that become a part of common sense. The fact that in the US slavery is now condemned, that democracy has become a universal ideal, that free speech is enshrined in the Constitution, and that we no longer believe the sun revolves around the earth, are an indication of the deep and lasting impact that ideas can have when they are given concrete expression by the *techne* of the public intellectual.

Ons kan dus tot die gevolgtrekking kom dat intellektuele nie bestem is om vinnig van die toneel te verdwyn nie, al is dit so dat die konteks waarin hulle werk, dramatiese veranderinge ondergaan het sedert die antieke tyd en gedurende moderniteit. Intellektuele behou hul funksie as 'n relatief klein groepie “spesiaal ingeligtes” wat voortdurend die samelewing op hoogte daarvan bring dat “dinge nie is soos hulle lyk nie”. Terselfdertyd het die buitengewone gesagsposisies van hierdie meningsvormers aanmerklik verander met die oorgang vanaf moderniteit na postmoderniteit. Dialoog en interaksie met toehoorders was part en deel van Sokrates – miskien die eerste intellektueel? – en keer in die kontemporêre tyd volledig terug. Die intellektueel is eenvoudig nie langer die vergestaltung van die soewereine, rasonale subjek nie. Dáárdie subjek het in die stof van postmoderniteit verdwyn.

Die oorgang vanaf moderniteit na postmoderniteit raak die identiteit en werk van openbare intellektuele as opvoeders op vyf maniere, wat ons vinnig weer kan opsom. *Eerstens* is die intellektueel nie meer 'n absolute gesagsfiguur nie, maar iemand wat in sy analyses en insigte al hoe meer rekening moet hou met partikulariteit en kontingensie. Die intellektueel het geen monopolie op redelikheid en waarheid nie. *Tweedens* staan die intellektueel se werk in die teken van die oorgang vanaf sekerheid na feilbaarheid. Daar is in die betoog aangetoon dat laasgenoemde 'n onvermydelike gevolg van hedendaagse wetenskapsfilosofiese insigte is.

Derdens werk die kontemporêre intellektueel in 'n konteks gekenmerk deur die oorgang vanaf uniformiteit na fragmentariteit. Dit stel besondere eise, veral in 'n land soos Suid-Afrika wat nie 'n uniforme bevolking het nie, maar waarvan die bevolking gefragmenteer en daarom diep verdeel is. *Vierdens* moet intellektuele al hoe meer werk met die realiteit van aktes van bemiddeling wat tradisionele konsepsies van gewenheid transendeer. Buite die veld van die geformaliseerde wetenskappe is daar al hoe minder sprake van “gegewe feite”; kennis van en insigte in die werklikheid word al hoe meer deur ander dinge (soos die taal en tekste) bemiddel. Dit hou ook die potensiaal in dat sodanige bemiddelingsaktes ook al hoe meer na sosiale verhoudinge sal skuif.

Die *vyfde* en laaste oorgang, waaraan ook die meeste aandag in die artikel gegee is, is dié vanaf die intellektueel as tipies modernistiese gesagsfiguur (of “wetgewer”) en die intellektueel as interpreteerder. Laasgenoemde beteken 'n einde van die openbare intellektueel as besliser oor wat intellektueel vermag kan word en wanneer dit geldig is. Die intellektueel word nou die “polypragmatic” of die “useful kibbitzer” – iemand wat meer geïnteresseerd is daarin om te leer en om te kyk of sy/haar gespreksgenoot dalk interessante idees het wat saamgeweef kan word met dié van die intellektueel of van ander kulture. Die belangrikste intellektuele vaardigheid in hierdie spel is nie logiese oordeel of absolute rasionele konsistensie nie, maar die openheid en vermoë tot interpretasie. In die lig van verwickelinge soos die (al hoe meer) moontlike radikale biomediese verbeteringe (“enhancements”) van mense, asook ontwikkelinge in die veld van kunsmatige intelligensie, is hierdie besondere interpretatiewe finesse van hedendaagse intellektuele van meer betekenis as wat algemeen besef word.

Miskien is die mees radikale vraag wat ten opsigte van intellektuele as opvoeders gevra kan word, die vraag of ook hulle eendag die produk van die kunsmatige intelligensie van die Vierde Industriële Revolusie kan en sal word. Die meer gerusstellende moontlikheid is dat dit juis intellektuele sal wees wat ons hopelik sal help om al die intellektuele, wetenskaplike en etiese ramifikasies van die ontwikkeling wat op ons wag, in te sien en intellektueel verantwoordelik te hanteer.²

BIBLIOGRAFIE

- Bauman, Z. 1987. *Legislators and interpreters: on modernity, postmodernity and intellectuals*. New York: Cornell University Press.
- Bauman, Z. 1992. *Intimations of postmodernity*. London: Routledge.
- Crick, N. 2006. Rhetoric, philosophy and the public intellectual. *Philosophy and Rhetoric*, 39(2):127-139.
- Degenaar, J.J. 1993. Die konsep van die intellektueel. In: AA van Niekerk et al. (reds.). *Intellektueel in konteks: opstelle vir Hennie Rossouw*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, pp. 45-64.
- Derrida, J. 1976. *Of grammatology* (tr. G.V. Spivak). Baltimore: Johns Hopkins University Press.
- Feyerabend, P. 1975. *Science in a free society*. London: Verso Editions.
- Gadamer, H-G. 1967. *Kleine Schriften* (3 volumes). Tübingen: J.C.B. Mohr. Vertaal deur D. Linge as *Philosophical Hermeneutics*. Berkeley: California University Press.
- Gadamer, H-G. 1975. *Truth and method*. London: Sheed & Ward.
- Gramsci, A. 1978. *Prison notebooks*. (tr. Q. Hoare & G.N. Smity). London: Lawrence & Wishart.
- Hegel, G.F.W. 1991. *The philosophy of history*. Buffalo: Prometheus Books.
- Isaacson, W. 2016. *Einstein: his life and universe*. New York: Simon & Schuster.

² My dank aan my navorsingsassistent, Mieke Kruger, vir haar hulp met die tegniese en redaksionele versorging van die manuskrip.

- Kuhn, T.S. 1970. *The structure of scientific revolutions* (2nd edition). Chicago: University of Chicago Press.
- Lakatos, I. 1970. Falsification and the methodology of scientific research programmes, in: I. Lakatos & A. Musgrave: *Criticism and the growth of knowledge*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 91-196.
- Kwiek, M. 1997. Zygmunt Bauman and the question of the intellectual in postmodernity. *Working Paper Series*, Center for Western European Studies, University of California, Berkeley, no. 22.
- Montefiore, A. 1990. The political responsibility of intellectuals. In: I. Maclean et al. (eds). *The political responsibility of intellectuals*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 201-228.
- Popper, K.R. 1968. *The logic of scientific discovery*. London: Hutchinson.
- Ricoeur, P. 1980. Existence and hermeneutics. In: J. Bleicher (ed.). *Contemporary hermeneutics*. London: Routledge & Kegan Paul, pp. 236-256.
- Rorty, R. 1980. *Philosophy and the mirror of nature*. Oxford: Basil Blackwell.
- Rorty, R. 1982. *Consequences of pragmatism*. Brighton: The Harvester Press.
- Sartre, J-P. 2006. *Conversations with Jean-Paul Sartre*. (Ed. P. Anderson et al.) London: Seagull Books.
- Szacki, J. 1990. Intellectuals between politics and culture. In: I. Maclean et al. (eds). *The political responsibility of intellectuals*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 229-246.
- Van Niekerk, A.A. 1992. *Rasionaliteit en relativisme*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Van Niekerk, A.A. 2002. Hermeneutics and historical consciousness: an appraisal of the contribution of Hans-Georg Gadamer. *South African Journal of Philosophy*, 21(4):228-241.
- Van Tongeren, P. 2018. *Dood willen? Over de outonomie van het voltooide leven*. Utrecht: Uitgeverij Kok.
- Wittgenstein, L. 1962. *Tractatus Logico-Philosophicus*. London: Routledge & Kegan Paul.
- Wittgenstein, L. 1978. *Philosophical Investigations*. Oxford: Basil Blackwell.

Die verwerwing van kennis oor die komplekse menslike leefwêreld

Gaining knowledge about the complex human lifeworld

J. BURGER VAN LILL

GIFT Navorsingsentiteit

Noordwes-Universiteit

Mahikeng

E-pos:21913579@nwu.ac.za



Burger van Lill

BURGER VAN LILL is Professor in Bedryfsielkunde aan die Noordwes-Universiteit en neem tans waar as die Direkteur van die GIFT Navorsingsentiteit. Die Entiteit spesialiseer in navorsing oor talentbestuur. Hy is 'n geregistreerde Navorsingsielkundige en Professionele Menslikehulpbronnepesialis. Sy belangstellingsareas is die wetenskapsfilosofie van Sielkunde, navorsingsmetodologie, psigometrie, loopbaanbestuur en ander aspekte van Bedryfsielkunde en Menslikehulpbronnebestuur.

BURGER VAN LILL is Professor of Industrial Psychology at the North West University and is presently acting as Director of the GIFT Research Entity. The Entity is specialising in research on talent management. He is a registered Research Psychologist and Chartered Human Resource Professional. His areas of interest are philosophy of science of Psychology, research methodology, psychometrics, career management and other aspects of Industrial Psychology and Human Resource Management.

ABSTRACT

Gaining knowledge about the complex human lifeworld

Proponents of justificationism are adamant that knowledge claims have to be proven to be true by referring to an appropriate epistemological authority and indisputable foundation of knowledge. However, as such an assumption cannot be justified on rational grounds, it cannot be accepted as knowledge in terms of this criterion of justificationism. Furthermore, according to Cilliers, justificationism (“foundationalism”) represents the traditional (“modern”) way of gathering knowledge. In the current era (whether regarded as postmodern or not), which is characterised by a complex lifeworld, such a strategy represents avoiding complexity instead of acknowledging and studying it.

Cilliers explains that a complex, open system is characterised by an interwoven network of dynamic interactions among numerous heterogeneous components (which can also form subsystems) of the system and other relevant systems. As a result of these dynamic interactions the structure of the system changes and is reorganised, often by means of self-organisation, for new characteristics to emerge and contribute to its functioning.

Whether an organism consists of one cell or many, for it to survive necessitates the conversion of suitable nutrients to energy. Such a process involves finding and internally absorbing requisite energy products, converting these to a universal source of energy for physiological processes, removal of waste products and the consumption of the energy to maintain this routine until the end of the life cycle of the organism. Maintaining this process is extremely complicated and demanding as inter alia sufficient quantities of nutrients for example sugars, fats and protein are required, the correct mixture of gasses such as oxygen and carbon dioxide and an optimal pH-balance need to be maintained. The process to maintain such optimally balanced conditions is called homeostasis and according to Damasio this capability has been transmitted genetically since the development of primitive organisms.

Living organisms thrive under optimal homeostatic conditions. Specific mechanisms in the human brain determine the extent of deviations from homeostatic values through comparisons with set chemical parameters, to assess the intensity of a need. Subsequently a particular deviation from the homeostatic value enables other mechanisms in the brain to initiate corrective actions or, depending on the urgency of the response, may effect a “reward” or “punishment”. Damasio explains that in the human brain, with a mind, consciousness and the ability to create neurological maps to reflect such internal states, the parameters associated with homeostatic values correspond with observations of pain and pleasure on a conscious level. Furthermore, such observations can be meaningfully associated in the mind with linguistic labels such as pleasure, wellbeing, discomfort and pain in brains that have mastered language.

Mind develops by virtue of the activity of special cells, called neurons, which are crucial for the functioning of the brain. Neurons are not essential for the maintenance of basic life processes; this is evident from the existence of simple organisms without neurons. However, in more complex organisms with numerous cells, neurons assist with the control of life processes. Although the composition of neurons to some extent corresponds with that of other body cells, Damasio maintains that neurons differ functionally as well as strategically from other cells. Functionally, neurons are capable of generating electrochemical signals that can alter conditions in other cells, including other neurons. This influence on the condition in cells is the source of activities that cause and control behaviour and eventually also contribute to the creation of mind. Consequently the functional difference is also the base of the strategic difference: neurons exist to serve all other cells in the body and as such assist with the management of life.

The human brain is a super system of systems comprising a complex network of billions of neurons, of which those in close proximity are richly interconnected, while a few connections over slightly longer distances also occur. Each system comprises a richly interconnected network of macroscopic, cortical regions and subcortical nuclei, which in turn consist of microscopic local networks of neurons interconnected via synapses. Activities in various small local networks in the brain are organised and coordinated over bigger, more extensive networks so that interactive neural patterns or “maps” are continuously and momentarily constructed and reconstructed. These maps represent objects and events in the human body or brain, or in the external environment as experienced by the senses. They may be very detailed or less so, refer to concrete objects or abstractions and are consciously experienced as mental “images” which are not based on visual stimuli only, but also on stimuli from the other senses, emotions, memory and so on.

The human mind and self are persistently constructed and reconstructed by means of continuous interactions in a complex network of systems, which includes the whole body with

all receptors, senses and the brain, existing within a complex physical and social environment. Feelings, emotions, images, thoughts, behaviour and so on, emerge, enabling the human being to exist as a result of the dynamic interactions between the environment and the brain. With reference to research, Damasio demonstrates that a human being is in essence an integrated complex system with a body, brain, senses and a mind that develops thoughts and self-consciousness in order to live a meaningful life within a physical and social environment.

Cilliers argues that the recognition of the complex nature of the human lifeworld, presupposes that such a world cannot be known completely. But, such a supposition does not imply that no knowledge of the lifeworld is possible, or that information that is accessible, is vague. Knowledge claims have to be meaningful in that their limits of meaning are determined with reference to the relevant situation.

Damasio demonstrates that the essential nature of humans determines the way in which they construct and understand their lifeworld. Through the creation of a self and a conscious mind, human beings gather knowledge and add meaning and value to their everyday lives. Likewise the human scientist as a member of a community of scientists is acculturated and trained in its paradigm to gather scientific knowledge about the lifeworld of humans.

KEY WORDS: human lifeworld, complexity theory, complex systems, ontology, epistemology, knowledge claims, justificationism, neuropsychology, mind, brain

TREFWOORDE: menslike leefwêreld, kompleksiteitsteorie, komplekse sisteme, ontologie, epistemologie, kennisaansprake, regverdigende standpunt, neurosielkunde, denke, brein

OPSOMMING

Aanhangers van die regverdigende standpunt vereis dat kennisaansprake as waar bewys moet word, deur 'n beroep op 'n toepaslike epistemologiese outoriteit, 'n vaste verwysingspunt, te doen. Volgens Cilliers verteenwoordig hierdie standpunt die tradisionele ("moderne") manier om kennis te verwerf. In die huidige tydvak, gekarakteriseer deur 'n komplekse leefwêreld (of dit as "postmodern" beskou word of nie), kom so 'n strategie neer op die ontwyking eerder as die bestudering van kompleksiteit. Cilliers verduidelik dat 'n komplekse, oop sisteem, gekenmerk word deur 'n verweefde netwerk van dinamiese interaksies tussen die menigvuldige heterogene komponente (wat ook subsisteme kan vorm) van die sisteem en ander betrokke sisteme. Uit hierdie dinamiese interaksies spruit veranderings en herorganisasie van die struktuur, dikwels deur middel van selforganisasie, om nuwe eienskappe te laat ontluik wat bydra tot die funksionering van die sisteem. Uit navorsing toon Damasio dat die mens in wese 'n geïntegreerde komplekse sisteem verteenwoordig met liggaam, brein, sintuie en verstand wat denke en 'n selfbewussyn ontwikkel om in 'n fisiese en sosiale omgewing 'n sinvolle bestaan te voer. Cilliers argumenteer dat aanvaarding van die kompleksiteit van die leefwêreld, voorveronderstel dat dit onmoontlik is om sodanige wêreld ten volle te begryp. Sodanige aanname beteken egter nie dat géén kennis van die leefwêreld ingewin kan word, of dat die inligting vaag is nie. Deur denke verwerf die mens kennis en voeg sinskeppende waarde toe tot sy/haar alledaagse bestaanswêreld; die mens as geesteswetenskaplike het die bykomende verpligting om wetenskaplike kennis oor die menslike leefwêreld te verwerf.

INLEIDING

Sedert die opkoms van die Griekse filosofie in ongeveer 600 v.C. (Law 2007) is standpunte wat wissel van idealisme (idees ontwikkel deur denke reflekteer die realiteit) met gepaardgaande rasionalisme (die rede is die enigste bron van kennis) tot realisme (die realiteit bestaan onafhanklik van denke) gepaard met empirisme (sintuiglike waarneming is die uitsluitlike bron van kennis) beurtelings aan die orde van die dag. Vroeg in die 17de eeu stel Descartes sy metode van sistematiese betwyfeling as verweer teen radikale skeptisisme (die standpunt dat daar geen gronde bestaan om die waarheid van oordele te vestig nie) bekend (vgl. Rosenberg 2012). Volgens Scruton (2004:16) lui Descartes hiermee die moderne era in die filosofie, wat gesentreer is rondom die epistemologie, in. Sedertdien is ’n groot aantal filosofiese benaderings soos byvoorbeeld rasionalisme, (transendentale) idealisme, positivisme, logiese empirisme en fenomenologie ontwikkel, in die nimmereindigende soektog na die waarheid gefundeer op onbetwisbare kennis. Ongeag die verskeidenheid van benaderings, wys ’n aantal outeurs daarop dat op oorkoepelende, metateoretiese vlak ’n bepaalde patroon van denke sigself openbaar (vgl. Bartley 1962; Bernstein 1983; Van Lill 1987, 2012; Weimer 1979). Weimer (1979:ix) noem hierdie metateoretiese patroon van denke, die regverdigende standpunt (“justificationism”).¹

’n Bepaalde metateorie verskaf ’n perspektief op, sowel as ’n verduideliking/verklaring van enigiets wat binne die terrein van die metateorie onder bespreking kom. Aldus verteenwoordig die metateorie ’n oorkoepelende raamwerk wat voorsiening maak vir verworwe kennis uit die verlede en hede, asook ’n begronding van toekomstige kennis binne die tersaaklike invloedsfeer.

Weimer (1979) beweer dat die regverdigende standpunt gekenmerk word deur die ver-warring en sameflansing van die begrippe kennis, waarheid, bewyse en outoriteit. ’n Kennis-aanspraak kan nie as sodanig aanvaar word nie tensy daar bewys kan word dat dit waar of waarskynlik waar is deur ’n beroep op ’n toepaslike epistemologiese outoriteit te doen. Afhangende daarvan of rasionalisme, empirisme of ’n kombinasie van die twee voorgestaan word, word logiese argumentering of empiriese waarneming of ’n kombinasie hiervan onderskeidelik beskou as die epistemologiese outoriteit om kennisoordele te regverdig.

Volgens Bernstein (1983:18) word Descartes se filosofie ook gekenmerk deur sodanige patroon van denke, wat hy “Cartesian anxiety” noem. Hy verwys na Descartes se angstige soeke na ’n onaanvegbare steunpunt vir die regverdiging van kennis en in der waarheid die menslike bestaan, ten einde radikale skeptisisme, irrasionaliteit en uiteindelik totale chaos, hok te slaan. Descartes argumenteer dat ’n mens enigiets kan betwyfel buiten die feit dat sy/hy dink, want indien die mens twyfel, dink sy/hy en indien sy/hy dink, bestaan (is) sy/hy: “Cogito ergo sum”. Bernstein toon aan dat Descartes se patroon van denke aanleiding gee tot ’n keuse tussen twee onderling uitsluitende alternatiewe: “*Either there is some support for our being, a fixed foundation for our knowledge, or we cannot escape the forces of darkness that envelop us with madness, with intellectual and moral chaos*” (Bernstein 1983:18, beklemtoning in oorspronklike teks).

Indien kennisoordele of feite egter geregverdig moet word deur te verwys na empiriese waarnemings en/of logiese argumente, moet die keuse van hierdie kriteria ook empiries en/of logies geregverdig kan word. Sodanige poging tot regverdiging lei egter tot oneindige regressie of sirkelredenasië wat beide neerkom op irrasionele denke. Derhalwe is bogenoemde

¹ Hierdie siening staan ook as “foundationalism” bekend (vgl. Cilliers 2005).

filosofiese benaderings, in terme van die onderhawige metateorie se kriteria, nie rasioneel regverdigbaar nie (Van Lill 1987, 2012).

Die “gegewe” in sintuiglike waarnemings kan nie sonder meer beskou word as ’n neutrale, onafhanklike grondslag vir die regverdiging van die waarheidstatus van stellings nie (Weimer 1979). Waargenome verskynsels verander nie bloot in feite en kennis nie. Feite is stellings oor empiriese verskynsels, maar betekenis word aan die stellings toegeken op grond van die teoretiese struktuur waarbinne hulle ingebed is. Die empiriese “gegewe” en “feitestellings” daaroor het geen betekenis sonder die onderliggende teoretiese strukture nie en kan dus as sodanig nie beskou word as onafhanklike basis en kriterium om stellings te verifieer nie (Popper 1980; Royce 1978; Van Lill 1987, 2012; Weimer 1979).

Descartes se aansprake het egter nie net epistemologiese gevolge nie, maar ook verreikende ontologiese implikasies wat die syn (“our being”, vgl. Bernstein 1983 soos hierbo aangehaal) van die mens betref. Volgens Damasio (2006) is die grootste fout wat Descartes begaan het, die onoorbrugbare skeiding tussen die twee “substansies” liggaam, insluitende die brein – die meganiese, fisiese, tasbare, “res extensa” – en denke – die nie-tasbare, nie-dimensionele, onsigbare, “res cogitans”. Alhoewel hierdie tipe dualisme reeds sedert die ontstaan van die antieke Griekse filosofie aanwesig was, word hierdie vraagstuk deur Descartes op die spits gedryf, sodat sy invloed vandag nog in die filosofie en die wetenskappe – veral in die geesteswetenskappe en die mediese wetenskap – ervaar word.

Dit blyk dat die hoofstroom sielkunde, in ’n poging om as “wetenskap” aanvaar te word, die navorsingsfilosofie en gepaardgaande metodologie van die klassieke natuurwetenskappe slaafs probeer navolg (vgl. Koch 1970; Michell 2013; Van Lill 1987). Volgens verskeie outeurs (vgl. Jordaan 1980; Koch 1970, 1981; Prigogine & Stengers 1984; Van Lill 1987) is die nadraai van sodanige praktyk dat die mensbeeld wat epistemologies toeganklik is vir “wetenskaplike” navorsing ontologies nie die synde, die essensie van menswees, in volle glorie kan verreken nie.

In hierdie verband kan verwys word na ’n artikel van Michell (2013) waarin hy die volgende gevolgtrekking maak:

Even before entering psychology, the ‘construct’ concept contributed little of value to the understanding of theoretical concepts. It was recruited more for ideological reasons than valid logical ones. The same is true in psychology. *Here it sustains the dream that psychological attributes are measurable, but the constructs ‘measured’ are empty placeholders occluding whatever real attributes are causally involved.* Constructs, as understood in psychology are not just theoretical concepts under another name. While they are invoked to try to explain test performance, they are contrived in a way that is detached from the actual structure of testing phenomena and held in place by an array of quantitative methods, such as factor analysis, which gratuitously presume quantitative structure rather than infer it from relevant phenomena and, as a result, cannot deliver genuine explanations. (Michell 2013:20, beklemtoning deur huidige outeur)

In die hoofstroom sielkunde word konstrunkte (wat gewoonlik na menslike eienskappe soos intelligensie, angs, aanleg, persoonlikheid, ens. verwys) beskou as konsepte met addisionele konnotasies, wat doelbewus ontwikkel of oorgeneem is vir wetenskaplike gebruik soos in empiriese observasies, meting(toetsing) en die ontwikkeling van teorie gedurende navorsing (vgl. Kerlinger & Lee 2000; Michell 2013). Dit blyk uit die aanhaling hierbo dat Michell van mening is dat die wesensaard van menslike eienskappe nie in die realiteit deur konstrunkte

vertekenwoordig word nie en dat konstruëte ook nie 'n betekenisvolle epistemologiese bydrae tot die sielkunde as wetenskap lewer nie.

Michell (1999, 2000, 2005, 2008, 2013) beweer dat die werklike aard van menslike eienskappe, soos byvoorbeeld intelligensie, abstrakte redeneringsvermoë en angs, in die hoofstroom sielkundige navorsing deur die toepassing van betrokke navorsingsmetodes misken word. Aangesien die verwerwing van relevante wetenskaplike kennis sodoende verhinder word in plaas daarvan om dit aan te moedig, tipeer hy hierdie praktyk as “patologies” (Michell 2008:7). Vervolgens is die eerste taak, vir die doeleindes van die huidige betoog, om te poog om die aard van menslike eienskappe te ondersoek.

KOMPLEKSITEITSTEORIE EN KOMPLEKSE SISTEME²

Cilliers (1998:112) wys daarop dat, ongeag of die huidige tydvak as “postmodern” beskou word al dan nie, die kontemporêre leefwêreld van die mens kompleks van aard is, en om 'n bestaan daarin te voer en selfs te floreer, moet sodanige kompleksiteit erken en begryp word. Volgens hom word die tradisionele, “moderne” manier om kompleksiteit te hanteer, gekenmerk deur die soeke na 'n vaste verwysingspunt wat as grondslag van kennis, of die looper kan dien om alle kennis te ontsluit. Dit blyk dus dat Cilliers bewus is van die aard en beperkinge van die regverdigende standpunt en van mening is dat dit nie 'n nuttige oplossing bied vir die verwerwing van kennis in 'n komplekse wêreld nie.

Volgens Cilliers (1998:iix- ix, 3-5) word 'n komplekse sisteem – gewoonlik 'n oop sisteem – gekenmerk deur 'n verweefde netwerk van interaksies tussen 'n groot aantal heterogene komponente (wat ook subsisteme kan vorm) en tussen die sisteem en ander sisteme in die omgewing (kyk ook Eloff 2016). Die aard van hierdie interaksies is sodanig dat die sisteem nie volledig begryp kan word deur bloot die individuele komponente te ontleed nie. Hierdie verwantskappe kan ook herorganiseer of verander – dikwels deur middel van selforganisasie – wat weer nuwe kenmerke of ontluikende eienskappe³ (“emergent properties” – Cilliers 1998:ix) op 'n nuwe vlak van kompleksiteit (vgl. Gould 2004:223) laat ontstaan. Indien 'n sisteem werklik kompleks is, kan dit per definisie nie voldoende beskryf word deur middel van 'n eenvoudige model of teorie nie. Voorbeelde van komplekse sisteme is meteorologiese, ekologiese en sosiale sisteme.

Cilliers (1998:122) verduidelik dat aangesien komplekse sisteme gewoonlik funksioneer in toestande wat ver afwyk van 'n ewewig, word 'n konstante toevoer van energie benodig om entropie te beveg, aan te pas, ontwikkel, te oorleef en onder sulke omstandighede die komplekse struktuur van die sisteem in stand te hou. Verder moet komplekse sisteme inligting aangaande die omgewing insamel, dit verwerk en aanwend ten einde aan te pas by omstandighede. Gevolglik is twee essensiële attribute van sulke komplekse sisteme die vermoë om informasie te verwerk en te berg (“representation”) en die vermoë om die sisteem se

² Cilliers (1998: viii – ix) onderskei tussen ingewikkelde (“complicated”) sisteme, wat ongeag of hulle uit 'n groot aantal elemente bestaan, steeds volledig in terme van hulle individuele elemente beskryf kan word (bv. 'n straalvliegtuig). Hierteenoor, is die interaksies tussen die groot aantal elemente in 'n komplekse (“complex”) sisteem (bv. 'n sosiale sisteem) en die interaksies tussen dié sisteem en die omgewing so verwickeld dat die sisteem nie in die geheel begryp kan word deur 'n blote analise van die elemente nie.

³ Die begrip “emergence” word met “ontluiking” vertaal om die idee van “ontsluiting” eerder as 'n “verskyning asof uit die niet”, weer te gee.

struktuur te ontwikkel en aan te pas (“self-organisation”) by veranderings in die omgewing (Cilliers 1998:10-12).

’n Groot aantal heterogene elemente wat in dinamiese interaksies verkeer sodat die sisteem oor tyd verander, is ’n noodsaaklike voorvereiste vir die funksionering van komplekse sisteme en wanneer genoeg elemente betrokke is, word dit onmoontlik om die gepaardgaande interaksies op eenvoudige wyse te ontleed en begryp (Cilliers 1998). Sodanige interaksies hoef nie noodwendig fisies te wees nie, dit kan ook deur die oordrag van informasie geskied. Die interaksies moet redelik oorvloedig wees sodat enige element in die sisteem ’n hele aantal ander elemente kan beïnvloed en ook deur ’n aantal beïnvloed kan word, maar alle elemente is nie wedersyds by mekaar betrokke nie. Die funksionering van die sisteem word dus nie volledig bepaal deur die presiese aantal interaksies wat met spesifieke elemente geassosieer word nie (vgl. Cilliers 1998).

Elke individuele element in die sisteem reageer slegs op informasie uit die onmiddellike omgewing en is “onkundig” oor die funksionering van die sisteem as geheel. Volgens Cilliers (1998:4-5) is hierdie eienskap van kardinale belang want indien elke element “kundig” was oor die algehele sisteem, sou alle kompleksiteit inherent aan daardie betrokke element wees; fisies en logies sou só ’n aanname onhoudbaar wees. Kompleksiteit is die gevolg van ’n ryke interaksie tussen eenvoudige elemente wat slegs reageer op beperkte informasie waaraan elkeen blootgestel word. Wanneer die gedrag van die komplekse sisteem as geheel in ag geneem word, verskuif die fokus van individuele elemente na die komplekse struktuur van die sisteem: Kompleksiteit ontluik op grond van die patrone van interaksie tussen die elemente (vgl. Cilliers 1998).

’n Verdere essensiële voorvereiste vir kompleksiteit is dat betrokke interaksies nie-liniêr van aard is sodat relatief klein veranderings omvangryke resultate tot gevolg kan hê en omgekeerd (Cilliers 1998:4). Interaksies vind gewoonlik oor relatief kort afstande plaas aangesien informasie primêr van die aanliggende omgewing verkry word, terwyl praktiese oorwegings ook beperkings plaas op interaksies oor langer afstande. Sodanige opset sluit egter nie wydverspreide beïnvloeding uit nie, aangesien die interaksies veelvoudig is en die roete van element tot element, wat bane vir terugvoer kan insluit, ’n hele aantal stappe behels (vgl. Cilliers 1998). Gevolglik word die oordrag langs die roete gemoduleer deurdat dit op verskeie maniere versterk, gedemp of verander kan word.

Cilliers (1998, 2005) verduidelik dat komplekse sisteme gewoonlik oop sisteme is, wat voortdurend met hulle omgewing in interaksie verkeer en gevolglik is dit moeilik om sodanige sisteem af te baken: Die doel waarvoor die betrokke sisteem deur ’n navorser ondersoek word, bepaal dus meestal die begrensing van sodanige sisteem (“framing” – Cilliers 1998:4, 5; 2005:258, 259). Komplekse sisteme ontwikkel oor tyd en hul verlede en alle betrokke gebeurlikhede (vgl. Gould 2004:224) is medeverantwoordelik vir huidige gedrag, gevolglik kan sulke sisteme nie na behore ontleed word sonder om ook die besondere ontwikkelingsproses in aanmerking te neem nie.

Alhoewel Damasio (2006, 2010) nie na kompleksiteitsteorie op sigself verwys nie, argumenteer hy dat die mens as ’n geheel van netwerke van interaktiewe sisteme binne ’n omgewing – met ander woorde ’n komplekse sisteem – bestudeer moet word. Damasio (2006, 2010) se siening word in die volgende aantal afdelings sonder kritiese kommentaar weergegee, waarna insigte oor die komplekse aard van die mens se leefwêreld bespreek word.

DIE ROL VAN EVOLUSIE IN DIE ONTSTAAN VAN DENKE⁴

Damasio (2010, plek 708) verduidelik dat individuele primitiewe mikro-organismes ongeveer 3.8 miljard⁵ jaar gelede hul verskyning op aarde gemaak het. Gedurende die daaropvolgende ongeveer 2 miljard jaar het kolonies van hierdie organismes vermenigvuldig totdat die volgende evolusionêre ontwikkeling, organismes wat bestaan uit een sel met 'n selkern (bv. die amebe) plaasgevind het. Sodanige sel bestaan uit 'n selliggaam met 'n sitoskelet, omring deur 'n selmembraan, waarbinne die volgende elemente voorkom: 'n selkern (die beheersentrum wat die sel se DNS bevat) en sitoplasma (waarin energie opgewek word, onder beheer van organelle soos mitochondria).

Volgens Damasio (2010, plek 722) kan dié enkele sel beskou word as 'n tipe model vir 'n organisme soos die mens. Die sitoskelet dien as raamwerk vir die sel, net soos die menslike skelet as raamwerk vir die liggaam dien; die sitoplasma stem ooreen met die interne liggaam insluitende die organe, die nukleus met die brein, terwyl die selmembraan ooreenstem met die vel. Sommige selle beskik selfs oor cilia, wat met ledemate ooreenstem, en hulle in staat stel om te beweeg. Die grootste verskil tussen die selle van meersellige organismes en die selle in eensellige organismes is dat laasgenoemde selle op hulleself aangewys is vir oorlewing, terwyl eersgenoemde selle in 'n verskeidenheid hoogs gespesialiseerde sisteme (soos bv. die verskillende organe in 'n liggaam) saamgegroepeer is om hulle onderskeie funksies te vervul.

Oor die algemeen is die kontrole van 'n meersellige organisme hoogs gedentraliseer met die uitsondering van beheersentra soos die endokriene stelsel en die brein wat oor besonder gevorderde analitiese en besluitnemingsvermoëns beskik. Alle selle beskik oor 'n soortgelyke lewensiklus: geboorte, ontwikkeling, vermeerdering, veroudering en sterfte. 'n Individuele menslike organisme se lewe bestaan uit 'n meervoud van goed geartikuleerde lewens wat gelyktydig plaasvind. Ongeag die relatiewe eenvoud van individuele selle, word elkeen se lewensiklus bepaal deur gene teenwoordig in die mikroskopiese selkern. Gedurende interaksie tussen die kern en sitoplasma, word ingewikkelde bewerkings uitgevoer om die voortdurende uitdagings wat die onmiddellike omgewing bied, te oorkom en die sel se voortbestaan te verseker. Klaarblyklik is die komponente wat hierdie aanpassings bewerkstellig, daargestel en onder beheer van die sel se genetiese materiaal.

Ten einde 'n bestaan te maak, hetsy vir 'n enkel sel of meersellige organismes, vereis dat geskikte nutriënte in energie omgeskakel word. Sodanige prosesse behels die opspoor en interne opname van die nodige energieprodukte, verwerking daarvan tot 'n universele energiebron (adenosientrifosfaat – ATP) vir fisiologiese prosesse, verwydering van afvalprodukte en die aanwending van die energie om dieselfde roetine in stand te hou totdat die lewensduur van die organisme ten einde kom. Die instandhouding van die prosesse is egter geweldig ingewikkeld en veeleisend aangesien daar gelyktydig aan 'n groot aantal vereistes, soos byvoorbeeld genoegsame hoeveelhede nutriënte soos suikers, vette en proteïene, die regte hoeveelhede suurstof en koolstofs gas, die regte suurgehalte en temperatuur, en dies meer, voldoen moet word. Die prosesse om sodanige optimaal gebalanseerde kondisies in die organisme in stand te hou, staan bekend as homeostase.

Volgens Damasio (2010, plek 892) word die vermoë om homeostase te handhaaf sedert die oertyd geneties oorgedra aan primitiewe organismes sonder brein, verstand of bewussyn.

⁴ Tensy anders vermeld, is hierdie afdeling gebaseer op inligting uit Damasio (2006, 2010).

⁵ In Afrikaans is 'n biljoen = (miljoen x miljoen) = miljoen² = 10¹². In die VSA en Frankryk is 'n biljoen = 1 000 miljoen = 10⁹ = 1 miljard in Afrikaans (kyk Botha 2014).

Damasio (2010, plek 904) postuleer dat 'n groot deel van sodanige genetiese instruksies verband hou met die doeltreffende regulering van die organisme se lewensfunksies: die verwerwing van belonings, strafmaatreëls en die antisipasie van situasies waarmee die organisme gekonfronteer mag word. Volgens hom is die mees essensiële eienskap van enige lewende wese, van die amebe tot die mens, waaruit alles voortvloei, die voortdurende handhawing van 'n chemiese balans vir gesonde lewensprosesse (Damasio 2010, plek 929).

Damasio (2010, Biological Value) skep die term “biologiese waarde” en postuleer dat sodanige “waarde” onlosmaaklik gekoppel is aan 'n “behoefte” wat weer verbind word met voortbestaan; “waarde” word dus direk of indirek verbind met oorlewing.

Crudely stated, the paramount value for whole organisms consists of healthy survival to an age compatible with reproductive success. Natural selection has perfected the machinery of homeostasis to permit precisely that. Accordingly, the physiological state of a living organism's tissues, within an optimal homeostatic range, is the deepest origin of biological value and valuations. This statement applies equally to multicellular organisms and to those whose living “tissue” is confined to one cell. (Damasio 2010, plek 969)

Lewende organismes floreer wanneer optimale homeostatiese kondisies gehandhaaf word. Onder ongunstige lewensomstandighede, kan dit 'n organisme tot voordeel strek indien dit wel vir 'n beperkte periode kan oorleef onder minder gunstige homeostatiese kondisies, maar meestal word optimale kondisies vereis. Biologiese waarde wissel in verhouding met die mate waartoe lewe gedy onder spesifieke fisiese toestande: “In a way, biological value is a surrogate of physiological efficiency” (Damasio 2010, plek 976). Damasio postuleer dat die waarde wat toegeken word aan objekte en gebeure waarmee die mens in die daaglikse lewe gekonfronteer word, verband hou met die oorspronklike oerwaarde wat toegeken is op grond van homeostatiese beginsels. Bepaalde breinmeganismes gebruik die chemiese parameters teenwoordig in die brein om op 'n nie-bewuste vlak afwykings vanaf die homeostatiese waardes te bepaal en sodoende as sensor van die intensiteit van 'n interne behoefte te dien. Vervolgens stel die bepaalde afwyking vanaf die homeostatiese waardes 'n ander breinmeganisme in staat om korrektiewe aksies te inisieer en om selfs, afhange van die dringendheid van die respons, 'n beloning of straf te bewerkstellig. 'n Eenvoudige rekord van sodanige maatreëls word gebruik in die voorspelling van toekomstige kondisies.

In breine, soos die mens s'n, wat daartoe in staat is om interne toestande in die vorm van neurale kaarte⁶ weer te gee en potensieel oor verstand en bewussyn beskik, korrespondeer die parameters wat met die homeostatiese waardes geassosieer word op 'n bewuste vlak van prosessering met waarnemings van pyn en plesier (Damasio 2010, plek 991). Sodanige waarnemings kan ook betekenisvol aan linguïstiese etikette soos plesier, behaaglikheid, ongemak en pyn gekoppel word in breine wat 'n taal magtig is.

Ten einde hulle voortbestaan te verseker, moet eenvoudige organismes oor sekere basiese vermoëns soos die aanvoeling van hulle interne en eksterne omgewing, 'n responsbeleid en beweging beskik. Organismes het meganismes ontwikkel om waarneming, besluitneming en beweging of ontvlugting toenemend meer effektief te kan uitvoer. Die responsbeleid moet, soortgelyk aan 'n omvattende sakeplan, die vereistes en kondisies van die beleid bevat sodat waarneming en beweging ten volle benut kan word. “This is precisely what the *homeostatic design* that we find in creatures of all levels of complexity consists of: a collection of operation

⁶ By gebrek aan 'n meer toepaslike woord word Damasio (2010) se begrip “maps” met “kaarte” vertaal.

[sic.] guidelines that must be followed for the organism to achieve its goals” (Damasio 2010, plek 1018, kursief in die oorspronklike teks).

Alhoewel die responsbeleid die bereiking van ’n homeostatische doel beoog, en ten spyte daarvan dat die doelwit duidelik uitgespel mag wees, is buitengewone maatreëls soms nodig om die responsbeleid effektief toe te pas. Om sekere aksies so spoedig en korrek as moontlik te ontlok, moet daar ’n aansporing bestaan om bepaalde response bo ander te verkies. Dit mag byvoorbeeld nodig wees wanneer die organisme ernstig bedreig word, of wanneer omstandighede só gunstig is dat die betrokke respons baie voordelig vir die voortbestaan van die organisme kan wees. Volgens Damasio (2010, plek 1032) is dit waaruit die menslike perspektief van beloning en straf (die belangrikste faktore by motivering van gedrag) ontwikkel het, al is daar geen verstand of bewuste denke by die betrokke organismes ter sprake nie. Hy voer aan dat aansporingsmeganismes benodig word om gedrag suksesvol te reguleer; wat in essensie neerkom op die ekonomiese implementering van die sel se sakeplan. Dit blyk dus dat die idee van aansporingsmeganismes en beheer nie ontstaan het uit bewuste redenering en denke nie; dit het ontwikkel as ’n evolusionêre meganisme vir die regulering van lewensprosesse en is mettertyd openbaar aan organismes met verstand en bewussyn soos die mens (Damasio 2010, plek 1032).

Die ontwikkeling van aansporingsmeganismes⁷

In breine wat die graad van aanpassing kan bepaal ten einde ’n homeostatische balans te handhaaf, is ’n tipe interne afwykingskaal ontwikkel. Spesifieke chemiese molekules (soos byvoorbeeld hormone of neuro-oordragstowwe) word dienooreenkomstig vrygestel om regstellings te bespoedig. Die mens ondervind interne toestande in terme van so ’n afwykingskaal op ’n onbewuste vlak, maar die gevolge van die “metings” word ook bewustelik ervaar byvoorbeeld as grade van ongemak: ’n effense gevoel van ongemak, ’n taamlike sterk gevoel van ongemak of ’n oorweldigende gevoel van ongemak. Sodoende korrespondeer bewuste ervarings van pyn of plesier, beloning of straf, direk met geïntegreerde homeostatische toestande in lewende weefsel van die menslike liggaam.

In die geval van bewuste breine, is die gevolge van die molekulêre proses nie bloot die herstelling van ’n wanbalans nie; dit lei ook tot vermindering van ’n negatiewe ervaring en ’n ervaring van plesier of beloning. Uiteindelik sal die blote aksie van die belonende middels die organisme bevrediging verskaf. Die ontwikkeling van breinstrukture met die vermoë om die “beloning” of “bedreiging” te antisipeer, is ook baie belangrik aangesien dit die organisme in staat stel om wenke te gebruik om sodanige gevoelens te voorspel. Sulke ontwikkelings het gelei tot die ontlokking van differensiële response na gelang van omstandighede, asook optimale response gegrond op voorspellings.

Die homeostatische ontwerp en gepaardgaande beloning- en voorspellingsmeganismes beskerm die integriteit van die lewende weefsel in ’n organisme. Bestaande strukture word ook aangewend om te verseker dat die organisme reprodutiewe gedrag openbaar om sodoende die voortbestaan van gene te verseker. Namate organismes ontwikkel het, het die onderliggende homeostatische prosesse meer kompleks geword ten opsigte van die reaksies wat hulle ontlok, asook wat die omvang van hul resultate betref. Hierdie meer komplekse programme het mettertyd as “dryfkragte”, “motiverings” en “emosies” bekend geword.

⁷ Tensy anders vermeld, is hierdie afdeling gebaseer op inligting uit Damasio (2006, 2010).

Optimale funksionering van die organisme, wat aanleiding gee tot doelmatige, harmonieuse lewensomstandighede, is die basis van primordiale gevoelens van welstand en behae. Lank voor die ontwikkeling van verstand, bewussyn en bewuste gevoelens, is die gedrag van individuele organismes bepaal deur homeostase en konfigurasies van chemiese parameters. Sedert die ontwikkeling van eenvoudige sensustelsels, is dit meer opvallend dat sommige eenvoudige organismes “saamwerk” en “sosiale gedrag” openbaar om voedsel te bekom en omgewingstoestande te bowe te kom en sodoende te oorleef.

Bewussyn het aanpasbaarheid mateloos verbeter en begunstigdes daartoe in staat gestel om nuwe oplossings vir uitdagende lewensomstandighede en oorlewingskrisisse uit te dink. Die menslike brein, met behulp van die konstruksie van verstand, het aanbeweeg van eenvoudige regulering gefokus op oorlewing tot progressief meer oorwoë bestuur gebaseer op verstand met ’n identiteit wat aktief welstand nastreef en nie net probeer oorleef nie. Bewuste denke stel die mens in staat om die hooftema van lewensregulering te ontvou in ’n aantal kultuurprodukte soos die ekonomie, die wetenskap, sosiale konvensies, etiese reëls, tegnologie, die kunste, die regte, en so meer.

DIE MENSLIKE BREIN: ’N KOMPLEKSE SISTEEM VAN SISTEME⁸

Die menslike sentrale sensuweestelsel bestaan uit die brein en die rugmurg wat deur middel van ’n uitgebreide sisteem van sensuwees, die perifere sensuweestelsel, met feitlik elke segment van die res van die liggaam verbind is. Die bloedstroom tree ook op as verbindingsroete waarlangs chemiese middels soos hormone, neurale oordragmiddels en modulators na verskillende dele van die liggaam vervoer word. Denke⁹ (“mind”) ontwikkel uit die aktiwiteite van spesiale selle, bekend as neurone (sensuweeselle), wat onontbeerlik is vir breinaktiwiteit. Sensuweefsel bestaan uit neurone ingebed in ’n ondersteuningstelsel van neuroglia wat buiten fisiese ondersteuning, ook bydra tot die instandhouding en voeding van neurone. Oor die algemeen bestaan neurone uit selliggame, wat die nukleus bevat, ’n akson (die hoof afvoervesel wat impulse weg van die selliggaam lei) en dendriete (die toevoervesels wat impulse na die selliggaam lei).

Alhoewel die samestelling van neurone ooreenkom met dié van ander liggaamselle, verskil neurone funksioneel sowel as strategies van hulle (Damasio 2010, plek 785). Die wesenlike funksionele verskil het te make met neurone se vermoë om elektrochemiese seine te genereer wat hulle daartoe in staat stel om die toestand van ander selle – insluitende ander neurone – te verander. Hierdie beïnvloeding van die toestand van selle is die bron van aktiwiteit wat gedrag veroorsaak en beheer, en uiteindelik ook bydra tot die skepping van denke. Sodanige funksionele verskil is dan ook die basis van die strategiese verskil: neurone bestaan ten behoeve van al die ander selle in die liggaam. Neurone is nie essensieel vir die instandhouding van basiese lewensprosesse nie – dit blyk duidelik uit die bestaan van eenvoudige organismes sonder neurone – maar in komplekse organismes met baie selle, is neurone in die liggaam behulpsaam met die bestuur van lewensprosesse.

Alle neurone in die brein is egter nie onderling lukraak met mekaar verbind nie en denke en gedrag verrys nie sonder meer uit so ’n komplekse konglomeraat nie. Oor die algemeen vorm elke neuron sowat eenduisend sinapse terwyl sommige ook vyf- tot sesduisend sinapse kan vorm (Damasio 2006:29). Wanneer in ag geneem word dat daar meer as 10 miljard (10^9)

⁸ Tensy anders vermeld, is hierdie afdeling gebaseer op inligting uit Damasio (2006, 2010).

⁹ Die konsep “mind” sal vir die doel van hierdie artikel met “denke” of “verstand” vertaal word.

neurone in die brein¹⁰ teenwoordig is met meer as 10 biljoen (10^{12}) sinapse, blyk dit dat neurone onderling redelik beperk met mekaar verbind is (Damasio 2006:29). Alle neurone, met aksone van lengtes wat wissel van verskeie millimeters tot selfs sentimeters, verbind met 'n beperkte aantal ander neurone, meestal in die onmiddellike omgewing. Gevolglik: 1) hang die funksie van neurone af van die onmiddellike netwerk waartoe hulle behoort, 2) is die funksie van hierdie netwerke afhanklik van hoe sodanige netwerke mekaar onderling beïnvloed, en 3) hang die bydrae van elke netwerk tot die funksie van die sisteem waartoe dit behoort af van die netwerk se relatiewe posisie in die sisteem (Damasio 2006:30).

Die brein is 'n supersisteem van sisteme: Elke sisteem bestaan uit 'n verweefde netwerk van makroskopiese kortikale areas en subkortikale nukleï wat weer opgebou is uit mikroskopiese lokale netwerke van neurone verbind deur middel van sinapse. Die meer as 10 miljard neurone in die brein is georganiseer in lokale netwerke wat kortikale areas (neurone gerangskik in lae) of nukleï (versamelings neurone wat nie in lae gerangskik is nie) vorm. Die kortikale areas en die nukleï is onderling verbind om sisteme, en sisteme van sisteme, van progressiewe groter kompleksiteit te vorm. Neurone en lokale verbindings kom op mikroskopiese vlak voor terwyl kortikale areas, nukleï en sisteme op makroskopiese vlak voorkom.

Neurone verbind onderling in grensgebiede wat sinapse genoem word, waar die akson van 'n neuron gewoonlik chemies met die dendriete van ander neurone skakel; neurone is aktief (“firing”) of onaktief (“not firing”). Wanneer 'n neuron aktief is, word 'n elektriese puls, die aksiepotensiaal, gestu van die selliggaam deur die akson na die sinaps waar dit aanleiding gee tot die afskeiding van senuwee-oordragstof (bv. asetielholien en glutamien) in die sinapsspleet (“synaptic cleft”). Vervolgens reageer die oordragstof met reseptore van naasliggende neurone en indien hulle in 'n staat van eksitasie verkeer, kan hulle aktiveer en hul eie oordragstowwe afskei ensovoorts. Neurone is dus daartoe in staat om elektrochemiese seine te produseer wat die status van ander selle kan verander en sodoende bydra tot die organisering van die lewensprosesse van 'n organisme. Die aktivering van neurone geskied baie vinnig, in die bestek van enkele millisekondes, terwyl dit honderde millisekondes duur om van 'n visuele patroon bewus te word en etlike sekondes tot minute om gevoelens te ervaar (Damasio 2010, plek 4860).

Sinapse word beskou as meer of minder kragtig afhangende van die gemak waarmee elektrochemiese impulse oorgedra word. Gewoonlik fasiliteer 'n kragtige sinaps met 'n hoë potensiaal die oordrag van impulse in 'n geaktiveerde neuron, terwyl 'n minder kragtige sinaps die oordrag sal inperk of verhoed. Prosesse soos geheue en leer is afhanklik van die fasilitasie en versterking van die aktivering van neurone (Damasio 2010).

Denke ontluik¹¹

Die vermoë om “kaarte” (“maps”) saam te stel, is uniek aan die menslike brein (Damasio 2010, plek 1182). Wanneer 'n persoon met objekte buite die brein soos byvoorbeeld 'n ander persoon, 'n dier of die natuur in interaksie verkeer, of wanneer objekte uit die geheue opgeroep word, word interaktiewe neurale kaarte of patrone van die interaksie in die brein saamgestel.

¹⁰ Outeurs verskil baie oor die aantal neurone in die brein. Volgens Mustafa en Tourkia (2017:197) is daar meer as 86 miljard neurone in die menslike brein.

¹¹ Tensy anders vermeld, is hierdie afdeling gebaseer op inligting uit Damasio (2006, 2010).

Minds emerge when the activity of small circuits is organized across large networks so as to compose momentary patterns. The patterns represent things and events located outside the brain, either in the body or in the external world, but some patterns also represent the brain's own processing of other patterns. The term *map* applies to all those representational patterns, some of which are coarse, while others are very refined, some concrete, others abstract. In brief, the brain maps the world around it and maps its own doings. Those maps are experienced as *images* in our minds, and the term *image* refers not just to the visual kind but to images of any sense origin such as auditory visceral, tactile, and so forth. (Damasio 2010, plek 476, kursief in die oorspronklike teks)

So byvoorbeeld tref ligpartikels die retina en geaktiveerde neurone vorm 'n beeld wat met neurale bane aangestuur word en op daaropvolgende vlakke in die senuweestelsel gereproduseer word om te kulmineer in die primêre visuele kortekse. Dienooreenkomstig word klankgolwe getransformeer tot ouditiewe kaarte in die primêre ouditiewe korteks. Klankgolwe laat die oordromme vibreer en hierdie vibrasies word aangestuur via die gehoorbeentjies (“ossicles”) na die koglea, wat met vloeistof gevul is, en waar haarselle die meganiese vibrasies omskakel na elektriese impulse wat deur die kogleasenuwee opgevang word (kyk Jourdain 1997). Hierdie senuwee dra die boodskappe oor in die brein totdat dit die primêre ouditiewe korteks bereik. Op soortgelyke wyse vind die kartering van ander sensoriese modaliteite soos reuk, aanraking, ruimtelike oriëntering asook somaties sensasies deur die brein plaas.

Terwyl sommige strukture benede die serebrale korteks soos byvoorbeeld die genikulêre liggaampies, kollikuli, nucleus tractus solitarius en die parabrachiale nukleus daartoe in staat is om elementêre kaarte te konstrueer, slaag die serebrale kortekse by uitstek daarin om gedetailleerde kaarte saam te stel. Die genikulêre liggaampies met 'n gelaagde struktuur geskik vir topografiese voorstellings, word aangewend in visuele en ouditiewe prosesse. Die boonste kollikulus is belangrik vir die konstruksie van visuele kaarte en kan ook sulke visuele kaarte met ouditiewe en liggaamsgebaseerde kaarte in verband bring terwyl die onderste kollikulus toegewy is aan ouditiewe prosessering. Hierdie kaarte is nie statiese voorstellings nie maar reflekteer veranderinge in die omgewing en word voortdurend herkonstrueer op die verskillende vlakke wat deur die neurone gevoed word.

Voortdurende, dinamiese kartering deur die brein skep denke: Die kaarte wat saamgestel is in die brein verteenwoordig die beelde, klanke, reuke, aanrakings, gevoelens, plesier en pyne, 'n persoon se denkbeelde van alles en enigiets, konkreet of abstrak, aktueel of herroep, binne of buite die liggaam. Sekere beelde verteenwoordig fisiese eienskappe van entiteite, hulle tydruimtelike verwantskappe en waar toepaslik, hulle aksies en bewegings. Ander, baie abstrakte beelde verteenwoordig reflekerende aksies, die resultaat van die brein wat kaarte maak van sy eie kartering; sommige beelde word aangewend in musikale komposisies (Jourdain 1997) of wiskundige formules. Die proses om denke te skep, is 'n voortdurende stroom van sulke beelde waarvan sommiges ooreenstem met werklike gebeure buite die brein terwyl ander uit die geheue saamgestel word. Beelde kan ervaar word gedurende persepsie en herroeping. Dit is onmoontlik om kaarte wat alle ervarings onderlê in hulle oorspronklike formaat te bewaar, aangesien daar nie genoeg bergplek in die brein beskikbaar is nie. Danksy wederkerige verhoudings tussen die ruimtes waarin kaarte gekonstrueer word en disposisionele ruimtes, kan kaarte in disposisionele vorm geberg word. Die inhoud van disposisionele ruimtes bestaan uit abstrakte rekords van potensialiteite in geënkripteerde en dormante formaat. Disposisies bespaar bergspasie en kan aangewend word om die oorspronklike kaarte in die primêre sensoriese kortekse te herkonstrueer. Denke is subtiele, vloeiende kombinasies van aktuele en herroepde beelde in voortdurend veranderende verhoudings.

Daar is gewoonlik rasonale onderlinge verbande tussen beelde in die verstand, veral wanneer hulle korrespondeer met gebeure in die eksterne wêreld of die liggaam, wat onderhewig is aan die wette van fisika en biologie (Damasio 2010, plek 1309). Hierdie tipe rasionaliteit is van nature aanwesig in die brein se netwerk. Dagdrome, siekte of sekere dwelms kan die rasonale gang van beelde versteur, maar buiten hierdie uitsonderings, hou die stroom van die beelde meestal tred met die tydsverloop. Desnieteenstaande, kan die pas waarteen beelde mekaar opvolg drasties varieer, of reekse beelde kan parallel voorkom, mekaar kruis of gesuperponeer word. Wanneer bewuste denke die helderste is, vloei beelde moeiteloos met minimale inmenging van buite.

Verder word beelde in die stroom van denke geprioriseer op grond van hulle waarde vir die individu. Volgens Damasio kom hierdie waardes

... from the original set of dispositions that orients our life regulation, as well as from the valuations that all images we have gradually acquired in our experience have been accorded, based on the original set of value dispositions during our past history. In other words, minds are not just about images entering their procession naturally. They are about the cinemalike [sic.] editing choices that our pervasive system of biological value has promoted. The mind procession is not about first come first served. It is about value-stamped selections inserted in a logical frame over time. (Damasio 2010, plek 1322)

Denke is óf bewustelik óf nie-bewustelik; beelde word voortdurend gevorm deur persepsie of herroeping ongeag of mens daarvan bewus is of nie. Alhoewel baie beelde nie in die bewuste denke geprosesseer word nie, kan hulle wel 'n persoon se denke en optrede beïnvloed. Terwyl die verstand bewustelik besig bly met alledaagse prosessering, kan kreatiewe denke en redenering geskied op 'n nie-bewustelike vlak.

Konstruksie van bewuste denke¹²

Damasio (2010, Hoofstuk 8) verduidelik dat die konstruksie van bewuste denke – 'n buitengewoon komplekse proses – die resultaat van miljoene jare se biologiese evolusie verteenwoordig. Hy stel 'n model voor van die manier waarop die menslike brein bewussyn konstrueer deur 'n self-proses binne 'n wakker verstand te genereer.

Die self, wat eiesoortig is aan menslike denke, word gekonstrueer in drie stadia en fokus die verstand in wese op die mens se eie liggaam. In die basiese stadium ontwikkel die protoself, 'n neurale konstruksie van die relatiewe stabiele aspekte van die organisme, uit die gedeelte van die brein wat die organisme verteenwoordig en dit verwek spontane gevoelens van die lewende liggaam, die sogenaamde primordiale gevoelens (“primordial feelings”). In die tweede stadium ontwikkel die kernself (“core self”) wanneer 'n verwantskap ontstaan tussen die organisme, soos verteenwoordig deur die protoself, en enige gedeelte van die brein wat 'n kennis-objek verteenwoordig en wanneer, as gevolg van hierdie verwantskap, die beelde van die objek hersien word. Die hersiene beelde van die organisme en objek word kortstondig onderling verbind in 'n koherente patroon en die verwantskap tussen die organisme en die objek word beskryf in 'n narratiewe reeks van beelde waarvan sommige ook gevoelens verteenwoordig. Gedurende die derde stadium tree talryke objekte, opgeneem as deurleefde ondervinding of 'n geantisipeerde toekoms, in interaksie met die protoself en produseer 'n

¹² Tensy anders vermeld, is hierdie afdeling gebaseer op inligting uit Damasio (2006, 2010).

oorvloed van kernself artikulasies wat vervolgens kortstondig in 'n grootskaalse koherente patroon – die outobiografiese self – verbind word. Al drie stadia word in verskillende maar gekoördineerde werkspasies in die brein gekonstrueer.

*Die protoself*¹³

The protoself is the stepping-stone required for the construction of the core self. It is *an integrated collection of separate neural patterns that map, moment by moment, the most stable aspects of the organism's physical structure*. The protoself maps are distinctive in that they generate not merely body images but also *felt* body images. These primordial feelings of the body are spontaneously present in the normal awake brain.

The contributors to the protoself include *master interoceptive maps, master organism maps, and maps of the externally directed sensory portals*. From an anatomical standpoint, these maps arise both from the brain stem and from the cortical regions. The basic state of the protoself is an average of its interoceptive component and its sensory portals component. The integration of all these diverse and spatially distributed maps takes place by cross-signalling within the same time window. It does not require a single brain site where the diverse components would be remapped. (Damasio 2010, plek 3144, kursief in die oorspronklike teks.)

Seine ontvang vanaf inwendige reseptore in die liggaam en organe word aangewend om meester interoseptiewe kaarte te konstrueer. Sodanige seine dra voortdurend inligting betreffende die huidige inwendige stand van die organisme, wat strek vanaf optimaal tot gekompromitteer, na die sentrale senuweestelsel oor ten einde behulpsaam te wees met homeostatische lewensprosesse. Interoseptiewe seine dra ook by tot die ontstaan van 'n behoefte na fisiologiese aanpassings, soos byvoorbeeld om 'n dors te les of ongemak te verlig, en die ervaring van plesier of pyn in die verstand.

Groepe van sodanige seine word voortdurend versamel en aangepas in sekere breinstammukleï om primordiale gevoelens op te wek. Die breinstam gelei nie net seine van die liggaam na die serebrale korteks nie, dit speel ook 'n rol in besluitneming deur veranderings waar te neem en op 'n voorafbepaalde maar gereguleerde wyse te reageer. Sodoende dra dit by tot opwekking van primordiale gevoelens wat meer omvattend is as die basiese kaarte of voorstellings van die liggaam.

Primordiale gevoelens gaan alle ander gevoelens vooraf en is uniek aan 'n spesifieke lewende menslike liggaam verbind met 'n eie breinstam. Alle ervarings van emosies en alle gevoelens wat spruit uit die interaksie van objekte met die organisme, is variasies van blywende primordiale gevoelens. Primordiale gevoelens en gepaardgaande variasies van emosies vorm 'n agtergrond vir alle beelde in die verstand.

Die belangrikste komponente van die liggaam kop, romp en ledemate, word verteenwoordig deur meester organismiese kaarte. Fisiese bewegings van hierdie komponente word gekarteer op die meester organismiese kaarte, wat anders as die relatief stabiele interoseptiewe kaarte, drasties verander gedurende die lewensduur van die individu om tred te hou met liggaamsontwikkeling. Alhoewel die meester interoseptiewe kaarte geïnkorporeer word in die meester organismiese kaarte, geskied die proses deur middel van 'n tipe gesinkroniseerde interaksie en vind daar nie 'n direkte oordrag van kaarte plaas nie.

¹³ Tensy anders vermeld, is hierdie afdeling gebaseer op inligting uit Damasio (2006, 2010).

Op soortgelyke wyse word kaarte, vanaf die sensoriese portale in die kop en res van die liggaam waarin die sensoriese organe soos die oë, ore, neus, tong en vel voorkom, ook geïnkorporeer in die algemene meester organismiese kaarte deur middel van koördinasie eerder as deur 'n direkte oordrag van kaarte.

Volgens Damasio (2010, plek 3232) dien kaarte van die sensoriese portale 'n tweeledige doel in die konstruksie van bewuste denke: i) die skepping van 'n standpunt of verwysingspunt, en ii) die produksie van kwalitatiewe aspekte van denke. 'n Individue neem waar: “Ek sien 'n lieflike sonsondergang”, nie “ligpartikels tref die retina” nie, of “ek hoor hemelse musiek”, nie “klankgolwe val op die oordromme” nie. Die sensoriese portale speel 'n deurslaggewende rol by die inneming van 'n verwysingspunt relatief tot objekte buite die individuele denke. Verder word gedurende die produksie van sensoriese portaalkaarte, gepaardgaande emosies en gevoelens wat kwalitatiewe aspekte verteenwoordig, in die denke genereer.

*Die kernself*¹⁴

Reeds vroeg gedurende menslike ontwikkeling ontstaan die behoefte by die individu om 'n “Ek”, 'n hoofkarakter of protagonis, in die denke te skep: “Once a protagonist is available in the midst of other mind contents, and once that protagonist is coherently linked to some of the current mind contents, subjectivity begins to inhere in the process” (Damasio 2010, plek 3319).

Uit die bespreking hierbo blyk dit dat die protoself inligting oor die mees stabiele, inherente aspekte asook primordiale gevoelens van die individuele organisme verteenwoordig. Dit is egter ook duidelik dat die protoself alléén nie voldoende rekenskap kan gee van die ryk, komplekse denkwêreld van die mens nie. Die status van die protoself moet 'n kritieke verandering ondergaan; die profiel van die protoself moet verhoog word om 'n regmatige self, die kernself, te vorm terwyl die protoself steeds op eie terrein toegespits bly.

Wysigings aan die protoself gee aanleiding tot 'n puls (“pulse” – Damasio 2010, plek 561) van die kernself: die kortstondige skepping van die kernself in 'n reeks van gebeure. Eerstens lei die transformasie van die primordiale gevoelens tot 'n “gevoel van kennis van die objek” (“feeling of knowing the object” – Damasio 2010, plek 3343) en sodoende word die objek op daardie oomblik van ander objekte onderskei. Tweedens, as 'n gevolg van die “kennis van die objek”, en die aandag wat aan die spesifieke objek geskenk word, word 'n mate van prominensie daaraan toegeken. Aldus word die kernself geskep deur die skakeling van die gemodifiseerde protoself en die objek wat die modifikasie teweegbring het.

What is being added to the plain mind process and is thus producing a conscious mind in a series of images, namely, an *image* of the organism (provided by the modified protoself proxy); the *image* of an object-related emotional response (that is, a feeling); and an *image* of the momentarily enhanced causative object. *The self comes to mind in the form of images, relentlessly telling a story of such engagements.* The images of the modified protoself and of the feeling of knowing do not even have to be especially intense. They just have to be there in the mind, however subtly, little more than hints, to provide a connection between object and organism. (Damasio 2010, plek 3356, kursief in die oorspronklike teks)

¹⁴ Tensy anders vermeld, is hierdie afdeling gebaseer op inligting uit Damasio (2006, 2010).

'n Individu se outobiografiese self is gebaseer op alle persoonlike herinnerings, vars sowel as ouer: die somtotaal van alle lewenservarings wat toekomsplanne, vaag of meer gedetailleerd, sowel as die nagedagtenis aan sosiale, emosionele en spirituele ervarings. Terwyl die kernself gedurig in 'n mindere of meerdere mate aanwesig is, kan die outobiografiese self die bewuste denke ten volle besig hou of rustend wees totdat dit weer tot aksie oorgaan. Gedurende die rustende stadium is die outobiografiese self nie gereedlik beskikbaar vir bewuste denke nie. Deurleefde ervarings word herroep en gerekonstrueer óf deur bewuste refleksie óf deur nie-bewuste prosessering; hulle word heroorweeg, herorganiseer en gewysig ten opsigte van hul substansie en geaardgaande emosionele waarde. Sommige herinnerings word verwerp, ander hernieu en versterk terwyl ander tot so 'n mate hersien en hersaamgestel word dat hulle geen verband toon met wat werklik gebeur het nie. Dit verklaar hoe herinnerings oor die jare nuwe betekenis kry en die individu se geskiedenis subtiel herskryf word.

In neurologiese terme gebeur die konstruksie en rekonstruksie van die outobiografiese self gedurende nie-bewuste prosessering, maar kan ook gedurende bewuste prosessering of selfs in drome plaasvind (Damasio 2010, plek 3464). Die konvergensie-divergensie strukture¹⁶ van die brein word ingespan om geënkripteerde informasie in die disposisionele ruimtes te transformeer na ontsyferde, eksplisiete weergawes in die strukture waar beelding plaasvind¹⁷ (Damasio 2010, plek 3464). Danksy die rykheid van deurleefde en geantisipeerde ervarings, is dit nie vir die individu nodig om té veel hiervan te herroep ten einde die outobiografiese self te konstrueer nie. Deur te steun op 'n beperkte aantal sleutelepisodes kan dit voldoende wees om slegs enkele, soos benodig, te herroep. Desnieteenstaande, selfs indien daar slegs enkele episodes betrokke is, is die proses waardeur die outobiografiese self gekonstrueer word geweldig kompleks.

Damasio (2010, plek 3474) is van mening dat die brein 'n komplekse strategie ontplooi om die outobiografiese self te konstrueer. Aanvanklik word 'n substansiële aantal definiërende biografiese herinnerings saamgegroepeer sodat elke groep gereedlik as 'n individuele objek hanteer kan word. Elke sodanige objek modifiseer die protoself en produseer 'n puls van die kernself met begeleidende gevoelens oor kennis en die prominensie van die objek. Aangesien daar heelwat objekte in die outobiografie is, benodig die brein koördinerende meganismes om hulle te herroep, na die protoself oor te dra vir die verlangde interaksies, en om die resultate van sodanige interaksies te behou in 'n koherente patroon met skakels tot die bydraende objekte. Sodanige koördinasie bied 'n uitsonderlike uitdaging. Wesenlik is daar by die

¹⁵ Tensy anders vermeld, is hierdie afdeling gebaseer op inligting uit Damasio (2006, 2010).

¹⁶ A convergence-divergence zone (CDZ) is an ensemble of neurons within which many feedforward-feedback loops make contact. A CDZ receives “feedforward” connections from sensory areas located “earlier” in the signal-processing chains, which begin at the entry point of sensory signals in the cerebral cortex. A CDZ sends reciprocal feedback projections to those originating areas. A CDZ also sends “feedforward” projections to regions located in the next connectional level of the chain and receives return projections from them. (Damasio 2010, plek 2488)

¹⁷ In brief, the job I envision for CDZs [convergence-divergence zones] consists of re-creating separate sets of neural activity that were once approximately simultaneous during perception – that is, that coincided during the time window necessary for us to attend to them and be conscious of them. To achieve this, the CDZ would prompt an extremely fast sequence of activations that would make separate neural regions come online in some order, the sequence being imperceptible to consciousness. (Damasio 2010, plek 2507)

konstruksie van komplekse vlakke van die outobiografiese self – byvoorbeeld dié wat substansiële sosiale eienskappe insluit – so baie biografiese objekte ter sprake, dat veelvuldige pulse van die kernself vereis word. Gevolglik vereis sodanige konstruksie ’n neurale sisteem wat daartoe in staat is om oombliklik, vir ’n hele aantal objekte, meervoudige pulse van die kernself te genereer en terselfdertyd die resultate kortstondig saam te behou.

Vanuit ’n neurologiese perspektief, is die koördinasieproses besonder kompleks aangesien beelde, hoofsaaklik gebaseer op materiaal afkomstig uit die disposisionele kortekse, meestal in die werkspasies vir beeldskepping van die serebrale korteks gekonstrueer word om die outobiografiese self saam te stel. Nogtans moet hierdie beelde in interaksie tree met meganismes van die protoself wat meestal op breinstamvlak voorkom, om tot bewussyn deur te dring. Terwyl baie ingewikkelde koördinerende meganismes benodig word om die outobiografiese self te konstrueer, kan die konstruksie van die kernself meestal sonder hulp van sulke meganismes plaasvind.

DIE MENS AS KENNER: ’N KOMPLEKSE SISTEEM

In hierdie afdeling word gepoog om die insigte van Damasio en Cilliers, soos hierbo bespreek, te integreer ten einde ’n blik op die wese van menslike eienskappe en leefwêreld te kry.

Descartes se grondstelling “cogito ergo sum” (“ek dink, daarom bestaan (is) ek”) druis reëlreg in teen Damasio (2010:248) se beskouing, naamlik dat denke voortvloei uit die komplekse wisselwerking van die liggaam, brein en omgewing. Die stelling moet dus eintlik lui: “Ek bestaan (is), daarom dink ek” – “sum ergo cogito”. In Damasio se ontologie, sy ontleding van die syn van die mens, dui hy aan hoe denke, die self en begrip ontwikkel.

Homeostatische kondisies en die ontluiking van lewe

Uit Damasio (2006, 2010) se navorsing blyk dit dat die mens, ’n denkende, selfbewuste, kenniskeppende wese wat ontwikkel het deur middel van ’n langdurige en komplekse evolusieproses, bestaan binne ’n omgewing as ’n geïntegreerde, verweefde netwerk van verbindings tussen etlike miljarde heterogene elemente wat georganiseer in subsysteme en sisteme voortdurend in dinamiese interaksie verkeer.

Volgens Gell-Mann (1994) vind biotiese¹⁸ evolusie egter nie oor die algemeen, soos dikwels deur kenners voorgestel word, teen ’n gelykmatige tempo plaas nie. “Instead, it often exhibits the phenomenon of ‘punctuated equilibrium,’ in which species (and higher groupings of taxa, such as genera, families, and so forth) stay relatively unchanged, at least at the phenotypic level, for long periods of time and then undergo comparatively rapid change over a brief period” (Gell-Mann 1994:238-239). Hy verwys na die werk van Stephen Jay Gould in hierdie verband en voer aan dat faktore soos (sometyds grootskaalse) veranderings in die fisieschemiese omgewing asook geleidelike veranderings in genotipes, aanleiding kan gee tot relatief vinnige ontwikkelings gedurende die evolusieproses. Gould (2004:226-227) beweer ook dat die evolusie van *Homo sapiens* eerder as ’n toevallige en onwaarskynlike geskiedkundige gebeurtenis beskou moet word, as wat dit die hoogtepunt van ’n voorspelbare tendens onder beheer van natuurwette in die domein van natuurlike fenomene, verteenwoordig.

¹⁸ Strauss (2002:169) wys op die verskil tussen die term “bioties” wat verwys na die ontiese status van lewende entiteite, terwyl die term “biologie” verwys na die studie van sulke entiteite.

Gould (2004:201-202, 216-222) verduidelik dat alhoewel reduksionisme as kragtige strategie met groot welslae aangewend is om kennis te verwerf in die geskiedenis van moderne wetenskap, hierdie metode om twee redes logies en empiries faal wanneer komplekse sisteme ondersoek word. Eerstens kan die vlakke van kompleksiteit wat ondervind word by die bestudering van aspekte van evolusionêre biologie asook van kognitiewe en sosiale sisteme nie suksesvol deur middel van reduksie weerspieël word nie. In die fisieschemiese domein kan ingewikkelde elemente, materie en sisteme afgebreek word tot hulle onderskeie samestellende komponente en funksies en dan ontleed word. Deur eksperimentering en kwantifisering kan reëlmatighede en voorspelbare patrone ontdek word wat uiteindelik tot wetenskaplike kennis of selfs “natuurwette” kan lei. Trouens, reduksionisme werk op die beginsel dat ingewikkelde strukture en prosesse afgebreek word tot hulle samestellende komponente, waarna die komponente ontleed word en die ingewikkeldheid verduidelik word in terme van die eienskappe en wette wat die komponente reguleer. Klaarblyklik kan inligting oor die eienskappe van elke aparte komponent en die reëls wat die vorm en funksies daarvan reguleer, nie ’n hoër vlak van kompleksiteit ten volle verklaar nie, aangesien die dele op sodanige hoër vlak kombineer en in dinamiese interaksies verkeer. Reduksie kan net slaag, indien die interaksies volledig begryp en voorspel kan word in terme van die afsonderlike dele; sodanige interaksie staan as “liniêre” of “additiewe” interaksie bekend (Gould 2004:222). In komplekse sisteme, waar die interaksies egter “nie-liniêr” of “nie-additief” is nie, en dus nie begryp kan word in terme van die individuele komponente nie, ontluik nuutgevonde verduidelikende reëls wat ’n reduksionistiese verduideliking per definisie uitsluit (vgl. Gould 2004:222).

Tweedens, beweer Gould (2004:202), speel toevallige gebeurtenisse (soos bv. die verskyning van *Homo sapiens* sowat 200 duisend jaar gelede in Afrika) ook ’n beduidende rol in die ontluiking van komplekse sisteme. Gould voer aan dat alhoewel sodanige toevallige gebeurtenisse per definisie nie op grond van reduksionistiese reëls voorspel kan word nie, speel hulle, in kombinasie met die beginsel van ontluiking, ’n beduidende rol in die begrip van komplekse sisteme.

In meersellige organismes, soos die mens, is selle saamgegroepeer in ’n verskeidenheid hoogs gespesialiseerde sisteme, soos byvoorbeeld die verskillende organe en spiere, ten einde hulle funksies te vervul. Om aan die lewe te bly, te vermeerder en gespesialiseerde funksies te vervul, moet selle geskikte nutriënte na energie omskakel. Die mees essensiële eienskap van enige lewende wese, is die voortdurende instandhouding van ’n chemiese balans om ’n gesonde bestaan te verseker (Damasio 2010, plek 929). Die bestending van hierdie proses is buitengewoon kompleks, aangesien optimaal gebalanseerde kondisies – sogenaamde homeostatiese kondisies – aanhoudend, nie-bewustelik, gehandhaaf moet word. Trouens, homeostatiese regulering van lewensprosesse is so kompleks en geskied so vinnig, dat dit gewoon onmoontlik sal wees om dit bewustelik te vermag. Inligting oor die instandhouding van homeostatiese kondisies en oor die lewensiklus en funksies van selle en organismes, word geneties oorgedra en geberg.

Strauss (2002:169) verwys na Von Bertalanffy – die “vader” van moderne algemene sisteemteorie – se siening dat die homeostatiese kondisies in lewende entiteite, wat oop sisteme verteenwoordig, drasties verskil van ekwilibrium kondisies in geslote fisieschemiese sisteme. In laasgenoemde sisteme kan reaksies gereduseer word tot omkeerbare fisieschemiese prosesse onder beheer van die Tweede Wet van Termodinamika, en verteenwoordig ’n ekwilibrium ’n toestand van maksimum entropie waarin geen werk meer verrig word nie. Hierteenoor verteenwoordig lewende entiteite termodinamiese oop, aanpasbare sisteme waarin werk verrig

word ten einde homeostatische kondisies te handhaaf en die sisteem in stand te hou (soos hierbo aan die hand van Damasio 2010 uiteengesit).

Gould (2004:228-331) verduidelik dat die menslike genoom ongeveer 30 duisend gene insluit, wat net sowat een persent van dié genoom verteenwoordig. Hierteenoor word sowat 120 duisend tot 150 duisend verskillende proteïene as komponente of “boustone” benodig om die komplekse menslike liggaam te konstrueer. Gene skep nie direk proteïene nie; ’n komplekse ketting van gebeurlikhede wat strek vanaf gene tot proteïene is verantwoordelik vir die skepping van laasgenoemde (Gould 2004:228-229). Daar is dus geen direkte liniêre oorsaaklike verbande tussen gene en proteïene nie, en bepaalde proteïene kan ook nie op grond van sodanige oorsaaklike verbande op reduksionistiese wyse teruggespoor word na spesifieke gene nie (Gould 2004:229). Alhoewel sommige inligting oor die instandhouding van homeostatische kondisies en die lewensiklus en funksies van selle en organismes geneties oorgedra en geberg word, is die betrokke interaksies tussen die verskeidenheid komponente so kompleks dat hulle nie na blote fisieschemiese fenomene gereduseer kan word nie. Dus kan geargumenteer word dat die biotiese eienskap van “lewe” deur middel van selforganisasie ontluik in die onderhawige komplekse adaptiewe stelsels.

Ofskoon basiese lewensprosesse op nie-bewuste vlak homeostaties beheer word, beteken dit nie dat die mens gereduseer kan word tot blote fisiese organisme wat ten volle deur elektrochemiese stimuli beheer word nie. Behavioristiese standpunte wat die wese van die mens volledig probeer verklaar in terme van gedrag wat afgerig is met behulp van kondisionering, verteenwoordig ’n poging om die mens te reduseer tot ’n produk van fisieschemiese prosesse.

Die ontluiking van denke, menslike eienskappe en leefwêreld

Alhoewel lewensprosesse in eenvoudige organismes sonder die hulp van neurone plaasvind, benodig meer ingewikkelde organismes met talryke selle, wel neurone vir die regulering van sulke lewensprosesse. In die menslike brein word naasliggende komponente ryklik verbind terwyl ’n beperkte aantal verbindings oor effens langer afstande ook voorkom. Aktiwiteite in verskeie klein lokale neurale netwerke binne die mens se brein word georganiseer en gekoördineer oor groter uitgebreide netwerke, sodat interaktiewe neurale patrone of “kaarte” voortdurend, vlugtig saamgestel word (Damasio 2010, plek 476). Hierdie kaarte “verteengewordig” dinge en gebeure binne die menslike liggaam of brein, of buite in die eksterne omgewing. Hulle kan baie, of minder gedetailleerd wees, na konkrete dinge of abstraksies verwys en word bewustelik as “denkbeelde” ervaar wat nie net op visuele stimuli gebaseer is nie, maar ook op stimuli van ander sintuie, die geheue, gevoelens, en so meer (Damasio 2010, plek 476). Hierdie “kaarte” of “denkbeelde” word nie volledig saamgestel soos ’n rolprent, met bane vir al die sintuie en emosies, en geberg in ’n enkele struktuur (“Cartesiaanse teater”) binne die brein nie (Damasio 2006:94; Damasio 2010, plek 3504).

Ten einde toepaslik op die omgewing te reageer, moet komplekse sisteme inligting oor dié omgewing inwin, dit verwerk en berg vir toekomstige gebruik (Cilliers 1998:11, 58). Volgens Cilliers (1998:11, 58) word komplekse strukture nie onwillekeurig uit ’n ewekansige versameling van elemente saamgestel nie; die elemente moet “betekenis” hê vir die sisteem en moet op die een of ander wyse die informasie wat belangrik is vir eie bestaan “verteengewordig” (“representation”). In die tradisionele filosofie is die teorie van verteenwoordiging in essensie ’n teorie van betekenis: Dit is ’n poging om te verduidelik hoe fenomene in die eksterne of interne omgewing en die konsepte in ’n natuurlike taal (uitgedruk in woorde)

betekenisvol verbind word en hoe sulke betekenis in die strukture van die brein verteenwoordig word (vgl. Cilliers 1998:11, 58). In die analitiese tradisie word daar dus ’n liniêre korrespondensie tussen eksterne oorsake en elemente van die sisteem veronderstel sodat objekte in die omgewing betekenisvol “verteenwoordig” word in die brein.

Cilliers (1998:11) maak dit egter baie duidelik dat betekenis in ’n komplekse sisteem nie toegeken word op grond van direkte liniêre verwantskappe tussen simbole, konsepte en eksterne objekte nie; betekenis ontluik uit die verwantskappe tussen die strukture van die sisteem op sigself. Hy ontken egter nie dat daar kousale verbande tussen die eksterne en die interne omgewing van die sisteem bestaan nie, hy verwerp net die idee dat die struktuur van die sisteem volledig bepaal word deur die omgewing. Volgens Cilliers is betekenis die resultaat van ’n dialektiese proses waarin interne sowel as eksterne elemente betrokke is en waarin die geskiedenis van die sisteem ’n beduidende rol speel. Die elemente van die komplekse sisteem verteenwoordig geen betekenis in hulleself nie, betekenis ontluik slegs uit die verweefde patrone van verwantskappe met menigte ander elemente. Cilliers (1998:11) noem hierdie verskynsel “gedistribueerde verteenwoordiging” en verduidelik dat dit geensins verwys na ’n een-tot-een verwantskap tussen konsepte en strukture in ’n komplekse sisteem nie. In terme van “gedistribueerde verteenwoordiging” kan Damasio se “kaarte” dus nie beskou word as bloudrukke, naslaantabelle, konsepte of betekenis nie en verteenwoordig hulle nie liniêre verbande tussen aspekte van die eksterne en interne omgewing van die komplekse sisteem in die tradisionele sin nie. Gevolglik sou dit misleidend wees om hierdie proses na analogie van die invoer, berging en verwerking van data in elektroniese rekenaarstelsels wat gekoppel is aan verskillende sensors, te probeer verklaar.

Damasio (2010) se beskrywing van die ontluiking van die menslike self¹⁹ word hierbo in detail weergegee. Menslike denke en die self word onophoudelik gekonstrueer en herkonstrueer deur voortdurende interaksies in ’n komplekse netwerk van sisteme wat die hele liggaam met alle reseptore en sintuie en die brein, binne komplekse fisiese en sosiale omgewings, insluit. Impulse wat oorgedra word aan hierdie verweefde netwerk, word kortstondig geprosesseer – verwerk en geberg – en gee aanleiding tot die ontwikkeling van dinamiese interaksiepatrone waaruit strukture van verwantskappe deur selforganisasie ontluik. Selforganisasie is ’n eienskap wat komplekse sisteme in staat stel om spontaan ’n interne struktuur te ontwikkel of verander ten einde by die omgewing aan te pas en/of om dit te manipuleer (Cilliers 1998:90). Die proses geskied op sodanige wyse dat die struktuur nóg ’n passiewe refleksie van die omgewing nóg ’n resultaat van voorafgeprogrammeerde interne faktore is (Cilliers 1998:11, 58). Deur die dinamiese interaksie tussen die omgewing en die mens ontluik ervarings, gevoelens, emosies, beelde, denke, motoriese gedrag en so meer wat die mens in staat stel om ’n bestaan te voer. In terme van Cilliers (1998) se vereistes van komplekse sisteme kan die mens in sy/haar leefwêreld, soos deur Damasio (2006, 2010) gevisualiseer, dus as ’n komplekse, oop sisteem beskou word.

Die mens as buitengewoon komplekse sisteem neem die komplekse omgewing waar en tree daarmee in interaksie – met ander woorde ervaar dit – om te begryp en ’n bestaan te voer. Die essensiële aard (syn) van die mens bepaal die wyse waarop sy/haar leefwêreld ervaar, begryp en skeep (vgl. Damasio 2006:97); om te verstaan, moet die mens ervaring en betekenis deur middel van denke skeep.

¹⁹ Damasio (2010) se driedelige model van die self laat in die sielkunde onwillekeurig die vraag ontstaan: “Wat sal Freud daarvan sê?” Sy driedeling kan ook bevraagteken word. Beide hierdie kwessies sal ter wille van bondigheid nie aangespreek word nie.

Philosophers ask whether a falling tree makes a sound when no one is present to hear it. No one? A tree crashes in the ears of crickets and frogs and snakes and owls and hedgehogs and bats and bobcats. But it crashes differently for each; for the philosophers have a point: *sound* (as opposed to *vibration*) is something that a mind *does*. (Jourdain 1997:xiii – xiv, beklemtoning in oorspronklike teks.)

Denke en die self word voortdurend gekonstrueer en herkonstrueer deur middel van herhalende geïntegreerde interaksies in ’n komplekse netwerk van sisteme, insluitende die menslike liggaam, met alle reseptore, sintuie en die brein, wat weer in komplekse fisiese en sosiale sisteme gevestig is. Maar, ervaring en betekenis kan nie deur middel van verteenwoordiging (dit is die verteenwoordiging van konsepte in die “realiteit” wat korrespondeer met strukture in die brein) vasgestel word nie, want ervaring en betekenis word altyd voorlopig geskep en gebaseer op ’n ondeursigtige konteks wat geïnterpreteer moet word as deel van die proses (Cilliers 2005:259). Met ander woorde, betekenis word nie vasgelê deur middel van ’n eksterne, gewaarborgde proses wat gebaseer is op ’n “korrespondensie met die objektiewe werklikheid” en ontseggelik tot “die waarheid” lei nie.

Om die betekenis van kennis aansprake, objekte en/of gebeurtenisse te begryp, moet die mens hulle, binne die relevante konteks, van ander kennis aansprake, objekte en gebeurtenisse kan onderskei (vgl. Cilliers 2005). Net soos denke gekonstrueer word en ontluik uit geïntegreerde interaksies binne en tussen komplekse sisteme, ontluik die self, persoonlikheid, intelligensie, motivering, angs, liefde en so meer. Damasio (2010, plek 1309; kyk onder “Denke ontluik” hierbo) beweer dat daar gewoonlik “logiese verwantskappe” is tussen beelde in die verstand, veral wanneer hulle korrespondeer met gebeure in die eksterne wêreld, en dat hierdie tipe rasionaliteit van nature aanwesig is in strukture van die brein. Weinig tekens van vertroutheid met formele en veral informele denkfoute is aanwesig in alledaagse kommunikasie (of selfs akademiese kommunikasie), en gevolglik is dit te betwyfel dat hierdie “inherente rasionaliteit” van denke gebaseer is op formele logika. Dit lyk eerder asof denke rasioneel gestruktureer word op grond van ervarings van sekwenšiele gebeurtenisse en natuurlike ontwikkelings.

Denke is nóg ’n substansie nóg ’n neweproduk van neurochemiese prosesse in die brein. Verskeie aspekte van die self ontluik uit verstand soos byvoorbeeld ervarings soos angs, blydskap en liefde, kognitiewe vermoëns soos logiese argumentering en wiskundige bewerkings, taalvaardighede soos lees, skryf en praat en so meer. Alhoewel hierdie aspekte in die hoofstroom sielkunde as attribute of eienskappe van die individu beskou word, kan hulle nie as fisiese eienskappe soos byvoorbeeld geslag, massa of lengte geklassifiseer word nie. Hierdie aspekte is ook nie “materiële substansies” nie en kan ook nie resloos tot fisiese en/of chemiese prosesse gereduseer word nie.

Na langdurige intensiewe navorsing oor hoofstroom sielkunde, dui Michell (2005:287; 2013:13) aan dat hy ’n voorstander van empiriese realisme en gepaardgaande metingsteorie is. In terme van hierdie metingsteorie moet fenomene en hulle attribute oor ’n kwantitatiewe struktuur beskik sodat hulle gemeet kan word en die kousale verwantskappe tussen hulle ondersoek kan word. Volgens Michell is meting ’n proses van kwantifisering deur middel waarvan die ratio tussen eenhede van ’n attribuut wat gemeet word en korresponderende reële getalle bepaal kan word. Sodanige aannames verteenwoordig egter die reïfikasie van die attribute van mense (tot materiële substansie) en ’n poging om kousale verwantskappe tussen sulke attribute tot fisieschemiese prosesse te reduseer. Soos hierbo verduidelik, beweer Michell dat “konstrukte” wat geskep word in die hoofstroom sielkunde nie oor sodanige kwantitatiewe

struktuur beskik nie en gevolglik nie aangewend kan word om wetenskaplike kennis oor die mens in te win nie.

Hierteenoor staan Damasio (2006, 2010) se beskouings, met aanpassings van Cilliers (1998), oor die wesensaard van die mens soos hierbo uiteengesit. Vervolgens sal die wyse waarop wetenskaplike kennis van die mens ingewin kan word, onder die loep geneem word.

WETENSKAPLIKE KENNISAANSPRAKE OOR DIE AARD VAN DIE MENS

Tot dusver is geargumenteer dat die mens as komplekse adaptiewe sisteem in wese ontwikkel het, en daarop ingestel is om sy/haar leefwêreld te begryp – met ander woorde betekenis daaraan te heg – en sodanige kennis te gebruik om ’n bestaan te voer. Daar is ook geargumenteer dat denke gekonstrueer word en ontluik uit geïntegreerde interaksies binne en tussen komplekse sisteme, en dat die self, persoonlikheid, intelligensie, motivering en so meer, dienooreenkomstig gekonstrueer word.

Vanselfsprekend sluit die mens se leefwêreld sy/haar beroepswêreld in. Die gemeenskap wat ’n beroep deel, ontwikkel ’n kultuur, gebruike, vaktaal, etiese beginsels, en dies meer vir die betrokke beroep, en nuwe lede word onderrig en opgelei en leer sodanige vaardighede aan. Op soortgelyke wyse leer voornemende geesteswetenskaplikes – wat natuurlik almal op sigself komplekse adaptiewe sisteme verteenwoordig – die navorsingskultuur, teorie, metodologie en paradigma van hulle vakgebied aan ten einde navorsing te kan doen en betekenisvolle kennisoordele oor die mens se leefwêreld te kan uitspreek (vgl. Kuhn 1970, 2012 se wetenskaplike gemeenskappe).

Soos hierbo verduidelik, het die gemeenskap van wetenskaplikes in hoofstroom sielkunde, die navorsingsfilosofie en gepaardgaande metodologie van die klassieke natuurwetenskappe – soos gebaseer op die regverdigende standpunt – slaafs probeer navolg (vgl. Koch 1970; Michell 2013; Van Lill 1987). Die gevolg van sodanige praktyk blyk egter te wees dat die essensie van menswees nie na behore weerspieël word in bestaande wetenskaplike kennis nie (vgl. Jordaan 1980; Koch 1970, 1981; Prigogine & Stengers 1984; Van Lill 1987).

Voorstanders van die regverdigende standpunt dring daarop aan dat kennisaansprake op vaste gronde gefundeer moet wees om sodoende die “objektiewe werklikheid” – “die waarheid” – te reflekteer. Kritici van hierdie standpunt word van irrasionaliteit, die verwerping van logika en afknouery van die wetenskap (“science bashing”) beskuldig. Hierteenoor argumenteer hierdie kritici dat aannames van kennis wat op vaste gronde gefundeer kan en moet wees en wat die logika die “waarheid van kennisaansprake” kan bevestig, self nie rasioneel regverdig kan word nie en dus nie voldoen aan die regverdigende standpunt se eie kriteria nie. Bowendien kom sodanige aannames ook daarop neer dat die kompleksiteit van die menslike leefwêreld misken word (vgl. Cilliers 1998).

Indien kennis dan nie onteenseglik gefundeer kan word nie en indien die leefwêreld so kompleks is dat dit nie ten volle begryp kan word nie, is dit dan enigsins moontlik om kennis te verwerf, of kan enige stelling as ’n kennisoordeel aanvaar word (die sg. “anything goes” aanname)? ’n Beroep op kompleksiteit kan enersyds dalk op intellektuele luiheid en pretensie dui (Eloff 2016:116). Andersyds kan dit egter dui op intellektuele beskeidenheid en die aanvaarding dat alle kennis voorlopig is en verdere ondersoek en nabetrugting voortdurend benodig word (Cilliers 2005:256; Eloff 2016:116). ’n Aanvaarding van die kompleksiteit van die leefwêreld gaan gepaard met die veronderstelling dat dit menslik onmoontlik is om sodanige wêreld ten volle te begryp (Cilliers 2005:256, 258). Trouens, dit is ook per definisie onlogies om die moontlikheid van volledige kennis te voorveronderstel. Standpunte wat bedag is op

die reikwydte van kennis aansprake en die beperkings wat geld vir sodanige aansprake, tipeer Cilliers (2005:256) as beskeie (“modest”). Hy maak dit eger baie duidelik dat hierdie toegewing geen apologie vir beskeidenheid verteenwoordig nie, maar eerder ’n aanduiding verskaf van die meriete van beskeidenheid wanneer navorsing op komplekse sisteme gedoen word: dit is nie ’n swak, onverdedigbare posisie nie, eerder ’n eties verantwoordbare een.

Ten einde ’n komplekse sisteem ten volle te kan begryp, moet die volle kompleksiteit van die sisteem besef word, en aangesien die sisteem binne ’n komplekse omgewing funksioneer, moet die volle kompleksiteit van die omgewing ook verstaan word (Cilliers 2005). Sodanige volledige begrip is gewoon menslik en logies onmoontlik, en soos hierbo aangedui, word die betrokke komplekse sisteem afgebaken en sekere aspekte uitgesonder vir studie, sodat die kompleksiteit gereduseer en ’n raamwerk vir navorsing daargestel word. Die toegewing dat komplekse sisteme nie ten volle kenbaar is nie, beteken eger nie dat géén kennis daarvan moontlik is nie, of dat die beperkte inligting wat oor sulke sisteme ingesamel word, nie as kennis aanvaar kan word nie.

Verder beteken dit ook nie dat kennis oor komplekse sisteme vaag is omdat geen aansprake op volledige kennis of die “waarheid” gemaak word nie. Volgens Cilliers (2005) is daar geen rede waarom ’n beskeie posisie vaag hoef te wees nie. Vir ’n kennis aanspraak om betekenisvol te wees, dus nie vaag nie, moet dit van ander aansprake onderskei kan word. Betekenisvolheid word nie *a priori* gevestig of toegeken deur ’n proses wat “waarheid” verseker nie, dit is die gevolg van ’n proses van differensiasie: grense van betekenis word op grond van die betrokke situasie gestel (Cilliers 2005:262, 263). Die idee van ’n betekenis horison soos gebruik word in die hermeneutiek, verskaf moontlik die beste beskrywing van wat hier bedoel word (Van Lill 1987).

Die beskuldiging dat kritici van die regverdigende standpunt die logika op sigself verwerp, is vals. Wat verwerp word, is die aanname dat die logika as fondasie van die “waarheid” geregverdig kan word. Logika verwys na die bepaalde formele struktuur van ’n argument en hou dus verband met spesifieke formele verwantskappe tussen stellings en die verwantskappe tussen konsepte wat in sulke stellings gebruik word. Terwyl logika dus nie gebruik kan word om “die waarheid” te bewys nie, kan dit wel aangewend word in argumente (soos deurgaans in die onderhawige betoog gepoog word) en in wetenskapsbeoefening om bepaalde standpunte te ondersteun.

Die navorsing wat Damasio (2006, 2010) rapporteer, verskaf voorbeelde van die bestudering van komplekse sisteme en hoe ’n teoretiese model van sulke sisteme ontwerp kan word. Hierdie navorsing is gebaseer op kliniese gevallestudies, voorbeelde uit die neurologie, neurochemie, neurosielkunde, evolusieteorie, filosofie, genetica, studies van eenvoudige organismes en diere, en so meer om uiteindelik kennis en ’n model van die funksionering van die mens as komplekse sisteem daar te stel.

In sy seminale werk oor die wetenskapsfilosofie identifiseer Thomas Kuhn (kyk Kuhn 1970, 2012) ’n element wat hy “simboliese veralgemenings” noem as essensieel vir die beoefening van wetenskap. Hierdie element verwys na die formele of maklik formaliseerbare komponente van wetenskaplike kennis en word soms in simboolvorm uitgedruk: $f = ma$ (krag = die produk van massa en versnelling – Newton se Tweede Wet van Beweging) of $I = V/R$ (elektriese stroom = ratio tussen elektromagnetiese krag en weerstand – Ohm se Wet) (vgl. Kuhn 2012: plek 3352; Van Lill 1987:70-71). Hierdie tipe simboliese veralgemenings vervul twee essensiële funksies in wetenskapsbeoefening: hulle dien as “natuurwette” en definieer ook die simbole wat in hulle saamgevat is. Volgens Kuhn kan die beoefening van “normale” wetenskap voortgaan met weinig sulke veralgemenings, maar dit blyk dat die doeltreffendheid

van wetenskapsbeoefening toeneem namate die aantal simboliese uitdrukkings vermeerder (vgl. Kuhn 2012: plek 3352; Van Lill 1987:70-71).

In 'n kritiese analise van Kuhn (1970) se publikasie, kom Van Lill (1987:123-124) tot die gevolgtrekking dat alhoewel daar in die sielkunde basiese veralgemenings (bv. oor kondisionering, geheue, leer, kognitiewe dissonansie, ens.) bestaan, die aard van hierdie veralgemenings radikaal verskil van Kuhn se voorbeelde uit die natuurwetenskappe. Terwyl daar in die natuurwetenskaplike voorbeelde duidelik aantoonbare wiskundige verhoudings tussen die onderskeie elemente is, is dit nie die geval in sielkunde nie. Van Lill (1987:124) argumenteer dat studieobjekte van natuurwetenskappe sekere meganistiese reëlmatighede toon wat nie noodwendig die geval is by die geesteswetenskappe nie.

Aangesien studieobjekte van natuurwetenskappe fisieschemies van aard is en gekwantifiseer kan word soos deur Michell vereis, kan kousale verbande tussen elemente en komponente ondersoek word. Kousale verbande in die natuurwetenskappe berus dus op die geskikte fisieschemiese samestelling en aanwesigheid van die oorsaak om die ooreenstemmende uitwerking tot gevolg te hê: Kousale verbande word gebaseer op die geskiktheid (Aristoteles se "efficient cause") en partykeer die samestelling (Aristoteles se "material cause") van die oorsaaklike komponent om op meganisties geregleerde wyse tot 'n spesifieke gevolg te lei.

Soos hierbo aangetoon, is daar 'n spesifieke fisieschemiese onderbou aanwesig vir die bestaan van die mens as komplekse sisteem in sy/haar leefwêreld, maar dit blyk ook baie duidelik dat aspekte soos lewe, denke en die self nie volledig gereduseer kan word tot sodanige fisieschemiese strukture nie. Strauss (2018:321,330) verwys na verskeie outeurs wat die idee van die ontluiking van sodanige aspekte in komplekse sisteme met die uiterste agterdog bejeën: "Wright argues that if mind is totally absent in the non-living universe its appearance will be inexplicable – the emergence of mind from no mind at all is sheer magic". Hierteenoor verklaar Gould (2004:223) "...emergence is not a mystical or unscientific principle, and certainly provides no brief for any kind of assumption or preference that might be called religious (in conventional terms). Emergence is a scientific claim about the physical nature of complex systems".

Deur middel van denke verwerf die mens as komplekse sisteem kennis en voeg sin-skeppende waarde toe tot sy/haar alledaagse bestaanswêreld. Net so observeer en bestudeer die komplekse mens as wetenskaplike in die sielkunde sy/haar medemense in hulle sinskeppende omgang met hulle lewenswêreld en verwerf so wetenskaplike kennis.

SAMEVATTING

Damasio (2006:97) maak dit duidelik dat die manier waarop die mens sy/haar leefwêreld skep en begryp, volledig bepaal word deur die wesensaard van die mens. Die mens kan nie die "absolute werklikheid" ken nie (Damasio 2006:97). Trouens, die "absolute werklikheid" (Kant se "das Ding an sich" of "noumenon") is ook 'n menslike konstruksie ("phenomenon") en berus klaarblyklik op die aanname van 'n fisieschemiese, materialistiese "werklikheid".

Alhoewel die menslike leefwêreld gevestig is op 'n basis van neurochemiese prosesse wat homeostaties beheer word om 'n gesonde voortbestaan te verseker, word die mens as komplekse sisteem nie gereduseer tot sodanige prosesse nie. Denke, wat nie neweprodute van hierdie neurochemiese prosesse (of 'n afsonderlike substansie) is nie, ontluik uit die geïntegreerde wisselwerking van die algehele komplekse sisteem en die mens konstrueer 'n self, en leer taal en kommunikasie, kultuur, kennisverwerwing, sosiale gedrag, en so meer aan.

Deur middel van denke verwerf die mens kennis en voeg sinskeppende waarde toe tot sy/haar alledaagse bestaanswêreld. Die mens as wetenskaplike het die bykomende taak om wetenskaplike kennis te verwerf. Wetenskaplike kennis word deur 'n gemeenskap van wetenskaplikes verwerf en gevalideer (kyk Kuhn 1970). Die wetenskaplike word opgelei en in die navorsingskultuur en paradigma (Kuhn 1970) van die betrokke gemeenskap van wetenskaplikes geskoei om navorsing te doen en betekenisvolle wetenskaplike kennis aansprake te maak.

Daar word aanbeveel dat die gemeenskap van geesteswetenskaplikes kennis neem van meer resente ontologiese en epistemologiese ontwikkelings soos onder andere hierbo gerapporteer en dat 'n daadwerklike poging aangewend word om sodanige ontwikkelings teoreties en prakties in hul wetenskapsbeoefening te verreken.

BIBLIOGRAFIE

- Bartley, W.W. III. 1962. *A Retreat to Commitment*. London:Chatto & Windus.
- Bernstein, R.J. 1983. *Beyond Objectivism and Relativism*. Oxford:Basil Blackwell.
- Botha, W.F. (Hoofred.). 2014. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) (A – Skooi)*. Stellenbosch: Buro van die WAT. Elektroniese WAT 4.00.
- Cilliers, P. 1998. *Complexity and postmodernism: Understanding complex systems*. London: Routledge.
- Cilliers, P. 2005. Complexity, Deconstruction and Relativism. *Theory, Culture & Society*, 22(5):255-267. DOI: 10.1177/0263276405058052.
- Damasio, A. 2006. *Descartes' Error: Emotion, Reason and the Human Brain* (Rev. ed.). London: Vintage Books.
- Damasio, A. 2010. *Self Comes to Mind: Constructing the Conscious Brain* (Ver.1.0). London:William Heinemann. Epub ISBN: 9781446493854.
- Eloff, R. 2016. Kompleksiteit en die begeerte van die filosofie. *LitNet Akademies*, 13(2):114-137.
- Gell-Mann, M. 1994. *The Quark and the Jaguar: Adventures in the Simple and the Complex*. London: Abacus.
- Gould, S.J. 2004. *The Hedgehog, the Fox, and the Magister's Pox: Mending and Minding the Misconceived Gap Between Science and the Humanities*. London: Vintage.
- Jordaan, W. 1980. Psychology: Two views of man. In M Macnamara (ed.), *World views*. Pretoria: JL van Schaik, pp. 135-174.
- Jourdain, R. 1997. *Music, the Brain, and Ecstasy: How Music Captures Our Imagination*. New York: Harper Perennial.
- Kerlinger, F.N. & Lee, H.B. 2000. *Foundations of Behavioral Research* (4th ed.). Fort Worth, TX: Harcourt College Publishers.
- Koch, S. 1970. Psychological science versus the science-humanism antinomy: Imitations of a significant science of man. In DP Schultz (ed.). *The science of psychology: Critical reflections*. New York: Appleton-Century-Crofts, pp. 115-131.
- Koch, S. 1981. The nature and limits of psychological knowledge: Lessons of a century qua "science". *American Psychologist*, 36(3):257-269.
- Kuhn, T.S. 1970. *The Structure of Scientific Revolutions* (2nd ed. enlarged). Chicago: University of Chicago Press.
- Kuhn, T.S. 2012. *The Structure of Scientific Revolutions* (4th ed.). Chicago: University of Chicago Press. Epub ISBN: 0-226-45814-8.
- Law, S. 2007. *Philosophy*. London: Dorling Kindersley.
- Michell, J. 1999. *Measurement in Psychology: Critical History of a Methodological Concept*. Cambridge, UK: Cambridge University Press.
- Michell, J. 2000. Normal science, pathological science and psychometrics. *Theory and Psychology*, 10(5):639-667.
- Michell, J. 2005. The logic of measurement: A realist overview. *Measurement*, 38:285-294.
- Michell, J. 2008. Is psychometrics pathological science? *Measurement*, 6:7-24.

- Michell, J. 2013. Constructs, inferences, and mental measurement. *New Ideas in Psychology*, 31:13-21. DOI: 10.1016/j.newideapsych.2011.02.004.
- Mustafa, H.M.H. & Tourkia, F.B. 2017. On Quantified Analysis and Evaluation for Development Reading Brain Performance Using Neural Networks' Modeling. *Advances in Social Sciences Research Journal*, 4(25):195–212. DOI:10.14738/assrj.425.4001.
- Popper, K.R. 1980. *The Logic of Scientific Discovery*. London: Hutchinson.
- Prigogine, I. & Stengers, I. 1984. A new model of time, a new view of physics. In J Richardson (ed.). *Models of reality: Shaping thought and action*. Mt. Airy, MD: Lomond, pp. 303-315.
- Rosenberg, A. 2012. *Philosophy of Science: A Contemporary Introduction* (3rd ed.). New York: Routledge. Epub ISBN: 978-0-203-80751-4.
- Royce, J.R. 1978. How can we best advance the construction of theory in psychology. *Canadian Psychological Review*, 19(4):259-276.
- Scruton, R. 2004. *Modern Philosophy: A Contemporary Introduction* (3rd. ed.). London: Pimlico.
- Strauss, D.F.M. 2002. The scope and limitations of Von Bertalanffy's systems theory. *South African Journal of Philosophy*, 21(3):163-179. DOI: 10.4314/sajpem.v21i3.31343.
- Strauss, D. 2018. The impasse of encompassing modern biological theories. *International Journal of Sciences and Research*, 74(3/1):320-333. DOI: 10.21506/j.ponte.2018.3.24.
- Van Lill, J.B. 1987. 'n Kritiese Analise van die Wetenskapsfilosofie van die Sielkunde. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
- Van Lill, J.B. 2012. Psychometrics: Signs of Pathology, Anxiety or a Mis-diagnosis? *Journal of Social Science*, 30(3):205-210.
- Weimer, W.B. 1979. *Notes on the Methodology of Scientific Research*. Hillsdale, NJ: Lawrence Erlbaum.

Inheemse kennis as beskermbare kulturele identiteitsbate: Kanttekeninge by die beoogde beskerming van inheemse kennis in Suid-Afrika¹

Indigenous knowledge as a protectable cultural heritage asset: Notes on the proposed protection of indigenous knowledge in South Africa

ANDRIES RAATH

Departemente Geskiedenis, Filosofie en Publiekreg
Universiteit van die Vrystaat
E-pos: RaathA@ufs.ac.za



Andries Raath



Pieter Brits

PIETER BRITS

Departement Handelsreg
Universiteit van die Vrystaat
E-pos: BritsPS@ufs.ac.za

ANDRIES RAATH is 'n navorsingsgenoot in die Departemente Geskiedenis, Filosofie en Publiekreg aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy begin sy akademiese loopbaan in 1980 as senior lektor in regsfilosofie aan die Universiteit van Bophuthatswana. Vanaf 1984 is hy verbonde aan die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aan die Universiteit van die Vrystaat. Vanaf 2004 tot 2012 was hy senior professor in dié departement. Die fokusareas van sy navorsing sluit in kontemporêre politieke strominge met besondere verwysing na kommuniteêre regs- en staatsteorieë sowel as Suid-Afrikaanse godsdiensgeskiedenis.

ANDRIES RAATH is a research fellow in the Departments of History, Philosophy and Public Law at the University of the Free State. He started his academic career in 1980 as senior lecturer in philosophy of law at the University of Bophuthatswana. Since 1984 he is attached to the Department of Constitutional Law and Philosophy of Law at the University of the Free State; and from 2004 to 2012 he was senior professor in the same department. The focal areas of his research include contemporary political approaches with particular reference to communitarian legal and state theories as well as South African religious history.

PIETER BRITS is 'n senior lektor in die Departement Handelsreg aan die Fakulteit Regsgeleerdheid van die Universiteit van die Vrystaat. Hy het as prokureur in Intellektuele Goederereg gepraktiseer en as belastingkonsultant opgetree voor hy die akademie in 2007 betree. Sy navorsingsfokus behels die beskerming van tradisionele kennis in die veld van Intellektuele Goedereereg asook verskeie aspekte van Belastingreg.

PIETER BRITS is a senior lecturer in the Department of Mercantile Law at the Faculty of Law at the University of the Free State. He practised as Intellectual Property Law attorney and acted as tax consultant before entering academia in 2007. His research focus encompasses the protection of traditional knowledge in the field of Intellectual Property Law as well as various aspects of Tax Law.

¹ Die bronne waarop hierdie artikel berus is bygewerk tot 2018.

ABSTRACT***Indigenous knowledge as a protectable cultural heritage asset: Notes on the proposed protection of indigenous knowledge in South Africa***

The protection of indigenous knowledge has received considerable attention in the recent past. The intention of this scrutiny has been to promote the rights of vulnerable indigenous communities by amending existing legislation to regulate the intellectual property embodied in their cultural assets. The manner in which this has been done raises interesting and important questions insofar as a paradigm shift towards cultural relativism can be discerned. Not only can aspects of this change be detected in the policies of international bodies concerned with the regulation of intellectual property, but the growing influence of this point of view is also evident in the South African legislative framework as reflected in recent amendments and proposed amendments to intellectual property legislation on indigenous knowledge.

Since the second half of the twentieth century, the rejection of race as a legitimate legal criterion for distinguishing between people has facilitated the vogue for multiculturalism and the international emphasis on cultural identity. In this respect, the structural anthropology of Claude Lévi-Strauss (1908–2009) has become an influential source of ideas and it has produced a theoretical justification for cultural relativism – an approach accepted and promoted by Unesco since 1952. Lévi-Strauss voiced the idea that the whole of man’s existence is permeated with and determined by culture. Other philosophers entered the debate, including Will Kymlicka, Charles Taylor, Martha Nussbaum and Jürgen Habermas. Their main discourse topics centred on the recognition of group rights for protecting cultural identity and the implications of such protective measures. This approach was eventually adopted by various post-independent African states.

The original purpose of this line of thought was to protect the authentic holders of cultural rights by focusing on their indigenous status. African states, however, expanded this protection beyond the first original indigenous communities to include all African peoples. As a result, some groups, such as the San, are still marginalised in countries such as Botswana, and it seems as though the South African legislator is treading a similar path. The status of indigenous knowledge forms the basis for affording rights in intellectual property to indigenous communities. In 1996, Hennie Strydom called attention to the serious implications of the increasing support for the philosophy of cultural identity, especially the growing acceptance of cultural relativism. The South African National Heritage Law, which came into being in 1999, clearly shows how closely cultural heritage is aligned with cultural identity and indigenous knowledge. The South African Department of Science and Technology’s 2004 policy document followed this approach by emphasising indigenous knowledge as a cultural heritage asset. This policy emanated from the notion that the ownership of intellectual property resides with traditional communities, and it affirmed the contention that African cultural values, which stand juxtaposed against globalisation, provide an imperative for promoting an African identity. Since this frame of reference limits the rights of individuals as authors, designers and appliers of indigenous knowledge, South African scholars have voiced concerns about the material aspects of the policy. Criticism was raised against the implication that the protection of indigenous knowledge can only be accomplished on the basis of cultural relativism. Lesley Green, for example, expressed fear that a “new medievalism” could be cultivated. Against this backdrop, the paradox of equating traditional value frames of knowledge with a rights-based discourse and the possibility that indigenous knowledge was as subject to power plays as other branches of science and history were highlighted. In spite of these concerns, the process of promulgating legislation on indigenous knowledge has progressed to the point

where the second Bill on the Protection, Promotion, Development and Management of Indigenous Knowledge was published in 2016. For the purposes of the bill, “indigenous knowledge” means knowledge that has been developed within an indigenous community and has been assimilated into the cultural and social identity of that community.

In this article, the authors focus on the implications of the protection of indigenous knowledge as cultural heritage assets by considering cultural identity and commenting on the dangers of cultural relativism encapsulated in the proposed legislative protection.

KEY WORDS: Claude Lévi-Strauss, cultural identity, cultural relativism, indigenous knowledge, multiculturalism

TREFWOORDE: Claude Lévi-Strauss, inheemse kennis, kulturele identiteit, kulturele relativisme, multikulturalisme

OPSOMMING

Die Franse skrywer en strukturalistiese antropoloog Claude Lévi-Strauss (1908–2009) se standpunte oor kulturele identiteit en multikulturalisme word sedert die tweede helfte van die twintigste eeu deur Unesco bevorder. Die belang van kulturele identiteit en die implikasies van die beskerming daarvan is ook reeds deur vooraanstaande filosowe soos Will Kymlicka, Charles Taylor, Martha Nussbaum en Jürgen Habermas ondersoek.

Die beklemtoning van kulturele identiteit het in die post-onafhanklikheids-era vir Afrika-state belangrik geword. Die begrip *inheemsheid* is aangegryp om die oorspronklike houters van en aanspraakmakers op kulturele regte te identifiseer, en om kwesbare, gemarginaliseerde en geviktimiseerde kultuurgroepe op grond van hul inheemse status te beskerm. By gebrek aan ’n aanvaarbare definisie van inheemsheid het die praktyk ontwikkel om inheemse status uit te brei na alle inwoners van Afrika, met die gevolg dat oorspronklik gemarginaliseerde groepe, soos die San, steeds aan voortgesette marginalisering onderworpe is. Suid-Afrikaanse beleidmakers en die wetgewende gesag het die toekenning van inheemse status, veral op die terrein van die intellektuele goederereg, benut om die regte op inheemse kennis aan inheemse gemeenskappe toe te ken, soortgelyk aan die wyse waarop kulturele identiteit in lande soos Botswana beskerm word. Volgens die 2004-beleidsdokument oor inheemse kennis word die eiendomsreg op inheemse kennis as kulturele erfenisbates aan inheemse gemeenskappe verleen. Gevolglik word individue wat as outeurs, ontwerpers en toepassers van sodanige inheemse kennis gebruikmaak se regte ingekort. In hierdie artikel word die implikasies van die beskerming van inheemse kennis as kulturele erfenisbates ondersoek en die beskerming van sodanige kennis op grond van kulturele identiteit bespreek. Daar word ook op die gevare van kulturele relativisme, wat in die beoogde beskerming opgesluit lê, kommentaar gelewer.

1. INLEIDING

Die verwerping van ras as juridiese onderskeidingskriterium het in die loop van die twintigste eeu, multikulturalisme en kulturele identiteit as relevante kriteria ter beskerming van gemarginaliseerde en geviktimiseerde groepe na vore gebring (Cook & Sarkin 2009:93). Die Franse antropoloog en etnoloog Claude Lévi-Strauss (1908–2009), grondlegger van die strukturalistiese antropologie, was instrumenteel by Unesco se werksaamhede om kriteria van ras met dié van kulturele diversiteit te vervang. Lévi-Strauss se invloed blyk onder andere uit artikel 1 en 6 van Unesco se Verklaring van Internasionale Samewerking (*Declaration of the Principles of International Co-operation*) (Unesco 1966). Dié bepaling maak gewag van die

respek vir en waarde van elke kultuur, die beskerming daarvan en internasionale samewerking ter bevordering en verryking van alle kulture met agting vir die unieke aard van elk (Strydom 1996a:11). Dié standpunt was gebaseer op Lévi-Strauss se werk *Race and History*. In dié werk kom Lévi-Strauss tot die gevolgtrekking dat:

(w)e can see the diversity of human cultures behind us, around us, and before us. The only demand that we can justly make (entailing corresponding duties for every individual) is that all forms this diversity may take may be so many contributions to the fullness of all the others. (Lévi-Strauss 1952:49)

Unesco se Finale Verslag oor die Wêreldkonferensie oor Kultuurbeleide (*Final Report on the World Conference on Cultural Policies*) van 1982 borduur voort op dié grondslag: kultuur deurdrenk die hele menslike bestaan, kulturele identiteit is die grondslag van kulturele bestaan en een van die grootste uitdagings is die bevordering van die identiteit en kultuur van etniese groepe (Strydom 1996a:11).

Die teoretiese uitdagings wat die toenemende klem op kulturele identiteit en verrekening van kultuurverskille in politieke sisteme tot gevolg had, het filosofe van die statuur van Will Kymlicka, Charles Taylor, Martha Nussbaum en Jürgen Habermas by die debat betrek. Dié diskoers wentel hoofsaaklik rondom die erkenning van groepsregte ter beskerming van kulturele identiteit en vrae wat met staatlke behoud en beskerming van kulturele identiteit verband hou.

Die komplekse profiel van multikulturele belange, kultuuridentiteit en die moontlike finansiële voordele verbonde aan benutting van kulturele erfenis deur gemarginaliseerde kultuur- en ander groepe, het veral in Afrika op die terrein van tradisionele kennis en die beskerming daarvan deur middel van intellektuele goedereregte na vore getree. Voorts het die begrip “inheemse kennis” toenemende aandag as moontlike beskermbare uitdrukking van kulturele identiteit ontvang. Politieke beleide, wysigingswetgewing en wetsontwerpe wat deur die Suid-Afrikaanse Departement Handel en Nywerheid geïnisieer is, poog onder andere om inheemse kennis oor die boeg van kulturele identiteitshandhawing te beskerm. In hierdie artikel word vervolgens kortliks op dié benadering tot kulturele identiteitsbeskerming in Afrika gefokus, kennis van ontwikkelinge in dié verband geneem en die rol wat inheemse kennis as kulturele identiteitsbates in die Suid-Afrikaanse politieke en regs kontekste speel, beoordeel.

2. KULTURELE ERFENIS, INHEEMSHEID EN KULTURELE IDENTITEIT – DIE SUID-AFRIKAANSE BENADERING

Die Suid-Afrikaanse wetgewer het die kulturele erfenisterrein in die algemeen en die beskerming van inheemse kennis spesifiek as steunpunte ter beslaggewing aan multikulturaliteit en kulturele identiteit geïdentifiseer. Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne 25 van 1999 het in 1999 die term “inheemse kennis” deel van die Suid-Afrikaanse regsomgewing gemaak. Ingevolge artikel 2 vorm inheemse kennisstelsels deel van “lewendende erfenis”, insluitende onder meer kulturele tradisie, mondelinge geskiedenis, rituele, populêre geheue, vaardighede en tegnieke, sowel as die holistiese benadering tot die natuur, die samelewing en maatskaplike verhoudings (artikel 2(xxi)). Ingevolge artikel 3(2)(b) vorm dit ook deel van die nasionale besit, wat insluit plekke en voorwerpe waaraan mondelinge tradisie geheg is of wat met lewendende erfenis geassosieer word.

Die komplekse konfigurasie van multikulturaliteit, kulturele identiteit en inheemse kennis het nie by die Suid-Afrikaanse beleidmakers verbygegaan nie. In die beleidsdokument *Indigenous Knowledge Systems* van die Departement Wetenskap en Tegnologie (2004:5), word kennis

daarvan geneem dat “(d)espite the clear association with heritage and cultural tradition, indigenous knowledge is very much at the cutting edge” en “the problem of how to define the ownership of intellectual property by a traditional community rather than by an individual or a company has exercised the finest legal minds and challenges the boldest policy makers”. Die beginsels wat die beleidsoriëntasie van die owerhede bepaal, stel die onderskeie inheemse gemeenskappe in ’n spanningsverhouding tot die sogenaamde “internasionale kennisstelsel” wat deur universiteite, regeringsnavorsingsinstansies en private industrieë geskep word en as die “Westerse kennisstelsel” getipeer word; inheemse kennis gee aan die Afrika-denkwys beslag (RSA 2004:10); en dit bevestig Afrika-kultuurwaardes teenoor globalisering – belangrike oorwegings ten einde ’n “positiewe Afrika-identiteit” te bevorder (RSA 2004:11).

Met die Wysigingswet op Patente 20 van 2005 is die eerste stap geneem om bepalings oor inheemse kennis in wetgewing in te sluit wat onder andere openbaarmakingspligte by die gebruik van inheemse kennis voeg en definisies van genetiese bronne en inheemse biologiese bronne insluit (artikel 2). In die beleidstuk *The protection of indigenous knowledge through the intellectual property system*² ter bevordering en beskerming van tradisionele kennis asook die regulering van biologiese hulpbronne en die beskerming van tradisionele kennis, neem die Suid-Afrikaanse Departement van Handel en Nywerheid in 2008 die beoogde wetgewing ’n stap verder. Ná aanvaarding van die beleidstuk deur die Kabinet, het dit in 2013 beslag gekry in die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg 28 van 2013, wat die beginsels van die beleidsraamwerk ingesluit het. Volgens die beleidsraamwerk is die doel van die aanvanklike Wetsontwerp en die daaropvolgende Wysigingswet om inheemse kennis en die houers van sodanige kennis teen uitbuiting te beskerm; en om te verseker dat gemeenskappe billike en volhoubare erkenning geniet en, waar toepaslik, finansiële kompensasië vir die gebruik van sodanige kennis ontvang. Die instrument ter bereiking van dié doelwit, word as die intellektuele goederereg aangedui. Die Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg, wat nog nie in werking getree het nie, brei die beskerming van inheemse kennis uit deur uitinge daarvan by bestaande kategorieë intellektuele goedere in te sluit. Op dié manier word bestaande intellektuele goedereregwetgewing aangewend om inheemse kennis as inheemse kultuuruiting te beskerm en te reguleer. Die wette wat deur die voorgenome wysigings geraak word is die Wet op Beskerming van Voordraers 11 van 1967³ (artikel 1-2); die Wet op Outeursreg 98 van 1978⁴ (artikel 1-6); die Wet op Modelle 195 van 1993⁵ (artikel 12-14) en die Wet op Handelsmerke 194 van 1993⁶ (artikel 7-11). Verskeie nuwe vorme van intellektuele goedere is bygevoeg: sogenaamde inheemse intellektuele goedere in die vorm van inheemse voordragte, inheemse outeursregwerke, inheemse modelle en inheemse handelsmerke. Voorts is bykomende afgeleide vorme van intellektuele goedere, synde vorme van intellektuele goedere afgelei van die oorspronklike inheemse vorme, in die Wysigingswet bygevoeg (artikel 3(e)). Inheemse terme of uitdrukkings word omskryf as insluitend van inheemse kulturele uitdrukkings of kennis (artikel 3(f)). Die Wysigingswet maak ook voorsiening vir die kommersialisering en lisensiering van inheemse kennis en kulturele uitdrukkings (artikel 3(c)), met die oog op die bemerking daarvan, in ’n poging om inkomste aan inheemse gemeenskappe te verskaf.

Sedert promulgering van die Wysigingswet, het die beskerming van inheemse kennis as ’n *sui generis*-kategorie van intellektuele goedere in minstens drie wetsontwerpe aandag geniet:

² Gepubliseer in Regeringskennisgewing 552 in SK 31026 (5 Mei 2008).

³ Die wet is op 10 Februarie 1967 goedgekeur en het op 30 Desember 1967 in werking getree.

⁴ Die wet is op 20 Junie 1978 goedgekeur en het op 1 Januarie 1979 in werking getree.

⁵ Die wet is op 22 Desember 1993 goedgekeur en het op 1 Mei 1995 in werking getree.

⁶ Die wet is op 22 Desember 1993 goedgekeur en het op 1 Mei 1995 in werking getree.

die Wetsontwerp op die Beskerming, Bevordering, Ontwikkeling en Bestuur van Inheemse Kennisstelsels (2014);⁷ die gewysigde Wetsontwerp op die Beskerming, Bevordering, Ontwikkeling en Bestuur van Inheemse Kennisstelsels (2015)⁸ en die Wetsontwerp op die Beskerming, Bevordering, Ontwikkeling en Bestuur van Inheemse Kennis (2016).⁹ Die genoemde wetsontwerpe maak gewag van “inheemse kennis” as kennis wat binne ’n inheemse gemeenskap ontwikkel is, welke kennis in die kulturele of sosiale identiteit van sodanige gemeenskap opgeneem is. Dit sluit in: (a) kennis van funksionele aard; (b) kennis van natuurlike hulpbronne; en (c) inheemse kultuuruitdrukkings (artikel 1 tweede wetsontwerp (2016)). Die begrippe “kulturele- en sosiale identiteit” word beskryf as die spesifieke of onderskeidende identiteit of eienskappe (“characteristics”) van ’n bepaalde groep of kultuur of van ’n individu vir sover sodanige individu deur sy/haar verwantskap/herkoms/afstamming/kulturele affiliasie met ’n bepaalde groep beïnvloed is (artikel 1 tweede wetsontwerp (2016)).

In hierdie artikel word vervolgens aandag geskenk aan drie aspekte van die beskerming van inheemse kennisregte oor die boeg van kulturele identiteitsbates: Wat is die agtergrond van en motivering vir die beoogde beskerming van inheemse kennis as intellektuele goedere (hetsy *sui generis* of intellektueel goedereregterelik)? Hoe kan die beoogde inheemse kennis-houers bepaal word? Kan dié beoogde wysigings tot die Suid-Afrikaanse intellektuele goederereg sinvol binne die bestaande intellektuele goederegsbedeling in Suid-Afrika geakkommodeer word?

3. KULTUUR, KULTURELE IDENTITEIT EN MINDERHEIDSREGTE-BESKERMING

3.1 Kultuur en kulturele identiteitsbeskerming

Die post-Tweede Wêreldoorlogse diskreditering van ras as identiteitsaanduider, die groeiende internasionale begaandheid oor die lot van gemarginaliseerde etniese groepe en die antropologiese strukturalisme van Lévi-Strauss en andere het in die vyftiger- en sestigerjare van die vorige eeu in verskeie internasionale regstekste neerslag gevind. Die leidinggewende begrippe wat in dié verband uitgekristalliseer het, was dié van “kultuur” en “kulturele identiteit”. Beide terme het toenemend in die verrigtinge van Unesco gefigureer en in amptelike verklarings van dié liggaam beslag gekry. Die Verklaring van die Beginsels van Internasionale Kulturele Samewerking van 1966 gee reeds eksplisiete blyke van Unesco se amptelike standpunt in dié verband: elke kultuur beskik oor ’n unieke waardigheid en waarde wat gerespekteer en bewaar moet word, kultuurverryking moet bevorder word en die onderskeidende aard van elke kultuur moet gerespekteer word (Unesco 1966: artikel 1 en 6). Sedert Unesco se finale verslag oor die Internasionale Konferensie oor Kultuurbeleide (Unesco 1982), het beide begrippe huis-houdelike terme in Unesco-verrigtinge geword. Veral die polities- en ekonomies gemarginaliseerde gemeenskappe is as aanspraakmakers op kultuuridentiteit uitgesonder.

⁷ Gepubliseer in Regeringskennisgewing 243 in SK38574 (20 Maart 2015) as die *Protection, Promotion, Development and Management of Indigenous Knowledge Systems Bill*, 2014.

⁸ Gepubliseer in Regeringskennisgewing 199 in SK39910 (8 April 2016) as die *Protection, Promotion, Development and Management of Indigenous Knowledge Systems Bill*, 2015. Hierna aangedui as eerste wetsontwerp (2016).

⁹ Die Engelse titel lui: *Protection, Promotion, Development and Management of Indigenous Knowledge Bill* [B 6B-2016] van 14 November 2017. Hierna aangedui as tweede wetsontwerp (2016).

Dit was veral inheemse gemeenskappe en die kultuurlewe wat dit vergesel wat daarin beslag kry, wat die afgelope twee dekades die aandag van die Verenigde Nasies (VN) geniet. Die Verklaring van die VN oor die Regte van Inheemse Volkere (*Declaration on the Rights of Indigenous Peoples*) (UN 2007) is voorafgegaan deur Algemene Aanbeveling 23 van die Komitee oor die Uitskakeling van Rassediskriminasie (*Committee on the Elimination of Racial Discrimination*) (CERD) (CERD 1997). Ingevolge artikel 4(a) van Algemene Aanbeveling (*General Recommendation*) 23 van CERD, word onder andere 'n beroep op staatspartye gedoen om die aanduibare inheemse kulture, geskiedenis en lewenswyses te erken en te respekteer. Dié twee bronne vorm saam met die Internasionale Handves oor Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte (*International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights*) en die Internasionale Arbeidsorganisasie (*International Labour Organisation*) (ILO) se Resolusie 169¹⁰ oor inheemse volkere instrumente wat beskerming aan fasette van inheemse kulture bevorder (ILO 1989). Die status van internasionale inheemse regte het 13 September 2007 by aanvaarding van die Verklaring oor die Regte van Inheemse Volkere (UN 2007) van die Internasionale Werkgroep van Inheemse Aangeleenthede (*International Work Group for Indigenous Affairs*) (IWGIA) stimulus ontvang en dit is op 29 Junie 2006 deur die VN se Raad op Menseregte (*Human Rights Council*) (HRC) aanvaar (UNPFII 2007).¹¹

Die aanvaarding van die Verklaring is deur die Afrika-groep (“African Group”) op drie gronde verlaag: eerstens, dat gebrek aan konsensus bestaan wat die inhoud van die Verklaring verswak (African Group 2006); tweedens, dat dit geen omskrywing van inheemse persone bevat nie (African Group 2006), en derdens, dat die begrip selfbeskikking problematies is (African Group 2006). Die Vergadering van Staatshoofde en Regerings (*Assembly of Heads of State and Government*) (AHSG) van die Afrika Unie (AU) besluit in Januarie 2007 te Addis Abeba tot uitstel van aanvaarding van die Verklaring ten einde die sleutelkwessies daarin beliggaam, te ondersoek, insluitend die definisie van inheemse volkere, die begrip selfbeskikking, die kwessie van grondbesit, die benutting van hulpbronne, die vestiging van ekonomiese en politieke instellings, asook die probleem van nasionale en territoriale integriteit. In antwoord op dié versoek het 'n groep Afrika-kundiges soos volg reageer:

Africa has developed its own understanding of the concept of ‘indigenous peoples or communities’, whose history and demands are different from those of similar communities in other countries such as Australia, Canada or the U.S.A. The African Group failed to make this distinction and therefore expressed unfounded concerns that the Declaration would, on the African Continent, exacerbate inter-ethnic tensions, question territorial integrity, compromise states’ control over natural resources and conflict with national legislations. (African Group 2007)

Op dié standpunt reageer die Afrika Kommissie oor Mense- en Volksregte (*African Commission on Human and Peoples’ Rights*) (ACHPR) dat:

...a definition is not necessary or useful as there is no universally agreed definition of the term and no single definition can capture the characteristics of indigenous populations. Rather, it is much more relevant and constructive to try to bring out the main characteristics allowing the identification of the indigenous populations and communities in Africa. (ACHPR 2007)

¹⁰ Indigenous and Tribal Peoples Convention, 1989.

¹¹ United Nations Permanent Forum on Indigenous Issues (UNPFII).

Die ACHPR het daartoe ingestem dat geen algemene definisie-omskrywing nodig, wenslik of haalbaar is nie; dat 'n enkele omvattende definisie binne die Afrika-konteks uitermate kompleks – waarskynlik onmoontlik – is en reeds bestaande state en beskerming van inheemse groepe mag ondermyn. Die redes vir die huiwering van Afrikalande ter ondersteuning van die Verklaring, lê veral in artikel 4 en 26 daarvan opgesluit. Artikel 4 verklaar dat inheemse volkere, by uitoefening van hul reg op selfbeskikking oor outonomie of selfregering beskik in aangeleenthede wat hul interne en plaaslike aangeleenthede raak, sowel as die wyses en middele ter finansiering van hul outonome funksies (UN 2007). Artikel 26 maak voorsiening vir regte op grond, gebiede en hulpbronne waarvoor sodanige volkere tradisioneel beskik, geokkupeer of andersins gebruik of verkry het (UN 2007). Voorts word state versoek om regserkenning en beskerming te verleen aan sodanige grond, gebiede en hulpbronne met inagneming van die gebruike, tradisies en grondbesitstelsels van die betrokke inheemse volk(e) (UN 2007). Die aandrang van kampvegters vir en pleidooie dat selfbeskikking as beginsel van die internasionale gebruiksreg (en selfs *jus cogens*) slegs binne regsbeskermdede territoriale domeine uitgeoefen kan word, het state waarvan die jurisdiksionele grense inheemse volkere insluit, met groeiende kommer vervul. Vir Afrika-state, soos Botswana, het die gebrek aan 'n omlýnde regsbeskrywing van “inheems” die uitvlugroete gelaat om die hele Afrika-bevolking van die land as inheems te beskou. Die groeiende begaandheid van akademici oor die implikasies wat dit vir inheemse minderheidsgroepe – veral in Afrika-jurisdiksies – inhou, is deur vooraanstaande skrywers soos Amelia Cook en Jeremy Sarkin (Sarkin 2009), Karin Lehman (Lehman 2006-2007), James Anaya (Anaya 2000) en Robert Hitchcock (Hitchcock 1994) uitgewys.

Die vraag na 'n moontlike regsdefinisie van die term het tot dusver uiteenlopende omskrywings opgelewer. Hitchcock toon aan dat benewens die element van oorspronklike afstamming, geen enkele algemeen aanvaarde definisie van “inheemse volkere” bestaan nie (Hitchcock 1994:2). Victor Conde argumenteer dat die deursnee gebruik van die term verwys na 'n groep persone wat deur 'n gemeenskaplike kultuur, tradisie, etniese agtergrond en gemeenskaplike solidariteitsbewussyn in 'n onderskeibare politieke georganiseerde groep beslag kry (Conde 1999:107). Groepe wat tot dié kategorie behoort, sou insluit die Maasai in Kenia, die Nuba in Soedan, die Pigmeë van Sentraal-Afrika, die Papua-stamme in Indonesië, die Aborigines van Australië, die Awa van Brasilië, die Inuit van Kanada en die San van die Kalahari (Survival International 2018). Volgens Anaya dui die begrip “inheems” op die lewende afstammeling van pre-besettingsinwoners van lande wat tans deur sodanige besetters bewoon word. Dié pre-besettingsinwoners bevind hulself dan oorspoel van setlaar-gemeenskappe as imperiale en veroweringsgemeenskappe (Anaya 2004).

Die standpunt dat “inheems” op pre-koloniale entiteite dui, het wye ondersteuning geniet. Cobo definieer byvoorbeeld inheemse gemeenskappe, as volkere en nasies wat ten spyte van kolonisasie of besettings van hul tradisionele gebiede deur dominante gemeenskappe hulself onderskei van ander sosiale entiteite in bestaande gebiede of dele daarvan, wat nie dominante dele van die samelewing vorm nie en vasbeslote is om hul voorvaderlike gebiede te bewaar, ontwikkel en aan toekomstige geslagte oor te dra as basis van hul blywende voortbestaan as volkere in ooreenstemming met hul eie kultuurpatrone, sosiale instellings en regstelsels (Cook & Sarkin 2009:106). Aan die hand van heersende politieke tendense, regsontwikkelings en VN-resolusies identifiseer Cook en Sarkin vier sleutelfaktore wat die betekenis van “inheems” bepaal: oorspronklike vestiging; marginalisering; kultuurverskille en selfidentifikasie (Cook & Sarkin 2009:106).

Dit is voorts betekenisvol dat die verbintenis met voorvaderlike territoriale domeine toenemende klem as aanduiding van “inheemsheid” word (IPACC 2018b). Uitsprake van Alfonso Martinez, Spesiale Rapporteur van die VN-werkgroep oor Inheemse Bevolkings, te dien

effek dat “all Africans are ‘autochthonous’” (UN Special Rapporteur 1999:91) het egter grootliks daartoe bygedra dat die oorspronklike begaandheid van die internasionale wêreld oor die lot van inheemse groepe gefnuik is en dit ’n deur geopen het vir heersersgroepe om hul beheer oor inheemse volkere te behou en om self in die voordele wat inheemsheid meebring, te deel. In effek impliseer Martinez dat Afrika-mense ontstaan waar hulle aangetref word, dat Afrika-bevolkings inheems tot hul vestigingsgebiede is en dat geen enkele Afrika-bevolkingsgroep oor spesiale inheemse regte behoort te beskik nie – ’n standpunt wat die sogenaamde “Afro-Asiatiese problematiek” verwoord.¹²

Martinez se standpunt is veelal as ’n oorvereenvoudigde benadering uitgewys. Dit verreken byvoorbeeld nie die verskynsel van sogenaamde “Vierde Wêreldse Volkere” nie uit hoofde waarvan dekoloniserings van Afrika-staatsvolkere tot nuwe heersersgroepe en gemarginaliseerde gemeenskappe – wat as minderheidsgroepe aan die nasionale hegemones heersersgroep onderwerp is – gelei het. Nuwe onafhanklike Afrika-state se beroep op nasionale eenheid het die lot van sulke gemarginaliseerde groepe verder verswak. In Botswana het die kultuur en taal van die numeries dominante Tswana-groep byvoorbeeld die simbool van die nasie geword en sterker pleidooie van die inheemse San-gemeenskappe vir erkenning van hul inheemse status tot gevolg gehad (Khoisan Speakers 2018; IPACC 2018a).

Met besondere verwysing na die lotgevalle van die San-mense in Botswana, illustreer Cook en Sarkin die neiging van Afrikastate om met ’n beroep op die inheemsheid van die hele bevolking, die oorspronklike inheemses van die land – soos die San – se selfbeskikking te fnuik, oorheersing van sulke inheemse entiteite voort te sit en selfs daartoe oor te gaan om sterker druk op inheemse groepe soos die San toe te pas (Hitchcock 2002a:8-12; Hitchcock 2002b:797-827; 2002c:57-61; Hitchcock 2003:83-88; 2006:134-146).

3.2 Kulturele identiteit en minderheidsregte-beskerming

Sou beroepe op minderheidsregte-meganismes in multikulturele samelewingskontekste kulturele identiteitsbates (soos inheemse kennis) sinvol kon beskerm? Will Kymlicka en Charles Taylor meen van wel. Kymlicka gee geredelik toe dat sodanige regte nie onder die universeel-erkende burgerregte ressorteer nie en dat dit spruit uit die kulturele lidmaatskap van individue wat tot nasionale en etniese minderheidsgroepe behoort (Doppelt 2002:664; Taylor 1994:85-60). Partikuliere lidmaatskap van spesifieke groepe is in hierdie verband deurslaggewend met die oog op beskerming. Indien Franssprekende Kanadese dus oor die groepsreg beskik om hul taal in federale howe te besig, is dit nie vanselfsprekend dat ander staatsburgers oor dieselfde regte beskik om hul moedertaal (byvoorbeeld Duits) in regsdinge te gebruik nie. Groepsregte is bygevolg nie voorbeelde van universele burgerregte of afgelei daarvan nie, maar kom persone uit hoofde van hul lidmaatskap van spesifieke kultuurminderhede wat daarop aanspraak het, toe (Kymlicka 2003:107). Indien sodanige beskermbare groepsregte bestaan, het die liberaal-demokratiese nasiestaat die plig om dié regte wat op “verskille” tussen groepe berus, te eerbiedig (Kymlicka 2003:5). Die groepe wat vir beskerming uitgesonder word, is nasionale en etniese minderheidsgroepe (Kymlicka 1995:10-13, 26-33). Volgens Kymlicka is ’n nasionale minderheid ’n groep wat as onafhanklike, selfregerende en geografies-gekonsentreerde groep bestaan het en wat oor ’n eie taal, samelewingsinstellings, lewenswyse en onderskeibare kulturele identiteit beskik (Kymlicka 1995:10-13, 665). Kymlicka

¹² Martinez se vertolking beliggaam die idees van toenemende Afrosentrisme (Ross 2008:10-12) en Pan-Afrikanisme (Falda & Essien 2014; Campbell & Wirell 2006; Walters 1997; Abdul-Raheem 1996).

voeg by dat ten einde oor nasionale minderheidstatus te beskik, vereis word dat die lede van sodanige groepe hulself op voortgaande basis moet identifiseer. Die groepsregte waarop nasionale minderhede aanspraak kan maak sluit in territoriale outonomie, proporsionele verteenwoordiging in sentrale regeringsinstellings, asook 'n vetoreg oor politieke besluite van die nasionale meerderheid (Kymlicka 1995:26-33, 665). Etniese minderhede is groepe wat vrywillig na 'n ander nasie en kultuur emigreer, in die nuwe dominante kultuur geassimileer word en begeer dat bepaalde aspekte van hul kultuur en oorsprongsidentiteit gehandhaaf word (Kymlicka 1995:13-18, 665). Die “poli-etniese” regte waarop sulke etniese minderhede aanspraak het, sluit in besigheidstoegewings, militêre diensplig en toegang tot spesifieke skole (Kymlicka 1995:30-31, 666). Kymlicka se betoog berus op die klassiek liberale burgerregtelike vryheids- en gelykheidsbeginsels wat tradisioneel as boustene van die demokratiese regstaat uitgekristalliseer het (Kymlicka 1995:26, 2003).

Charles Taylor skoei groepsregte op die politieke beginsel van gelyke erkenning (Taylor 1994:27). Volgens Taylor is die aanspraak van persone en groepe op gelyke erkenning en respek 'n kenmerk van moderniteit en die strewe na sosiale geregtigheid. Miskenning skaad persoonlike identiteit en manifesteer as wesenlike onderdrukking en onregverdige praktyke (Taylor 1994:25, 36). Volgens Taylor is erkenning en identiteit heg vervleg omdat mense se selfbewussyn, ontwikkeling van eie identiteit en selfbegrip, dialogies ontwikkel (Taylor 1994:32-37). Inter-persoonlike dialoog sluit in al die sosiale verhoudinge waarin persone betrokke is en wat aan die kulturele patrone van erkenning (alternatiewelik: miskenning) beslag gee (Taylor 1994:26, 36). Die eis om erkenning roep die eienskappe van modern liberaal-demokratiese denke na vore, synde die beginsels van menslike waardigheid, gelykheid voor die reg, burgerskap en neutrale staatsinstellings. Die kulturele verskille wat in private lewensfere na vore kom, word bygevolg op grond van die beginsel van menslike gelykheid geakkommodeer (Taylor 1994:37). Vir die voortbestaan van 'n minderheidskultuur, word egter méér as slegs die klassieke burgerregte vereis (Taylor 1994:38). Volgens Taylor word groepsregte vereis wat voorsiening vir nasionale minderhede maak met die meegaande territoriale outonomie en beheer oor hul eie kultuurdomeine, -instelling, taal en lewenswyse. Versuim om erkenning van sodanige groepsregte wat minderheidskulture toekom, gee by implikasie aanleiding tot 'n dialogiese proses waarin die identiteite van nasionale minderhede gemarginaliseer en aangetas word (Taylor 1994:669).

Die effektiwiteit van minderheidsregte-beskerming in die hoogs gediversifiseerde multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing is beperk. Akkulturasie, kulturele ontwikkeling en onsekerheid oor die etno-nasionale herkoms van gebruike, kennis en samelewingspatrone verhoed die koppeling van kulturele identiteitsbates aan spesifieke etniese groeps persone. Die toepassing van Kymlicka en Taylor se filosofiese benaderings word deur die uitgangspunte van die Suid-Afrikaanse beleidmakers grootliks irrelevant gemaak vir sover inheemse status aan 'n enkele oorkoepelende Afrika-identiteit toegeken word sonder beantwoording van die vraag wie die ware inheemse inwoners van Suidelike Afrika is.

4. KRITIESE KANTTEKENINGE BY KULTUUR-RELATIVISME EN INHEEMSE KENNISBESKERMING

4.1 Kultuur-kolonisasie en -relativisme

Reeds in 1996 waarsku Hennie Strydom teen die opkomende gety van kulturele kolonisasie, die transformasie van die kultuurbegrip in die internasionale sfeer en die leidende rol van Unesco in dié verband (Strydom 1996). Hy kom tot die gevolgtrekking dat diskoerse oor

kulturele relativisme en kulturele identiteit in 'n multikulturele samelewing slegs sinvol kan wees indien die diversiteit van menslike verhoudinge en samelewingsinstellings uit die totalitêre greep van die kultuurbegrip bevry is (Strydom 1996b:25-26). Hy wys voorts daarop dat die menslike samelewing méér as die kulturele aspek behels en dat die menslike samelewing nie beheers word deur 'n blinde, irrasionele of onbewuste werking van 'n transpersoonlike kultuur, hetsy in “Volksgesit”-gedaante of ander vorm nie (Strydom 1996b:25). Vervolgens pleit hy vir die verrekening van die pluriformiteit van instellings en assosiasies wat naas die staat in die menslike samelewing funksioneer (Strydom 1996b:25). Die inploffing van die verskeidenheid samelewingsvorme in 'n enkele “kultuurkring” lei noodwendig tot kolonisasie van die onderskeie terreine van die menslike ervaringshorison:

Important to note is that once any institution is seen as the embodiment of a specific culture, the structural limitation on the power of that institution is at once eliminated, for its power will then merely coincide with the structural needs and expand with the latter. This is exactly the logical result of the inflated meaning accorded to culture ... Structurally different state, economic, legal, religious, ethical and social institutions and relationships are threatened by a cultural overflow and monopolisation which amounts to a form of tyranny. (Strydom 1996b:26)

Sedert Strydom se publikasies het die stygende gety van kulturele beheptheid ook die Suid-Afrikaanse reg nie onbeïnvloed gelaat nie. Vanaf 2008 het etno-nasionalistiese tendense in Afrika, Unesco se eksperimentering met kultuur-eie inisiatiewe in sogenaamde tradisionele samelewings en die appèl van “inheemse gemeenskappe” ook neerslag in Suid-Afrikaanse regsdiskoerse gevind. Één van die “pionierslagoffers” wat aan kulturele identiteit geoffer is, was die terrein van die intellektuele goederereg. Die vooruitsigte van materiële gewin het verskeie Afrika-jurisdiksies daartoe geïnspireer om die terreine van “kultuur”, “inheemse gemeenskappe” en “inheemse kennis” as beoogde enklaves van ekonomiese welvaart te ontgin – tendense wat, volgens appèlregter L.T.C. Harms, gesonde verstand opgeoffer het (Harms 2009:175). Indertyd opper hy verskeie besware teen die ongepresiseerde uitbreiding van die intellektuele goederereg tot dié van tradisionele kennis, gereguleerde gebruik van biologiese bronne en beskerming van biodiversiteit (Harms 2009:182). Dit is veral die negatiewe afskerming van inheemse kennis eerder as die positiewe beklemtoning van die nut en voordele van sodanige kennis vir die mensheid wat Harms tot skeptisisme oor die voorgename wetgewing oor inheemse kennis stem (Harms 2009:183). Die kommunalisering van intellektuele goedereereg wat hieruit voortspruit, bring, volgens Harms, ongenormeerde toepassings van onder andere geografiese aanduidings in intellektuele goederebeskerming mee (Harms 2009:188) – neigings wat hy met ideologies-gebaseerde wetgewing in verband bring (Harms 2009:190). Sodanige wetgewing beoog om bevoordeelde groepe te skep wat normatief-onregmatige aansprake op voordele wat hulle nie toekom nie, maak.

4.2 Kulturele relativisme en die tempering daarvan deur middel van die klassieke burgervryhede

Kan die moontlikhede van kulturele relativisme wat by beskerming van kulturele identiteitsbates in 'n multikulturele samelewingskonteks ontstaan, deur handhawing van die klassieke burgervryhede aan bande gelê word? Martha Nussbaum is van oordeel dat dit wel die geval is. Met verwysing na die status van godsdiensgroepe in Indië, pleit Martha Nussbaum vir die beskerming van regte van kultuurgroepe om hul eie normatiewe sisteme te behou met dien

verstande dat kwesbare persone – soos vroue – wat moontlik deur groepspsesifieke sisteme benadeel kan word, voldoende beskerming sal geniet (Nussbaum 2000:24-30, 212-216, 681). Sy argumenteer ten gunste van politieke liberalisme as ’n “omvattende benadering” wat liberale waardes en selfbegrip tot hoogste goed (*summum bonum*) verhef – die hoogste absolute waarhede wat die lewensdoelwitte van alle redelike persone bepaal (Doppelt 2002:681). Bygevolg probeer Nussbaum ’n mediëringspunt tussen tradisionele (kommunitêre) belange en die beginsels van die sekulêre humanisme (individualisme) vind (Nussbaum 2000:78). Haar begaandheid oor die handhawing van kultuuridentiteit, met verrekening van liberale beginsels, is grootliks gemotiveer deur die bedreigings van tradisionalisme synde die humanitêre oorweging dat elke kultuur die enigste legitieme bron van standaard is van hoe die lede daarvan mekaar behoort te behandel, omdat sodanige groepe dikwels liberale standaard as ekstern en vreemd tot hul tradisies beskou (Nussbaum 2000:176-177). Nussbaum se keuse van politieke liberalisme beoog om ruimte vir agting en respek vir die diversiteit van groepspraktyke te skep wat by eerste oogopslag onliberaal mag voorkom, terwyl sy terselfdertyd aan die uitgangspunte van die liberale benadering getrou bly (Nussbaum 2000:77,81). Die kultuur-relativerende effek wat haar teorie kenmerk, blyk uit die spanning tussen individuele regsbelange en groepsbelange en -doelwitte. Dié staatsdoelwitte wat sy propageer is nie kompetensiebeperkende vryhede nie, maar neem die vorm van nie-bindende etiese doelwitte aan (West 2003:763).

Die waardigheidsbedreigende en menslikheidsdegraderende effek van tradisionele etno-nasionale praktyke is nie effektief deur individuele regte-meganismes korregeerbaar nie. Familie- en portuurgroepsdruk asook kulturele milieus van voorvaderlike spiritualiteit tesame met tradisionele stamgebruike in kommunalistiese sosiale kontekste, verhoed die idealistiese doelwitte van Nussbaum se burgerregtelike beskermingsmeganismes. Burgerlike vryheids- en gelykheidskulture is byvoorbeeld moeilik te versoen met hiërargiese sosiale sisteme en praktyke van onvrywillige maagdelikheidstoetsing, ontberingsvolle inisiasiepraktyke en verleentheidstigende vrugbaarheidstoetsing wat steeds in Afrika-gemeenskappe aan die orde van die dag is.

4.3 Kulturele relativisme en die beoogde beskerming van inheemse kennis

Met betrekking tot die 2004-beleidstuk oor inheemse kennis, wys Lesley Green op veral drie tendense wat verreikende implikasies vir die Suid-Afrikaanse wetenskapsbeoefening kan inhou (Green 2007:130). Eerstens huisves die beleidstuk die gevaar dat uitgediende oortuigings en praktyke kan herleef en kunsmatig beskerming kan geniet. In Indië het soortgelyke tendense van “new medievalism” onder ’n vorige regering gelei tot pogings om Veda-astrologie en toekomsvoorspelling in wetenskaplike kringe aanvaarbaar te maak (Green 2007:133). Tweedens word verwys na die beperkende impak wat bevordering van inheemse kennis ter beskerming van kultuuridentiteit op universele standaard van fundamentele regte-beskerming kan hê (Green 2007:134). Derdens, word die problematiese aanvaarding van kultuuroordrag as ’n statiese, onveranderlike, homogene verskynsel, en die fragmentasie van die gemeenskaplike kennishorison van gedeelde wetenskapsbeoefening en kennis, gemeld. Green se kommer spruit veral uit die digotomiese teenoorstelling van Afrika- teenoor Westerse kennisstelsels ter regverdiging van die uitsonderlike beskerming van inheemse kennisstelsels en die paradoksale motiverings wat ter regverdiging daarvan aangedien word: Afrika-kennis word beskryf as natuurlik, werklik, beliggaam spirituele integriteit, is van ’n verwonderende aard en is ekologies sensitief van inslag; daarteenoor is Westerse kennis kunsmatig, vervreemdend, rasionalisties

en tegnowetenskaplik van aard (Green 2007:137). Met die oog op dié digotomiese teenoorstelling, vra Green tereg:

In this idyllic Africa, there is no contestation over knowledge; no need for a critical theory of power and knowledge. Only the West needs that, and Indigenous Knowledge must be preserved from the pollution of the West ... but must find a way to be banked in and benefit from the global economy. How might this be accomplished? Ethnic enclaves with limited cross-border traffic? Bantustans within universities? (Green 2007:137).

4.4 Enkele kritiese aantekeninge by die beoogde beskerming van inheemse kennis in Suid-Afrika

Die kritiek wat in die Suid-Afrikaanse debat teen inheemse kennisbeskerming as kulturele identiteitsbates ingebring word, betref veral vyf aspekte: Eerstens moet die doelwitte van die inheemse kennisbeweging ontworstel word aan die kultuurmodel waarin dit verstrik geraak het (Green 2007:137). Die begrip “inheemse kennis” is self ’n kultureel-hibriede skepping wat uit die globaliseringskritiek na vore tree en op die gediskrediteerde Romantieke kultuurbeeweging van ’n Westers-filosofiese konsepsie van kultuur stoel. Tereg merk Strydom op: “This romanticism is by no means restricted to Western intellectuals with a nostalgia for traditional ways of living uncovered by their ethnographic studies. Scholars in the Third World are happily participating in this unity of a new ‘feel-good’ history” (Strydom 1996b:20).

Tweedens verydel die ekstrapolering van die begrip “inheemsheid” na politieke heersersgroepe wat die marginalisering van beskermingswaardige etniese groepe voortsit, die oorspronklike oogmerk met kulturele identiteitsbeskerming en perpetueer marginalisering. Dit skep ’n nuwe elite waaraan voorheen gemarginaliseerdes uitgelewer word.

Derdens hanteer die inheemse kennisbeweging ’n problematiese kulturbegrip. Kultuur is nie die universele lewens- en bestaanshuls wat aan mense en hul lewensverwagtinge vorm gee nie. Veeleer is dit die voortgaande beslaggewing aan ’n normatiewe lewensplan en die ontplooiende gestaltegewing daaraan. As sodanig maak dit byvoorbeeld taalbeheersing moontlik, word dit deur die regslewe van gemeenskappe veronderstel, onderlê dit die ekonomiese aktiwiteite van die mensheid en kom in godsdienstige rituele en praktyke tot uitdrukking. Indien byvoorbeeld taal, die regslewe en menslike ekonomiese aktiwiteite na die kultuurskepping as sodanig herlei word, is daar bygevolg nie meer van ’n taal-, regs- en ekonomiese lewe sprake nie.

Vierdens het ’n vorige politieke bedeling skerp kritiek vir soortgelyke Fichte-Heideggerdenkwyses en juridiese vormgewing daarvan op die hals gehaal. Die elitistiese groepsbeskerming wat inheemses te beurt val verteenwoordig neigings wat individuele belange ondermyn, hul bydrae tot kultuurvorming en wetenskapsvorming kompromitteer, skeppingsinisiatief ontmoedig en oormatige verwagtinge van materiële gewin koester. Tereg merk Irmhold op dat die klem vanaf die statiese kultuurrelativistiese benadering na dié van die komplekse relasies waardeur kennis in gemeenskappe tot stand kom, moet verskuif:

In this relational model, then, a person is instantiated in the world via the networks and associations they make as they move through life, rather than collapsing identity into a single point of origin in a kinship diagram. This model allows for significant relationships and experiences to be as important as blood-ties; and the process of life to be conceptualised as one of continual learning. (Green 2007:139)

Vyfdens hanteer die Inheemse Kennisbeweging 'n problematiese begrip van kulturele erfenis, regte en reghebbendheid en gebruik 'n normatief gebrekkige kulturele selfbeskikkingsmodel om inheemse kennis te beskerm. In die afwesigheid van regtens bestaanbare regsobjekte kan geen subjektiewe regte vestig nie. Regtens is die beskerming van blote idees wat nog nie tot tasbare vergestaltung gekom het nie, 'n onmoontlikheid. In die geval van outeursreg word byvoorbeeld vereis dat sodanige idees in tasbare vorm as 'n outeursregwerk tot vergestaltung moet kom, onderhewig aan sekere uitsonderings. Ingevolge die bestaande outeursregbeskerming word die afweging van regsbelange tussen individuele outeurs en die belange van die samelewing wat daardeur gedien word, bewerkstellig deur byvoorbeeld outeursreg in 'n letterkundige werk vir tot vyftig jaar na die afsterwe van die outeur te verleen. Kultuurskepping word egter nie slegs deur middel van die bestaande subjektiewe regte-figuur beskerm nie. In die burgerlike privaatreë beskik sowel individue as sosiale entiteite oor die vryheid van kultuurskepping. Die burgerlike vryhede verleen byvoorbeeld aan individue die reg om sy/haar godsdiens te beoefen, aan kultuuraktiwiteite van sy/haar keuse deel te neem, skeppende kultuuraktiwiteite van sy/haar voorkeure te beoefen, vryheid van assosiasie en byeenkoms saam met ander gelykgesinde kultuur-beoefenaars te beoefen en die vryheid van spraak om sy/haar kultuurerfenis aan ander te kommunikeer. Sosiale entiteite beskik oor die regte wat sodanige entiteite toekom om eiestandig hul doelwitte te bevorder en kultuur te beoefen vir sover dit nie die perke van regmatigheid oorskry nie, welke vryhede uit die funksionele konfigurasie van aktiwiteite van so 'n entiteit voortvloei – 'n beginsel wat H.J. van Eikema Hommes as die soewereiniteit in eie kring van sosiale entiteite beskryf (Hommes 1972:68). Dié regte en vryhede word deur artikel 31 van die Grondwet gerugsteun vir sover persone wat tot kulturele, godsdiensige of taalgemeenskappe behoort nie die reg ontsê mag word om, met ander lede van sodanige gemeenskap, hul kultuur uit te leef, hul godsdiens te beoefen en hul taal te gebruik nie. Voorts beskik sodanige persone oor die reg om kulturele, godsdiensige en taalassosiasies op die been te bring en ander burgerlike samelewingsinstellings te vorm, daarby aan te sluit en dit in stand te hou. Saamgelees met artikel 235 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, verhoed die reg op selfbeskikking van die Suid-Afrikaanse nasie as geheel nie die erkenning van die konsep van selfbeskikking van enige gemeenskap wat 'n gemeenskaplike kulturele en taalerfenis deel binne 'n territoriale entiteit in die Republiek of op enige ander wyse, soos bepaal deur nasionale wetgewing nie. In geval van regspersone maak artikel 8 van die Grondwet voorsiening dat die bepalinge van die handves op sodanige regspersone van toepassing is en beskik 'n regspersoon oor die regte vervat in die Handves van regte tot die mate deur die aard van die betrokke regte en die aard van die betrokke regspersoon vereis. Die Wysigingswet op Intellektuele Eiendom en die Wysigingswetsontwerpe op Inheemse Kennis verleen aan inheemse gemeenskappe regte wat binne die konteks van artikel 31 van die Grondwet verreken moet word. Die skepping van kategorieë regte van 'n kulturele aard wat aan sommige groepe in die samelewing – veral die regerende elite – toegeken word, skep nuwe kategorieë van marginalisering en vervreemding.

Bestaan daar ander regsmeganismes wat benut sou kon word om die selfbeskikking, kultuurbelange en -welsyn van etniese groepe te verbeter? Die Duitse filosoof Jürgen Habermas laat wel ruimte vir sodanige moontlikhede ten spyte van sy skeptisisme oor materiële regsbeskerming van kulturele identiteit en kulturele identiteitsbates. Habermas benader die spanning wat kulturele identiteit en akkommodering van multikulturele aspirasies oproep vanuit die dubbele legitimerings- en regsbeskermingsfunksie van moderne regstelsels (Habermas 1999:vii). Habermas se diskoersteorie steun die idee van dialogiese demokrasie waar die las van legitimerende staatsmag gedra word deur informele en regsgeïntitutionaliseerde prosesse

van politieke diskoers (Habermas 1999:vii). Op grond van dié dialogiese benadering is die kernvraag tot welke mate die strewe na erkenning van kollektiewe ervarings van geskende identiteit met 'n stelsel van individuele burgerregte versoenbaar is (Habermas 1999:204). By oorweging van die moontlike erkenning van kulturele lewensvorme en tradisies van gemarginaliseerdes, maak Habermas se dialogiese demokrasie nie vir die waarborg van behoud van kulturele identiteit vir toekomstige geslagte voorsiening nie. Die beskerming van die status en voortbestaan van kulturele entiteite sou, volgens Habermas, in direkte konflik met die keusevryheid van individue wees wat hul reg op vryheid van assosiasie uitoefen (Habermas 1999:205). Verwysend na Taylor se betoog vir die erkenning van die regte van Franssprekendes in Kanada, wys Habermas se dialogiese model die “skepping” van lede vir so 'n gemeenskap om vir toekomstige geslagte hul identiteit as Franssprekendes na te laat, af (Habermas 1999:207). Habermas betoog voorts dat die modern-regstaatlike demokrasie nie handhawing van kulturele identiteit uitsluit nie. Die grondslag van Habermas se betoog berus op die benadering dat die demokratiese regstaat enersyds op fundamentele burgerlike en politieke vryhede gegrond is en waarop nie inbreuk gemaak mag word nie. Andersyds is daar voorkeure en praktyke wat vir doeleindes van die openbare belang prysgegee kan word. Dit beteken egter nie dat politieke oorwegings in die publieke sfeer die burgerlike vryheid van keuse na willekeur mag aantas nie – sowel private as publieke outonomie bestaan noodwendigerwys in onderlinge verband (Habermas 1999:207). Ingevolge Habermas se teorie word 'n benadering vereis gebaseer op die politieke erkenning van regte wat die integriteit van individue in die onderskeie lewenskontekste waarin individue se identiteite gevorm word, respekteer (Habermas 1999:208). 'n Regsorde is slegs legitiem indien dit die outonomie van alle burgers gelyklik waarborg. Volgens Habermas lê dit nie op die weg van die staat om ook vir oorlewing en bevordering van spesifieke kulture en tradisies voorsiening te maak nie (Habermas 1999:215). Die regsnorme wat aan die tipiese staatlike regskultuur beslag behoort te gee, geld vir die netwerk van verhoudinge van 'n spesifieke samelewing en kry gestalte deur regsvoormende kompetensies van regsvoormers op die staatsterritorium (Habermas 1999:217). Bygevolg beskik elke regsgemeenskap oor 'n eie regskultuur en is dit nie bloot 'n weerspieëling van die universele inhoud van fundamentele regte nie (Habermas 1999:218). Die staatlike beskerming van die burger is bygevolg beperk tot die beskerming en integrering van regsbelange binne 'n regsgemeenskap waar individue en groepe aan hul tradisies beslag gee. Derhalwe kan die staat nie die rol van bewaarder van “uitgestorwe kultuurspesies” vervul nie (Habermas 1999:222). Die teenkant is egter ook waar: elke landsburger behoort die geleentheid gegun te word om in sy/haar kulturele erfenismilieu op te groei sonder om aan diskriminasie onderwerp te word (Habermas 1999:223). Die voorwaarde vir genieting van die voordele verbonde aan uitlewing van kulturele erfenis berus op die politieke integrering van burgerbelange met waarborg van individue se burgervryhede (Habermas 1999:224). Habermas se benadering tot multikulturaliteit en kulturele identiteit verskil in beduidende opsigte van dié van Taylor, Kymlicka en Nussbaum, vir sover hy voorsiening maak vir die gedeelde patriotisme van 'n nasionale regskultuur én individuele verwesenliking van partikuliere identiteit; die afwesigheid van staatswaarborge ter bewaring van partikuliere kulture en die beslaggewing aan partikuliere identiteite op basis van die staatlike integrering en waarborg van individuele vryhede (Habermas 1994:107-148). Hoewel Habermas die belangesfere van sosiale entiteite erken, gee hy egter nie voldoende aanduiding van die kriteria en/of beginsels aan die hand waarvan die strukturele kompetensiesfere van mekaar onderskei kan word nie (Strauss 2009:524). Ten spyte van dié gebrek laat Habermas wel ruimte vir die bevordering van bepaalde kulturele doelwitte. In plaas van die (problematiese) skepping van nuwe kategorieë regte, sou wetgewers op legitieme

wyse wetgewing kon promulgeer wat aan staatsdoelwitte en -beleid beslag gee om op ewewigtige en verantwoordbare wyse die kultuurbesit van gemarginaliseerde entiteite op te teken, te bewaar, na te vors, publikasies daarvoor aan te moedig en hul kulturele erfenis beter bekend te stel (Raath 1995:23-30). Voorts sou befondsing van universiteite en ander navorsingsinstansies om die leiding in hierdie verband te neem legitiem wees.

4.5 Inheemse kennis en beskerming van tradisionele kennisbates as intellektuele goedere

Inheemse kennis is op territoriale domeingesentreerde kennis gefokus. Tereg wys Sunelle Geyer daarop dat “inheems” en “tradisioneel” in die beoogde Wysigingswet op Intellektuele Eiendomsreg 28 van 2013 nie as sinonieme gebruik word nie (Geyer 2010:127. Vgl. Geyer 2017:43-65). “Inheems” word oorwegend aangewend ter aanduiding van die oorsprong van ’n betrokke regsobjek, terwyl “tradisioneel” hoofsaaklik ter beskrywing van die aard van die nuwe objek van ’n intellektuele goederereg, byvoorbeeld uitvoering, outeursregwerk, handelsmerk of model gebruik word. In die betrokke wysigingswet word frases saam gebruik wat die term “tradisioneel” en “inheems” bevat om nuwe regsobjekte wat geskep is te definieer (Geyer 2010:130). Alhoewel bepaalde attribute van sowel “inheemsheid” as “tradisioneleiteit” aan ’n regsobjek moet kleef ten einde vir beskerming te kwalifiseer, word geen van dié fundamentele begrippe gedefinieer nie (Geyer 2010:130). Lee-Ann Tong dui aan dat daar geen internasionaal aanvaarde omskrywing van die begrippe “tradisionele kennis”, “inheemse kennis” of “tradisionele inheemse kennis” bestaan nie, hoewel dié begrippe dikwels verwisselbaar in verband met intellektuele goedere gebruik word (Tong 2011:370, 371).

Vir doeleindes van hierdie artikel word inheemse kennis beskou as die geordende geheel van beskikbare inligting in die vorm van verstandsbegrippe wat deur behendigheid, belesenheid, bewussynservarings, kundigheid, skrandtheid, wysheid, bedrewenheid en deskundigheid verkry is, in die vorm van ontasbare menslike bewussynsinhoude of in tasbare vorm van inskripsies en ander vorme van neergelegde inligting tot die mens se beskikking is en wat aboriginaal of huishoudelik, landeie, tuisaardend of volksendemies van oorsprong is (Raath & Brits 2018:6). Territoriale domeingesentreerde kennis is ’n gebrekkige aanduiding van beskermbare intellektuele goedere in komplekse multikulturele samelewings wat histories onder akkulturasie van tradisionele kennishouers en inter-etniese uitruiling van kennisbates en -bronne gebuk gaan. Voorts hou dit nie rekening met die mobiliteit van kennishouers wat aan wisselende migrasiepatrone blootgestel is vanweë langdurige droogtes of ander rampe nie. Bykomend daartoe, akkommodeer dit nie immigrasie van nie-Afrikakennis – hoewel tradisioneel – na dié kontinent nie. Die onsekere vestigingspatrone van etnasionale entiteite in die geografiese domein van Afrika suid van die ewenaar onderstreep die problematiek van gebrekkige identifisering en eksklusiewe beskerming van inheemse kennisbates oor die boeg van kulturele identiteit (vgl. Dutfield 2001:241). Akupunktuur en tai chi is enkele voorbeelde van tradisionele praktyke binne die kaders van beskermingswaardige tradisionele kennisbates wat mettertyd na Afrika versprei. Die kookkuns-kultuur wat deur die Britse setlaars in suidelike Afrika gepopulariseer is; tradisionele trekboer- en Voortrekkervolkskuns en Sjinese haarstyle verteenwoordig uiteenlopende voorbeelde van kulturele identiteitsbates wat tradisionele kennis beliggaam en soortgelyk as tradisionele Afrikakennis op beskerming aanspraak kan maak (vgl. Geyer 2010:127 e.v.).

Die rykdom van kulturele toerisme na Afrika in die algemeen en gesogtheid van tradisionele kunswerke van Suid-Afrikaanse oorsprong in besonder is belangrike oorwegings ter transen-

dering van die beperkende en selfs uitsluitende effek van voorgenome inheemse kennisbeskerming in Suid-Afrika, asook die potensieel ongeoorloofde uitbreiding van inheemsheid tot kennishouers wat nie begripsmatig daarvoor kwalifiseer nie. Die verskuiwing van die fokus vanaf die territoriale lokaliserings en die historiese oorsprong van kennis na die sosiale voortgang van sodanige kennis en die identiteit van die draers daarvan, word deur Russel Barsch onderskryf:

[W]hat is ‘traditional’ about traditional knowledge is not its antiquity, but the way it is acquired and used. In other words, the social process of learning and sharing knowledge ... lies at the very heart of its ‘traditionality’. (Barsch 1999:73)

Die multikulturele profiel van Suid-Afrika se demografiese samestelling; die behoefte aan ewewigtige beskerming van alle kulturele identiteitsbates waarin tradisionele kennis beliggaam is en die beperking van kennisbeskerming wat op openbare domeininligting inbreuk maak, noodsaak die oorweging van meer inklusiewe vorme van kennisbeskerming wat by bestaande intellektuele goederebeskerdingsmeganismes inskakel (vgl. Varadarajan 2011:371-420). Tradisionele kennisbeskerming bied in dié verband ’n alternatiewe vorm van intellektuele goederebeskerming wat met vrug oorweeg kan word, mits ’n duidelike onderskeid tussen inheemse- en tradisionele kennis as sodanig in wetgewing neerslag vind. In die konteks van beskerming van kulturele identiteitsbates waarin kennis beliggaam is, bied tradisionele kennisbeskerming aantreklike voordele: dit oorkom die beperkinge waaraan die inheemse kennisvereistes onderworpe is; dit transendeer die digotomie van Afrika teenoor Westerse kennis; dit akkommodeer kennis van inheemse aard, verruim die beskerming van kennisbates tot kennisvorme wat – hoewel van onnaspoorbare historiese oorsprong – tot die kulturele identiteitsprofile van identifiseerbare etnonasionale entiteite terugspoorbaar is en brei beskerming van kulturele identiteitsbates waarin kennis beliggaam is, tot kennisvorme uit wat oor voortgaande benutting, toepassing en ontwikkeling beskik. As sodanig beperk dit etnografiese kennisbates tot sodanige bates wat oor kontinue toepassing en ontwikkelingspotensiaal beskik, welke beperking ’n belangrike voorwaarde vir die volhoubaarheid van die betrokke kennisbates is (Karjala 2012:57).

Tradisionele kennis is afgestem op inligting wat ’n profiel van deurlopende benutting vertoon, eerder as wat dit op die territoriale domein waarbinne dit ontstaan, gefokus is. Kennis is tradisioneel vir sover dit die geheel van inligting in die vorm van verstandbegrippe behels, wat deur behendigheid, belesenheid, bewussynservarings, kundigheid, skrandtheid, wysheid, bedrewenheid en deskundigheid, wat vervat is in die ontasbare menslike bewussynsinhoude of tasbaar in die vorm van inskripsies of ander vorme van neergelegde inligting tot die mens se beskikking is, uitdrukking gee aan die kulturele identiteit van die houer(s) van sodanige kennis en die profiel van voortgaande benutting, toepassing en deurlopende ontwikkeling vertoon, welke kennis ingevolge bestaande intellektuele goederebeskerming primêr deur middel van handelsmerkregtelike meganismes van ongeoorloofde benutting en misbruik deur buitstanders gevrywaar word. Dié omskrywing sluit in wat Sun Thathong (2014:379; vgl. Harding 2003:511-518) as tradisionele kennis in die eng sin van die woord beskou. WIPO se aanduiding van die kategorieë kennis wat as beskermbare tradisionele kennisbates kwalifiseer, dui op ’n trefwydte van goedere van soortgelyke omvang as dié wat met inheemse kennisbeskerming in die vooruitsig gestel word (Fisher 2018:1511-1578): tradisiegebaseerde literêre, artistieke of wetenskaplike werke; uitvoerings; uitvindings; wetenskaplike ontdekkings; ontwerpe; merke, name en simbole; ongeopenbaarde inligting; sowel as alle ander tradisiegebaseerde innoerings en skeppings wat spruit uit menslike intellektuele aktiwiteite op die

industriële, wetenskaplike, literêre of artistieke terreine (vgl. Thatong 2014:359-389; Cardozo 2003:511-518). Tradisiegebaseerde kennis sluit in skeppings, innoverings en kulturele uitdrukkings wat van geslag tot geslag oorgelewer is, geag word tot die kennisbates van etnasionale entiteite te behoort en kontinue benutting, toepassing en ontwikkeling in reaksie op veranderende omstandighede vertoon (Oseitutu 2010:697-721; Srinivas 2012:401-416; Arewa 2006:155-180).¹³ As sodanig sluit tradisionele kennis dus sowel inheemse as sogenaamde “plaaslike” kennis in. Derhalwe beteken dit dat “indigenous knowledge would be ‘the traditional knowledge of indigenous peoples’ and that [i]ndigenous knowledge is therefore part of the traditional knowledge category, but traditional knowledge is not necessarily indigenous. That is to say, indigenous knowledge is traditional knowledge, but not all traditional knowledge is indigenous” (Tong 2010:159-180). WIPO se omvattende definisie van entiteite wat vir houerskap van tradisionele kennis kwalifiseer, word onderskryf, naamlik alle persone – sowel individueel as kollektief – wat tradisionele kennis in ’n tradisionele konteks skep, tot stand bring, ontwikkel en beoefen (Tong 2010:159), welke houerskap binne die kaders van handelsmerkgereguleerde beskerming kan geskied ten einde oormatige inbreuk op kennis in die openbare domein te verhoed (Hansen 2010:757-794).

Die inklusiewe effek van tradisionele kennisbeskerming en die ontwikkelingskontinue fokus daarvan, het verskeie voordele. Dit vermy die Afrika-Westerse digotomie; ontlont die konflik tussen inheemse en koloniale kennis; beklemtoon die voortgaande benutting, toepassing en ontwikkeling van kennis as beskermbare kulturele identiteitsbates en sluit gemakliker by die vestiging van ’n demokratiese regstaat kultuur in multikulturele en multi-etniese bevolkings in Afrika aan.

5. GEVOLGTREKKING

Die Suid-Afrikaanse wetgewer se pogings om inheemse kennis as kulturele identiteitsbate as intellektuele goedere te beskerm is problematies. Die toekenning van regte aan geselekteerde groepe wek die indruk dat slegs sodanige groepe se kulturele identiteit beskermingswaardig is. Voorts skep dit ’n digotomiese spanning van Afrika- teenoor Westerse kennis. Bykomend daartoe word die skyn verwek dat Westerse kennis van mindere waarde en belang is en nie vir dieselfde mate van beskerming kwalifiseer nie. Die keuse van die terrein van intellektuele goedere as voertuig vir beskerming van kulturele identiteitsbates is ’n ongelukkige een. Die oorbelaste kulturele identiteitsbegrip skep die indruk van die herlewing van gediskrediteerde ideologiese benaderings, dit veroorsaak wrywing tussen Afrika- en Westerse benaderingswyses en bring elitistiese voorkeure vir bepaalde manifestasies van kennis na vore. Die toespitsing op inheemse kennis as beskermingswaardige kultuurobjekte verdiep die bogenoemde problematiek in beduidende opsigte. In die Suidelike Afrika-konteks is dit ’n onbegonne taak om met voldoende sekerheid die inheemses wat vir beskerming uitgesonder word te identifiseer. Voorts tree die beleidmakers en wetgewer as paternalistiese voorgedrewe van etniese en kultuurgroepe na vore, betree ’n terrein van kultuurbeskerming wat nie tot die primêre regshandhawingsverpligtinge van die staat hoort nie en wat die geleentheid bied vir nasionale regerings om die marginalisering van voorheen kultureel-gemarginaliseerde groepe voort te sit. Kultuurrelativistiese inmenging in die huishoudelike terreine van kultuurbelangegroepes gee dikwels

¹³ Vgl. Garcia (2007:5-28); Cross (2009:257-293). Vir ’n oorsig van enger en wyer definisies van tradisionele kennis kyk Xiaodong & Xiurong (2015:30-60). Vir ’n bespreking van die verskillende benaderings tot tradisionele kennisbeskerming in Afrika vgl. Feris (2004:242-255).

aanleiding tot sosiale fragmentasie en selfs politieke toutrekkery in 'n reeds hoogs verdeelde samelewing. Die aanbeveling is dat die Suid-Afrikaanse wetgewer die problematiese weë waarop die wetsontwerpe afstuur vermy deur kulturele welsynsbeleving van etniese groepe te bevorder en deur middel van statutêre ondersteuning wat kultuurbesit en -kennis in al sy geledinge aanmoedig en op 'n a-marginaliserende wyse beslag gee. Die vertrekpunt vir gesprek oor die beskerming van inheemse groepe is tereg deur James Anaya soos volg aangedui:

... indigenous peoples are entitled to be different but are not necessarily to be considered *a priori* unconnected from larger social and political structures. Rather, indigenous groups – whether characterized as communities, peoples, nations or other – are appropriately viewed as simultaneously distinct from, yet part of, larger units of social and political interaction, units that may include indigenous federations, the states within which they live and the global community itself. (Anaya 2004:60)

“Inheemse kennis” gaan onder oorbelaste betekenismomente gebuk en behoort deur die meer inklusiewe begrip “tradisionele kennis” vervang te word. Die beskerming wat deur handelsmerkregtelike meganismes gebied word, behoort ondersoek en die onewewigtige impak daarvan op openbare domeinkennis vermy te word.

Slegs met ewewigtige verrekening van die diverse regsbelange wat by die staatlike harmoniseringstaak in vervlegtingsamehang van die individue en sosiale entiteite ter sprake kom, kan 'n publieke geregtigheidsorde sensitief vir multikulturaliteit en kultuur-eie bates tot stand kom.

BIBLIOGRAFIE

- African Commission on Human and Peoples' Rights. 2007. Advisory Opinion of the African Commission on Human and Peoples' Rights on the United Nations Declaration on the Rights of Indigenous Peoples. http://www.achpr.org/english/Special%20Mechanisms/Indigenous/Advisory%20opinion_eng.pdf [5 September 2018].
- African Group. 2006. Draft Aide Memoire, United Nations Declaration on the Rights of Indigenous Peoples (2006). <http://www.ipace.org.za/uploads/docs/Africanaidememoire.pdf> [5 September 2018].
- African Group. 2007. Response Note to “The Draft Aide memoire of the African Group on the UN Declaration on the Rights of Indigenous Peoples”. <http://www.ipacc.org.za/uploads/docs/AideMemoireResponse.pdf> [5 September 2018].
- Anaya, J. 2004. International Human Rights and Indigenous Peoples: The Move Toward the Multicultural State. *Arizona Journal of International & Comparative Law*, 21(1):13-61.
- Arewa, O.B. 2006. TRIPS and Traditional Knowledge: Local Communities, Local Knowledge, and Global Intellectual Property Frameworks. *Marquette Intellectual Property Review*, 10(2/1):155-180.
- Barsch, R.L. 1999. Indigenous knowledge and biodiversity. In Darrell A. Posey (ed.). *Cultural and Spiritual Values of Biodiversity*. Michigan: IT Publications.
- Campbell, H. & Wirell, R. 2006. *Pan-Africanism and African Liberation in the Twenty First Century*. Washington, DC: New Academia Publishers.
- Conde, V.H. 1999. *A Handbook of International Human Rights Terminology*. Lincoln (USA): University of Nebraska Press.
- Cook, A. & J. Sarkin, J. 2009. Who is Indigenous?: Indigenous Rights Globally, in Africa and Among the San in Botswana. *Tulane Journal of International and Comparative Law*, 18:93-130.
- Cross, J.T. 2009. Justifying Property Rights in Native American Traditional Knowledge. *Texas Wesleyan Law Review*, 15:257-293.
- Doppelt, G. 2002. Illiberal Cultures and Group Rights. A Critique of Multiculturalism in Green, J.F. 2007. The Indigenous Knowledge Systems Policy of 2004: Challenges for South African Universities. *Social Dynamics*, 33(1):130-154.

- Dutfield, G. 2001. TRIPS-Related Aspects of Traditional Knowledge. *Case Western Reserve Journal of International Law*, 33(2):233-275.
- Falda, T. & Essien, K. (eds). 2014. *Pan-Africanism, and the Politics of African Citizenship and Identity*. New York: Routledge.
- Feris, L. 2004. Protecting Traditional Knowledge in Africa: Considering African Approaches. *African Human Rights Law Journal*, 4(2):242-255.
- Fisher, W. 2018. The Puzzle of Traditional Knowledge. *Duke Law Journal*, 67(7/4):1511-1587.
- Garcia, C.J. 2007. Fighting Biopiracy: The Legislative Protection of Traditional Knowledge. *Berkeley La Raza Law Journal*, 18:5-28.
- Geyer, S. 2011. Towards a clearer definition and understanding of “indigenous community” for the purposes of the Intellectual Property Laws Amendment Bill, 2010: an exploration of the concepts “indigenous” and “traditional”. *Potchefstroom Electronic Law Journal*, 13(4):127.
- Geyer, S. 2017. Copyright in traditional works: Unravelling the Intellectual Property Laws Amendment Act of 2013. *South African Mercantile Law Journal*, 29(1):43-65.
- Habermas, J. 1999. *The Inclusion of the Other. Studies in Political Theory*. Cambridge, MA: MIT Press.
- Habermas, J. 1994. Struggles for Recognition: The Democratic Constitutional State. In Gutmann, A. (ed). *Multiculturalism: Examining the Politics of Recognition*. Princeton: Princeton University Press.
- Hansen, D.R. 2010. Protection of Traditional Knowledge: Trade Barriers and the Public Domain. *Journal of the Copyright Society of the U.S.A.*, 58(4):757-794.
- Harding, S. 2003. Defining Traditional Knowledge – Lessons from Cultural Property. *Cardozo Journal of International & Comparative Law*, 11:511-518.
- Harms, L.T.C. 2009. A few negative trends in the fields of intellectual property rights. *THRHR*, 72:175-191.
- Hitchcock, R.K. 1994. International Human Rights; the Environment, and Indigenous Peoples. *Colorado Journal of International Environmental Law and Policy*, 5(2):1-22.
- Hitchcock, R.K. 2002a. Controlling Their Destiny: Ju’hoansi of NyaeNyae. *Cultural Survival Quarterly*, 26(1):8-12.
- Hitchcock, R.K. 2002b. We are the First People?: Land, Natural Resources, and Identity in the Central Kalahari, Botswana. *Journal of Southern African Studies*, 28(4):797-827.
- Hitchcock, R.K. 2002c. Repatriation, Indigenous Peoples, and Development: Lessons from Africa, North America, and Australia. *Pula: Botswana Journal of African Studies*, 16(1):57-61.
- Hitchcock, R.K. 2003. Land, Livestock, and Leadership among the Ju’Loansi San of Northwestern Botswana. *Antropologica*, 45(1):83-88.
- Hitchcock, R.K. 2006. Steps in the Formation of Community-Based Resource Management Institutions and Legal Bodies for Conservation and Development Activities in Botswana. *Botswana Notes and Records*, 38:134-146.
- Hommel, H.J. van Eikema. 1972. *Hoofdlijnen van de geschiedenis der rechtsfilosofie*. Deventer: Kluwer.
- Indigenous Peoples of Africa Coordinating Committee (IPACC). 2018a. Southern African Region. http://www.ipacc.org/za/cng/regional_southernafrica.asp [6 Augustus 2018].
- Indigenous Peoples of Africa Coordinating Committee (IPACC). 2018b. Who are the Indigenous Peoples of Africa? <http://www.ipacc.org/za/eng/who.asp> [30 Augustus 2018].
- International Labour Organisation (ILO). 2018. Convention 169 on Indigenous People. <http://www.ilo.org/ilolex/cgi-lex/ratifce.pl?C169> [30 Julie 2018].
- Karjala, D.S. 2012. Sustainability and Intellectual Property Rights in Traditional Knowledge. *Jurimetrics*, 53:53-70.
- Khoisan Speakers / Ecoterra Intl., 2018. Khoisan People. <http://www.khoisanpeoples.org> [6 Augustus 2018].
- Kymlicka, Taylor & Nussbaum, M. *Journal for Contemporary Legal Issues*, 12:661-692.
- Kymlicka, W. 1989. *Liberalism, Community and Culture*. Oxford: Clarendon Press.
- Kymlicka, W. 1995. *Multicultural Citizenship. A Liberal Theory of Minority Rights*. Oxford: Clarendon Press.
- Kymlicka, W. 2003. *Multicultural Citizenship. A Liberal Theory of Minority Rights*. Oxford: Clarendon Press.
- Lévi-Strauss, C. 1952. *Race and History*. Paris: Unesco.

- Lehman, L. 2006-2007. To Define or Not To Define – The Definitional Debate Revisited. *American Indian Law Review*, 31:509-529.
- Molema, S.M. 1920. *The Bantu Past and Present. An Ethnological & Historical Study of the Native Races of South Africa*. Edinburgh: W. Green & Son, Limited.
- Nussbaum, M. 2000. *Women and Human Development. The Capabilities Approach*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Office of the United Nations High Commissioner for Human Rights, Committee on the Elimination of Racial Discrimination (CERD). 1997. General Recommendation No. 23: Indigenous Peoples (cession 51). U.N Doc. A/52/18, annex V at 122, reprinted in Compilation of General Comments and General Recommendations Adopted by Human Rights Treaty Bodies, U.N. Doc. HRI/GEN/1/REV.6 at 212 (2003).
- Oseitutu, J. 2010. An International Instrument to Protect Traditional Knowledge: Is Perpetual Protection a Good Idea? *IDEA: Intellectual Property Law Review*, 50:697-721.
- Raath, A.W.G. 1995. Self-Determination. *Konrad-Adenauer-Stiftung. Seminar Report. Aspects of Constitutional Development in South Africa: The First Working Draft of the Final Constitution*. Johannesburg: Konrad-Adenauer-Stiftung.
- Raath, A.W.G. & Brits, P. 2018. Inheemse kennisstelsels, kulturele erfenisreg en regsbeginsels. *Tydskrif vir Suid-Afrikaanse Reg*, 2018(4):739-753.
- Republiek van Suid-Afrika. 1967. Wet op Beskerming van Voordraers, 11 van 1967.
- Republiek van Suid-Afrika. 1987. Wet op Outeursreg, 98 van 1978.
- Republiek van Suid-Afrika. 1993. Wet op Handelsmerke, 194 van 1993.
- Republiek van Suid-Afrika. 1993. Wet op Modelle, 195 van 1993.
- Republiek van Suid-Afrika. 1999. Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 25 van 1999.
- Republiek van Suid-Afrika (Departement van Wetenskap en Tegnologie). 2004. Indigenous Knowledge Systems Policy.
- Republiek van Suid-Afrika (Departement Handel en Nywerheid). 2008. The Protection of Indigenous Knowledge through the Intellectual Property System. Staatskoerant 31026 van 5 Mei 2008.
- Republiek van Suid-Afrika. 2005. Wysigingswet op Patente, 20 van 2005.
- Republiek van Suid-Afrika. 2014. Wetsontwerp op die Beskerming, Bevordering, Ontwikkeling en Bestuur van Inheemse Kennisstelsels. Staatskoerant 38574 van 20 Maart 2015.
- Republiek van Suid-Afrika. 2015. Wetsontwerp op die Beskerming, Bevordering, Ontwikkeling en Bestuur van Inheemse Kennisstelsels. Staatskoerant 39910 van 8 April 2016.
- Republiek van Suid-Afrika. 2016. Wetsontwerp op die Beskerming, Bevordering, Ontwikkeling en Bestuur van Inheemse Kennisstelsels. [B 6B-2016] van 14 November 2017.
- Ross, E.S. 2008. Afrocentrism. In J. Middleton & J.C. Miller, *Encyclopedia of Africa Vol. 1*. New York: Thompson Gale, pp. 10-12.
- Sarkin, J. 2009. Who is Indigenous: Indigenous Rights Globally, in Africa, and Among the San in Botswana. *Tulane Journal of International & Comparative Law*, 18:93-130.
- Srinivas, K.R. 2012. Protecting Traditional Knowledge Holders' Interests and Preventing Misappropriation in Traditional Knowledge Commons and Biocultural Protocols: Necessary but Not Sufficient. *International Journal of Cultural Property*, 19(3):401-422.
- Stahl, A.B. 2005. *African Archeology: A Critical Introduction*. Malden, MA: Blackwell Publishing.
- Survival International. 2018. Survival Int'l, Tribes & Campaigns. <http://www.survival-international.org/tribes> [3 Julie 2018].
- Strauss, D.F.M. 2009. *Philosophy. Discipline of the Disciplines*. Grand Rapids, MA: Paidea Press.
- Strydom, H. 1996a. *The international and public law debate on cultural relativism and cultural identity: origin and implications*. Inaugural lecture at the University of the Orange Free State.
- Strydom, H.A. 1996b. The international and public law debate on cultural relativism and cultural identity: origin and implications. *South African Yearbook for International Law*, 21:1-28.
- Tajudeen, A-R. 1996. *Pan-Africanism: Politics, Economy and Social Change in the Twenty First Century*. Michigan: Photo Press.
- Taylor, C. 1994. The Politics of Recognition. In Gutmann (ed). *Multiculturalism: Examining the Politics of Recognition*. Princeton: Princeton University Press.

- Thathong, S. 2014. Lost in Fragmentation: The Traditional Knowledge Debate Revisited. *Asian Journal of International Law*, 4:359-389.
- Tong, L-A. 2010. Protecting Traditional Knowledge – Does Secrecy Offer a Solution? *Potchefstroom Electronic Law Journal*, 13(4):159-180.
- Tong, L-A. 2011. Intellectual property rights and traditional knowledge. In H. Klopper, T. Pistorius, B. Rutherford, L-A. Tong, P. van der Spuy, A. van der Merwe, *Law of Intellectual Property in South Africa*. Durban: Lexis Nexis.
- Unesco. 1966. Declaration of the Principles of International Co-operation. Proclaimed by the General Conference of the United Nations Education, Scientific and Cultural Organisation. http://www.portal.unesco.org/en/ev.php-URL_ID=13147&URL_DO_TO_PIC&URL_SECTION=201.html [19 October 2018].
- Unesco. 1982. *World Conference on Cultural Policies. Mexico City 26 July – 6 August 1982. Situation and Trends in Cultural Policy in Member States of Latin America and the Caribbean*. CLT/82/MONDIACULT/REF.1?LAC). <http://www.unesdoc.unesco.org/images/004/0049347eo.pdf> [1 November 2018].
- United Nations. 1966. International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights (ICESCR). G.A. Res. 2200A (XXI) (16 December 1966).
- United Nations Permanent Forum on Indigenous Issues (UNPFII). 2006. United Nations Declaration on the Rights of Indigenous Peoples: A Historical Overview. <http://www.un.org/esa/socdev/unpfii/en/declaration.html> [30 Julie 2018].
- United Nations. 2007. Declaration on the Rights of Indigenous Peoples, G.A. Res. 61/295, U.N. Doc. A/RES/61/295.
- United Nations. 2008. Declaration on the Rights of Indigenous Peoples. <http://www.iwgia.org/sw248.asp> [30 Julie 2018].
- United Nations Special Rapporteur on Indigenous Peoples, Study on Treaties, Agreements and Other Constructive Arrangements Between States and Indigenous Populations, delivered to the Commission on Human Rights, Sub-Commission on Prevention of Discrimination and Protection of Minorities, 1999. U.N. Doc. E/CN.4/Sub.2/1999/20 (22 June 1999).
- Varadarjan, D. 2011. A Trade Secret Approach to Protecting Traditional Knowledge. *Yale Journal of International Law*, 36(2):371-420.
- Walters, R.W. 1997. *Pan-Africanism and the African Diaspora: An Analysis of Modern Afrocentric Movements*. Michigan: Wayne State University Press.
- Xiaodong, T. & Xiurong, H. 2015. Research on the Intellectual Property Rights of Traditional Knowledge from the Perspective of Intellectual Property Strategy: Traditional Knowledge in Dialogue between Tradition and Modernity. *China Legal Science*, 3(40):30-60.

“Hervormd” of “gereformeerd?": Die keuse voor die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Zuid-Afrikaansche Republiek in 1866

“Hervormd” or “gereformeerd?": The choice the General Assembly of the Dutch Reformed Church had to make in the South African Republic in 1866

P.J. STRAUSS

Navorsingsgenoot, Departement Historiese en Konstruktiewe Teologie
Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein
E-pos: StraussP@ufs.ac.za



Piet Strauss

PIETER JOHANNES STRAUSS word in 1988 'n dosent in Ekklesiologie of Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan sy alma mater, die Universiteit van die Vrystaat en tree op 30 Junie 2015 af. Benewens ongeveer honderd artikels in geakkrediteerde akademiese tydskrifte, het Strauss ook verskeie boeke geskryf. Hy spits hom toe op gereformeerde kerkreg en kontemporêre Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis, soos blyk uit onlangs verskene werke. In die kerkreg lewer *Kerk en Orde vandag* (2010), blyke van 'n reformatoriese deurwerk van die bekende *Solas* van die Reformasie van die sestiende eeu na vandag. *Kerkwees in die branding – die Nederduitse Gereformeerde Kerk in algemene sinodale verband 1994–2011* (2013), verteenwoordig 'n kontemporêr kerkhistoriese werk vanuit 'n reformatoriese benadering.

Strauss was vir twee termyne, van 1999–2003 en 2005–2008, die moderator van die Vrystaatse Sinode van die Ned. Geref. Kerk. Hy beklee dieselfde amp by die Algemene Sinode, van 2007–2011. Hy is ook aktief op kultuurterrein en was vir 12 jaar, van 2001–2013, die hoofleier van die Afrikaanse jeugbeweging, Die Voortrekkers.

PIETER JOHANNES STRAUSS was appointed as a lecturer in Church Polity and Church History at the University of the Free State in 1988 and retired on 30 June 2015. Apart from some 100 articles in accredited academic journals, Strauss also authored a number of books. He focuses mainly on the topics of Church Polity and modern South African Church History, as can be seen in recently published works. In *Church and Order today* (2010) he argues that 3 *Solas* of the Reformation of the sixteenth century should also be accepted and implemented today, while in *Being church in troubled times – the Dutch Reformed Church in the bond of its general synod 1994–2011* (2013), he uses a reformational approach in modern church history.

Strauss was moderator of the Free State Synod of the Dutch Reformed Church for the periods 1999–2003 and 2005–2007. He was also moderator of the General Synod of the same church in 2007–2011. In addition, he is actively involved in cultural events and, for 12 years (2001–2013), he served as leader of the Afrikaans youth movement, *Die Voortrekkers*.

ABSTRACT***“Hervormd” or “gereformeerd?”: The choice the General Assembly of the Dutch Reformed Church had to make in the South African Republic in 1866***

The Dutch Reformed Church in South Africa, which has congregations within South Africa as well as beyond South African boundaries, is an offspring of the Reformed Church in the Netherlands of the 17th century. The word “Dutch” in its name indicates a link with the Dutch people, the Dutch language and the Netherlands itself, while “Reformed” refers to the church’s spiritual heritage. This being a heritage which can be traced back to the Calvinistic reformation of the 16th century and particularly the National Synod of Dordrecht (1618–1619), where it was established that the Three Formulas of Unity would henceforth be the confessions of churches in this tradition. These decisions taken at the Dordrecht Synod had a major influence on both the character and governance of the church.

In the 19th century, by means of articles 20 and 23 of the Constitution (1855–1858) of the South African Republic, it was determined that the church of the state would be officially known as the Dutch Reformed Church (“Nederduitsch Hervormde Kerk”). In the Dutch of those days two words were alternately used for the notion reformed: “hervormd” and “gereformeerd”. However, in the 1860’s it became clear that some congregations within the church no longer interpreted the two terms as having the same meaning. While in the said constitution the church of the state was called the “Nederduitsch Hervormde Kerk”, in the church itself “Hervormde Kerk” and “Gereformeerde Kerk” were used as synonyms. But in the church of the 1860’s people openly associated the designation “Hervormd” with a changed liberal Reformed or “Hervormde” Church in the Netherlands. A change of which its church law of 1816 was an indication. Generally, this liberal change referred to a church in which the Three Formulas as a whole were no longer regarded to be scriptural nor was the Bible believed to be the authentic Word of God. It became a church, then, with which some sincere reformed congregationists no longer wished to be associated.

The name “Dutch Reformed Church” (“Nederduitsch Hervormde Kerk”) in the constitution of the Republic was formulated without consulting the church, a legal assembly or representative body of the church. Moreover, no notice of its name in the constitution was given to the church. In other words, the state named the church without having sought the latter’s consent. Some ministers of the Dutch Reformed Church in the Republic accepted this state of affairs, thereby embracing the fact of a new church in a new state with its own name, while others objected to the ruling unilaterally enforced by the constitution of the Republic. However, the latter group did not opt for a separate church and wanted to maintain the relation with the Dutch Reformed Church of the Cape as well as membership of a Dutch Reformed congregation.

The Cape Synod of the Dutch Reformed Church of 1842 decided explicitly and officially on the name Dutch Reformed (“Nederduitse Gereformeerde Kerk”). The same synod was associated with the spirit of the Synod of Dordrecht of 1618–1619. In addition, members of Dutch Reformed congregations in the Cape Colony who had emigrated during and after the Great Trek of 1835–1840 to the South African Republic, wished to stay in their church. The Dutch Reformed congregation of Utrecht of which Frans Lion Cachet became the minister from 1865–1873, spearheaded this movement during the 1860’s.

The years 1865–1866, and especially 1866, proved to be decisive for members of the Dutch Reformed or Dutch-Afrikaans Church in the Republic with regard both to their differences about the choice between “hervormd” and “gereformeerd” and the impact of such divisive opinions in the church. In 1865 a general assembly of the “Nederduitsch Hervormde

Kerk” rejected a proposal by the visiting reverend Cachet to accept the name “Nederduitse Gereformeerde Kerk”, together with the wording of the Dordt Synod in 1619 on the acceptance of the Three Formulas. Almost a year later, in December 1866, the first general assembly of the “Nederduitse Gereformeerde Kerk” was formed and convened in Utrecht, thereby signalling the separation of two Dutch Reformed Churches in the South African Republic. For many years the impression lasted in the latter that the “Nederduitsch Hervormde Kerk” did not regard the Three Formulas of (confessional) Unity as totally in accordance with scripture. It was not until the beginning of the 21st century that the two reformed churches agreed to accept each other’s ministers and members as if they were their own.

KEY WORDS: State church; state constitution; separate, independent church; reformed as “hervormd”; theological liberalism; Dutch Reformed Church

TREFWOORDE: Staatskerk; grondwet van die staat; afsonderlike, onafhanklike kerk; “hervormd” geassosieer met teologiese liberalisme; Nederduitse Gereformeerde Kerk

OPSOMMING

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) in Suider-Afrika spruit uit die 17de-eeuse Gereformeerde Kerk in Nederland. In die jare 1855–1858 word die NG Kerk in die Zuid-Afrikaansche Republiek (1852–1902) se grondwet herdoop tot die Nederduitsch Hervormde Kerk en aangewys as die kerk van die staat. Die identifisering “Gereformeed” of “Hervormd” vir hierdie kerk kom op hierdie stadium as wissel terme in die volksmond voor. Die kerk word egter nie geraadpleeg oor die formulering van die grondwet nie en kry nie amptelik kennis daarvan nie. Sommige leraars en lidmate aanvaar hierdie grondwetlike bepaling. Lidmate van die NG Kerk onder leiding van ds. Frans Lion Cachet van die NG Kerk Utrecht, verset hulle egter teen dié reëling. ’n Liberalisering in geloofskwessies en leefwyse in die ou Nederlandse Gereformeerde Kerk wat na die Hervormde Kerk verander word deur die Algemene Reglement wat hy in 1816 van die staatsowerheid ontvang, is die rede vir die afkeuring van die term “Hervormd”. In 1866 word ’n eie sinode in die NG Kerk in die Zuid-Afrikaansche Republiek gevorm.

INLEIDING EN PROBLEEM

Ds. Frans Lion Cachet is in 1835 in Nederland gebore, maar is van Joodse afkoms. Na sy teologiese opleiding aan die Vrye Skotse Kerk arriveer hy in 1858 in Suid-Afrika. Hy het die Vrye Skotse Kerk gekies, omdat hy intens gekant was teen die sogenaamde liberale teologie aan universiteite in Nederland. Dit was ’n teologie wat Cachet teen die bors gestuit het en wel weens sy aanvaarding van die Nederlandse Dordts-gereformeerde tradisie soos bepaal deur die Nasionale Sinode van Dordrecht van 1618–1619, met sy Drie Formuliere van Eenheid as belydenisskrifte oor die plek van die Skrif en die belydenis in die kerk. Nadat hy tydelik in enkele Nederduitse Gereformeerde (hierna NG) gemeentes werksaam was, word hy in 1862 in Kaapstad gelegitimeer of beroepbaar verklaar na ’n NG Kerk-gemeente (Swanepoel 2008:667). Op 6 Desember 1864 word hy die derde keer beroep na die NG Kerk Utrecht waar hy in Mei 1865 met sy bediening begin. Utrecht is in 1859 staatkundig by die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) ingelyf, maar vanweë sy band met die NG Kerk aan die Kaap, nie by die

grondwetlik erkende staatskerk van die ZAR, die Nederduitsch Hervormde Kerk (hierna NH Kerk), ingeskakel nie.¹

Cachet sou in die jare 1865–1873 as ’n eenmansfiguur met groot ywer die leiding neem in die herstel van die NG Kerk in die ZAR.² Nadat hy by die eerste Algemene Kerkvergadering van die NG Kerk in die ZAR in Desember 1866 op Utrecht as voorsitter opgetree het, doen hy dit nog 5 keer. By hierdie eerste Algemene Kerkvergadering word agt Nederduitse Gereformeerde gemeentes verteenwoordig (notule in Gerdener 1930:332). In April 1873 keer Cachet na Nederland terug. Sy uitgesproke gereformeerde oriëntering spruit onder meer uit die invloed van die Nederlandse Reveil en die bekende Christen-Jood, Isaac da Costa (SABW 1 1976:148).

Die “Algemeene Kerkvergadering der Hervormde Kerk in de Z.A. Republiek” van November 1855 in Pretoria word byeengeroep om te besin oor die vereniging van die NG Kerk in Utrecht “met de andere gemeenten in de Republiek” (aanhalings van Cachet se eie woorde, Cachet 1866:14-15). Toe Cachet aan die woord kom, gee hy te kenne dat hy drie dinge aan die vergadering wil uitwys. Eerstens is dit nie “onverschillig” dat die kerk in die ZAR die “Nederduitse Gereformeerde” of “Nederduitsch Hervormde Kerk” genoem word nie. Dit gaan hier beslis nie om twee name met dieselfde betekenis nie. Tweedens, hoewel die benaming kerklik gesproke nie ’n deurslaggewende saak mag wees nie, moet dit steeds reg of wettig gedoen word: kerklik en nie staatkundig nie. Derdens is dit noodsaaklik dat die kerk steeds sy eintlike naam dra: Nederduitse Gereformeerde Kerk. Hierdie kerk is immers ’n uitvloeisel van die ou Gereformeerde Kerk in Nederland na Afrika (Cachet 1866:20). Op talle plekke verwys Cachet na die NG Kerk as die “oude Gereformeerde Kerk dezès lands [...] onder de Kaapsche Synode [...] in de Z.A. Republiek” – soos die Dordts-gereformeerde of “ou” Gereformeerde Kerk in Nederland voor 1816 ook genoem is. Vir hom verteenwoordig die kwalifikasie “gereformeerde” die geestelike inslag van die kerk voor die intree van afval en agteruitgang na 1816 (Cachet 1866:7,9,18,23,25,36,41). Hy huiwer nie om die beskrywing “Nederduits” te gebruik nie, maar sy klem lê op die gereformeerdeheid van die “Nederduitse Gereformeerde”. Op dié kerk se aanvaarding van die belydenisse van die Dordtse Sinode van 1618–1619 – die Drie Formuliere van Eenheid³ – wat in Suidelike Afrika op die verspreiding

¹ Cachet (1866:24-25) toon aan dat die Volksraad van die ZAR die Nederduitsch Hervormde Kerk wat uit die Nederduits Gereformeerde Kerk as “kerk des lands” sou kom, in artikel 20 van die ZAR-grondwet van 1855–1858 tot staatskerk verklaar het. Die bedoeling was syns insiens nie ’n nuwe kerk nie, maar die erkenning van die NG Kerk onder die naam NH Kerk, as staatskerk. Volgens Cachet, en tereg, is die staatsowerheid regtens egter nie bevoeg om die naam van ’n kerk te verander nie. Omgekeerd kan die kerk ook nie aan die staat voorskryf wat sy naam moet wees nie. Die betrokke “Gouvernement” het die NG Kerk nie hieroor geraadpleeg of van die verandering in kennis gestel nie. Indien die Volksraad met NH Kerk “de oude Gereformeerde Kerk dezès lands” bedoel, sal hy ontdek dat lidmate anders voel: “wy wil bly by Nederduits Gereformeerde”. Met die grondwet se “Hervormde Kerk” wil “wy... niets te maken hebben”.

² In ’n poging om op Marico kerk te hou, loop Cachet hom in 1868 in 2 houe met ’n sambok van kommandant Jan Viljoen vas. Hierdie voorval word later wyd bekend en noop Cachet om om te draai, SABW 1 (1976:150).

³ Hierdie belydenisskrifte is die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB, 1561), die Heidelbergse Kategismus (HK, 1563) en die Dordtse Leerreëls (DL, 1619) as gereformeerde belydenisskrifte wat op hulle beurt in NGB artikel 3 die 3 algemene of ekumeniese belydenisskrifte aanvaar naamlik die Apostolicum, Nicea en Athanasius. Laasgenoemde handel oor die vraag na God Drie-enig as die groot strydvraag in die eerste 5 eeue of vroeë kerk en eersgenoemde verteenwoordig ’n uitdrukking van die eenheid in geloof van die Gereformeerde Kerk en tipies van die stryd in die Reformasie, oor die soteriologie (NG Kerk-Uitgewers 1982).

van die Dordts-gereformeerde tradisie in hierdie wêreld sou volg. Cachet noem die NG Kerk ’n “tak” van die Gereformeerde Kerk in Nederland “gelyk die verklaard is door de Dordtse Synode, getrouw in de leer en zooveel as mogelijk in de praktyken dier Kerk” (Cachet 1866:22).

Dit is op die keuse van die NG Kerk in die ZAR in 1866 vir hierdie soort gereformeerde wees – téén hervormd wees – dat in hierdie artikel gefokus word. Wat was die verskil in betekenis van die begrippe “hervormd” en “gereformeerd” vir Christene op die Nederlandse (die nederduitse vir die sogenaamde lae lande noordwes van Duitsland, Strauss 2016:224) gereformeerde trajek in daardie jare? Watter geloofs- en emosionele waarde en plek het hierdie begrippe vir destydse Afrikaners gehad? Hoekom het dit tot kerklike verdeeldheid en – met die tong in die kies – sambokslae (kyk voetnoot 2) gelei? Sou iets daarvan vandag nog naleef?

Sake wat in die visier kom, is die volgende: waar kom die naam die Nederduitsch Hervormde Kerk in die ZAR van die negentiende eeu vandaan? Watter konnotasies gaan gepaard met die term “hervormd” in sy toenmalige kerkhistoriese konteks in Nederland, negatiewe assosiasies wat hierdie begrip onder mede-gereformeerdes in Nederland én in die NG Kerk in Suid-Afrika verdag sou maak? Watter rol het predikante gespeel in die keuse vir of téén “hervormd” of “gereformeerd” en die kerklike verdeeldheid wat daarop in die ZAR gevolg het? Vir gelowiges wat die Apostolicum (“ek glo aan ’n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges”) sowel as die Drie Formuliere van Eenheid ernstig opneem, is die eenheid van die kerk immers kosbaar. Daarom moes die kwessies wat destyds tot twee kerkverbande gelei het, oor kern- of ernstige en nie randsake nie, gehandel het.

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

Oor die ontstaan van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die 1850’s word daar steeds verskil. ’n Uitgebreide literatuurlys wat om die kwessie van “hervormd” en “gereformeerd” draai en watter van die twee kerke, die Nederduitse Gereformeerde of Nederduitsch Hervormde Kerk, ’n voortsetting van die kerk onder die Voortrekkers van 1835–1840 en vroeër sou wees – selfs vanaf 1652 – illustreer die punt.⁴ Daarom skets hierdie artikel slegs enkele verwickelinge met een oogmerk: waar kom die Nederduitsch *Hervormde* Kerk teenoor die Nederduitse *Gereformeerde* Kerk vandaan? Kom dit uit die NG Kerk in 1865–1866 of het die weë van die twee kerke andersins uitmekaar geloop? Die mikpunt is nie om omstrede kwessies op te los of kritiese vrae te ontketen nie. Historiese spronge word gemaak om aan te toon dat die keuse vir óf “hervormd” óf “gereformeerd” teen 1866 ’n hete twispunt in die ZAR was. Die eintlike tema van hierdie artikel handel oor die NG Kerk van die ZAR se keuse in 1866 vir “gereformeerd” in sy naam én die redes vir sy voortgang binne ’n eie sinodale verband.

Tot met die afloop van die Groot Trek rondom 1840 en die vestiging van ’n nuwe “Afrikander-” of Boeregemeenskap (Giliomee 2003:22-23) in die ou Vrystaat (later Republiek van die Oranje-Vrystaat), Transvaal (later ZAR) en Natal teen omstreeks 1850, het daar een kerk onder Afrikaners bestaan: die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Hierdie kerk of kerkverband volg op die vestiging van die NG Kerk in Suid-Afrika of aan die Kaap – ’n benaming, naas ’n ander naam of twee, wat gereeld vir hierdie kerk gebruik en by die Kaapse Sinode van 1842 amptelik aanvaar is (NGK van ZA 1842:199). In die Vrystaat en Natal is nuwe gemeentes van verhuisers of emigrante sonder slag of stoot of ’n besluit van ’n kerkvergadering, in die Kaapse sinodale verband opgeneem omdat hulle vanuit gemeentes in die Kaapkolonie getrek

⁴ Vgl Engelbrecht (1953); Storm (1989); Dreyer (1999); Gerdener (1930); Dreyer (1936); Scholtz (1956); Van der Watt (1977).

het en in nuwe gemeentes hulle lidmaatskap van 'n NG gemeente wou behou. As doop- en belydende lidmate was hulle die NG Kerk op trek. Die gemeentes en latere kerkverbande wat in die Vrystaat en Natal ontwikkel het, het dit onder die naam van die NG Kerk gedoen (Van der Watt 1977:122-123, 128). Nuwe gemeentes in die Vrystaat en Natal is gevorm en, waar nodig, na 1850 in 'n ring en die Kaapse Sinode opgeneem. Dit was 'n normale uitbreiding van die NG Kerk deur lidmate wat van woonplek verander het. Dieselfde patroon is sedert die 1700's gevolg met die uitbreiding na die ooste en noordooste van die Kolonie deur die trek van veeboere – ook uit NG gemeentes – op soek na weiveld vir hulle vee (Strauss 2011:265-276). Die opvatting was dat kerklike grense nie deur staatkundige grense bepaal word nie, maar deur die Christelike geloof wat as dié faktor die kerk oor staatsgrense heen bind. Al sou die grense van gemeentes as geloofseenhede waarin die geloof sake moet bepaal, ook geografies-fisies vasgestel word – iets wat onafwendbaar en nodig vir 'n effektiewe bediening is (Strauss 2016:215). Die ongelukkige uitspraak van die Kaapse Hooggeregshof in die Loedolff-saak in 1862 is egter so vertolk dat Ordonnansie 7 van 1843 die NG Kerk in Suid-Afrika (in die Kaapkolonie) in sy gemeentes en sinodale verband tot die staatsgrense van die Kolonie beperk (Van der Watt 1973:25-46). Die Loedolff-uitspraak was in beginsel foutief omdat kerkgrense nie deur staatsgrense beperk kan word nie, maar gekoppel moet word aan die kerkeie vraag hoeveel lidmate 'n sinvolle gemeente en hoeveel gemeentes 'n sinvolle verband in 'n sekere gebied of gebiede kan vorm (Cachet 1866:7; Van der Watt 1973:127-138).

Die uiteenloop van die NG Kerk en NH Kerk in die Overvaalse gebied of noord van die Vaalrivier na 1850 sou egter met 'n anderse hantering van die NG gemeentes in hierdie geweste as dié in die Vrystaat en Natal kom. In hierdie verdeling sou drie gebeure uitstaan: die mislukte inlywing van die NG gemeentes in die ZAR by die Kaapse Sinode in 1852–1853; die benaming van die staatskerk in artikel 20 en 23 van die Transvaalse of ZAR-Grondwet van 1855–1858 as “Nederduitsch Hervormde Kerk” en die vorming van 'n eie sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die ZAR ongeveer 1866 (Cachet 1866:16-18; Gerdener 1930:322-335; 582-586; Gerdener 1934:249-263; Dreyer 1999:122-123, 127).⁵

Die Kaapse Sinode van 1837 het hom negatief oor die Groot Trek uitgelaat. Die emigrasie het volgens die Sinode sonder charismatiese leiers soos 'n Moses en 'n Aäron en 'n beloofde land soos Kanaän plaasgevind. Boonop wil die emigrante, aldus die sinode, hulle nie aan hulle wettige owerheid, die Britse owerheid aan die Kaap, onderwerp nie – 'n tugwaardige sonde wat indruis teen die 5e gebod (herderlike brief in Dreyer 1929:3-4; vgl Strauss 2015:274-289). Teen 1843 met 'n besoek van A. Faure, aktuaris of kerkordeman van die Kaapse Sinode aan Natal, het dit egter geblyk dat stemme nou in die Kaapse Sinode opgaan dat die Groot Trek 'n emigrasie en nie 'n onwettige, onBybelse daad was nie (verslag *Afvaardiging van ds A Faure na Natal*, in Dreyer 1929:40-73; Van der Watt 1977:49-50). In 1850 het die Kaapse Sinodale Kommissie besluit om die gemeentes in die Oranjerivier “Souvereiniteit” en Natal in te deel in die Ring van die Transgariëp – 'n Ring binne die Kaapse Sinode aan die oorkant van die Gariëp- of Oranjerivier. Teen die agtergrond van hulle emigrasie en die eenheid in belydenis, kerkregering en tradisie was hierdie stap kerklik verantwoord en natuurlik (Van der Watt 1977:98). Daarmee is die weg ook vir die Overvaalse gemeentes gebaan om op 'n soortgelyke wyse by die Kaapse Sinode in te skakel. Hulle verhouding met die Kaapse NG Kerk het kerkregtelik nie hiervan verskil nie (Strauss 2015:287).

⁵ Gerdener (1930) publiseer gekontroleerde argiefstukke vir die geskiedenis van die NG Kerk in die Transgariëp na afloop van die Groot Trek van 1835–1840 in sy *Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Transgariëp*.

Die verhouding van die gemeentes in die ZAR met die Kaapse Sinode sou egter anders verloop. Soos genoem, sou veral drie uitstaande gebeure aanleiding gee tot hierdie saak.

DRIE SAKE LEI TOT DIE ONTSTAAN VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

Die *eerste gebeurtenis* was die besoek van die *derde deputasie uit die Kaapse Sinode in hierdie jare*, di. JH Neethling van Prins Albert en Andrew Murray van Bloemfontein, aan die NG Kerk-gemeentes in die ZAR in 1852. Murray kom uit die NG Kerk in Bloemfontein wat van buite die Kolonie op daardie stadium reeds deel van die Kaapse Sinode was (Gerdener 1934:244). Op die versoek van 'n gekombineerde kerkraadsvergadering in Mei 1852 op Potchefstroom dat die besoekers hulle van 'n vaste predikant voorsien, vra die deputasie of die gemeentes in die ZAR by die Kaapse Sinode sou bly en die pos van 'n toekomstige leraar, ten opsigte van besoldiging, van owerheidsweë gewaarborg word. Uit die toeligtig van die deputasie tydens die vergadering val twee sake op. Eerstens word van die Kaapse Sinode as die "Synode der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika" gepraat (aanhaling in Gerdener 1934:247). 'n Naam wat 'n dekade later dikwels deur ds. F. Lion Cachet vir die NG Kerk teenoor "hervormd" gebruik word en in hierdie tyd skynbaar ook in die kerklike omgang gebesig is. 'n Naam wat verbind word aan die ou Gereformeerde Kerk in Nederland voor 1816.

Tweedens wys Neethling daarop dat sodanige leraar onder geen ander staatsowerheid kan dien as die owerheid van die ZAR nie. Die Kaapse Sinode wil hom ook nie bemoei met die "Burgelike belangen dezer gewesten" nie. Skynbaar was daar by lidmate van die Gereformeerde Kerk in die ZAR 'n vrees vir inmenging van die Britse owerheid in die ZAR onder die dekmantel van die Kaapse NG Kerk: 'n anti-Britse Regeringsingesteldheid wat van voor die Groot Trek kom en wat 'n dryfveer vir staatkundige en kerklike onafhanklikheid in die ZAR was. Trouens, 'n anti-Britse gevoel wat hulle op hierdie stadium dieper geroer het as die keuse vir "hervormd/gereformeed". Dit het daartoe gelei dat hulle die stryd oor laasgenoemde aan meer kundige predikante oorgelaat het. Vir lidmate in die breë kon 'n kerk met 'n sigbare Britse sentiment – soos die Kaapse Sinode van 1837 met sy kritiek op die Trek (Strauss 2015:280-282) – bevorderlik vir 'n verwerplike Britse inmenging wees. 'n Vrees en 'n emosie onder lidmate wat 'n realiteit was.

Die deputasie gee egter hulle goedkeuring aan die gebruik dat die Volksraad die besluite en beroep van 'n predikant deur kerkvergaderings goedkeur. Die deputasie en gekombineerde kerkvergadering stel mekaar met hulle standpunte oor en weer tevrede. Die *gekombineerde kerkraadsvergadering van Mei 1852 wat reeds hierdie weg ingeslaan het, vra dus om by die Kaapse Sinode ingeskakel te word*. Die volgende dag keur die Volksraad van die ZAR hierdie verloop van sake goed. Hoewel ander dele van die NG Kerk in die Transgariëp sonder enige besluit by die Ring van die Transgariëp en die Kaapse Sinode ingeskakel het, word die gemeentes in die ZAR deur die deputasie gevra om hulle hieroor uit te spreek. Neethling en Murray wou daarmee die kerklike posisie van 'n toekomstige leraar – en sy band met die Kaapse Sinode – bevestig. Tog laat hulle so die indruk dat die NG Kerk in die ZAR "nee" kon sê vir inskakeling by die Kaapse Sinode (Gerdener 1934:244-248; Van der Watt 1977:55-57).

Bykans 'n jaar later, op 8 Augustus 1853, word die *versoek van die ZAR-gemeentes om inskakeling by die Kaapse Sinode, by 'n Algemene Kerkvergadering te Rustenburg teruggetrek*. Dié besluit word óók deur die Volksraad bekragtig. Die Algemene Kerkvergadering kom byeen onder nuwe omstandighede. Na sy aankoms uit Nederland in Kaapstad word teologiese student Dirk van der Hoff op 9 November 1852 as 'n proponent in die NG Kerk gelegitimeer en vir

die ZAR geormerk. Op 6 Junie 1853 word hy tot leraar van die NG gemeente Potchefstroom verklaar. Van der Hoff kom uit die Nederlandse Hervormde Kerk en word opgelei in Leiden. Op die Algemene Kerkvergadering van 8 Augustus 1853 word Van der Hoff die skriba nadat hy te kenne gee dat hy nie voorsitter wil wees nie. Hoewel hy aanvanklik inlywing by die Kaapse Sinode bepleit, word hy volgens eie getuienis eventueel oortuig dat dit nie sal deug nie. Nadat hy omgeswaai en “plegtiglijk” verklaar het dat inlywing by die Kaapse Sinode vir die NG Kerk-gemeentes in die ZAR ten opsigte van hulle onafhanklikheid nadelig kan wees, belowe hy om die saak van ’n afsonderlike kerkverband vir hierdie gemeentes te bevorder. In ’n algemene stemming word inlywing by die Kaapse Sinode daarna deur die vergadering verwerp. As redes word gegee dat die Kaapse Sinode nie ’n leraar aan die Kerk in die ZAR voorsien het nie en hierdie gemeentes hulle nie aan die “kerkelyke wetten” van die Kaapse Kerk kan onderwerp nie (Gerdener 1930:207-208).

Beide redes kom vreemd voor. Van der Hoff is juis op 9 November 1852 deur A. Faure, die Aktuaris van die NG Kerk in Suid-Afrika, vir gemeentes in die ZAR beroepbaar gestel. Daarby het die “vereenigde Kerkradsvergaderingen” van die, let wel, “Nederduitsch-Gereformeerde Gereformeerde Gemeentes” in die ZAR, soos dit steeds in hierdie kringe genoem word, in Mei 1858 die Kaapse Wette en Bepalinge as grondslag en voorbeeld vir sy eie kerkwet gebruik. ’n Kerkwet wat byna ’n herhaling van die Kaapse Wette is en eers in 1863 deur die Volksraad aanvaar word. Die gewraakte Kaapse Kerkwet word dus vir ongeveer 10 jaar – van 1853 tot 1863 – nog in die Nederduitsch Hervormde Kerk in die ZAR gebruik (Gerdener 1930:632; Van der Watt 1977:69).

Ter verduideliking stuur die Algemene Kerkvergadering van die gemeentes in die ZAR op 2 September 1861 aan die Kaapse Sinode sy wens om ’n “eigen bestuur (te) hebben wil” – hy wil (immers) kerklik-organisatories onafhanklik wees – maar ook susterskerkbetrekkinge met die NG Kerk in Suid-Afrika behou (Van der Watt 1977:72). Die besluit vir kerklik-organisatoriese onafhanklikheid sowel as die naam van die staatskerk van die ZAR in die Grondwet van 1855–1858 as die Nederduitsch Hervormde Kerk, sou die eie kerkwees van hierdie kerk verseker.

In die *tweede gebeurtenis* kom die *amptelike uitspel van die naam van die onafhanklike Hollands-Gereformeerde Kerk in die ZAR* nie van ’n kerkvergadering nie, maar uit die *Grondwet van die ZAR van 1855–1858*, artikel 20. ’n Benaming waarby die lidmate van hierdie kerk met verloop van tyd sou inval. In artikel 20 van die Grondwet word die kerk van “dit land” aangedui as die *Nederduitsch Hervormde Kerk* (Cachet 1866:17). Dit wil egter voorkom asof beide name – Nederduitse Gereformeerde (of net Gereformeerd) én Hervormd – in politieke en kerklike kringe in die ZAR in gebruik was, selfs na die aanvaarding van die Grondwet in 1850–1858 (Van der Watt 1977:73). Van der Watt toon aan dat nóg die staat, nóg die kerk in die ZAR op hierdie naam in artikel 20 van die Grondwet besluit het. Die naam moet “eerder gewyt” word aan Jacobus Stuart, ’n Nederlander wat met die opstel van die Grondwet “belas was”. Die naam “Hervormde Kerk” was in ooreenstemming met dié van die kerk van Dirk van der Hoff, aanvanklik die enigste predikant in die ZAR, in Nederland. Volgens Van der Watt het die owerheid van die ZAR na 1855 byna sonder uitsondering na die Hervormde Kerk verwys, terwyl Van der Hoff self hom tot in die laat 1850’s – in kerklike korrespondensie – van die naam “Nederduitse Gereformeerde Kerk” bedien het (Gerdener 1930:632;651,672,676). In 1859 ageer Van der Hoff as praeses en skriba van die Algemene Kerkvergadering van die – nou werklik – Nederduitsch Hervormde Kerk (kennisgewing deur Van der Hoff op 28 Junie 1859 in Gerdener 1930:672-673). Wat in die ZAR egter tot ’n groot mate onbekend was, was dat “Hervormd” in Nederland – soos in die staatkundig vasgestelde Algemene Reglement

van 1816 wat met die naam Hervormde Kerk aan die ou Gereformeerde Kerk opgedwing is – aan die invloed van die Franse Besetters van 1795 met hulle denke uit die Franse Rewolusie van 1789 toegeskryf word en onder gereformeerdes as gelade beleef is (De Jong 1985:308; Cachet 1866:19). Daarop kom ons terug.

In die *derde gebeurtenis* reël Cachet, op grond van sy konfrontasie met die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk in 1865, in *Desember 1866* vanuit die Nederduitse Gereformeerde Kerk Utrecht aldaar 'n *Algemene Kerkvergadering van die Ned Geref Kerk in die ZAR*. Agt gemeentes word verteenwoordig. Teenoor die Nederduitsch Hervormde Kerk as staatskerk verklaar hierdie vergadering dat hulle verenig onder

...een kerkbestuur als de Nederduitsch Gereformeerde Kerk in de Z.A. Republiek, terwijl wij de Nederduitsch Gereformeerde Kerk in de Kaapkolonie beschouwen als onze moederkerk in Afrika – dat wij in de leer zullen vasthouden aan den Bijbel, het Woord Gods, en dienvolgens streng zullen handhaven de Formulieren van Enigheid der Geref Kerk als vastgesteld in de Synode van Dordrecht 1618–1619, en in de Lithurgie en openbare Godsdienstoefening ons blijven regelen naar die gebruiken der Ned Geref Kerk in Kaapkolonie. (Notule in Gerdener 1930:332-335; Gerdener 1934:306)

Dieselfde vergadering verklaar dat 4 Desember voortaan as 'n kerklike feesdag vir die “vereeniging onzer gemeenten in de Republiek” herdenk sal word. Die verhouding van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die ZAR met die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (GKSA) is “eene vriendskaplike” (notule in Gerdener 1930:333). Met betrekking tot die Nederduitsch Hervormde Kerk in die ZAR sê die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die ZAR egter

Dat de deur onzer kerk zoo wijd als mogelijk geopend is voor de leden der Ned. Herv. Kerk die getrouw willen blijven aan hunne moederkerk. (Notule in Gerdener 1930:334.)

Waar die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die ZAR na ongeveer 7 jaar 'n vriendskaplike toon teenoor die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (GKSA), wat in 1859 uit die Hollands-Gereformeerde Kerk in die ZAR gevorm is, aanslaan, toon hy 'n afwysende houding teenoor die Nederduitsch Hervormde Kerk. Die klem wat Utrecht-1866 op die Drie Formuliere en die Sinode van Dordrecht van 1618–1619 plaas, verklaar waarskynlik ook sy vriendeliker houding teenoor die GKSA wat vir dieselfde sake bekend is (Gerdener 1930:660-661; Van der Watt 1977:84).

Hierdie houding by die eerste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die ZAR, word in 'n meer verstaanbare perspektief geplaas as Cachet en kiese botsings met die Nederduitsch Hervormde Kerk in die ZAR in 1865 in ag geneem word. Botsings wat 'n skerp verskil tussen die twee partye oor die terme “gereformeerde” en “hervormd” openbaar en die sake in meer besonderhede uiteensit.

DIE BOTSINGS VAN 1865

Die botsings waarna verwys word, vind by twee geleenthede plaas: die vergadering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die ZAR op Rustenburg op 26-28 Junie 1865 en die Algemene Kerkvergadering op 20 November 1865 in Pretoria (notules in Gerdener 1930:263,269; vgl Cachet 1866:12,14).

Op die vergadering van die Kommissie lê Cachet, naas minder omstrede sake, twee groot kwessies voor. Kwessies wat Utrecht se verhouding met die Nederduitsch Hervormde kerkverband vertroebel. Die eerste is die naam Nederduitsch Hervormde Kerk wat “op geene wettige wijze” in plaas van Nederduitse Gereformeerde Kerk vir die kerk gebruik word en die tweede die afwesigheid van ’n aanduiding van die belydenisskrifte van hierdie kerk in sy kerkwet. Sy vraag is: wat is die belydenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk? Beide sake word na die Algemene Kerkvergadering wat 20 November 1865 in Pretoria plaasvind, verwys (notule in Gerdener 1930:263-265).

By die Algemene Kerkvergadering word die twee afgevaardigdes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Lydenburg wat beswaar maak teen die naam Hervormd, ten aanvang van hulle sittingsreg ontnem en gevra om die vergadering te verlaat (notule in Gerdener 1930:269).

Volgens die sakelys moet die “zaak van Ds. Cachet” (Utrecht) hier behandel word. Cachet wys egter daarop dat dit nie oor sy saak nie, maar dié van die “Geref. Gemeente Utrecht” en die “Gereformeerde Kerk in de Republiek” gaan (notule Gerdener 1930:271; die naam “Geref Kerk in de Republiek” nie in notule, maar in Cachet 1866:16). Selfs op hierdie punt besig hy “gereformeerde” as ’n gebruiksnaam. Daarmee sluit hy aan by die gewoonte om van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika net as die Gereformeerde Kerk te praat.

Cachet begin met die kwessie van “hervormd” of “gereformeerde”. Hy stel die ou Gereformeerde Kerk en die goue 17e eeu – kerklik en staatkundig – in Nederland téénoor die Nederduitsch Hervormde Kerk na die Franse besetting in 1795. ’n Oornam wat sy invloed op die Gereformeerde Kerk laat geld het en tot die Nederduitsch Hervormde Kerk in 1816 aanleiding gee. Aangespoor deur die vryheid van die Franse Rewolusie het daar, aldus Cachet, toenemende vryheid in die “Hollandsche Kerk” ingetree wat tot losbandigheid in leer en lewe en selfs ongelooft gelei het (in notule in Gerdener 1930:271).

’n Paar maande later voeg hy by dat groot afval in Nederland op die politieke omwenteling van 1795 gevolg het toe die koninklike Huis van Oranje deur die Franse uit “Holland” verjaag is. Holland het ’n provinsie van Frankryk geword. Die situasie is beëindig toe Napoleon in 1813 verslaan en Prins Willem VI koning gemaak is. Die Franse vryheid, gelykheid en broederskap het in die Kerk tot ’n “begeerde leervryheid” téénoor ’n gebondenheid aan die “leer” (Cachet verwys na die leer of geformuleerde geloof in die Drie Formuliere, NGK 1998:414,465,517,520) van die Drie Formuliere van Eenheid gelei. ’n Begeerte na gelykheid en broederskap met “anders denkenden” het ook ontwikkel. Broederskap is selfs met die Remonstrante gesoek wat deur die Sinode van Dordrecht en die Dordtse Leerreëls in 1619 met die leer van die uitverkiesing en volharding van die gelowiges, skerp veroordeel is. In 1816 is die Gereformeerde Kerk deur die staatsowerheid herbenaam as die Nederduitsch Hervormde Kerk met ’n “uitwendige kerkregeling” (die Algemene Reglement van 1816) van owerheidsweë wat hom in sy kern skerp van die “oude Gereformeerde Kerk des lands” onderskei het. Cachet meen dat die nuwe ondertekeningsformulier van die Hervormde Kerk wat die belydenisskrifte onderskryf as “zoo ver die met Gods Woord ooreenkwamen” en nie *omdat* die leer in hierdie stukke vervat ooreenkom met die Woord nie, tot leervryheid lei. Elke leraar kan self bepaal watter deel van hierdie geskryfte Skriftuurlik is en watter nie. ’n Vryheid wat Cachet ook in die Nederduitsch Hervormde Kerk in die ZAR waarneem – daarop kom ons terug. Teen hierdie agtergrond wou die Christelik Afgeskeie Gereformeerde Kerk wat in 1834 uit die Nederduitsch Hervormde Kerk kom, teruggryp op die besluite van die Dordtse Sinode van 1618–1619. Die Afgeskeie Kerk kon hom nie vereenselwig met die rigting in die

nuwe Hervormde Kerk wat hom in 'n gewaande Christelike vryheid wil losmaak van die sogenaamde knellende juk van die Dordtse vaders – teenoor kerklike vryheid – nie (Cachet 1866:19-21).

Cachet wys daarop dat die predikante van die Hervormde Kerk in die ZAR aanvoer dat “gereformeerde” en “hervormd” in Nederlands sinonieme is. Dit is volgens hulle nie belangrik of die kerk “gereformeerde” of “hervormd” genoem word nie. Binne die voorafgaande konteks is die verskil vir Cachet egter nie “woorden zifterij” nie. Die naam Nederduitsch Hervormde Kerk word in die 1860's openlik geassosieer met die geestelike verval van die kerk in Nederland en staan direk teenoor die Dordts-gereformeerde tradisie met sy Drie Formuliere van Eenheid en ander kerklike reëlings (Cachet 1866:18).

Op sy vraag op die Algemene Kerkvergadering waar die Kerk wat alleen by magte is om sy eie naam te kies, besluit het om “Nederduitsch Hervormd” as naam te aanvaar en of die “Gouvernement” die Kerk van die verandering soos weerspieël in die Grondwet van die ZAR, in kennis gestel het, deel die voorsitter, ds Smits, Cachet mee “dat dit niet uit de notulen bleek”. Smits beweer dat die Volksraad van die ZAR die naam verander het na 'n debat van drie ure en nie, soos deur sommige ontevredenes beweer, deur ds. Dirk Van der Hoff, die predikant van die Gemeente Mooirivier nie (Cachet 1866:17-18).

Cachet se voorstel dat die vergadering die naam Nederduitse Gereformeerde Kerk teenoor Nederduitsch Hervormd aanvaar, word egter met algemene stemme verwerp. Daarteenoor word Smits wat aan die woorde “hervormd” en “gereformeerde” dieselfde betekenis toeken, se voorstel dat die vergadering bly by Nederduitsch Hervormde Kerk, met algemene stemme⁶ aanvaar (notule in Gerdener 1930:272). Die “Hollandse” dominees beïnvloed die debat en die besluit is dus beslissend.

Hoe sterk Cachet teen die naam “Hervormde Kerk” gekant was, sou 'n jaar later in sy publikasie oor hierdie gebeure onderstreep word. Hierin beweer Cachet dat Gods Woord deur Hervormde dominees en godsdiensonderwysers “straffeloos” verdraai word: dat hulle leer dat die Bybel nie Gods Woord is nie, maar Gods Woord in die Bybel gevind word; dat Christus nie waarlik God is nie; dat wedergeboorte deur die Heilige Gees net sedelike verbetering is; dat daar geen uitverkiesing of ewige verwerping soos by Dordt geleer, is nie; en dat van hierdie onderwysers en predikante die onBybelse amp van 'n apostel van die ongeloof, beoefen. Volgens Cachet huisves die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n minderheid “leeraars en leden” wat aan die waarheid getrou is en hulle nie oorgee aan leervryheid, bandeloosheid, ongeloof en goddeloosheid nie (Cachet 1866:21). Sterker taal teenoor 'n kerk kan kwalik gebesig word ...

Hiermee kies Cachet en Utrecht vir gereformeerde teenoor hervormd. Teen hierdie agtergrond en in die skerp taal van 'n bekeerde Hollandse Jood, asook ander gereformeerdes uit die Afskeiding van 1834 in Nederland of lidmate in die ZAR wat na 1866 betrokke is by die herstel van die Nederduitse Gereformeerde Kerk as die “Gereformeerde Kerk”, kon dit kwalik anders. In sy antwoord op die vraag van Smits op die Algemene Kerkvergadering van 1865 oor waar Utrecht aan “Nederduitse Gereformeerde Kerk” kom, voer Cachet aan “dat Utrechts Gereformeerde Kerk [NB] onder de Kaapsche synode ressorteerde” en daarom geen ander naam as Nederduitse Gereformeerde Kerk sal dra nie (notule in Gerdener 1930:272).

⁶ In die presensielys van hierdie Algemene Vergadering ontbreek die naam van die Gemeente Utrecht. Hierdie Ned. Geref. Gemeente – volgens eie bekentenis – was nie deel van die lede en stemgeregtigdes van hierdie Ned. Hervormde Kerkvergadering nie en daarom was dit moontlik dat Cachet se voorstel met algemene stemme verwerp kon word (notule in Gerdener 1930:269). Om dieselfde rede is die Lydenburgers, soos genoem, vroeër reeds die deur gewys.

DIE BOTSINGS VAN 1865: OMDAT OF IN SOVERRE AS...?

Die hantering van die leer of belydenis in die gereformeerde *Drie Formuliere van Eenheid* deur die Nederduitsch Hervormde Kerk in die ZAR of staatskerk, sou ook op die Algemene Vergadering van November 1865 tot 'n botsing tussen Cachet en sy medestanders lei.

Na afloop van die bespreking van die naamkwessie, stel Cachet die vraag: "Welke is de Belijdenis der Ned. Herv. Kerk alhier?" Hy sien met verbasing dat die belydenisse nie in die reglemente van die Nederduitsch Hervormde Kerk opgeneem is nie. Die vereniging van Utrecht met die Nederduitsch Hervormde Kerk van die ZAR staan of val immers by laasgenoemde se hantering van die Drie Formuliere van Eenheid. Die NH predikant van Pretoria, ds Van Warmelo (Cachet 1866:10), is volgens Cachet juis nie deur die Kaapse aktuaris gelegitimeer en dus amptelik gebonde aan die belydenisskrifte nie.

Die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering, ds. Smits van Soutpansberg, antwoord hierop dat die belydenis van die kerk in artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis "duidelijk uitgedrukt staat". Hierdie artikel gaan oor die volkomenheid van die Skrif wat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, bevat (Notule in Gerdener 1930:272-273; NG Kerk Uitgewers 1982:11). Die artikel verwys egter slegs na die genoegsaamheid van die Skrif ten opsigte van die leer van die saligheid, terwyl die ander belydeniskwessies ontbreek.

Cachet noem hierdie antwoord tereg "ongenoegsaam". Sy vraag bly: is die Nederduitsch Hervormde Kerk gebou op die gereformeerde belydenisskrifte en handhaaf hy dit? Op die ou end kom Cachet met 'n voorstel wat op die Dordtse ondertekeningformulier geskoei is (vgl Strauss 2006:651-652) en die Drie Formuliere erken as "in alles met Gods Woord ooreen te komen". Volgens die notule van die vergadering word dieselfde bewoording in 'n ondertekeningformulier in die Nederduitse Gereformeerde Kerk van die Vrystaat gebruik. Van der Hoff reageer negatief met die standpunt dat hy by die Nederlands-Hervormde formulering van steun aan die belydenisskrifte *in soverre as* wat dit met die Skrif ooreenstem, bly. Ook Smits en Begemann weier om Cachet se formule te onderteken terwyl die ouderlinge en diakens, volgens notule, erken dat hulle onbekend is met die leer van die uitverkiesing in die Dordtse Leerreëls. Die skriba (Van der Hoff, Gerdener 1930:274?) voeg sy subjektiewe indrukke by: "Het blijkt dat de leer bij allen aan zwaarigheid lijdt". Die voorstel van Cachet word eventueel met algemene stemme verwerp en Smits se antwoord op Cachet se vraag, algemeen aanvaar (notule in Gerdener 1930:273).

Wat Cachet betref, werp die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die ZAR ten opsigte van Utrecht hiermee die teerling: 'n onaanvaarbare naam vir die Gereformeerde of Nederduitse Gereformeerde Kerk in die ZAR én 'n onaanvaarbare hantering van die Drie Formuliere van Eenheid as belydenisskrifte. Laasgenoemde is 'n kernsaak van gereformeerde kerkwees in een kerk- of sinodale verband. 'n Saak waarop Cachet ook in sy voorlegging wys. Hy beloof nietemin om 'n notule van die Algemene Kerkvergadering aan sy kerkraad voor te lê en die Algemene Kerkvergadering van die antwoord van laasgenoemde te voorsien (notule in Gerdener 1930:274).

Wat opvallend is, is dat beide partye onbeweeglik hakke ingeslaan het by hulle bekende standpunte en geen poging aanwend om op 'n modus operandi vir kerkeenheid tussen kerke van, ten minste formeel, dieselfde belydenis te besluit nie. Die teenwoordige ouderlinge en diakens se onbekendheid met die Dordtse Leerreëls én houding van die Dordtse Sinode van 1618–1619 oor die Drie Formuliere kon egter ook dié van Utrecht se ouderlinge en diakens gewees het. Dit beteken dat Cachet se inisiatiewe, leiding en publikasie (uitgegee deur die Kerkraad van Utrecht, Cachet 1866:2) in 1865–1866 en die standpunte van Van der Hoff en

Smits op die Algemene Kerkvergadering van 1865, daarop dui dat die optrede van predikante in hierdie botsing beslissend was. ’n Nederlandse verskil soos in hierdie artikel geïllustreer, is eenvoudig op die kerk in die ZAR oorgeplant. Die gevolg was ’n ongelukkige verdeeldheid.

DIE ANTWOORD VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN DIE ZUID-AFRIKAANSCH REPUBLIEK IN 1866

Uit ’n Dordts-gereformeerde hoek beskou het Cachet ten opsigte van die naam van die Kerk en die handhawing van die belydenis gelyk gehad. In sy betoog by die Algemene Kerkvergadering van November 1865 toon hy aan dat die naam “Hervormd” na 1816 in Nederlandse of Nederduitse gereformeerde kringe – soos in die ZAR – belas en omstrede is. Daarby is die steun aan die belydenisskrifte “in soverre as” wat hulle met die Bybel ooreenstem, nie Dordts- of Nederduits-gereformeerd nie, maar ’n skuiwergat vir individuele leervryheid en -dwaling. Naas die naam van die kerk as ’n sekondêre kerklike saak, is die verskille met die Nederduitsch Hervormde Kerk in die ZAR oor die Drie Formuliere beslissend negatief vir die vorming van een kerkverband vir die Nederduitsch Hervormde en Nederduitse Gereformeerde Kerk. In beide sake sou die NG Kerk deur sy Algemene Vergadering van 3 Desember 1866 op Utrecht, en téenoor die NH Kerk in die ZAR, aansluiting soek en vind by die Kaapse Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Die wolk van die Loedolff-saak in die Kaapse Hooggeregshof van 1862 sou hom egter tot ’n eie, selfstandige kerk- of sinodale verband teenoor die Nederduitse Gereformeerde Kerk(e) buite die ZAR beweeg.

Soos hierbo aangetoon, word agt gemeentes op die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die ZAR op 3 Desember 1866 verteenwoordig. Op die spoor van die gereformeerde beginsel dat kerkverband ’n verband van gemeentes is en hierdie gemeentes deur middel van hulle afgevaardigdes in meerdere vergaderings saamtrek, bepaal hierdie vergadering ten aanvang dat ’n stemming gemeentelik en nie individueel nie, sal wees. Die doel van die vergadering is immers die vereniging van “onzer verstrooide gemeenten, onder een kerkbestuur, op grond van Gods Woord en de Formulieren van Eenigheid der Geref. Kerk” (notule in Gerdener 1930:332). Wat hulle met die woord “verstrooid” wil sê, is dat die vergadering byeekom na ’n geskiedenis van stryd en omstredenheid. ’n Stryd wat seergemaak en uiteengedryf het.

Hierdie uitdruklike “gereformeerde” benadering van gemeentelike stemminge word beklemtoon in ’n verklaring wat die vergadering maak.

Volgens die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die ZAR bestaan hy selfstandig op grond van die Kaapse Hofuitspraak in 1862. Hierdie vergadering in kerkverband is, gereformeerd gesien, ’n vergadering van gemeentes deur middel van hulle afgevaardigdes (Strauss 2010:63-65). Die vergadering beskou die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Kolonie as “onze moederkerk in Afrika”, wil ten opsigte van die leer aan die Bybel as Woord van God vashou (die *sola scriptura* van die Reformasie) én die gereformeerde “Formulieren van Eenigheid der Geref. Kerk “... vasgesteld in de Synode van Dordrecht 1618-19”, handhaaf. Hy bly ook by die liturgie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk “in de Kaapkolonie”. Voorts handhaaf hy die Evangeliese Gesange soos in gebruik en beoog hy nie ’n nuwe sangbundel nie. Bowendien sal geen ander Bybelvertaling as die Statevertaling van 1633 in hierdie kerk “... worden geduld”. Hy erken die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Kaap, Vrystaat en Natal as susterskerke of naaste kerkfamilie en wil die kontak met hulle lewendig en vrugbaar hou (notule in Gerdener 1930:333-335).

Hiermee gee die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die ZAR in 1866 ’n profiel van homself wat klop met die standpunte van ds. Cachet oor “gereformeed” in die stormagtige aanloop tot hierdie vergadering. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die ZAR kies vir “gereformeed” teenoor “hervormd” omdat hy die Dordts-gereformeerde lyn én sy band met die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika of die Kaapkolonie – die ou Gereformeerde Kerk volgens Cachet – wil voortsit. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die ZAR van 1866 wil ’n gereformeerde kerk wees. ’n Kerk met sterk gereformeerde ondertone wat in hierdie tyd nie oral in die Nederduitse Gereformeerde Kerk gehoor word nie (Van der Watt 1980:27-38). Met Cachet aan die spits is die onverskilligheid teenoor die gereformeerde belydenis soos verwoord deur eksponente van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die ZAR in 1865, nie aanvaarbaar nie én as sodanig ’n aanvaarde gereformeerde oorweging vir die vorming van ’n eie kerk. Die Nederlands Hervormde kleeed waarmee dergelike eksponente in die gees of gedagte-wêreld van mense soos Cachet geklee was, het sterk kerklike weerstand deur hulle teenoor “hervormd” ontlok. ’n Persepsie is jare lank gehuldig dat die Nederduitsch Hervormde Kerk “in soverre as”-mense teenoor ware gereformeerde “omdat”-mense was, en dat die Nederduitsch Hervormde Kerk nie werklik Dordts-gereformeed is nie.

SLOT

In die twintigste-eeuse Nederduitsch Hervormde Kerk het daar ’n houding gegroei dat hulle liever reformatories as Dordts-gereformeed wil wees en dat die naam “gereformeed” onaanvaarbare fundamentalistiese tendense omvat. In die vroeg-een-en-twintigste eeu kom die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk in Afrika egter ooreen om lidmaatskap en predikantsopleiding wedersyds te erken en selfs predikante oor en weer te beroep (NGK 2011:139; Strauss 2014:103).

In die 1860’s het die keuse tussen “gereformeed” en “hervormd” in Suid-Afrika ’n keuse in óf die handhawing van die gereformeerde belydenis, gepaard met ’n positiewe houding teenoor Dordts-gereformeerde ontwikkelinge in Nederland, óf ’n keuse vir leervryheid beteken. Vir die voortsetters van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die ZAR wat in 1866 met ’n eie kerkverband en ’n algemene kerkvergadering kom, het hulle onder hierdie omstandighede geen ander keuse gehad nie. Hulle moes vir gereformeed en dus die Nederduitse Gereformeerde Kerk óf, in ds Cachet se gebruiksterme, ou Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika kies. In albei gevalle was die kerke, eie aan gereformeerde kerke of kerke uit die Reformasie, pro-vaderland en pro-Reformasie ingesteld.

Artikel 20 van die Grondwet uit 1855–1858 van die ZAR het bepaal dat die Nederduitsch Hervormde Kerk die kerk van hierdie staat sal wees. Vryheid van geloof en godsdiens is egter gehandhaaf sodat hierdie artikel in praktyk nooit regtig geknel het nie. In die een-en-twintigste eeu het die destydse betekenis van “hervormd” en “gereformeed” soos in die 1860’s in die ZAR verstaan, vervaag en verval. Saam met ander nuwe faktore maak dit dit vir die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Nederduitse Gereformeerde Kerk tans moontlik om as kerke meer saam te funksioneer, predikante oor en weer te beroep en lidmaatskap oor en weer te erken. Ten opsigte van ’n kernvraag in 1866, naamlik die wyse waarop die Drie Formuliere van Eenheid aanvaar word, verseker verteenwoordigers van hierdie kerke mekaar tans in gesprekke dat hulle nie verskil oor die oortuiging dat die Drie Formuliere van Eenheid in hulle, let wel, formulering van die geloof Skriftuurlik is nie. Dit gaan hier immers om geloofsbelydensisse of uitdrukkings van die Christelike geloof (NGK 1998:414-415; Strauss 2015:101).

BIBLIOGRAFIE

- Cachet, F.L. 1866. *Verslag der handelingen van de gemeente Utrecht, in de zaak der voorgestelde vereeniging dier gemeente met de dusgenoemde "Hervormde Gemeenten" in de Republiek*. Pietermaritzburg: Davis & Zonen.
- De Jong, O.J. 1985. *Nederlandse Kerkgeschiedenis*. Nijkerk: Callenbach.
- Dreyer, A. 1929. *Die Kaapse Kerk en die Groot Trek. Amptelike en ander stukke versamel, van aantekeninge voorsien en uitgegee*. Kaapstad: Van de Sandt.
- Dreyer, A. 1936. *Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Dreyer, W.A. 1999. *Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Die eerste 250 jaar 1652–1902*. Pretoria: Kital.
- Engelbrecht, S.P. 1953. *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*. Pretoria: HAUM.
- Gerdener, G.B.A. 1930. *Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Transgariëp*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Gerdener, G.B.A. 1934. *Ons kerk in die Transgariëp. Geskiedenis van die Ned Geref Kerke in Natal, Vrystaat en Transvaal*. Kaapstad: SA Bybelvereniging.
- Giliomee, H. 2003. *The Afrikaners*. Kaapstad: Tafelberg.
- Ned Geref Kerk 1998. *Handelinge van die Algemene Sinode*. Sl:sn.
- Ned Geref Kerk 2011. *Handelinge van die Algemene Sinode*. Sl:sn.
- Ned Geref Kerk van ZA 1842. *Handelingen Algemeene Synode*. In: Ned Geref Kerk 1858. *Handelinge van de Buitengewone (1837) en Algemeene Synode (1842)*. Kaapstad: Van de Sandt De Villiers.
- NG Kerk Uitgewers 1982. *Ons glo... Die Drie Formuliere van Eenheid en ekumeniese belydenisse*. Kaapstad: NG Uitgewers.
- Scholtz, G.D. 1956. *Die geskiedenis van die Ned Hervormde of Gereformeerde Kerk 1842–1885*. Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.
- Storm, J.M.G. 1989. *Die Voortrekkerkerk 1836–1853*. Pretoria: Kital.
- Strauss, P.J. 2006. Die Dordtse tradisie en binding aan die belydenis. *In die Skriflig* 40(4):649-666.
- Strauss, P.J. 2011. Nogeens: watter kerk vergesél die Groot Trek? *Acta Theologica* 31(2):264-277.
- Strauss, P.J. 2015. *Gereformeerdes onder die Suiderkruis 1652–2011*. Bloemfontein: Sun Media.
- Strauss, P.J. 2016. Die naam "Nederduitse Gereformeerde Kerk". *Acta Theologica* 36(1):213-228.
- Strauss, P.J. 2020. *Kerk en orde vandag*. Bloemfontein: Sun Media.
- Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* 1976. Kaapstad: Tafelberg (red W.J. de Kock).
- Swanepoel, F. 2008. Lion-Cachet, Frans 1835–1899. Gaum, F (Hoofredakteur), *Christelike Kernensiklopedie*. Wellington: Lux Verbi, p. 667.
- Van der Watt, P.B. 1973. *Die Loedolffsaak en die Ned Geref Kerk 1862–1962*. Pretoria: RGN.
- Van der Watt, P.B. 1977. *Die Ned Geref Kerk 1834–1866*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Van der Watt, P.B. 1980. *Die Ned Geref Kerk 1824–1905*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

De geloof en theocratie bij C.W.H. van der Post in *Piet Uijs of Lijden en Strijd der Voortrekkers in Natal*

C.W.H. van der Post's faith and theocracy as exemplified in Piet Uijs or the suffering and struggle of the Voortrekkers in Natal

BENNO A. ZUIDDAM

Fakulteit Teologie

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

E-pos: Benno.Zuiddam@nwu.ac.za



Benno Zuiddam

BENNO A. ZUIDDAM is 'n professor verbonde aan die navorsingseenheid van die Fakulteit Teologie van Noordwes-Universiteit (Potchefstroom Kampus). Hy is 'n teoloog en klassikus met doktorsgrade in Teologie (DTh Ekklesiologie) en Grieks (PhD), asook 'n afgestudeerde joernalis. Hy het sy opleiding ontvang by die universiteite van Kampen, Utrecht, Bloemfontein en Potchefstroom. Hy het voorheen in die Vrystaat gebly en is getroud met 'n nasaat van C.W.H. van der Post.

BENNO A. ZUIDDAM is a research professor in the Faculty of Theology, North-West University (Potchefstroom campus). He is a theologian and classical scholar, holding doctorates in Theology (DTh Ecclesiology) and Greek (PhD), as well as a trained journalist. He received his education at the universities of Kampen, Utrecht, Bloemfontein and Potchefstroom. He used to live in the Free State and is married to a descendant of C.W.H. van der Post.

ABSTRACT

C.W.H. van der Post's faith and theocracy as exemplified in Piet Uijs or the suffering and struggle of the Voortrekkers in Natal

Christiaan Willem Hendrik van der Post (1856–1914) was a remarkable writer whose work on the life of Dutch protestant settlers constitutes an important contribution to the understanding of faith and race among the Boers in 19th century South Africa. Unlike the prevailing values of the Victorian age in England, Van der Post's book on the Voortrekker epoch, Piet Uijs or the suffering and struggle of the Voortrekkers in Natal does not in any way endorse or promote a racist outlook on colonial settlement in Africa, but instead tells a story of faith, humility, courage and the rule of law.

Van der Post was a man of many talents. He contributed to the Republic of the Orange Free State as a teacher, farmer and historian. In the period before the Anglo-Boer War he established one of the largest law firms in the Free State. He always remained a Dutchman,

with a calling in Africa. For many years he was the Dutch consul in the Orange Free State, based in Fauresmith, as well as a member of the “Volksraad” (Parliament) of the Orange Free State for this district and a collaborator of president Steyn. He also served as the “Volksraad’s” chairman for a year. During the Boer war he became commandant of the Boer forces in the south and east of the capital Bloemfontein. Even after nearly all his men had surrendered, he continued to fight, reassembled a commando and was eventually captured in the Transvaal. Van der Post was a man of principle. After the war he only returned to the Free State when he could do so without pledging his allegiance to the British Crown.

This article argues, departing from his book *Piet Uijs*, that Van der Post’s faith was decisive for his outlook on life. In Voortrekker leader Piet Uijs he recognised similar principles: a reformed conviction that viewed life from a theocratic perspective. God was the sovereign creator to whom all men owed obedience. His Laws were right and following His guidance was commendable, even if obedience did not result in material gain or social success. His chronicle on Piet Uijs shows that faith, humility and righteousness have an intrinsic value that continue to inspire other people and subsequent generations.

A true Christian leader is capable of independent judgement on the basis of the principles of God’s Word. As far as these were concerned, faith was the substance of things hoped for, the evidence of things that could not be seen as yet (Hebrew 11:1). Like the heroes of faith in Paul’s Epistle to the Hebrews, it may be said about the main characters of Van der Post’s story that “These all died in faith, not having received the promises, but having seen them afar off, and were persuaded of them, and embraced them, and confessed that they were strangers and pilgrims on the earth” (Hebrew 11:13, KJV).

Van der Post’s interpretation of this episode of the Great Trek is a far cry from the nationalistic mythmaking of later generations (e.g. Gustav Preller). Racism does not play a role in this book, and unlike his English Victorian contemporaries, Van der Post cherishes optimistic expectations of faith and ultimate civilisation for the pagan tribes of Africa. His chronicle of Piet Uijs’s enterprise ends in a complete failure for the latter, yet it was nonetheless inspirational as a compass of faith, brotherly love and an unselfish commitment to the rule of law.

KEY WORDS: Race, faith, God, Piet Uijs, Hendrik Potgieter, C.W.H. van der Post, Voortrekkers, Great Trek, Natal, Orange Free State, Boer War, Fauresmith, Philippolis

TREFWOORDEN: Ras, geloof, God, Piet Uijs, Hendrik Potgieter, C.W.H. van der Post, Voortrekkers, Grote Trek, Natal, Oranje Vrijstaat, Boerenoorlog, Fauresmith, Philippolis

OPSOMMING

Christiaan Willem Hendrik van der Post (1856–1914) was ’n veelsydige skrywer wie se werk teruggaan op ooggetuieverslae uit die voorttrekkertyd. Sy boek *Piet Uijs of Lijden en Strijd der Voortrekkers in Natal* stel dat geloof en regverdigheid deugde is wat nagestreef moet word, selfs al eindig dit in mislukking. Van der Post se werk vertoon ’n teokratiese grondhouding. Dit is die mens se geloofsgehoorsaamheid en edele voorbeeld in moeilike omstandighede wat tel. In intermenslike verhoudings is dit geloofsverbondenheid wat belangrik is; ras speel geen rol in Van der Post se boek nie. Anders as sy Britse tydgenote koester hy geloofsverwagting vir die swart heidense stamme van Suidelike Afrika.

1. C.W.H. VAN DER POST ALS VEELZIJDIG SCHRIJVER

Christiaan Willem Hendrik van der Post (1856–1914) was een markant man, die als onderwijzer, veeboer, geschiedschrijver, rechtsgeleerde, Nederlandse consul, lid en voorzitter van het parlement (de volksraad) van de Oranje Vrijstaat (waarbij hij het district Fauresmith vertegenwoordigde) en commandant tijdens de Boerenoorlog op unieke wijze het godsdienstig en politiek leven van de Afrikaner uit die tijd reflecteert. Hij vestigde een van de grootste rechtspraktijken in de Republiek van de Oranje Vrijstaat.¹ Vanuit het boek *Piet Uijs...* verdedigt dit artikel de stelling dat Van der Post geïnspireerd werd door zijn gereformeerde theocratische overtuiging waarbij geloof, nederigheid en recht inherent-nastrevenswaardige deugden zijn. Met name wanneer ze geen zichtbare voordelen opleveren, kunnen ze anderen inspireren tot een beter leven.



Christiaan van der Post (1897, Van der Post 1918: ii)

1.1 Voortrekkers

Van der Post stond zelf relatief dicht op de tijd van de voortrekkers, waarvan hij velen nog persoonlijk had gekend en geïnterviewd. Als literator werd hij bekend door zijn boek *Piet Uijs of Lijden en Strijd der Voortrekkers in Natal*, dat in 1897 voor het eerst uitkwam bij Höveker & Wormser in Amsterdam. Zelf zei hij bij het verschijnen ervan:

¹ CWH van der Post's kleindochter Anne-Marié was één van de eerste vrouwelijke procureurs in Zuid-Afrika.

Veel is er door mij neergeschreven, zoals door mij vernomen van de lippen van personen, die in die bloedige dagen van de Grote Trek in Natal geleden en gestreden hebben. Zelfs heb ik niet nagelaten inlichtingen in te winnen bij sommige Zulu's, die maar al te goede reden hebben om de dagen van Dingaan nimmer te vergeten. (1918:x,xi)²

Van der Post liet zich inspireren door deze moeilijke pionierstijd.

1.2 Geloofshouding

Ook zelf kampte hij met menige tegenslag tijdens het schrijven van het boek. Vlak voor de voltooiing ervan stierf zijn broer. Aan zijn uitgever in Nederland schrijft Van der Post:

Sauresmitte 3 Feb. 1897.

Nieuw Weldd. Heer J. A. Wormser.
Grand Hotel.
Postbus 406
Pretoria. L. A. Rep.

Zeer Waarde Heer & Vriend!

Ontvang mijn oprechtsten dank voor Uw deelnemend en troostend schrijven van 31 dzt.

Ik wil ik het wel bekennen de dood van mijn broeder drukt mij zwaar. Hij was nog de eenige bloed verwand die mij bond aan de Kon derjaren. Te zamen opgegroeid, te zamen geworsteld om vooruit te komen in de wereld, hebben wij veel lief en leed gedeeld, en thans op vijfen dertig jarigen leeftijd naar beter spher weggeroepen laet hij mij

Christiaan van der Post over het overlijden van zijn broer.
(Wormser Archief, Van der Post aan J.A. Wormser, 3 februari 1897)

² Dit artikel gebruikt de Zuidafrikaanse editie van 1918.

Zeer Waarde Heer + Vriend!

Ontvang mijn oprechten dank voor Uw deelnemend en troostend schrijven van 31 bet. U wil ik het wel bekennen de dood van mijn broeder drukt mij zwaar. Hij was nog de eenige bloed verwant die mij bond aan de kinderjaren. Te zamen opgegroeid, te zamen geworsteld om vooruit te komen in de wereld, hebben wij veel lief en leed gedeeld, en thans op Vijf en Dertig jarigen leeftijd naar beter sfeer weggeroepen laat hij mij den laatsten van een huisgezin. Wat mij bijzonder treffend was, was dat wij hem op den zelfden dag waarop hij gehoopt had als advocaat te zullen worden geadmitteerd, aan den schoot der aarde toevertrouwen.

Onze Hemelschen Vader weet wat voor ons het beste is.

Ontvang de hartelijke groeten van mij en mijne vrouw en geloof mij

Geheel de Uwe

C.W.H. van der Post

(Wormser Archief, *Van der Post aan J.A. Wormser, Fauresmith 3 Feb. 1897*)

Deze geloofshouding zou Van der Post ook kenmerken tijdens de Boerenoorlog, die twee jaar na het verschijnen van zijn boek uitbrak. Het staan voor een rechtvaardige zaak en daarbij vertrouwen op God was voor hem belangrijker dan succes hebben en winnen. Toen na de val van Bloemfontein in maart 1900 bijna al zijn ondergeschikten zich overgaven, deed hij dat niet, maar vluchtte met een aangetrouwd familielid de bergen in van het Fauresmith-district waar hij een nieuw commando opbouwde (Le Roux 1979:4). Daarbij maakte hij persoonlijk waar wat hij enkele jaren daarvoor geschreven had tot de jeugd van Zuid-Afrika:

Op politiek gebied wens ik mij niet te begeven, maar toch kan ik de verzoeking niet weerstaan, de Jongelingschap van Zuid-Afrika toe te roepen: Ge hebt recht, trots te zijn op uw voorgeslacht. Ge behoeft u voor uw geschiedenis niet te schamen. In u ligt de kern van een groot en edel volk. Ge bezit al de bestanddelen, waaruit een natie kan worden geboren. Bouw voort op de fondamente door een waardig voorgeslacht gelegd, en maak u dat voorgeslacht waardig. Moge het voorbeeld van Piet Uijs, de nederige, eerlike en moedige Christen en krijgsman; van Dirk Uijs, de vaderliebende knaap, die het sterven aan de zijde zijns vaders boven het leven verkoos, en wiens heldemoed verdient voor eeuwig in de herinnering van Zuid-Afrika's zonen te blijven voortleven; van zo menig edel hart in mijn werkje genoemd, u zovele spoorlagen zijn, om te streven naar alles dat goed, schoon en edel is. En vooral: Laat u niet her- en derwaarts leiden, maar streef naar zelfstandig denken, overwegen en handelen. (Junius 1882:6-7)

1.3 Emigrantenzoon

Christiaan Willem Hendrik van der Post werd geboren op 26 maart 1856 te Leiden, en woonde daar aan de Breedestraat, die deel was van de Leidse binnenstad. Als driejarige kwam hij op 13 maart 1859 in Kaapstad aan met zijn ouders. Latere verhalen dat de familie eigenlijk Van der Does heette, van adel was en bij aankomst in Zuid-Afrika zijn naam veranderde (Jones 2002:89), kloppen niet. Volgens het Leids gemeentearchief was zijn vader een koopman die ook in de geboortete van CWH uit 1856 reeds Van der Post heette.³

³ Archief van de ambtenaar van de burgerlijke stand, 1816-1928, Deel: 4718, Periode: 1856, Leiden, archief 0516, inventarisnummer 4718, 26 maart 1856, Geboorten 1856, aktenummer 346.

Zuidelijk Afrika stond in de 19^{de} eeuw in de belangstelling bij voornemende Nederlandse emigranten. Daarbij was het een voordeel dat men in de republieken met zijn moedertaal terecht kon. Een Nederlandse gids voor emigranten uit die tijd stelt:

Dat er geen stad of dorp is, waar men, al is het geen oude bekende, toch zeker een landgenoot zal vinden, doet weinig ter zake, want zeven achtsten der boerenbevolking zalden zich fatsoenlijk gedragen den Hollander even vriendelijk ontvangen als had men hem jaren gekend, en hem, in hoe verbasterde taal dan ook, op zeer verstaanbare wijze al de inlichtingen geven, welke de nieuweling noodig heeft. (Junius 1882:6-7)

2. DE DEUGDEN VAN PIET UIJS

Het boek over Piet Uijs is geen neutraal verhaal en weerspiegelt in de eerste plaats de persoonlijke waarden van Christiaan van der Post. Veel van de interpretatie van Van der Post berust echter op zijn bronnen en wordt ook elders door tijdgenoten bevestigd: “Piet Lavras Uys was one of the finest types of men that ever walked the good earth of South Africa. He was fair and shaggy-bearded. Though quick-tempered, he was always fair and honourable in his treatment of others. A man of good education and brave as a lion, he was deeply respected by all who knew him” (Uys 1976:vn.15).

2.1 Zelfstandig maar niet eigennuttig

Diverse eigen deugden zag de schrijver weerspiegeld in het leven van Uijs. Vooral uit zijn loopbaan in de Volksraad is duidelijk dat Van der Post een zelfstandig denker was, maar geen eigennuttig leider. Dat laatste kon hij niet verdragen. In zijn boek over Piet Uijs stelt hij eigennuttigheid in leiders zichtbaar aan de kaak als hij de “dwarstrekker” Hendrik Potgieter beschrijft (1918:83-85). Na de moord op Piet Retief moest er een nieuwe leider gekozen worden. Lekenprediker Cilliers riep daarbij op tot liefde als voorwaarde voor Gods zegen en waarschuwde dat een huis dat tegen zichzelf verdeeld is niet kan bestaan. Potgieter was echter slechts geïnteresseerd in Bijbelse beginsels voor zover ze hem pasten:

“Wel,” hernam Potgieter, door de aanmerking van Landman tans geheel in woede ontstoken, “of Landman erkent of ontkent, is me volmaakt onverschillig. Ik weet wat ik ben, en wat ik me voorgenomen heb te blijven. Ik ben voorgegaan, en heb niemand gevolgd, en ben vast besloten nimmer iemand te volgen. Gert Maritz mag wezen wat hij wil, maar na mij is hij in het land gekomen. Eer ik hem of iemand anders volg, zal ik Natal verlaten, en ge zult zelf kunnen zien, hoevelen met mij gaan.” (1918:82-83)

2.2 Gods gebod als maatstaf

Anders dan Potgieter, was Piet Uijs voor Van der Post juist een voorbeeld: als christen en vervolgens ook als soldaat; in die volgorde. De mens moest zich niet aanmatigen dat hij zichzelf en anderen tot wet kon zijn. Ten diepste was het leven genormeerd aan Gods wil en geboden. Daarbij waren nederigheid en het eerlijk volgen van wat rechtvaardig was – en zondig eigen fouten erkennen – hoofddeugden. Recht en waarheid waren objectief buiten de mens te vinden. Dat waren voor Van der Post niet slechts vrome woorden. Zelf was hij een toonbeeld van edelmoedigheid en standvastigheid.



Een voorstelling van Piet Uijs (met erkenning van Africana Museum)⁴

Opvallend genoeg, zijn voor Uijs de medevoortrekkers niet in de eerste plaats trekgenoten of medelanders. Weliswaar waren velen stamverwanten van de Nederlandse loot, maar voor Uijs waren de voortrekkers in de eerste plaats medechristenen (Templin 1968:281-297). Ten diepste was het hun christenschap wat hen verbond. Daarom sprak hij, in tegenstelling tot Potgieter, de andere voortrekkers aan als “broeders” (1918:84-85).

Een dergelijke standvastigheid kende de schrijver van het verhaal ook. Niet zelf was hij de maat der dingen. Dat was voor hem een zaak van eerlijkheid en integriteit. Nadat Van der Post uiteindelijk gevangen genomen was bij Barberton, op 13 september 1900 (Le Roux 1979:5), verbleef hij meer dan vijf jaar “op parool” in de Kaapkolonie. Toen hij in 1906 terugkeerde naar de Vrijstaat, was dat zonder de eed van trouw aan Groot-Brittannië af te leggen.

2.3 Nederlands als taal van de vaders

Voor Christiaan van der Post waren de Nederlandse kolonisten aan de zuidpunt van Afrika dragers van de boodschap van het christelijk geloof. Zelf bleef hij zich altijd Nederlander voelen. Dat blijkt uit zijn persoonlijke correspondentie bij de troonsbestijging van koningin Wilhelmina:

⁴ Blijkbaar stond zijn zoon model voor deze afbeelding en bestaat er geen foto van Piet Uijs zelf, erkenning: <http://samilitaryhistory.org/vol036iu.html>

Ofschoon slechts een heel klein ‘klompie’ hebben de Hollanders in den Vrijstaat het inhuldigingsfeest van onze koningin met veel geestdrift gevierd. Van dit feest gesproken: Gij zult mij ten zeerste verplichten door my eenige bladen, liefst geïllustreerde, te zenden waarin verslag van de feestelijkheden in Nederland wordt gedaan. Indien er gedenkenpenningen by die gelegenheid zijn geslagen, zoude ik gaarne deze compleet willen hebben. (Wormser Archief, *Van der Post aan J.A. Wormser, 3 Feb. 1897*)

Van der Post zou zich dan ook levenslang blijven beijveren voor het gebruik van Nederlands.

Uiteraard waren ook de Bijbel en de godsdienst oefeningen in deze taal. Het Woord van God was bij diverse voortrekkers een schat die bijna al het andere te boven ging. De Statenbijbel verbond bovendien met Nederland als het gereformeerde stamland en werd gezien als “het geschenk der Dortse vaderen van geslacht tot geslacht” (1918:127). Mochten er dan geen enkele bevestigde predikant bereid zijn geweest om mee trekken met de kolonisten, de Bijbel en het Psalm- en Gezangboek waren er wel. Als de ossewagen van de familie van Andries Viljoen tijdens de tocht door een pas in een kloof naar beneden stort, is er grote vreugde als later de Bijbel en het Psalmboek heel worden terug gevonden (1918:128). Gelukkig was er niemand van de kinderen in de wagen geweest en was er slechts materiële schade.

2.4 Geen racisme

Voor Van der Post speelde ras als zodanig geen doorslaggevende rol, wat onder meer blijkt uit het feit dat het woord “ras” in het boek over Piet Uijs slechts eenmaal voorkomt: niet als onderdeel van het verhaal, maar in een voetnoot waar de Engelse gouverneur van Natal, Sir Hely-Hutchinson (1849–1913), het gebruikt als verwijzing naar de Hollandse bevolking bij de onthulling van een standbeeld in 1897. Dit was voor deze context typisch. “Not only did empire provide an important political motivation and ideological touchstone for the elaboration of racial difference as a fixed biological reality, but it was a key testing ground for racist theory and practice, some of which was then assimilated into popular and scientific discourses in Europe” (Deacon 2000:194).

Deze houding werd onder Victorianen vergaand gerechtvaardigd met het Darwinisme, hetgeen John Haller reeds in 1971 aantoonde in zijn gezaghebbende boek, *Outcasts from Evolution*. Daarin liet hij zien dat de Engelsen de Afrikaanse neger als een minderwaardig ras zagen waarmee het nooit wat zou worden: “They vehemently dismissed the possibility for race improvement and, with a minimum expenditure of rhetoric, they offered a prophetic warning for the race’s future” (Haller 1996:68).

After the publication of Darwin’s *Origin of the Species* and the revelation that man had descended from apes, it was a short leap for many white scientists to conclude that blacks ranked somewhere between apes and whites on the evolutionary scale. (Anon. 1996:25-26)

Hoe ver deze houding ging, bleek ook in Zuid-Afrika. In 1899 stond er een sprekende advertentie in een Kaapstadse krant: “Savage South Africa in London: Wanted, horned animals, baboons, zebras, giraffes, koodos, springbucks, hartebeests, and young Afrikaner girls (good looking and to be slightly colored)” (Conlin 2018:1).

Het boek van Van der Post ademt een geheel andere sfeer. Zijn houding is wars van het racisme en determinisme dat opgeld deed in contemporaine Engelse kring. Bij hem zijn alle volken schepselen van God en geroepen om Hem te dienen. Het probleem was slechts dat de

zwarte volken nog vast zaten in het heidendom. Het woord “ras” nemen de helden van het boek *Piet Uijs...* nooit in de mond. In plaats daarvan zijn er talloze verwijzingen naar God en worden mede-voortrekkers aangesproken als “broeder” en “zuster,” zoals gebruikelijk onder gereformeerde christenen. Dit had traditioneel een geloofsdimensie. Door het samenvallen van gedeeld geloof met een gezamenlijke Nederlandse afstamming kregen deze aanspreekvormen mettertijd ook een volksdimensie, wat blijkt uit afgeleide termen voor jongeren als “neef” en “nig,” maar ras als zodanig staat bij Van der Post niet voorop. Anders dan in later jaren was voor hem Afrikanerschap ondergeschikt aan geloof, en niet omgekeerd. Het ging hem om de gezamenlijke verbondenheid aan de ware God, om geloofsovertuiging en de daarop gegronde beschaving.

2.5 Geloof en Goddelijk recht

Recht en bestrijding van onkunde en ongeloof gingen voor Van der Post onlosmakelijk samen. Hij zag het als Goddelijke voorzienigheid dat zijn stam- en taalgenoten gebruikt werden om het licht van het evangelie en christelijke beschaving te verspreiden in het donker continent van Afrika, waar barbaars heidendom en kannibalisme ook in de streken waar de voortrekkers reisden nog volop gepraktiseerd werden.

Alleen al onder de Sothos wordt het aantal slachtoffers van kannibalisme in de 19^{de} eeuw op vele honderdduizenden geschat. Volgens de Franse zendeling Arbousset waren er zelfs na 1883 nog bijna 8 000 kannibalen over, die leefden in het gebied van de Drakensbergen tot de Oranje Rivier (Tsiu 2018:37).

Tijdens het leven van Van der Post waren deze zaken dus nog volop realiteit. Voor de voortrekkers die over de Drakensbergen naar Natal trokken des te meer. Tegen deze achtergrond is het begrijpelijk dat hij in *Pieter Uijs...* de voortrekkers en hun missie in Afrika schetst als deel van Gods bestuur om het donker continent te verlichten. Daarbij is het niet hun Nederlandse ras dat inspireert, maar voorbeelden van geloof in het voorgeslacht en Gods genade:

In dit gedeelte van het Zuidelijke punt van het Donkere Werelddeel wijkt het nachtelijk donker met de dageraad terug voor het licht van de Dagvorstin. Jaren zullen nog verlopen, stromen bloeds vergoten, hete tranen geschreid, nameloos lijden en ontbering verduurd, edele blijken van moed, volharding en zelfopoffering worden geleverd, eer de nachtelijke nevelen van Onkunde, Heidendom en Barbarisme verdreven zullen worden door de stralen van de Zon der Gerechtigheid Gods, plaats zullen inruimen, bij het hoorngeschal van de dagheraad der beschaving, voor instellingen gegrondvest op rechtvaardigheid, gerechtigheid en recht. (1918:1-2)

2.6 Geloofsband: “Een is uw Meester, namelijk Christus; en gij zijt allen broeders.”

Christiaan van der Post sprak bewust over “Hollands-Afrikaanse boeren” (1918:8), waarmee hij Nederlanders die zich in Afrika gevestigd hadden als boer bedoelde. De termen die hij gebruikt, moeten dan ook los gezien worden van het type nationalisme dat in de twintigste eeuw opkwam, waarbij Afrikanerschap in de eerste plaats in nationalistische termen gedefinieerd werd. Het ging Van der Post om geloofsgenoten met een gedeelde taal en cultuur. Daarbij pasten afstammelingen van Franse Hugenoten zoals Cilliers uitstekend (1918:80), want het ging er ten diepste om geloofsgenoot te zijn en om Gods zaak in Afrika te bevorderen. Bijna alle boeren die later samen met Uijs zouden omkomen bij de slag van Italeri dragen trouwens Franse achternamen als Labuschagne, Malan en Nel (1918:194). Daarbij is het

belangrijk om te beseffen dat ook de held van het verhaal een Nederlandssprekende hugenoot van Franse oorsprong is: Petrus Lafras “Piet” Uijs.⁵

Bij Van der Post waren de Nederlandse taal- en geloofsgenoten op een van Boven toebedeelde missie aan de Zuidpunt van Afrika. Of ze daarbij oorspronkelijk Frans of Duits waren geweest, maakte voor hem geen verschil. Daarbij trad ook een ander element dat ontleend was aan het Evangelie naar voren, dat ook tijdens de Boerenoorlog kenmerkend zou zijn voor veel Boer soldaten: “Een is uw Meester, namelijk Christus; en gij zijt allen broeders” (Mattheüs 23:8). Natuurlijk waren er leiders, maar onder christenen mochten leiders zich niet boven anderen verheffen. Als Van der Post de held van zijn verhaal beschrijft, is dat direct duidelijk (1918:8-9). Leiderschap is iets van praktische noodzaak en een combinatie van Godgegeven talenten; niet iets op grond waarvan je mag gaan doen alsof je belangrijker bent dan anderen.

Een echte leider is iemand die godvruchtig is en wiens leiderschapskwaliteiten (h)erkend worden door anderen; niet iemand die manipuleert en zichzelf opwerkt tot een positie. Leiderschap is in de eerste plaats het nemen van verantwoordelijkheid. Het gaat om innerlijke geestelijke kwaliteit en bekwaamheid. Niet de kleren maken de man.

3. GELOOFSBEPROEVING

Een belangrijk thema in het boek over Piet Uijs is dat van geloofsbeproeving. Bij het kampen met tegenslagen is het de taak van een leider om anderen te bemoedigen in hun geloof en te bevestigen in de zin van Gods missie.

Het is daarbij boeiend om te constateren dat “Piet Uijs” eigenlijk een historisch drama is. Uijs geeft alles op om geloofs- en taalgenoten te leiden naar Noordelijke streken, maar ondanks zijn geloof mislukt alles. Uijs en zijn zoon, waarop zijn vrouw alle hoop voor de toekomst gevestigd had, worden wreed vermoord door Zoeloe-krijgers.

Voor Van der Post is het belangrijk om te laten zien dat geloof en recht deugden zijn die op zichzelf de moeite waard zijn om na te streven, ookal hebben ze geen beloning of aards succes tot gevolg. Aan het eind van het boek zijn alle kolonisten weggevlucht en rest er nog slechts de herinnering aan het geloof en de christelijke standvastigheid en zelfopoffering van Piet Uijs.

3.1 Geloofsvertrouwen bij tegenslag

Eerbaarheid en geloof schijnen voor Van der Post het mooiste in iemands karakter bij duistere omstandigheden waar alle uitzicht verdwenen is. Dat blijkt al vroeg in het boek, als het tragische bericht het lager van Uijs bereikt dat bijna de helft van een groep voortrekkers is afgeslacht door de Zoeloes.

“Bijna de helft van onze broeders en zusters in Natal is door die Zulu Kaffer⁶ vermoord. O, mijn God! Van mijn vader z’n huis is niet één uitgekomen! Ik ben de enige van mijn

⁵ Piet Uijs was geboren in Swellendam op 10 juli 1797 en stierf op 11 april 1838 bij Italeni in Natal.

⁶ Het woord “Kaffer” is niet denigrerend gebruikt, maar was in die tijd een benaming voor leden van zwarte bevolkingsgroepen in Kaffraria, de streek tussen de Keirivier en Mozambique. Vanaf 1847 stond het gebied van de Oostkaap, de districten van King Williams Town en East London bekend als Brits Kaffraria. Met de uitdrukking “Zulu Kaffer” maakt Van der Post duidelijk dat het dus om een der noordelijke stammen gaat en niet om de Xhosas van de grensoorlogen uit de 18^{de} eeuw.

vader z'n stam, die overblijft.” En een krampachtig gesnik steeg op uit zijn brede zwoegende borst. De diepste stilte was onder de toehoorders gevallen. Zij schenen verstomd en verpletterd door het verschrikkelijk bericht. Hun wangen verbleekten. Zelfs de Kommandant sidderde, en scheen als door de droevige tijding overmeesterd, doelloos voor zich te staren. Daar klonk de zachte stem ener vrouw. Sannie was haar man genaderd, toen hij zijn kort verhaal geëindigd had, en zijn hand vattende, en die op de borst drukkende tussen haar en hun kind, zei zij gevoelvol en troostend: “O Koos, mijn dierbare echtgenoot, blijf man en Christen, en laat je niet wegslepen door de smart. De Here regeert. Hij is een genadige God. Hij doet wat recht is in Zijn ogen.” (1918:16)

Ook bij tegenslag berust het gereformeerde geloof zich in de Godsregering van alle dingen.

3.2 Bid en werk

In het boek combineert Uijs zijn Godsvertrouwen met een praktische instelling. Bid en werk. Dat moet weerspiegeld worden in het optreden van een leider. Piet Uijs is bereid om praktisch de feiten onder ogen te zien, zelfs al zijn die onwelkom. Daarbij heeft hij oog voor de noodzaak van praktische maatregelen, maar tegelijkertijd voorziet hij in geestelijke leiding. Echte voortrekkers zijn bij Van der Post geen eigengereide dwarstrekken, maar dienaren van een hogere zaak. Zij verootmoedigen zich onder Gods hand bij tegenslag, doen wat praktisch gedaan kan worden en bidden: “Gaaf, mijn vrienden! En zolang als we beraadslagen, verootmoedige een iegelik zich voor de Here” (1918:18-19). Het gebed wordt echter niet gezien als iets waarmee volgelingen zich bezig mogen houden terwijl de leiders bepalen wat er echt gaaf gebeuren. Dat blijkt bij de daaropvolgende krijgsraad. Iedereen gaaf op de knieën en Uijs gaaf allen voor in een uitgebreid gebed om leiding, kracht en uitredding (1918:21-22).

3.3 Gods leiding bepalend voor gebruik van gaven

Een belangrik punt dat Van der Post maaf in zijn boek is dat de gaven van ieder mens gebruikf moeten in dienst aan God, op de plaats en volgens de regels die Hij stelt, waar de weg ook al moaf leiden. Daarbij heeft Van der Post ruime aandacht voor de geestelijke, culturele en intellectuele kwaliteiten van vrouwen. Als hij de vrouw van Uijs beskrieff, Alida Maria, zeg hij het volgende:

Zij was de levensgezellin van Uijs, de fiere en toch zo zachte Alida Maria Uijs, een vrouw, die in andere omgeving, onder gunstiger omstandigheden, zou geschitterd hebben door haar geestesgaven, uitgeblonken door adel des gemoeds, evenals zij tans in de meer nederige, maar niet minder gewichtvolle kring, waarin de Voorzienigheid haar leidde, het voorbeeld gaaf en uitblonk in al die hoedanigheden, die de vrouw als vrouw en moeder sieren, haar voor de man het edelst kleinood van de Schepping, de grootste gawe Gods maafen. (1918:37)

Waar anderen het leven van deze vrouw als mislukt zien omdat ze genoeg talent had in geziene kringen carrière te maafen, gaaf het er Van der Post om dat de mens met zijn talenten de plaats inneemt die God bedoeld heeft; zelfs al is dat een schijnbaar eerloos leven met allerlei tegenslag in donker Afrika. Het is de voornaamste taaf van een vrouw om haar man als leider aan te moedigen in geloof en vertrouwen op God; om gehoorzaam te handelen en niet de moed op te geven, maar te doen wat nodig is.

“Ja, ik weet alles, lieve man! Maar hebben we niet onze Ebenhaëzer opgericht, toen we vol moed en vertrouwen op de Heer onze gedenksteen plantten, ter gelegenheid dat we, voor de eerste maal aan deze zijde van de Oranje Rivier, het dierbaar Evangelie hoorden verkondigen, en door Zijn heilig Sakrament gemeenschap hadden met onze Heer en Verlosser? Kome wat wil, lieve Pieter, ons hart blijft zeggen: ‘Voor eeuwig met de Heer.’ Slechts weinig tijds blijft je over. Kom, laat ons doen wat nodig is.” (1918:38)

3.4 Burger van de hemel

Ook als Uijs met zijn manschappen op pad gaat om hulp te gaan bieden aan de geloofsgenoten in Natal, benadrukt Van der Post het geestelijk karakter van zijn leiderschap.

Het avondmaal geëindigd, schaalden de manschappen zich staande, met ontblote hoofden, om de Kommandant, die een kort maar vurig gebed van dank voor de genoten zegeningen, van kinderlik vertrouwen voor de toekomst uitsprak, en daarna, door allen gevolgd, de schone avondzang, Gezang 180 aanhief: ‘k Wil U, o God! mijn dank betalen... Statig ruisten de tonen van het lied, door de krachtige mannestemmen uit volle borst gestoten, door de lucht. Door gebergte en dal herhaald, steeg dat gebed, op de vleugelen des gezangs gedragen, als avondoffer opwaarts naar de troon van Jehovah, der vaderen God. (1918:46-47)

Het “Ons sal lewe ons sal sterwe, ons vir jou Suid-Afrika” van Langenhoven zou door Van der Post waarschijnlijk niet meegezongen zijn. Zuid-Afrika was voor hem nog een landstreek, geen doel op zich. Het burgerschap van de ware “Hollands-Afrikaanse boer” lag in de hemel. Hier op aarde ging het erom dat men zijn van God gegeven plaats innam. Daarbij moest je, als dat van je gevraagd werd, belangeloos gevaren en verdrukking trotseren. Weerzien van geliefden op aarde, als men de gevechten overleefde, was prachtig; maar de eigenlijke bestemming was niet Zuidelijk Afrika, maar de hemel. Als Uijs aanvankelijk de gevaren overleeft en veilig terugkeert tot zijn vrouw, beschrijft Van der Post dit als volgt:

Wij zijn gezond. God heeft ons voor elkander gespaard. Zalig uur van het weerzien. Voorsmaak van het ogenblik, wanneer de moede strijder de aardse wapenrusting aflegt, en op de vleugelen van de Seraph stijgende, de geliefden, van wie hij op aarde gescheiden werd, in reiner sfeer terugziet voor de troon van God. (1918:131)

3.5 Heldendood bij Italeni

Toch zou het niet lang meer duren of Uijs zou sneuvelen bij de Slag van Italeni. De enige doortocht voor een groep van ongeveer vijfhonderd gewapende boeren naar hun bestemming was een gevaarlijke kloof met aan weerszijden hoge bergen, de ideale plaats voor een hinderlaag. Toch gaat men voort, want het is de enige weg. Dan slaan de Zoeloes toe, zowel op de voor- als achterhoede, terwijl de gewapende krijgers ook van de zijkanten de berghellingen afstormen. Daarbij raakte de voorhoede die onder leiding van Uijs stond afzonderlijk omsingeld. Bij de daaropvolgende uitbraak wordt Uijs getroffen door een assegaai. Zijn laatste woorden tot twee makers die hem willen helpen: “Ik dank je, broeders, maar met mij is het voorbij, ik moet toch sterven. Ge kunt nog ontkomen. Red je. Sla je door de vijand heen. Houd God voor ogen!” Dan stort hij van zijn paard, omringd door Zoeloes. Zijn zoon Dirk haast zich terug.

“Ik sterf met mijn vader!” riep de knaap met geestdrift uit, toen zijn oog dat van zijn vader ontmoette; en vóór zijn metgezellen het konden verhinderen, had hij zijn paard omgewend en stormde hij alleen tegen de vijand in. Driemaal weerklonk de knal van zijn geweer; dat was het enige dat de krijgsmakkers van het uiteinde van hem en zijn vader later konden mededelen. Twee moedige harten hadden opgehouden te kloppen, en terwijl de barbaarse vijand zich vermaakte met het verminken hunner lichamen, stegen twee reine zielen, die van vader en zoon, opwaarts naar de troon van God; naar die eeuwige woningen, waar geen strijd of smart, geen lijden of leed immermeer zijn zullen. Hun as werd door de wind verstrooid. Geen erezuil, geen grafgesteente kenmerkt de plek, waar zij het leven lieten. Hun schoonste monument, onvatbaar voor de tand des tijds, is echter hun moedig mannelik leven en sterven, en zal in de geschiedenis van Zuid-Afrika’s edelste zonen steeds een eerste plaats innemen. (1918:194)

In zijn inleiding tot het boek gaf Van der Post reeds aan zich in grote mate gebaseerd te hebben op ooggetuige-verslagen. Daarbij gebruikte Van der Post zijn contacten in de Vrijstaatse Volksraad. Zijn vriend en collega Beukes deed navraag bij de oude voortrekker Marthinus Oosthuizen, wiens zwager Piet Rudolph deel was geweest van de groep commando’s die bij de kloof van Italeni in de hinderlaag viel waarbij Uijs en zijn zoon stierven. In een brief aan Beukes (19 januari 1897) schrijft Oosthuizen over de laatste ogenblikken van Uijs:

Hij krijg de gooi in zijn regterheup, de groot aar af, hij bloede vreeslijk. Nadat hij gekwets was, val Jan Mijer zijn paart, en zijn geweer en hoet blijf daar. De Kaffers was te na. Uis het een groote Paart. Hij zeg aan Mijer, “Spring achter mij op.” De Paart schopte Mijer op zijn borst; toen gaf Uis hem de stijgbeugel en hij sat achter Uis, en zij vang de Paart van Mijer. Toen is Uis nog een ent op zijn Paart gereden, toen wort hij vlouw en val van die Paart. Toen hebt die mannen hem weder op geholpen, toen val hij weder af, toen sijde hij: Laat mij maar staan, het is met mij gedaan. Toen sij hij: ‘Houw God voor oogen, en veg voor julle land, en kijk naar mijn vrouw en kinderen.’ (1918:203)

De beschrijving van Oosthuizen geeft meer details dan het verhaal van Van der Post. Die spreekt slechts over een assegaai die Uijs in de lendenen raakt. Oosthuizen verstrekt de bijzonderheid dat Uijs getroffen werd in de rechterheup, waarbij de hoofdslagader doorgesneden werd. Dat verklaart ook het snelle bloedverlies.

Het is echter opvallend wat er in de beschrijving van de dood van Uijs door Van der Post ontbreekt. De woorden “veg voor julle land, en kijk naar mijn vrouw en kinderen,” heeft hij niet opgenomen in het verhaal. De reden daarvoor was dat hij bij de voltooiing van zijn manuscript de brief van Oosthuizen nog niet ontvangen had. Toch is het wel duidelijk dat de algemene overlevering waarop hij zich baseerde slechts “Hou God voor ogen!” als laatste woorden van Uijs weergaf. Volgens Van der Post was dat ook de hoofdboodschap van het leven van de commandant. Zijn interpretatie van deze episode uit de Grote Trek heeft nog niets van de latere nationalistische mythe zoals die in de dagen van Gustav Preller zou ontstaan (Petzol 2007:116-117). Bij Christiaan van der Post heeft deze geschiedenis in de eerste plaats een geloofsboodschap die moet blijven inspireren, ookal eindigde de trek van Uijs, naar de mens gezien, in een mislukking.



Het is 6 april 1838. Dirk Uijts verdedigt zijn gewonde vader. Drie schoten knallen en dan is alles stil.⁷In tegenstelling tot latere verhalen reed Dirkie terug om met zijn vader te sterven. De drie schoten werden waarschijnlijk afgevuurd vanaf zijn paard. Niemand van de boeren zag de barbaarse slachtpartij die volgde.

4. THEOCRATIE EN MISLUKKING

Ten diepste ging het Christiaan van der Post om theocratie. God regeert uiteindelijk alle dingen⁸ en het is de taak van ieder mens om gehoorzaam aan Hem rechtvaardig te leven, of dat nu eindigt in ramspoed of glorie. Het leven gaat om standvastig christendom en het volgen van Gods bedoeling met het leven, of dat nu naar menselijke maatstaven succesvol was of niet. Het avontuur van de voortrekkers leek dat aanvankelijk niet te zijn. Van der Post spreekt bewust niet over de boeren-republieken die volgden. Zijn boek is een drama dat lijkt op het experiment van Koning Arthur en de ridders van de ronde tafel, een ideaal dat ten ondergaat aan de macht der zonde.

4.1 Geloofsvoorbeeld bij Uijts

Bij “Piet Uijts” triomfeert het heidendom. Het boek eindigt met de dood van de held en zijn zoon, gevolgd door het wegvlugten van de weinige overgebleven families naar een klein eiland in de baai van Tugela, waar ze ’s nachts aan boord gaan van een Engels schip dat daar

⁷ Detail Voortrekker monument, Joonas Lyytinen, gebruikt met permissie CC BY 2.5 (<https://creativecommons.org/licenses/by/2.5>)

⁸ Zondag 21, Heidelbergse Catechismus.

gelukkig op dat moment juist voor anker lag, terwijl hun nederzetting door Zoeloes verwoest en geplunderd wordt. Dat het juist de Engelsen zijn die redding bieden, van wiens regering de voortrekkers juist waren wegtrokken, maakt het falen van Uijs en de zijnen in menselijk ook wel extra ironisch.

De missie van de voortrekkers lijkt volledig misgegaan en volgens de maatstaven van onze tijd hebben Uijs en de zijnen niets bereikt, maar alles verloren. Dat is echter niet de boodschap van het boek van Van der Post. Voor hem gaat het om het staan in geloof voor recht en gerechtigheid ook als dat moeilijk is en offers vraagt. Ook als men zichzelf in het proces moet wegcijferen. Dat de boodschap van zijn drama: de hoogste schat is een edel karakter dat inzet op geloofsgehoorzaamheid en recht en daarbij een voorbeeld is voor anderen.

Het boek noemt dan ook niet dat de missie van de “Hollands Afrikaanse boeren” uiteindelijk wel slaagde en leidde tot de stichting van de Oranje Vrijstaat en de Zuid-Afrikaanse Republiek (Transvaal), landen van internationale faam, waarbij vooral de Vrijstaat van Steyn in Nederland respect afdwong als een modelrepubliek (b.v. Kröller-Müller⁹). Daar ging het Van der Post ook niet om. Hij wilde laten zien dat Piet Uijs een integer voorbeeld van geloof en leiderschap stelde, waardoor zijn leven de moeite waard was en inspirerend voor anderen. Ook al mislukte zijn missie en werd het boek geen roman, maar een historisch drama.

4.2 Geloofsvoorbeeld bij Van der Post

Dat gevoel van mislukking had Van der Post zelf tijdens het eind van zijn leven ook. Tijdens de boerenoorlog was zijn gezondheid aangetast, mede door de koude en natte winters tijdens zijn dagen van parool in Stellenbosch. De nieuwe Volksraad van de Oranje Rivier Kolonie (de voormalige Oranje Vrijstaat), waarin hij in 1907 als vertegenwoordiger van het district Philippolis verkozen was, verliet hij bij de Unie-wording van 1910. Van der Post had voorheen bewust nooit de eed van trouw aan Engeland gezworen en geloofde niet in het opkomend nationalisme en racisme van zijn landgenoten.

He resigned from the Party, because he always disliked duplicity... Van der Post realised that there must be party government, but then he meant this in the broader, more liberal sense of the word. He could not bind himself to a government built on the pillars of racial enmity, ignorance, narrow-mindedness and self-interest. (Le Roux 1979:9)

Opkomende blindheid (vanaf 1912 kon hij nauwelijks meer zien), de zakelijke schade als gevolg van de oorlog en de pijn van de Rebelle van 1914 braken hem verder op, waarbij hij een alcoholprobleem ontwikkelde. De laatste knak werd veroorzaakt door het bedrog van zijn zakenpartner Gertjie Sem die zonder medeweten van Van der Post namens de rechtsfirma onmogelijk grote schulden had gemaakt. Kort daarop stierf hij.

Lammie van der Post, zijn tweede vrouw, getuigt echter:

Sy christelike beginsels het hy getrou gebly. Hy het altyd gesê dat wanneer hy voor die Regter van die hemele en aarde sal moet verskyn, hy sal pleit en sê: ‘Heer, U weet, ek het probeer skoon bly van ongeregtheid’. (De Kok 2003:113)

⁹ Het echtpaar Kröller-Müller had grote bewondering voor de voormalig president van de Oranje Vrijstaat, Martinus Theunis Steyn (1857-1916) en richtte tot zijn nagedachtenis een President Steynbank op (1924), in het park van het internationale kunstmuseum dat de naam van het echtpaar draagt: [https://mijngelderland.nl/inhoud/verhalen/de-president-steynbank-1924\(16/7/2019\)](https://mijngelderland.nl/inhoud/verhalen/de-president-steynbank-1924(16/7/2019)).

5. CONCLUSIE: *PIET UIJS... ALS DRAMA*

Piet Uijs... is een drama. Geloof, nederigheid en rechtvaardigheid zijn navolgenswaardig in de moeilijkste omstandigheden. Een waar christelijk leider volgt de beginselen van Gods Woord, of hij daarmee succes bereikt of niet.

In *Piet Uijs...* blijft het geloof grotendeels “een vaste grond der dingen, die men hoopt, en een bewijs der zaken, die men niet ziet” (Hebreeën 11:1, Statenvertaling). Net als de helden van het geloof in de brief van de Apostel Paulus werd ook het Godsvertrouwen van de voortrekkers niet altijd bekroond met aards succes. Van de hoofdpersonages uit *Piet Uijs...* en het leven van de schrijver Christiaan Willem Hendrik van der Post mag evenzeer gezegd worden:

Deze allen zijn in het geloof gestorven, de beloften niet verkregen hebbende, maar hebben dezelve van verre gezien, en geloofd, en omhelsd, en hebben beleden, dat zij gasten en vreemdelingen op de aarde waren. (Hebreeën 11:13, Statenvertaling)

BIBLIOGRAPHIE


- Anon. 1996. The Victorian View of Blacks as Savages. *The Journal of Blacks in Higher Education*, 11:25-26.
- Conlin, Peter H. 2018. Victorian Racism: An Explication of Scientific Knowledge, its Social Character, and its Relation to Victorian Popular Culture. *Inquiries Journal*, 10.1: <http://www.inquiriesjournal.com/articles/1719/victorian-racism-an-explication-of-scientific-knowledge-its-social-character-and-its-relation-to-victorian-popular-culture>.
- Deacon, Harriet. 2000. Racism and Medical Science in South Africa's Cape Colony in the Mid- to Late Nineteenth Century. *Osiris*, 15 (Nature and Empire: Science and the Colonial Enterprise): 190-206.
- De Kok, Helene. 2003. *Lammie, moeder van Laurens van der Post*. Windhoek: John Meinert.
- Haller, John. 1996. *Outcasts from Evolution: Scientific Attitudes of Racial Inferiority, 1859–1900*. Urbana: Southern Illinois University Press.
- Jones, J.D.F. 2002. *Teller of many tales: the lives of Laurens van der Post*. New York : Carroll & Graf Publishers.
- Junius, J.H. 1882. *De koloniën en staten van Zuid-Afrika. Gids voor hen, die zich naar die streken wenschen te begeven*. Tiel: Campagne.
- Le Roux, C.P.J. 1979. *CWH van der Post*. (Transgariëp Museum Series) Bloemfontein: Transgariëp Museum.
- Petzold, Jochen. 2007. ‘Translating’ the Great Trek to the Twentieth Century: Re-Interpretations of the Afrikaner Myth in Three South African Novels. *English in Africa*, 34.1:115-131.
- Templin, J. Alton. 1968. God and the Covenant in the South African Wilderness. *Church History*, 37.3:281-297.
- Tsiu, William Moruti Basotho, 2018. Oral Poetry at the Beginning of the Twenty-first Century. Nigeria: Kwara State University Press.
- Uys, Ian S. 1976. A Boer Family. *Military History Journal* 3.6 (The South African Military History Society): <http://samilitaryhistory.org/vol036iu.html>.
- Van der Post, C.W.H. 1918. *Piet Uijs of Lijden en Strijd der Voortrekkers in Natal*. Kaapstad: Hollands-Afrikaanse Uitgeversmaatschappij.
- Wormser Archief: C.W.H. van der Post. Historisch Documentatiecentrum voor het Nederlands Protestantisme (1800-heden). Amsterdam: Vrije Universiteit. Met speciale dank aan de heer Wim Berkelaar voor het ter beschikking stellen van kopieën van de correspondentie van Christiaan van der Post aan J.A. Wormser.

Die uitwerking van binnelandse aangeleenthede op buitelandse beleid, met spesifieke verwysing na hedendaagse gebeure in die Verenigde State van Amerika

The effect of domestic affairs on foreign policy, with specific reference to current events in the United States of America

RIAAN EKSTEEN

Senior Navorsingsgenoot
Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Johannesburg
E-pos: reksteen@swakop.com



Riaan Eksteen

RIAAN EKSTEEN was vir 27 jaar lid van Suid-Afrika se Buitelandse Diens. Hy beklee in daardie tyd verskillende poste en dien in verskillende hoedanighede in die Buitelandse Ministerie. Gedurende 1964-67 is hy in die Namibiese afdeling gemoeid met SA se betrokkenheid in die hofsak by die Internasionale Geregshof in Den Haag; hy is ook agtereenvolgens hoof van die VN- en Namibiese afdeling (1973-76) en van Beplanning (1981-93). Hy dien vanaf 1968-1973 by die SA Ambassade in Washington, DC. Voorts is hy vir 12 jaar ambassadeur en hoof van die Missie by die VN in New York (1976-1981); Namibie (1990-1991); VN Geneve (1992-1995) en Turkye, insluitend Azerbaidjan, Kirgizstan, Uzbekistan en Turkmenistan. Hierdie laasgenoemde aanstelling is deur President Mandela gemaak. Hy was ook Direkteur-generaal van die Suid-Afrikaanse Uitsaaidiens (SAUK) van 1983 tot 1988 en politieke ontleder op die Johannesburgse Aandeelbeurs (JSE) van 1988 tot 1990.

RIAAN EKSTEEN was a member of the South African Foreign Service for 27 years, during which time he held several posts in various capacities within the Foreign Ministry. From 1964-67 he served in the Namibian division, participating in South Africa's court case in the International Court of Justice in The Hague; he also successively held the positions of Head of the UN and Namibian divisions (1973-1976) and Head of Planning (1981-1983). In addition, from 1968-1973, he was stationed at the South African Embassy in Washington, DC; subsequently, he was Ambassador and Head of Mission for 12 years at the U.N. New York (1976-1981); Namibia (1990-1991); U.N. Geneva (1992-1995); and Turkey, including Azerbaijan, Kirgizstan, Turkmenistan and Uzbekistan (1995-1997). The latter ambassadorial assignment being endorsed by President Nelson Mandela. He is also a former Director-General of the South African Broadcasting Corporation.

ABSTRACT***The effect of domestic affairs on foreign policy, with specific reference to current events in the United States of America***

The impact of domestic affairs on foreign policy is becoming increasingly more crucial. The former affects the latter. Indeed, domestic policy substantially influences foreign policy, to the extent that foreign policy depends upon domestic policy. It can therefore be argued that foreign policy is the reflection of domestic policy. Kissinger, for example, held the opinion that foreign policy starts where domestic policy ends. The inter-connections between domestic and foreign affairs are undeniable. Foreign policy can never be detached from the domestic context from which it springs. Moreover, it seldom succeeds if it is not acceptable at home, since without domestic influence there could hardly be a foreign policy. Domestic pressures may take several different forms and the relationship between foreign-policy decision makers and domestic constituencies is shaped in part by the institutions of the society.

Foreign policy is formulated neither in a vacuum nor in isolation. It is embedded in national interests and its parameters are always shaped by those interests. With its core rooted in domestic affairs foreign policy is justifiably regarded as an extension of domestic policy, in that it expands from domestic interests. The linkages between the international and national environments are considered crucial in the decision-making process of foreign policy. Consequently, foreign policy decision-makers must have a comprehensive understanding of domestic affairs and policy before formulating and adopting a suitable foreign policy. No country has a foreign policy without any connection to its domestic policy. It is therefore essential that domestic affairs are included in the analysis of foreign policy decision-making and that the influence and consequential impact of domestic affairs on foreign policies be properly assessed. Domestic political calculations undoubtedly influence foreign policy choices – the symbiotic relationship between foreign affairs and domestic issues is a reality.

Foreign policies are designed with the aim of achieving complex domestic and international agendas. They usually involve an elaborate series of steps in which domestic politics play an important part. Foreign policies are in most cases designed and finalised through coalitions of domestic and international actors and groups. The domestic political environment to a large extent shapes the entire framework of decision-making, also in an international context. That environment includes all laws enacted and their legislative decisions, and government agencies and lobby groups that influence or restrict individuals or organisations in the society.

In the recent past, Foreign Policy Analysis (FPA) has been criticised for being one-dimensional. This resulted in other actors being recognised and together they fit into a new structure which now takes due cognisance of the dimension of domestic policy. FPA has adjusted to the changed circumstances brought about by foreign and domestic events. Globalisation continues to present its own demands, while simultaneously the impact of domestic affairs on foreign policy is becoming increasingly more crucial. Once the domestic factor was included in FPA the influence of the judiciary became ipso facto an actor no longer to be ignored. Domestically, the judiciary has placed its stamp on practically every aspect of human endeavour.

This all-important realisation of the inter-relationship of domestic and foreign policy and the resultant relevance of domestic developments for foreign policy decisions, have, inter alia, been addressed by Marijke Breuning, a pre-eminent authority on FPA.¹ The author expands

¹ See the extended list of references in Eksteen (2019b). In this article I selectively refer to those studies impacting on current USA foreign policy.

on the domestic constraints within which foreign policy decisions are made, given the fact that domestic constituencies have been shown to influence foreign affairs. At the same time, she focuses on the role and impact of the public, as part of the domestic scene, on the formation of foreign policy options. Other analysts of foreign policy are equally seriously considering the two-way flows which arise from the relationship between the foreign and the domestic. There is consensus that foreign policy has its domestic sources and domestic policy has its foreign influences. It follows that one of the most pressing concerns in the study of international relations today is that of developing a systematic account of the impact of domestic politics on foreign policy. Until this is accomplished, not only will explanations of foreign policy decisions be incomplete, but theories may often be less helpful to policymakers.

In this regard the United States of America (USA) may serve as an example. Since taking office President Trump has resolutely coupled foreign policy to domestic politics. The prism through which he sees and develops his foreign policy is his Make America Great Again slogan and his rallying call of America First. To him his foreign policy only matters if it is compatible with national interests and the promotion of those interests. From his perspective he is approaching international affairs in the most realistic manner by demanding that America is placed first. Two internal aspects that have to be taken into account when the current foreign policy of the USA is analysed, are fear and climate changes and how these are manifested in foreign policy matters. Firstly, domestic politics do play an important role when strategic foreign policy decisions are considered because of the threats anticipated or already realised in connection with national security issues. Secondly, and conversely, in the digital era the distinction between domestic and foreign is becoming even more blurred as citizens' migration to digital platforms on the one hand creates new opportunities for diplomats to rally domestic public support for foreign policy achievements, while on the other hand threats to traditional foreign policy approaches are exposed when global issues, such as climate change, that are of growing importance to domestic audiences, are advanced.

It should be clear that the linkages between the international and national environments are considered crucial in the decision-making process of foreign policy. The symbiotic relationship between foreign affairs and domestic issues is a reality. Without domestic influence there could hardly be a foreign policy.

KEY WORDS: climate change; Congress; digital era; domestic affairs; environmental aspects; fear; Foreign Policy Analysis (FPA); foreign policy; home front; home-grown foreign policy; judiciary; MAGA slogan; President Trump; symbiotic relationship; 9/11

TREFWOORDE: binnelandse aangeleentede; buitelandse beleid; Buitelandse Beleids-analise (BBA); digitale era; klimaatsverandering; Kongres; MAGA-slagspreuk; omgewingsaspekte; president Trump; regsbesag; simbiootiese verhouding; tuisfront; tuisgemaakte buitelandse beleid; vrees; 9/11

OPSOMMING

Dat buitelandse beleid as 'n refleksie van binnelandse beleid beskou kan word, blyk oorvloedig uit gesaghebbende uitsprake betreffende die belangrike verhouding tussen buitelandse en binnelandse aangeleentede. Buitelandse beleid word nie in 'n vakuum geformuleer en uitgevoer nie, maar ontstaan uit, groei en word gevoed deur binnelandse beleid. Daarom kan gestel word dat buitelandse beleid eintlik 'n neweproduk van binnelandse beleid is. Buitelandse beleidmakers moet derhalwe 'n omvattende begrip van hul eie binnelandse omstandighede

en beleid hê alvorens ’n buitelandse beleid geformuleer en aanvaar word. Buitelandse beleid is daarop gemik om binnelandse en internasionale doelstellings te bereik en behels gewoonlik ’n uitgebreide reeks stappe waarin binnelandse politiek en faktore ’n belangrike rol speel. Om hierdie rede kan gestel word dat buitelandse beleid bepaal en verfyn word wanneer binnelandse en internasionale rolspelers en groepe saamwerk. Buitelandse beleid is selde suksesvol as dit nie eers tuis aanvaar word nie en in hierdie verband word daar dikwels verwys na ’n tuisgemaakte buitelandse beleid (“a home-grown foreign policy”). In die digitale era vervaag die grens tussen buitelandse en binnelandse aangeleenthede bowendien ook al hoe meer. Met die massiewe aanwending van al die moontlikhede wat hedendaagse digitale tegnologie bied, maak omgewingsbewustes byvoorbeeld wêreldwyd hul stemme dik om besluite op internasionale vlak te beïnvloed en verandering teweeg te bring. Baie van hierdie aktivistiese slagspreuke het nou ook al deel van die terminologie van internasionale verhoudings geword. Nietemin: om ’n land se buitelandse beleid te begryp, moet die binnelandse omstandighede en beleid eers ontleed en verstaan word. ’n Sprekende voorbeeld hiervan is die buitelandse beleid wat president Trump ywerig nastreef.

INLEIDENDE OPMERKINGS

Brexit: Binnelandse sentimente en die funksie van die Europese Geregshof

Die simbiotiese verhouding tussen binnelandse en buitelandse aangeleenthede is ’n gegewe. Omdat die meeste besluite oor buitelandse aangeleenthede in spesifieke binnelandse kontekste plaasvind, kan die bestudering van buitelandse beleid op sigself genome ongewoon voorkom omdat dit beide binnelandse en internasionale arenas in ag moet neem.²

Bepaalde aspekte van ’n dergelike simbiose sentreer rondom die rol van die regsbesag in binnelandse en buitelandse aangeleenthede, asook die mate van beïnvloeding van buitelandse beleid deur binnelandse politiek. Albei hierdie kwessies is onder die loep geneem in twee vorige artikels,³ waarin onderskeidelik gewys is op die oppermag van die regsbesag in binnelandse en buitelandse aangeleenthede (2019a) en die rampspoedige uitkoms van buitelandse onderhandelinge wat gedikteer word deur binnelandse politiek in die nagevolge van Brexit (2019b). Ten einde die fokus op die VSA se buitelandse beleid in die huidige artikel te kontekstualiseer, word hieronder kortliks verwys na bevindinge uit die vorige studies.

In die eerste artikel is verwys na die feit dat nóg die wetgewende nóg die uitvoerende gesag oppermagtig is – nie eens gedurende krisistye nie. Wat oppermagtig is en bly, is die grondwet en regsreëls – die oppergesag van die reg. Dit is die plig van die regsbesag om te verseker dat daardie oppergesag in alle omstandighede gerespekteer, eerbiedig, afdwing en verdedig word. Trouens, terwyl dit die wetgewende gesag is wat voorstelle in wette omskep en die uitvoerende gesag wat beleid neerlê en uitvoer, is dit die regsbesag wat alles aan die grondwet toets – so is dit met binnelandse aangeleenthede en so is dit met buitelandse aangeleenthede. Slegs die regsbesag mag die grondwet interpreteer, en daardeur bepaal daardie gesag die grense waarbinne die politieke magshebbers kan en mag optree in binnelandse en baie beslis ook in buitelandse aangeleenthede. Die regsbesag wys hierdie grenslyne duidelik aan, en dit is dus onder die regsbesag waar hierdie twee bymekaarkom in die sin dat nie een daarvan aan die regsbesag se hersiening kan ontsnap nie. Regshersiening is netso ’n geldige

² Gerner (1995:17 & 21).

³ Eksteen (2019a) en (2019b).

beginsel wanneer dit by buitelandse optredes kom as wat dit is by hersiening van binnelandse aksies. Die grondwet vereis dat dit in albei gevalle moet gebeur. Nóg binnelandse nóg buitelandse beleidsbepalings kan van hierdie grondwetlike imperatief ontsnap.

In die tweede artikel is meer spesifiek aandag op die Brexit-gevallestudie gevestig waar binnelandse aangeleenthede buitelandse beleid verswelg het. Waar Brexit vir die Europese Unie (EU) 'n ernstige buitelandse beleidsonderwerp is, gaan dit vir die Verenigde Koninkryk (VK) amper meer oor 'n oorlewingstryd om binnelandse politieke mag en die voortbestaan van die VK as 'n politieke eenheid. Die impak van binnelandse aangeleenthede op buitelandse beleid is hier duidelik gedemonstreer deur eerste minister Theresa May se onversetlike standpunte om haar binnelandse gehoor en partygenote ter wille te wees en waarvoor sy uiteindelik haar amp moes prysgee. Die hele Brexit-oefening en die eerste minister se insluiting van die Europese Geregshof (EG) as 'n dispuutpunt is beslis 'n verneme voorbeeld van die feit dat buitelandse aangeleenthede tuis begin en dat buitelandse beleid 'n weerspieëling is van binnelandse aangeleenthede. Dit is omgekeerd egter terselfdertyd 'n aanduiding daarvan dat inagneming van binnelandse aangeleenthede steeds onderworpe is en bly aan die allesomvattende (d.w.s. geldig vir binnelandse en buitelandse aangeleenthede) beslissings van 'n instansie soos die EG.

Wat gebeur as kernaangeleenthede genegeer of misverstaan word, word by uitstek gedemonstreer deur eerste minister May se gebrekkige begrip van die rol van die Europese Geregshof, asook die breër belange van die Europese Unie, in haar rampspoedige onderhandelinge rondom Brexit.

Buitelandse beleid in die huidige tydsgewrig

Wanneer twee of meer state met mekaar onderhandel, is dit net so noodsaaklik dat die een die ander se binnelandse omstandighede begryp – let wel, nie goedkeur nie. Dan word die standpuntinname van daardie staat meer verstaanbaar vir die ander en kan soms beter vordering met onderhandelinge gemaak word. Geen land het 'n buitelandse beleid wat afsydig van sy binnelandse beleid staan nie en sy binnelandse omstandighede nie in ag neem nie. Ten einde hierdie stelling te verifieer, kan volstaan word met Farnham se siening:

One of the most pressing concerns in the study of international relations today is developing a systematic account of the impact of domestic politics on foreign policy. ... Until this is accomplished, not only will our explanations of foreign policy decisions be incomplete, but our theories may often be less helpful to policymakers than we would like.⁴

Buitelandse beleid is daarop gemik om binnelandse en internasionale doelstellings te bereik. Dit behels gewoonlik 'n uitgebreide reeks stappe waarin binnelandse politiek en faktore 'n belangrike rol speel. Buitelandse beleid word bepaal en verfyn wanneer binnelandse en internasionale rolspelers en groepe saamwerk. Tot 'n groot mate skeep die binnelandse politieke landskap die raamwerk waarbinne besluite in 'n internasionale konteks geneem word. Dit sluit al die landswette in, asook ander wetgewende besluite en optredes van regeringsagentskappe en drukgroepe wat beperkinge op die samelewing lê. As gevolg van verwagte of reeds bestaande bedreigings met betrekking tot nasionale veiligheid, speel binnelandse politiek 'n verdere belangrike rol wanneer besluite in verband met strategiese buitelandse oorwegings geneem word. Die buitelandse beleidmakers neem beide die buitelandse en binnelandse omgewing in

⁴ Farnham (2004:441).

ag. Die verhouding beteken dat die een die ander een in sy besluitneming beïnvloed. Daarom kan gestel word dat "... foreign policy is nothing more than a by-product of domestic politics".⁵ Die omgekeerde is net nie volhoubaar nie.

Ten einde die fokus op die huidige buitelandse beleid van die VSA te kontekstualiseer, word enkele van hierdie standpunte oor die ineenstrengeling en interafhanklikheid van binnelandse aangeleenthede en buitelandse beleid vervolgens aangestip.

Die interafhanklikheid van binnelandse en buitelandse beleid is alreeds dekades gelede geboekstaaf. Daarom is die dimensie van binnelandse politiek kernbelangrik vir die analisering van besluitneming oor buitelandse beleid. Hierdie aanname word deur veelvoudige verwysings daarna in literatuur oor Buitelandse Beleidsanalise (BBA) ondersteun. Haass erken die imperatiewe dat goeie binnelandse beleid 'n voorvereiste vir effektiewe buitelandse beleid is.⁶ Die interaksie van die internasionale sisteem en binnelandse strukture en hoe internasionale politiek en hierdie strukture mekaar beïnvloed, word deur Gourevitch met hierdie gevolgtrekking ondersteun:

International relations and domestic politics are therefore so interrelated that they should be analyzed simultaneously, as wholes.⁷

Dubis lewer 'n uiters deurdagte bespreking en insiggewende ontleding in sy artikel getiteld: "Domestic Political Structure and Public Influence on Foreign Policy, A Basic Model". Hy beklemtoon die belangrikheid van 'n staat se binnelandse politieke strukture en rol van die publiek op buitelandse beleid. Hy wys ook daarop dat in die afgelope twee dekades baie meer aandag aan die binnelandse aspekte van buitelandse beleidsbesluitneming geskenk is.⁸ Henderson stel dit saaklik in die titel van sy artikel oor hierdie onderwerp: "Foreign Affairs Are Now Domestic Affairs".⁹

Breuning beklemtoon die basis vir hierdie gewigtige verhouding tussen binnelandse en buitelandse beleid en gee erkenning aan die toepaslikheid van binnelandse ontwikkeling tot besluite in terme van buitelandse beleid.¹⁰ Sy brei uit op die binnelandse beperkinge waarbinne besluite oor buitelandse beleid gemaak word vanweë die feit dat binnelandse kiesers beslis buitelandse aangeleenthede beïnvloed. Terselfdertyd fokus sy op die rol en impak wat die openbare mening as deel van binnelandse faktore op die vorming van buitelandse beleidsopsies het. Die vervlegting tussen binnelandse en buitelandse aangeleenthede is vir haar netso onbetwisbaar. Buitelandse beleid is selde suksesvol as dit nie eers tuis aanvaar word nie. Daar word dikwels gepraat van en verwys na 'n tuisgemaakte buitelandse beleid ("a home-grown foreign policy").

Wanneer Light die effek van binnelandse politiek op buitelandse aangeleenthede aanspreek, is sy deeglik bewus daarvan dat dit toenemend moeilik raak om buitelandse beleid van binnelandse politiek te skei. Gekoppel daaraan is die toenemende erkenning dat lande nie meer die enigste rolspelers in die internasionale arena is nie. Onderlinge afhanklikheid en kommer oor wêreldwye probleme beteken dat regerings nie meer die skeidsregters van hul lande se beleid kan wees nie. Haar gevolgtrekking is omvattend: BBA bly relevant tot die

⁵ Macridis (1958).

⁶ Haass (2011).

⁷ Gourevitch (1978:881-911).

⁸ Dugis (2009:175).

⁹ Henderson (2015).

¹⁰ Breuning (2007:115-140). Haar Hoofstuk 5 is getitel: "Domestic Constraints on Foreign Policy Making".

internasionale stelsel op voorwaarde dat ontleders van buitelandse beleid bepaald die verwickelinge van binnelandse ontwikkeling op die uitvoering van buitelandse beleid in ag neem.¹¹ As dit waar was toe sy die waarnemings in 1994 gemaak het, is dit vandag nog meer tersaaklik. Nou het nuwe internasionale en binnelandse besluite 'n groter invloed as die normale en algemene kontoerlyne wat ses dekades gelede vir BBA getrek was. Dit was 'n rustige tyd in vergelyking met vandag se onstuimige omstandighede waar beide binnelandse en internasionale rampspoed op enige tyd en plek kan tref. Gevolglik is dit noodsaaklik om op Rosenau se verduideliking te let dat BBA 'n manier voorsien het om buitelandse en binnelandse beleid onder dieselfde analitiese sambreel bymekaar te bring.¹² Vir hom beteken die voortgesette verwerking van die onderskeid tussen binnelandse en buitelandse kwessies dat dit baie moeilik, selfs onmoontlik, is om te bepaal waar binnelandse beleid eindig en buitelandse beleid begin.¹³ Henry Kissinger se geveulde woorde is hier uiters gepas: Buitelandse beleid begin waar binnelandse beleid eindig.¹⁴ Die grense tussen die twee vervaag net al hoe meer.

Dergelike uitsprake deur gesaghebbendes toon genoegsame bewys van die belangrike verhouding tussen buitelandse en binnelandse aangeleenthede. Selfs al is sommige hiervan reeds vele jare gelede geboekstaaf, is hul toepaslikheid vandag nog steeds geldig. Baie van die hedendaagse verwickelinge beaam hierdie kundiges se standpunte.

DIE DIGITALE ERA EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN

In die digitale era vervaag die grens tussen buitelandse en binnelandse aangeleenthede steeds meer. Wanneer Bjola, Cassidy en Manor die innoverende onderwerp van openbare diplomatie bespreek, maak hulle die volgende waarneming:

In a globalized world, one cannot easily separate the domestic from the foreign, as local challenges such as climate change, terrorism or even employment require regional or global solutions. Digitalization further blurs the distinction between domestic and foreign, as citizens' migration to digital platforms creates new opportunities for diplomats to rally domestic public support for foreign policy achievements or sway public opinion in favour of a chosen policy.¹⁵

Met die massiewe aanwending van al die moontlikhede wat hedendaagse digitale tegnologie bied, maak omgewingsbewustes wêreldwyd hul stemme dik om besluite op internasionale vlak te beïnvloed en verandering te weeg te bring. State kan deesdae kwalik meer buitelandse standpunte oor die omgewing inneem sonder om hierdie aanslag te kwantifiseer. Baie van hierdie aktivistiese slagspreuke het nou ook al deel van die terminologie van internasionale verhoudings geword. Sodoende het die omgewing seker nou een van die mees globale en multinasionale kwessies in die internasionale opset geword. Die ineengetrengeldheid tussen

¹¹ Light (1994:100 & 101).

¹² Rosenau (2008:i).

¹³ Ibid., bl. 18. Sien ook De Mesquita (2002:1-9).

¹⁴ Kissinger (1969a:11). Kissinger brei in sy artikel getiteld "Domestic Structure and Foreign Affairs" op hierdie tema uit deur reg aan die begin dit onomwonde te stel: "The domestic structure is taken as given". Kissinger (1969b:503). Dan vervolg hy met die stelling:

... the domestic structure is not irrelevant in any historical period. At a minimum, it determines the amount of the total social effort which can be devoted to foreign policy. Ibid., bl. 504.

¹⁵ Bjola et al. (2019:89).

klimaatverandering en buitelandse beleid is reeds meer as ’n dekade gelede al krities en in diepte aangespreek.¹⁶ Om die internasionale omgewingspolitiek in perspektief te plaas, vereis aandag aan die institusionele, sosiale en ekonomiese faktore wat buitelandse beleid bepaal. Openbare mening bestaan nie meer net uit openbare protes en mediabetrokkenheid nie. Albei word deesdae tot versadiging aangevul deur die middele wat sosiale media met sy steeds groeiende verskeidenheid in die kuberruimte bied. So vestig hierdie nuwe betrokkenheid van binnelandse drukgroepe sigself op een besondere gebied wat as sprekende voorbeeld van die nuwe impak van binnelandse aangeleenthede op buitelandse beleid dien. Die onderwerp van klimaatverandering wek uitermate groot belangstelling wêreldwyd en noop inwoners om hul sienswyses bekend te stel op watter wyses hulle ook al dink hulle die regering se standpunt hieroor mag beïnvloed.

Hierdie invloed wat die digitale era op state se hantering van internasionale kwessies het, soos die omgewing en klimaatverandering, maar ook menseregtevergrype, humanitêre krisisse en geweldsituasies in en tussen state, is sekerlik ’n onderwerp wat meer aandag in die toekoms sal verg.

DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA AS GEVALLESTUDIE

Wanneer vervolgens indringender gelet word op die voedingsbronne van die VSA se buitelandse beleidstandpunte word dit duidelik dat buitelandse beleid allermins in ’n vakuum geformuleer en uitgevoer word – dit word eerder in die nasionale belang vasgelê en hang trouens grootliks van binnelandse beleid en faktore af. In wese is dit binnelandse maatreëls en nasionale belang – en in die afgelope paar dekades ook dan meer spesifiek nasionale veiligheid – wat die grenslyne van buitelandse beleid bepaal. Dit ontstaan uit, groei en word gevoed deur binnelandse beleid. Buitelandse beleidmakers moet derhalwe ’n omvattende begrip van hul eie binnelandse omstandighede en beleid hê alvorens ’n buitelandse beleid geformuleer en aanvaar kan word.

’n Dergelike toedrag van sake maak die VSA, naas Brexit, ’n voor die hand liggende voorbeeld van die feit dat buitelandse aangeleenthede tuis begin en dat dit ’n weerspieëling van binnelandse belange en oortuiging is. Vandaar president Trump se slagspreuk van “Make America Great Again (MAGA)”, om sodoende verkiesingsondernemings in buitelandse beleid te vergestalt.¹⁷

Alvorens egter in meer besonderhede op sy buitelandse beleid gelet word, is dit nodig om op enkele aspekte van die VSA se buitelandse beleid uit vorige eras te let. As gevolg van verskeie binnelandse faktore op sosio-ekonomiese gebied was die verkiesingslandskap aansienlik minder gepolariseerd in die periode na die Tweede Wêreldoorlog as voorheen. Eens op ’n tyd was daar ook die verstandhouding dat verskille tussen die Demokrate en Republikeine beperk was tot binnelandse kwessies. Waar daar beleidsake was wat op buitelandse aangeleenthede geslaan het, het die uitdrukking gegeld dat hierdie geskille nie verder gaan as tot by die rand van die water nie (“beyond the water’s edge”). Die welvaart en vooruitgang wat die gemiddelde burger in die VSA in die kwarteeu na die einde van die Tweede Wêreldoorlog

¹⁶ Drexhage (2007).

¹⁷ Sy besluit in Desember 2017 om die ambassade van die VSA in Israel na Jerusalem te verskuif was duidelik om sy verkiesingsbelofte in die presidensiële verkiesing van 2016 na te kom. Sodoende verseker hy die binnelandse steun onder konserwatiewes, veral in die Joodse gemeenskap van die VSA.

geniet het, het 'n sterk grondslag vir die VSA gelê om 'n globale postuur te handhaaf. So kon die VSA die Verenigde Nasies en die Bretton Woods-instellings (Wêreldbank en die Internasionale Monetêre Fonds) onderskryf en bevorder. In hierdie periode was die VSA suksesvol om sy buitelandse doelwitte met die land se binnelandse ekonomiese realiteite te versoen. Die oorlog in Viëtnam en die skandaal van Watergate het die VSA binnelands vanaf 1965 tot 1973 skerp verdeel en verlam gelaat. Vertroue in die regering het 'n laagtepunt bereik. Buitelands het dit voorgekom of die VSA aan die agteruitgaan was. Beleidmakers het besluiteloos tussen détente en 'n konflikbelaaide buitelandse beleid gewifel.

Die einde van die Koue Oorlog het die VSA as die enigste groot moondheid gelaat. Vir die VSA was daar geen eksistensiële bedreiging meer van oorsee af nie. Nuwe geopolitiese realiteite het in die 1990s ontstaan. Tuis het binnelandse eise die leierskorps genoop om die voortwoekerende ekonomiese uitdagings te prioritiseer. Die gevolg was 'n buitelandse beleid afgestem daarop om ekonomiese vooruitgang te bevorder. Drie dekades later was daar weer tuis en oorsee onsekerheid oor die koers van die VSA se buitelandse beleid met oorloë in Irak en Afghanistan. Dit het nodig geword om internasionale optredes en beleidmaatreëls te skoei op binnelandse imperatiewe.

Die rol wat die twee huise van die Kongres in buitelandse aangeleenthede speel, kan ook nie uit die oog verloor word nie en kan nie buite die binnelandse politieke verband beoordeel word nie. Baie debatte in die Kongres en sy verskeie komitees is in verskeie gevalle partypolities van aard. Daarom kan tereg opgemerk word dat die Kongres se buitelandse beleidsdebatte in die meeste gevalle afgestem is op 'n binnelandse politieke gehoor. Dit wil egter nie sê dat bepaalde Kongreslede, veral Senatore, nie 'n aktiewe, ingeligte en deurdagte belangstelling in buitelandse aangeleenthede het en dat hulle nie bevoeg is om 'n werklike en soms oorspronklike bydrae tot die formulering van buitelandse beleid te lewer nie. Sekeres se sienswyses oor buitelandse aangeleenthede word deur die uitvoerende gesag gerespekteer en dra gewig omdat hulle gewoonlik waardevolle bydraes tot die formulering van 'n nasionale beleid maak. Baie praat egter net met die tuisfront. Ander weer gebruik buitelandse beleidsaspekte om bekendheid op die nasionale toneel te probeer verwerf. Die President sien nasionale gebeure in hul internasionale verband, terwyl Kongreslede internasionale gebeure meer in terme van nasionale politiek evalueer in ooreenstemming met die wense en verwagtinge van sekere seksies van hul kiesers. Gevolglik is dit belangrik om die Kongres se hantering van buitelandse aangeleenthede in terme van die motiewe van die individuele lede te ontleed met inagneming van die feit dat die hele magstryd tussen die President en die Kongres ten opsigte van buitelandse sowel as binnelandse beleid, van die vroegste tye uit partypolitieke oorwegings en baie daaruit voortvloeiende probleme ontstaan het. Hierdie situasie laat Lindsay met die volgende waarneming:

If presidents fail to recognize that winning foreign policy coalitions need to be built rather than assumed, the result will be legislative gridlock and an incoherent foreign policy.¹⁸

Met sy MAGA-slagspreuk het president Trump die klem op nasionale belange geplaas en sy verkiesing daarmee verseker. Daarna was die implikasies van die toepassing daarvan as 'n beleidsrigting duidelik te bespeur in sy buitelandse aksies en sy verdere slagspreuk wat hy effektief binnelands sowel as buitelands aangewend het – “America First”. Handelsgevegte met China, Kanada en Meksiko het gevolg. Sy immigrasie- en visumverbod vloei voort uit wat sy kiesers verlang en van hom verwag. Sy ondersteuners het dan ook hierdie twee

¹⁸ Lindsay (2000:2; 7-8).

slagspreuke hul eie gemaak, soos bevestig in die volgende waarneming van Blackwill oor president Trump se buitelandse beleid:

Despite all this, what ultimately matters is the effectiveness of US policies and their compatibility with national interests [and] whether his policies promote US national interests.¹⁹

Schweller verwoord hierdie beklemtoning van eiebelang soos volg:

Trump has sent the message that the United States will now look after its own interests, narrowly defined, not the interests of the so-called global community, even at the expense of long-standing allies. ... Trump's "America first" agenda is radical only in the sense that it seeks to promote the interests of the United States above all.²⁰

Hierdie nuwe benadering in die VSA se buitelandse beleid spreek nie net van 'n verbintenis om die land se belange eerste te plaas nie. Hiermee word internasionale instellings wat nie langer beskou word as doeltreffend in die bevordering van westerse waardes van vryheid en menseregte nie ook gewaarsku: hervorm of staar verwerping deur Washington in die gesig.²¹

Op 26 April 2019 stel Staatssekretaris Mike Pompeo die Staatsdepartement se etos met onder andere hierdie opmerkings bekend:

We protect the American people and promote their interests and values around the world by leading our nation's foreign policy.²²

Die volgende was een van die reaksies hierop:

From Mr. Trump's perspective, the United States is tackling global issues in a realistic manner with his "America First" approach – working with allies so long as it benefits American interests.²³

Schweller vat die nuwe realiteit in die VSA se benadering tot buitelandse aangeleenthede hiermee saam, wat duidelik beklemtoon dat buitelandse beleid nooit ten volle geïsoleerd van binnelandse politiek is nie:

It should come as no surprise, then, that so many Americans have finally begun to question their country's long-standing grand strategy of playing the world's policeman and voted for the candidate who vowed to put America first. With the American era nearing an end, Washington must pursue a new grand strategy to deal with the new situation. Trump's brand of realism offers just such a strategy.²⁴

Nasionale veiligheid en sekuriteit na 9/11

'n Ander gesigspunt wat aandag verg, is die feit wat sedert die gebeure van 9/11 sterk na vore getree het as basis van die VSA se buitelandse beleid, naamlik vrees by die bevolking. In sy

¹⁹ Blackwill (2019:6).

²⁰ Schweller (2018:134 en 135).

²¹ Taylor (2019).

²² Pompeo (2019).

²³ Wong (2019). Pompeo se mening word verder verduidelik dat president Trump vasbeslote is om die VSA se belange eerste in sy buitelandse beleid te stel al bly sekere tradisionele beleidsaspekte in die slag. Taylor (2019).

²⁴ Schweller (2018:143).

artikel hieroor bespreek Davis hoe hierdie vrees op verskeie wyses manifesteer en kernaspekte van buitelandse beleid raak. Hy wys daarop dat die eens gevestigde benadering van realisme in die VSA se buitelandse beleid nou plek gemaak het vir vrees. Volgens hom is nie al die verskeidenheid vrees – onder andere vir terrorisme op tuisbodem, die Russe, die Chinese, Iran, Kuba en immigrante – geldig nie. Tog is daar nogtans ’n oorkoepelende vrees wat hoogty vier. Dit is hierdie allesomvattende vrees wat die volgende veroorsaak:

This ‘fearism’ all too often produces policies that are irrational and illogical – and perversely dissipates, not strengthens, our national security.²⁵

Malley en Finer sny hierdie vrees wat in ’n bedreigingsgevoel oorgaan tot op die been met hulle grondige ontleding. Dit kom daarop neer dat

... unlike most other foreign policy issues, terrorism matters to Americans. They may have an exaggerated sense of the threat or misunderstand it, and their political leaders might manipulate or exploit their concerns. But politicians need to be responsive to the demands of their constituents, who consistently rank terrorism among the greatest threats the country faces.²⁶

Klimaatsverandering

Naas die nagevolge van 9/11 bied die omgewing en dan veral klimaatsverandering met betrekking tot die VSA stof vir ’n gevallestudie. Alhoewel die VSA ’n wêreldleier is, is dit nie by magte om leierskap met betrekking tot hierdie kardinaal belangrike kwessie te bied nie, aangesien ’n globale bedreiging ondergeskik gestel word aan nasionale belange. Dit blyk onder meer uit president Trump se onttrekking van die VSA op 1 Junie 2017 aan die Parys-ooreenkoms oor Klimaatsverandering van 2015, waar potensiële skade aan die VSA se ekonomie een van sy belangrikste oorwegings was – werkverliese en aansienlike verminderde produksie in sleutelsektore van die ekonomie sou die VSA immers benadeel. Verdere redes vir die presidensiële standpunt oor klimaatsverandering is te wyte aan ’n reeks grondwetlike beperkings en die VSA se steeds groeiende afhanklikheid van fossielbrandstof, soos olie en gas, wat aanhoudend deur magtige firmas en hul stemwerwers verkondig en gedryf word.²⁷ Harris ontleed die binnelandse redes vir verandering in die VSA se buitelandse beleid ten opsigte van klimaatsverandering en die stratosferiese osoonuitputting.²⁸ Harrison brei hierop soos volg uit:

Public concern about stratospheric zone depletion dramatically influenced *domestic* policy in the United States. *Foreign* policy was influenced more by the ideology of the administration, and by a small but influential produce lobby. ... the United States’ political system encourages domestic political division that inhibits participation in international environmental agreements.²⁹

Enkele jare later verwoord Sussman hoe hierdie binnelandse faktore ’n sentrale rol in die vorming van die VSA se globale benadering tot omgewingsaspekte speel:

²⁵ Davis (2019).

²⁶ Malley & Finer (2018:59-60).

²⁷ Ott (2019:293).

²⁸ Harris (2000).

²⁹ Harrison (2000:90). Kursief in oorspronklike.

While environmental issues are increasingly transnational, domestic political factors have played an important role in shaping US policy toward global environmental problems. ... powerful domestic organized interests that have used their resources in an effort to influence US global environmental policy.³⁰

Dekades voordat hierdie verskynsel so 'n integrale deel van buitelandse aangeleenthede geword het, het Nweke reeds tot die gevolgtrekking gekom dat dit

... demonstrate that the various constituent elements in the political system – the government, the political parties, pressure groups, the civil service, the political and bureaucratic elites, public opinion, and the press – operating within the democratic process provided by the constitution, exert direct or indirect influence in shaping a country's FP.³¹

Hierdie verskynsel bevestig weereens die gegewe dat die buitelandse beleid van 'n land tot 'n groot mate deur binnelandse faktore en sisteme nie net beïnvloed nie, maar selfs bepaal word. Openbare mening speel dus 'n deurslaggewende rol in hierdie opsig, maar soos Holsti tereg uitwys, kan daardie mening baie ploffbaar en 'n remskoen vir buitelandse beleid wees met altyd die moontlikheid van

... fear that an ill-informed and emotional mass public would serve as a powerful constraint on the conduct of American diplomacy, establishing unwise limits on policy makers, creating unrealistic expectations about what was feasible in foreign affairs, otherwise doing serious mischief to American diplomacy and, given the American role in the world, perhaps even to international stability.³²

Die gevaar dat baie burgers oor min of geen kennis van buitelandse beleid beskik, laat Page en Bouton tot die volgende gevolgtrekking kom:

The actual foreign policies of the United States have often differed markedly from the policies that most Americans want and they argue that U.S. foreign policy would be more effective . . . if our government paid more attention to the views of its citizens.³³

Dit is juis hierdie punt wat president Trump in sy buitelandse beleid nastreef om die VSA se belange eerste te stel, waardeur almal meer veiligheid en welvaart sal ondervind, wat Anton laat opmerk:

Since taking office, the president has recoupled U.S. foreign policy to domestic politics, a bond that had become increasingly frayed in recent decades.³⁴

Volgens Anton is die doel van 'n buitelandse beleid vir president Trump niks anders as om die land se eie belange en dié van sy inwoners eerste te plaas nie. In sy soeke na 'n buitelandse beleid het hy die antwoord gevind waarop hy die Trump-leerstelling kon vestig: die Amerikaanse bevolking. In 'n omvattende studie oor hoe binnelandse prioriteite ineenskakel met internasionale en veiligheidsvereistes, het die *Center for American Progress* bevind dat die kernelemente van die slagspreuk “America First” byval by fokusgroepe gevind het, veral die opvatting dat die VSA moet ophou om polisieman in die wêreld te speel en meer aandag aan

³⁰ Sussman (2004:365).

³¹ Nweke (1986:34).

³² Ibid., p. 444.

³³ Page & Bouton (2007:17).

³⁴ Anton (2019).

probleme op eie bodem – sosio-ekonomiese en sekuriteitsnoodsaaklikhede – moet gee, eerder as om bekommerd te wees oor wat in ander wêrelddele gebeur waaraan niks gedoen kan word nie en wat ook nie beheer kan word nie. Dit is insiggewend dat tot die gevolgtrekking gekom word dat begrippe van en taal in vorige buitelandse beleidsverklarings nie meer tot die meeste kiesers deurdring nie.³⁵

SLOTOPMERKINGS

Dit is insiggewend dat die VSA en die VK se vergelykbare en tog verskillende instellings teenoor die toenemende vervaging van binnelandse en buitelandse aangeleenthede deur 'n frappante onlangse voorval geïllustreer word. In Julie 2019 was daar groot konsternasie toe diplomatieke verslae van die VK se ambassadeur in Washington D.C. in 'n Britse koerant gepubliseer is waarin president Trump en sy administrasie in onvleiende taal beskryf en ontleed word. Na die president se uitbarsting het die posisie van die ambassadeur onhoudbaar geword. Later bedank hy. Diepliggend tot hierdie gebeure en wat uit die oog verloor word, is die feit dat terwyl die VSA verander het, het die VK gefaal om sy diplomatie aan te pas by, onder meer, 'n veranderende en steeds veranderende digitale wêreld, gekenmerk deur deurlopende mediakommentaar:

But in the frantic Washington of today, where the boundaries between foreign and domestic politics are breaking down, Britain is all at sea. This is a new D.C. ... The foreign and the domestic can no longer be so elegantly split. ... As the boundaries of foreign and domestic politics blur, ambassadors can't afford to restrict themselves to formal channels. And this is, mostly, what the British embassy has been doing.³⁶

Heelwat sal nog oor hierdie episode geskryf word, maar waarvan nie weggekome kan word nie is die feit dat die VK nagelaat het om sy diplomatieke netwerk verder uit te brei as die tradisionele een wat die spesiale verhouding tussen die twee lande oor so baie dekades ondersteun en gedra het.

Samevattend kan gestel word dat buitelandse beleid grootliks beïnvloed word deur die binnelandse politieke omgewing; dit word gevorm deur en gevestig in binnelandse aangeleenthede. Besluite oor buitelandse aangeleenthede moet dus in 'n bepaalde binnelandse konteks geëvalueer word omdat dit hoofsaaklik van binne ontwikkel.³⁷ In onlangse dekades het die skakel tussen die twee nouer geword. Die belang van binnelandse aangeleenthede het vir buitelandse aangeleenthede deurslaggewend geword. Terselfdertyd het globalisering versnel en hierdie belang verder aangewakker.³⁸ Dit is noodsaaklik om 'n stelselmatige verslag van binnelandse politieke impak op buitelandse beleid paraat te hê.³⁹ Daarsonder word verduidelikings ten opsigte van buitelandse aangeleenthede verwronge en, selfs belangriker, word die lys van rolspelers wat daardie besluitnemingsproses beïnvloed ook onvollediger. Gevolglik was dit nie meer langer moontlik vir buitelandse beleidsbesluitnemers om binnelandse

³⁵ Halpin et al. (2019).

³⁶ Judah (2019).

³⁷ Hill (2003:222).

³⁸ McCormick (1999:1-2). Kommentaar deur De Mesquita (2002), Farnham (2004) en Rosenau (2008) voeg groot waarde by tot begrip van die belangrikheid van binnelandse aangeleenthede en die gevolglike impak daarvan op buitelandse beleid.

³⁹ Hudson belig die effek van binnelandse politieke twis op besluitneming oor buitelandse beleid. Hudson (2012:13-23).

imperatiewe buite rekening te laat in die beoordeling van buitelandse verwickelinge en die formulering van behoorlike antwoorde daarop nie. In hierdie verband moet nasionale veiligheid in sy totaliteit verstaan word. Die belangrikheid om dit te bereik, vereis ’n deurdringende bespreking van hierdie konsep en hoe dit na sekere gebeure op die tuisfront onlosmaaklik deel geword het van binnelandse besorgdheid en angs en gevolglik in benaderings tot buitelandse besluitneming opgeneem is. Een allesoorheersende voorbeeld wat geen bekendstelling nodig het nie, is die gebeure van 9/11 wat die VSA tot in sy diepste wese geruk het. Die VSA se konvensionele benadering tot buitelandse beleid en formulering daarvan het op daardie dag in September 2001 tot ’n einde gekom. Beide binnelandse en buitelandse aspekte is voortaan deur dieselfde, en soms enigste, prisma beskou – nasionale veiligheid wat op tuisbodem ontstaan en gevoed word. Om ’n land se buitelandse beleid te verstaan, moet die binnelandse beleid eers ontleed en verstaan word. Die buitelandse beleid wat president Trump navolg, is hiervan ’n sprekende voorbeeld. Wanneer ’n land dus koherente binnelandse beleidsmaatreëls nastreef en toepas, volg ook koherente optrede in sy buitelandse beleid. Maatreëls wat eger binnelands verdeel en dele van die bevolking antagoniseer, vind ook neerslag in optrede met bedenklike buitelandse gevolge. Gegewe die onbetwisbare invloed wat dit op buitelandse aangeleenthede het, het binnelandse politiek ’n sleuteldimensie van buitelandse besluitnemingsprosesse geword.

BIBLIOGRAFIE

- Anton, Michael. 2019. The Trump Doctrine: An insider explains the president’s foreign policy. *Foreign Policy*, 20 April 2019.
- Bjola, Corneliu; Cassidy, Jennifer; Manor, Ilan. 2019. Public Diplomacy in the Digital Age. *The Hague Journal of Diplomacy*, 14:83-101.
- Blackwill, Robert. 2019. Trump’s Foreign Policies Are Better Than They Seem. *Council on Foreign Relations Special Report*, 84:April 2019.
- Breuning, Marijke. 2007. *Foreign Policy Analysis: A Comparative Introduction*. New York: Palgrave Macmillan.
- Davis, Daniel. 2019. America’s Fear-Based Foreign Policy Needs to Go. *The National Interest*, 10 June 2019.
- De Messquita, Bruce. 2002. Domestic Politics and International Relations. *International Studies Quarterly*, 46(1):1-9.
- Drexhage, John et al. 2007. Climate Change and Foreign Policy. An exploration of options for greater integration. *International Institute for Sustainable Development*. Winnipeg, Manitoba, Canada.
- Dugis, Vinsensio. 2009. Domestic Political Structure and Public Influence on Foreign Policy, A Basic Model. *Media Jurnal Global dan Strategis*, 3(2):169-186.
- ECPR (European Consortium for Political Research) – The Study of the Foreign Policies of European Union Member States. 2000. *Paper for the workshop on “International Relations in Europe: Concepts, Schools and Institutions”*. 28th Joint Sessions of Workshops of the European Consortium for Political Research, 14-19 April 2000, Copenhagen, Denmark, pp. 1-21.
- Eksteen, Riaan. 2019a. Die Rol van die Hoogste Howe van die VSA, Suid-Afrika en die Europese Unie in Buitelandse Aangeleenthede. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59(1):1-16.
- Eksteen, Riaan. 2019b. Brexit se politieke en ekonomiese nagevolge en historiese realiteite. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59(2):266-291.
- Farnham, Barbara. 2004. Impact of the Political Context on Foreign Policy Decision-Making. *Political Psychology*, 25(3):441-463.
- Gerner, Deborah. 1995. The Evolution of the Study of Foreign Policy. In Neack, Laura; Hey, Jeanne A. K. & Haney, Patrick J. *Foreign Policy Analysis: Continuity and Change in Its Second Generation*. New Jersey: Prentice-Hall Inc., Englewood Cliffs, pp. 17-32.
- Gourevitch, Peter. 1978. The second image reversed: The international source of domestic politics. *International Organization*, 32(4):881-911.

- Haass, Richard. 2011. *Foreign Policy Begins at Home: The Case for Putting America's House in Order*. New York: Free Press.
- Halpin, John; Katulis, Brian; Juul, Peter; Agne, Karl; Gerstein, Jim & Jain, Nisha. 2019. America Adrift: How the U.S. Foreign Policy Debate Misses What Voters Really Want. *Center for American Progress*.
- Harris, Paul G. 2000. *Climate Change & American Foreign Policy*. London: Macmillan Press Ltd.
- Harrison, Neil. E. 2000. From the Inside Out: Domestic Influences on Global Environmental Policy. Chapter in Harris, Paul G. 2000. *Climate Change & American Foreign Policy*. London: Macmillan Press Ltd., pp. 89-110.
- Henderson, Howard. 2015. Foreign Affairs Are Now Domestic Affairs. *HuffPost Plus*, 18 Februarie 2015.
- Hill, Christopher. 2003. *The Changing Politics of Foreign Policy*. New York: Palgrave Macmillan.
- Holsti, Ole. 1992. Public Opinion and Foreign Policy: Challenges to the Almond-Lippmann Consensus Mershon Series: Research Programs and Debates. *International Studies Quarterly*, 36:439-466.
- Hudson, Valerie. 2012. The History and Evolution of Foreign Policy Analysis. In Smith, Steve; Hadfield, Amelia & Dunne, Tim (eds). *Foreign Policy: Theories, Actors, Cases*. Oxford University Press, second edition, pp.13-23.
- Judah, Bedn. 2019. Washington Changed. British Diplomacy Failed to Keep Pace. *Atlantic*, 10 July 2019.
- Kaarbo, Juliet. 2003. Foreign Policy Analysis in the Twenty-First Century: Back to Comparison, Forward to Identity and Ideas. *International Studies Review*, 5(2):156-163.
- Kaarbo, Juliet. 2015. A Foreign Policy Analysis Perspective on the Domestic Politics Turn in IR Theory. *International Studies Review*, 17(2):189-216.
- Kissinger, Henry. 1969a. *American Foreign Policy: Three Essays*. New York: W.H. Norton & Co. Inc.
- Kissinger, Henry. 1969b. Domestic Structure and Foreign Policy. *Daedalus*, 95(2):501-526.
- Light, Margot. 1994. Foreign Policy Analysis. In Groom, A. J. R. & Light, Margot. *Contemporary International Relations: Guide to Theory*. London: Pinter Publishers, pp. 93-108.
- Lindsay, James. 2000. Looking for Leadership: Domestic Politics and Foreign Policy. *Brookings*: 1-8.
- Macridis, Roy. 1958. *Foreign Policy in World Politics*. New Jersey: Englewood Cliffs.
- Malley, Robert; Finer, Jon. 2018. The Long Shadow of 9/11: How Counterterrorism Warps U. S. Foreign Policy. *Foreign Affairs*, 97(4):58-69.
- McCormick, James. 1999. *The Domestic Sources of American Foreign Policy: Insights and Evidence*. Lanham MD: Rowman & Littlefield Publishers.
- Neack, Laura; Hey, Jeanne A. K. & Haney, Patrick J. 1995. Generational Change in Foreign Policy Analysis. In Neack et al. *Foreign Policy Analysis: Continuing and Change in Its Second Generation*. New Jersey, Englewood Cliffs: Prentice-Hall Inc., Chapter 1:1-15.
- Nweke, G. Aforka. 1986. Domestic Structure and Processes of Nigeria's Foreign Policy. In: Olusanya & Akindete (eds). *Nigeria's External Foreign Policy: Twenty-Five Years*. Ibadan University Press Limited.
- Ott, Hermann. E. 2001. Climate Change: An Important Foreign Policy Issue. *International Affairs*, 77(2):277-296.
- Page, Benjamin & Bouton, Marshall. 2006. *The Foreign Policy Disconnect: What Americans Want From Our Leaders But Don't Get*. University of Chicago Press.
- Pompeo, Mike. 2019. One Team, One Mission: Introducing Our Ethos. *U.S. Department of State*, 26 April 2019.
- Rosenau, James. 2008. Foreword. In Smith, Steve; Hadfield, Amelia & Dunne, Tim (eds). *Foreign Policy: Theories, Actors, Cases*. Oxford University Press.
- Schweller, Randall. 2018. Three Cheers for Trump's Foreign Policy: What the Establishment Misses. *Foreign Affairs*, 97(5), September/October 2018:133-143.
- Staton, Jeffrey & Moore, Will (eds). 2011. Judicial Power in Domestic and International Politics. *International Organization*, 65(3):553-587.
- Sussman, Glen. The USA and Global Environmental Policy: Domestic Constraints on Effective Leadership. *International Political Science Review*, 25(4):349-369.
- Taylor, Guy Pompeo. 2019. Trump's 'America First' discards multilateralism that no longer works. *Washington Times*, 6 June 2019.
- Wong, Edward. 2019. As Trump Angers Allies, Rival Powers Cultivate Diplomatic Ties. *The New York Times*, 26 April 2019.

'n Beoordeling van die (wan)prestasie van die artikel 185-Kommissie met betrekking tot die regte van gemeenskappe

A concise assessment of the (mal)performance of the section 185 Commission in relation to the rights of communities

ERNST ROETS

Doktorale student
Departement Publiekreg
Universiteit van Pretoria
E-pos: ernst@afriforum.co.za



Ernst Roets



Koos Malan

KOOS MALAN

Departement Publiekreg
Universiteit van Pretoria
E-pos: Koos.Malan@up.ac.za

ERNST ROETS is adjunk- uitvoerende hoof van die burgerregteorganisasie AfriForum. Roets het in 2016 'n LLM in publiekreg met lof aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Die tema van die verhandeling was “'n Peiling van die middele kragtens die Suid-Afrikaanse Grondwet, ter afdwinging van die basiese regte van minderheidsgemeenskappe”. Roets het 'n LLB aan die Universiteit van Pretoria verwerf, waar hy op verskeie studentestrukture, insluitende die Verteenwoordigende Studenteraad en die Senaat, gedien het. Roets is tans besig met 'n LLD in publiekreg aan die Universiteit van Pretoria.

ERNST ROETS is the Deputy Chief Executive Officer of the civil rights organisation AfriForum. Roets obtained an LLM degree (cum laude) in Public Law in 2016 from the University of Pretoria. The English title of the dissertation is “A discussion of the means by virtue of the South African Constitution to enforce the basic rights of minority communities”. Roets obtained an LLB degree from the University of Pretoria, where he served on various student structures, including the Student Representative Council and the Senate. Roets is currently working towards an LLD degree in Public Law at the University of Pretoria.

KOOS MALAN is professor in publiekreg aan die Universiteit van Pretoria. Hy publiseer op die gebied van die teorie van die konstitusionele reg, die verhouding tussen die politiek en die reg, konstitusionalisme, konstitusionele verandering (naas grondwetlike tekswysiging), konstitusionele interpretasie en die konstitusionele akkommodering van minderhede. Benewens nagenoeg vyftig akademiese artikels, is hy ook die outeur van 'n omvattende akademiese monograaf, *Politokrasie – 'n peiling van die dwanglogika van die territoriale staat en gedagtes vir 'n antwoord daarop*. Die boek het ook in Engels verskyn. Sy

KOOS MALAN is professor of public law at the University of Pretoria. He publishes in the fields of the theory of constitutional law, the interaction between law and politics, constitutionalism, constitutional change (over and above text amendments), constitutional interpretation and the constitutional accommodation of minorities. He has published approximately fifty academic articles. He is the author of a comprehensive monograph entitled *Politocracy – an assessment of the coercive logic of the territorial state and ideas around a response to it*. The book was also published in Afrikaans. His next scholarly mono-

volgende publikasie, 'n vakkundige monograaf, *There is no supreme constitution – a critique of statist individualist constitutionalism* verskyn binnekort. Hy publiseer ook van tyd tot tyd oor grondwetlik verwante kwessies in die populêre media.

graph, *There is no supreme constitution – a critique of statist individualist constitutionalism*, is due for publication shortly. From time to time he also addresses constitutionally related matters in the popular media.

ABSTRACT

A concise assessment of the (mal)performance of the section 185 Commission in relation to the rights of communities

Section 185 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 provides for the establishment of a Commission for the Promotion and Protection of the Rights of Cultural, Religious and Linguistic Communities. The notion of the rights of communities in contrast to the rights of individuals (belonging to such communities) is central to the mandate of the Commission. Thus the very first of the objects of the Commission under section 185(1)(a) is to promote respect for the rights of cultural, religious and linguistic communities. The remainder of section 185 is permeated with the notion of the rights of communities.

The same obtains for the legislative instrument, the Commission for the Promotion and Protection of the Rights of Cultural, Religious and Linguistic Communities Act, 24 of 2002, that gives further effect to the relevant constitutional provisions namely, most notably in section 4 and section 5(g) and (i) of the Act.

However, the prevalent consensus is that the Commission has been unsuccessful in discharging its responsibilities in relation to community rights. The primary reason is that the Commission has failed to grasp the notion of the rights of communities, thus causing it to be incapable of giving effect to them. This failure is particularly serious especially in view of convincing theoretical arguments in favour of collective rights.

It has for example been shown that the existence and recognition of communities are not only essential for cultural, language and religious rights but also for seemingly unequivocal individual rights such as the right to freedom of association and expression. These rights can be exercised only within a communal setting. This point has been demonstrated convincingly by scholars such as Denise Réaume, Rodolfo Stavenhagen and Helen O’Nions and many others.

Moreover, there are important developments in international law supporting the recognition of the rights of communities. Three points are significant in this regard.

Firstly, although article 27 of the International Covenant on Civil and Political Rights is framed in individual-rights terms, the International Commission of Human Rights which oversees the Covenant is increasingly interpreting article 27 in collective terms. This is apparent from the Committee’s General Comment 23 and its requiring of states to take positive action towards the protection of the communities individuals belong to as opposed to individual members only.

Secondly, there is the Declaration of the Rights of Persons Belonging to National, Ethnic, Religious and Linguistic Minorities. Various provisions of this Resolution of the United Nations also require positive action of state governments to protect these communities and not only individual members, for example that “(S)tates shall protect the existence and the national or

ethnic, cultural, religious and linguistic identity of minorities within their respective territories and shall encourage conditions for the promotion of that identity.”

Thirdly, there is the United Nations Development Report of 2004, which represents a major step forward in the protection of (minority) cultural communities. The report contains a comprehensive position on the way in which states should organise themselves in order to safeguard communities effectively, including minority communities. Cultural freedom is the guiding principle of the report. Accordingly, policies directed towards the achievement of homogenisation of culturally diverse societies are emphatically condemned while majoritarianism is rejected. The Report highlights the link between human development and cultural freedom, stating that “(c)ultural liberty is central to the capability of people to live as they would like. The advance of cultural liberty must be a central aspect of human development, and this requires going beyond social, political and economic opportunities since they do not guarantee cultural liberty.” Accordingly, “(s)tates need to recognize cultural differences in their constitutions, their laws and their institutions. They also need to formulate policies to ensure that the interests of particular groups – whether minorities or historically marginalised majorities – are not ignored or overridden by the majority or by dominant groups.”

Organs of state in South Africa, including the Commission, ought not to ignore these important developments. Unfortunately this seems precisely what the Commission has been doing. That is the reason for the Commission’s failure thus far. It will only be able to revive itself once it duly accounts for the notion of the collective legal claims of communities which is the prerequisite for enabling it to give effect to its constitutional and legislative mandate.

KEY CONCEPTS: Commission for the Promotion and Protection of the Rights of Cultural, Religious and Linguistic Communities; Commission for the Promotion and Protection of the Rights of Cultural, Religious and Linguistic Communities Act; Collective rights; Rights of communities (as opposed to individual rights); International Committee of Human Rights; International Covenant on Civil and Political Rights (ICCPR); *UN Declaration on the Rights of Persons Belonging to National or Ethnic, Religious and Linguistic Minorities*; *UN Development Report of 2004, titled Cultural liberty in today’s diverse world*; *General Comment 23* (of the International Committee of Human Rights)

TREFWOORDE: Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe; Wet op die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe; kollektiewe regte; gemeenskapsregte (in teenstelling tot individuele regte); Internasionale Komitee vir Menseregte; Internasionale Verbond vir Burgerlike en Politieke Regte (IVBPR); VN se Verklaring oor die Regte van Persone wat behoort tot Nasionale, Etniese, Godsdiens- en Taalminderhede (*Declaration on the Rights of Persons Belonging to National or Ethnic, Religious and Linguistic Minorities*); VN *Development Report* van 2004, getiteld *Cultural liberty in today’s diverse world*; *General Comment 23* (van die Internasionale Komitee vir Menseregte)

OPSOMMING

Die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe voldoen nie aan die verwagting om die regte van gemeenskappe te beskerm nie. Die hoofrede hiervoor is dat die Kommissie nie erns maak met die konsep van regte van gemeenskappe, naas individuele regte nie. Op die keper beskou is die beskerming van gemeenskappe die voorwaarde vir uitoefening van talle oënskynlik eg individuele regte, byvoorbeeld die reg op vryheid van uitdrukking, vryheid van assosiasie, asook regte met betrekking tot taal, kultuur en godsdiens. Dit is belangwekkend dat onlangse ontwikkelings op die gebied van die internasionale reg juis groeiende erkenning verleen aan die beskerming van die integriteit van gemeenskappe ten einde sinvolle beskerming aan individue te verleen. Eerstens vertolk die Internasionale Komitee vir Menseregte die oënskynlik individualisties-geformuleerde artikel 27 van die Internasionale Verbond vir Burgerlike en Politieke Regte (1966) toenemend kollektief ten einde sodoende die klem op die beskerming van gemeenskappe te plaas. Tweedens, vereis die Deklarasie oor die Regte van Persone wat tot Nasionale-, Etniese-, Godsdienstige- en Taalminderhede behoort (1992) van state om daadwerklike stappe te doen om die betrokke minderheidsgemeenskappe te beskerm. Derdens onderskryf die Verenigde Nasies (VN) se Ontwikkelingsverslag (“Development Report”) van 2004 breedvoerig die beginsel van kulturele vryheid en word daar van state vereis dat hulle huishoudelike reg die kulturele vryheid van gemeenskappe aktief bevorder. Terselfdertyd keer die Verslag staatsbeleid wat kulturele homogenisering meebring onomwonde af. Dit is noodsaaklik dat Suid-Afrikaanse staatsorgane met inbegrip van die Kommissie van hierdie ontwikkelings kennis neem en dienoreenkomstig optree. Die Kommissie se nalate om juis dit te doen, verklaar in beduidende mate sy eie mislukking.

1. INLEIDING

Die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe wat kragtens artikel 185 van die Grondwet¹ (hierna die Kommissie of die artikel 185-Kommissie genoem) ingestel is, is een van die liggame wat kragtens hoofstuk 9 van die Grondwet ingestel is om saam met die ander liggame ingestel kragtens hoofstuk 9² grondwetlike demokrasie in die Republiek te versterk.³ Die Kommissie het ’n stel oogmerke en funksies soos in artikel 185 van die Grondwet en die Wet op die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe⁴ (die Wet) uiteengesit word.

Blykens die bespreking hieronder van die tersaaklike bepalings van die Grondwet en van die Wet, vind die belangrikste oogmerke en funksies van die Kommissie in sy naam neerslag. As Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe moet dit derhalwe die regte van gemeenskappe beskerm en bevorder, en nie soseer die regte van die individue wat tot sodanige gemeenskappe behoort nie. Dit wil sê,

¹ Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika van 1996.

² Die volgende liggame word kragtens artikel 181(1) van die Grondwet ingestel: Die Openbare Beskermer, die Menseregtekommissie, die Kommissie vir die Bevordering en die Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe, die Kommissie vir Geslagsgelykheid, die Ouditeur-Generaal en die Verkiesingskommissie.

³ Aldus artikel 181(1) van die Grondwet.

⁴ Wet 19 van 2002.

dit moet kollektiewe regte beskerm, nie die primêr individuele regte nie. Dit beteken natuurlik nie dat die Kommissie onverskillig moet staan teenoor die regte van individue wat tot hierdie gemeenskappe behoort nie. Inteendeel, wanneer die regte van die gemeenskappe beskerm word, het dit noodwendig die implikasie dat die regte van die individue wat tot daardie gemeenskappe behoort, ook beskerm word.

Die denkbeeld van die regte van gemeenskappe as kollektiewe regte is egter enigsins omstrede, veral in Suid-Afrika, waar daar benewens politiek-geïnspireerde besware ook regs-besware daarteen geopper word. In die internasionale reg – globaal sowel as regionaal – het die denkbeeld van die kollektiewe regte van gemeenskappe (naas individuele regte) egter wortelgeskiet en is dit vandag ’n toenemend prominente deel van die positiewe reg. Trouens, daar blyk selfs ’n toenemend gunstige emosionele verbintenis daartoe te wees.

Blykens artikel 185 van die Grondwet en talle bepalings van die Wet op die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe, soos hierna bespreek, is hierdie konsep ook prominent in die Suid-Afrikaanse publiekreg opgeneem. Die een instelling wat juis daaraan uitvoering moet gee, is die artikel 185-Kommissie. Tog bestaan daar eenstemmigheid dat die Kommissie onsuksesvol is, soos byvoorbeeld blyk uit die sogenaamde Asmal-verslag, wat hieronder veral in afdeling 3 in meer besonderhede bespreek word.

Ofskoon die besonderhede van die Kommissie se mislukking breedvoerig in die Asmal-verslag behandel word, laat dit na om die eintlike rede vir die mislukking aan te stip. Dit is naamlik dat die Kommissie tot dusver nagelaat het om erns te maak met die konsep van die (kollektiewe) regte van gemeenskappe. Die Kommissie het nie klaarheid bereik oor wat die konsep inhou nie, en vir solank hy nalaat om dit te doen, kan hy nie uitvoering gee aan sy basiese verantwoordelikheid, naamlik om juis hierdie regte te bevorder en te beskerm nie.

Dit is weliswaar korrek dat die Grondwet, behalwe in die bepalings wat op die artikel 185-Kommissie betrekking het, nie uitdruklik die konsep van die regte van gemeenskappe hanteer nie. Dit beteken egter nie dat die Grondwet inherent vyandig teenoor die konsep staan nie. Inteendeel, die meeste individuele regte, soos die reg op assosiasie, uitdrukking, vergadering, godsdiensvryheid en dergelike ander regte, wat oënskynlik tipies individueel van aard is, het by nadere betragting ’n noodsaaklike kollektiewe element.⁵ Hulle kan nie na behore uitgeoefen word indien dit nie op die een of ander wyse in groepsverband is nie.

Die uitoefening van hierdie regte hou in dat die groepsverbande waarin individue hierdie regte uitoefen, noodwendig beskerm moet word ten einde individue in staat te stel om die betrokke individuele regte te kan uitoefen. Die Kommissie het nagelaat om hierdie inherente gemeenskaps-element van individuele regte na behore te verreken. Dit is dan ook die hooforsaak waarom hy uiteindelik nie sy taak kon vervul om die regte van gemeenskappe te bevorder nie.

Indien die Kommissie die inherente gemeenskaps-element van individuele regte wel verreken het, sou hy daarin geslaag het om die regte van gemeenskappe te beskerm en te bevorder, en gevolglik sin aan sy eie bestaan kon verleen. Daar is nie alleen belangrike regsteoretiese werk op hierdie terrein – van die regte van gemeenskappe – gedoen nie, maar meer bepaald is daar ook ’n groeiende tendens in die internasionale reg ingevolge waarvan toenemende erkenning aan gemeenskappe naas individue verleen word. Ofskoon die Kommissie kragtens artikel 39(1)(b)⁶ van die Grondwet verplig is om aan hierdie tendense

⁵ Currie & De Waal (2013:625-636); Malan (2008:422-438).

aandag te gee, is daar geen teken dat dit wel gedoen is nie. Op die gebied van die internasionale reg, met inbegrip van sogenaamde tendense van sagte reg (“soft law”), is daar veral drie aspekte waarop die Kommissie moes gelet het, maar ongelukkig nagelaat het om dit te doen:

- Eerstens, op die werk van die Internasionale Komitee vir Menseregte.
- Tweedens, die gemeenskapsregtelike tendens soos weerspieël in die VN se Verklaring oor die Regte van Persone wat behoort tot Nasionale, Etniese, Godsdiens- en Taalminderhede (*Declaration on the Rights of Persons Belonging to National or Ethnic, Religious and Linguistic Minorities*).⁷
- Derdens, die VN *Development Report* van 2004, getiteld *Cultural liberty in today's diverse world*.⁸

In die bespreking hierna word die grondwetlike en wetgewende raamwerk van die Kommissie in afdeling 2 behandel. Daaruit blyk dit duidelik dat die belangrikste verantwoordelikheid van die Kommissie juis is om die regte van gemeenskappe, dit wil sê regte van ’n kollektiewe aard, te bevorder en te beskerm. Daarna word in afdeling 3 aangetoon dat die Kommissie inderdaad misluk het.

In afdeling 4 – die kern van hierdie bydrae – kom die allerbelangrike konsep van die regte van gemeenskappe aan die bod. Eers word beskryf dat daar in Suid-Afrika politieke en teoretiese besware hierteen geopper is. Daarna word hierdie besware weerlê en word aan die hand van regsteoretiese werk sowel as aan die hand van ontwikkelings in die internasionale reg verduidelik waarom kollektiewe regte van gemeenskappe ’n wesenlik noodsaaklike element geword het van die konstitusionele reëlings van ’n staat met ’n kultureel heterogene bevolking soos Suid-Afrika. Die bespreking sluit in afdeling 5 met ’n gevolgtrekking af.

2. DIE GRONDWETLIKE EN WETGEWENDE RAAMWERK VAN DIE ARTIKEL 185-KOMMISSIE

Die grondwetlike en wetgewende raamwerk vir die werksaamhede van die Kommissie word vervolgens geskets. Die belangrikste aspek van die bespreking is dat sowel die Grondwet as die Wet konsekwent op die lees van kollektiewe regte geskoei is, en nie bloot op die regte van individue nie. Dit blyk deurlopend uit die grondwetlike en die wetsbepalings wat hierna behandel word.

Die Kommissie word in die Grondwet beskryf as onafhanklik en onpartydig en slegs aan die Grondwet en die reg onderworpe. Die Kommissie moet, soos die ander liggame kragtens hoofstuk 9 van die Grondwet, sy bevoegdhede en funksies sonder vrees, begunstiging of vooroordeel uitoefen en verrig.⁹ Staatsorgane moet hierdie instellings deur middel van wet-

⁶ Artikel 39(1)(b) lui: “By die uitleg van die Handves van Regte- (b) moet ’n hof, tribunaal of forum die volkereg in ag neem.” Die Kommissie is klaarblyklik binne die omskrywing van “forum” soos bedoel in dié bepaling. Daar kan trouens geredeneer word dat die Kommissie en ander Suid-Afrikaanse liggame nie net die internasionaal-regtelike ontwikkelings wat in hierdie bydrae bespreek word, *in ag moet neem nie*, maar dat hulle kragtens artikel 231 van die Grondwet hieraan gebonde is. Die aspek word egter nie in hierdie bespreking verder gevoer nie.

⁷ Algemene Vergadering Resolusie 47/135, 92ste Volle sitting van die Algemene Vergadering, 18 Desember 1992.

⁸ United Nations Development Programme Human Development Report: Cultural Liberty in Today's Diverse World (2004).

⁹ Artikel 181(2) van die Grondwet.

gewende en ander maatreëls bystaan en beskerm ten einde die onafhanklikheid, onpartydigheid, waardigheid en doeltreffendheid van hierdie instellings te verseker.¹⁰ Verder mag niemand die behoorlike funksionering van hierdie instellings versteur nie.¹¹ Hierdie instellings is aan die Nasionale Vergadering verantwoordingspligtig, en moet minstens een keer jaarliks oor hulle bedrywighede en funksies aan die Nasionale Vergadering verslag doen.¹²

Die denkbeeld van regte van gemeenskappe (in plaas van individuele regte) kom alreeds in die naam van die Kommissie tot uitdrukking. Dit is nie die Kommissie vir die regte van persone wat tot kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe behoort nie, maar juis die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe. Wanneer dit kom by die uiteensetting van die hoofogmerke van die Kommissie, is die regte van gemeenskappe as sodanig weereens op die voorgrond, en nie bloot die regte van individue wat hulle met die gemeenskappe vereenselwig nie. So bepaal artikel 185(1) van die Grondwet dat die hoofogmerke van die Kommissie behels:

- (a) om respek te bevorder vir die regte van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe;
- (b) om vrede, vriendskap, menslikheid, verdraagsaamheid en nasionale eenheid onder kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe op die grondslag van gelykheid, nie-diskriminasie en vrye assosiasie te bevorder en te ontwikkel; en
- (c) om die instelling of erkenning, ooreenkomstig nasionale wetgewing, van 'n kultuur- of ander raad of rade vir 'n gemeenskap of gemeenskappe in Suid-Afrika aan te beveel.

Volgens artikel 185(2) van die Grondwet het die Kommissie die bevoegdheid, soos deur nasionale wetgewing gereuleer, wat nodig is om sy hoofogmerke te bereik. Dit sluit in die bevoegdheid om kwessies betreffende die regte van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe te monitor, te ondersoek en na te vors, opvoeding daarvoor te voorsien, steun daarvoor te werf, daarvoor te adviseer en verslag daarvoor te doen.

Uit die titel van die Wet, naamlik die Wet op die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe, is dit weereens duidelik dat die rigtinggewende konsep van die Wet (net soos van die grondwetlike artikels) die regte van gemeenskappe is, en nie die regte van individue nie. Die voorrede van die Wet skets die raamwerk waarbinne die Wet beskou moet word, en maak spesifieke melding van die feit dat Suid-Afrika uit diverse kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe bestaan. Dit maak dit ook duidelik dat die Grondwet onder meer daarna streef om die verdeeldheid van die verlede te heel, 'n nierassige en nieseksistiese samelewing, gebaseer op demokratiese waardes, sosiale geregtigheid en fundamentele menseregte, te vestig en gelykheid te bevorder. Die konsep van die regte van gemeenskappe figureer ook in die voorrede.

In artikel 4 van die Wet, wat die doelwitte van die Kommissie uiteensit, staan die konsep van die regte van gemeenskappe sentraal. Die eerste vier van die vyf doelwitte van die Kommissie word soos volg beskryf:

- (a) To promote respect for and further the protection of the rights of cultural, religious and linguistic communities;
- (b) To promote and develop peace, friendship, humanity, tolerance and national unity

¹⁰ Artikel 181(3) van die Grondwet.

¹¹ Artikel 181(4) van die Grondwet.

¹² Artikel 181(5) van die Grondwet.

among and within cultural, religious and linguistic communities, on the basis of equality, non-discrimination and free association;

- (c) To foster mutual respect among cultural, religious and linguistic communities;
- (d) To promote the right of communities to develop their historically diminished heritage;

Die reghebbendes van regte ingevolge hierdie bepaling is kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe. Die vrede, vriendskap, menslikheid en verdraagsaamheid wat bewerkstellig moet word, is onder andere tussen gemeenskappe, en die nasionale eenheid wat die bepaling in gedagte het, is onder andere op gesonde betrekkinge tussen gemeenskappe gebaseer. Die wedersydse respek wat die Kommissie moet bevorder, is eweneens respek tussen gemeenskappe.

Die konsep kom ook in twee subartikels van artikel 5 (wat oor die werksaamhede van die Kommissie gaan) van die Wet voor. Twee van die werksaamhede waarmee die Kommissie hom moet besig hou, het uitdruklik te doen met regte waarvan gemeenskappe die reghebbendes is. Dienooreenkomstig bepaal artikel 5(g) en (h) van die Wet dat die volgende die Kommissie te doen staan:

- (g) facilitate the resolution of friction between and within cultural, religious and linguistic communities or between any such community and an organ of state where the cultural, religious or linguistic rights of a community are affected;
- (i) make recommendations to the appropriate organ of state regarding legislation that impacts, or may impact, on the rights of cultural, religious and linguistic communities;

Volgens hierdie bepaling setel regte weereens in gemeenskappe. Voorts is dit ook tussen gemeenskappe (en nie individue nie) en tussen gemeenskappe en staatsorgane wat die Kommissie wrywing moet verminder en geskille moet besleg. Die voorgestelde wetgewing waaroor die Kommissie aanbevelings moet maak, het ook op die regte van kultuur-, taal- en godsdiensgemeenskappe betrekking. Naas hierdie aangehaalde bepalings is daar 'n lang reeks ander bepalings in die Wet wat ook op die konsep van gemeenskapsregte gebaseer is of dit impliseer.¹³

3. DIE MISLUKKING VAN DIE KOMMISSIE

Die aanvaarding van wetgewing kragtens artikel 185 van die Grondwet het langer gesloer as dié van enige ander hoofstuk 9-instelling. 'n Parlementêre debat oor die wetsontwerp, wat tot die aanname van die Wet gelei het, is in Augustus 2001 gevoer. Tydens hierdie debat het 'n aantal parlamentslede hulle kommer uitgespreek oor die voorsienbare onvermoë van die Kommissie om die kultuur-, godsdiens- en taalregte van gemeenskappe te beskerm. Die meerderheid parlamentslede was uiteindelik van mening dat die Kommissie se rol een van 'n mediator tussen gemeenskappe moet wees.¹⁴ Die Kommissie het uiteindelik in 2004 begin funksioneer, agt jaar na die aanvaarding van die 1996 Grondwet.¹⁵

In 2007 is die Asmal-verslag oor die funksionering van die hoofstuk 9-instellings in opdrag

¹³ Artikels 5(b), (e) en (h); 9(3)(c)(i); 11(2)(c)(i); 25(b)(i); en 36(2)(a).

¹⁴ Notule van die PLGP Komitee-verhoor van 24 Oktober 2001, Bylae 1. Aangehaal uit Woolman et al. (2010:24F-7).

¹⁵ Ad hoc Committee on the Review of Chapter 9 and Associated Institutions. 31 July 2007. Report. 135-133.

van die regering en onder leiding van die voormalige minister van onderwys, Kader Asmal, uitgereik. Die verslag bevat ’n aantal verdoemende bevindinge oor die doeltreffendheid van die artikel 185-Kommissie. Met betrekking tot die grondwetlike en juridiese grondslag is die volgende bevindinge by die Asmal-verslag ingesluit:

1. Drie jaar nadat die Kommissie van stapel gestuur is, kon dit nog steeds nie duidelikheid bereik oor presies wat ’n kultuur-, godsdiens- of taalgemeenskap uitmaak nie. Dit is ondanks die feit dat die beskerming van daardie groepe die Kommissie se kernverantwoordelikheid is.
2. Hoewel die Kommissie oor die bevoegdheid beskik om gemeenskapsrade te vestig en/of te erken,¹⁶ was die Kommissie nie in staat om kriteria te verskaf wat vir die erkenning van sodanige rade gebruik word nie.
3. In die Asmal-verslag is aangevoer dat daar ’n inherente spanning bestaan tussen die Kommissie se rol om die regte van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe aan die een kant te beskerm, terwyl nasionale eenheid aan die ander kant deur die Kommissie bevorder moet word. Die Kommissie was egter van mening dat daar nie noodwendig spanning tussen hierdie twee rolle bestaan nie.
4. Die Kommissie was onseker oor die omvang van sy magte en bevoegdhede.
5. Hoewel die Kommissie oor die mag beskik om wetgewing te hersien wat op die regte van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe betrekking mag hê, het dit tot in daardie stadium nog geen poging aangewend om dit te doen nie.¹⁷

Die Kommissie het volgens die verslag ook met verskeie bestuursprobleme geworstel. Spanning het as gevolg hiervan tussen die Kommissie en sy sekretariaat geheers.¹⁸ Die Kommissie het ook swak presteer met betrekking tot sy openbare bewusmakingsfunksies en sy funksies om klagtes te hanteer.¹⁹

Dit blyk dat die Kommissie sedert die publikasie van die Asmal-verslag in 2007 slegs

¹⁶ Artikel 185(1)(c) van die Grondwet en artikels 36 en 37 van die Wet.

¹⁷ Ad hoc Committee on the Review of Chapter 9 and Associated Institutions. 31 July 2007. Report. 135-136. Die mislukking van die Kommissie kan ook beoordeel word teen die agtergrond van die negatiewe kommentaar van die Internasionale Komitee vir Menseregte na aanleiding van Suid-Afrika se nalate om behoorlik uitvoering te gee aan sy verpligtinge kragtens die Internasionale Verbond vir Burgerlike en Politieke Regte. Sien hieroor Human Rights Committee “Concluding observations on the initial report of South Africa” CCPR/C/ZAF/CO/1.

¹⁸ Ad hoc Committee on the Review of Chapter 9 and Associated Institutions. 31 July 2007. Report. 136-137.

¹⁹ Ad hoc Committee on the Review of Chapter 9 and Associated Institutions. 31 July 2007. Report. 137-138. Artikel 4(a) van die Wet bepaal dat die Kommissie onder meer ten doel het om respek vir die regte van kultuur-, godsdiens-, en taalgemeenskappe te bevorder. Die magte en funksies van die Kommissie word in artikel 5 uiteengesit. Dit sluit in die aanbied van opvoedkundige programme om openbare begrip vir die doelwitte, rol en aktiwiteite van die Kommissie te bevorder (artikel 5(1)(a)); programme om respek vir die regte van kultuur-, godsdiens-, en taalgemeenskappe te bevorder (artikel 5(1)(b)) en bewusmakingsprogramme onder die jeug oor die diversiteit van kultuur-, godsdiens-, en taalgemeenskappe in Suid-Afrika en hulle regte (artikel 5(1)(d)). Die magte van die Kommissie met betrekking tot die ondersoek van klagtes word in artikel 7 uiteengesit. Die Kommissie word ook deur dergelike ander probleme geteister: die uitvoerende gesag kan die onafhanklikheid van die Kommissie kompromitteer. Bowendien kry die Kommissie nie terugvoer van die Nasionale Vergadering oor sy jaarverslae nie (Ad hoc Committee on the Review of Chapter 9 and Associated Institutions. 31 July 2007. 138-139). Die Kommissie kan nie gedetailleerde terugvoer oor finansiële wanbesteding gee nie en daar blyk finansiële wanbestuur te wees (Ad

een jaarverslag gepubliseer het, naamlik vir 2013. Hierdie verslag kon egter nie van die Kommissie se webblad afgelaai word nie.²⁰

In die praktyk is daar ook al 'n aantal besware oor die ondoeltreffendheid en in sommige gevalle selfs oor die eensydigheid en partydigheid van die Kommissie geopper.²¹ Die Kommissie het byvoorbeeld in 2012 te velde getrek teen die burgerregte-organisasie AfriForum se veldtog vir die beskerming van enkelmedium Afrikaanse skole.²² In 2013 het die Kommissie daarop aangedring dat 16 Desember (wat onder Afrikaners as Geloftedag bekendstaan) as vakansiedag verval. Die Kommissie is hewig hieroor gekritiseer.²³ Rubriekskrywers het die Kommissie ook gekritiseer oor sy onwilligheid om sy grondwetlike opdragte uit te voer.

Die Grondwet bepaal in artikel 185(1)(c) dat die Kommissie die instelling of erkenning van 'n kultuur- of ander raad of rade vir 'n gemeenskap of gemeenskappe in Suid-Afrika kan aanbeveel. Dit moet ooreenkomstig nasionale wetgewing gedoen word. Bertus de Villiers, wat die konsep van kultuurrade behandel het, voer aan dat die kultuurrade waarna daar in artikel 185(1)(c) verwys word, onder andere ingevolge artikel 235 van die Grondwet (wat vir selfbeskikking voorsiening maak) as staatsorgane gevestig kan word ten einde aan selfbeskikking uitvoering te gee.²⁴ Hy beskryf die insluiting van artikels 185(1)(c) en 235 by die Grondwet as belangrike olyftakke wat aan Suid-Afrikaanse minderhede, maar in besonder die Afrikaanssprekende gemeenskap, gebied word.

Hierdie bepaling is volgens De Villiers by die Grondwet ingesluit om aan minderhede die versekering te gee dat hulle huidige en toekomstige soeke na 'n vorm van kollektiewe selfbesluitneming grondwetlik erken word.²⁵ Hy voer aan dat enige meganismes vir selfbeskikking hoofsaaklik binne die raamwerk van hierdie twee artikels ontwikkel moet word.²⁶ Die meganismes waarna De Villiers verwys, het egter nie in die praktyk gerealiseer nie en die afwesigheid daarvan kan gedeeltelik toegeskryf word aan die feit dat daar nog nie 'n duidelik geartikuleerde behoefte hieraan vanuit enige kultuurgemeenskap gekom het nie. De Villiers skryf verder:

In summary, the constitutional basis for self-determination by way of non-territorial arrangements in South Africa exists by virtue of ss 235 and 185(1)(c), but whether the concept would in time to come be politically pursued and whether enabling legislation would be enacted to give practical effect to ss 235 and 185(1)(c) remain to be seen.²⁷

Ook die Internasionale Komitee vir Menseregte se samevattende opmerkings (“Concluding remarks”) van 27 April 2016 in reaksie op die verslag van die Suid-Afrikaanse regering kragtens

hoc Committee on the Review of Chapter 9 and Associated Institutions. 31 July 2007. 141-142). In daardie stadium het die Kommissie oor 15 voltydse personeellede beskik, terwyl daar 46 vakante poste was (Ad hoc Committee on the Review of Chapter 9 and Associated Institutions. 31 July 2007. 142).

²⁰ www.crlcommission.co.za. Webblad besigtig op 7 Maart 2016.

²¹ Die FW de Klerk Stigting het sy kommer uitgespreek dat die kommissie “min doen” om sy mandaat ten opsigte van die bevordering van respek vir die regte van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe uit te voer.

²² *Politicsweb* (2012-01-19).

²³ Sien byvoorbeeld *Beeld* (2 Mei 2013). *Maroela Media* (2012-01-20).

²⁴ De Villiers (2014:458-483).

²⁵ *Ibid* 461.

²⁶ *Ibid* 461.

²⁷ *Ibid* 469-470.

die Verbond (wat veertien jaar laat ingedien is) werp by implikasie lig op die onvermoë van die Kommissie (en ander instellings kragtens hoofstuk 9 van die Grondwet) om hulle pligte na behore na te kom en so ook aan die land se verpligtinge kragtens die IVBPR te voldoen.²⁸ Die Komitee het heelwat kritiek oor die Suid-Afrikaanse regering uitgespreek. Van die kritiek het ook betrekking op die Kommissie. So merk die Komitee op dat dit besorg is dat sekere instellings wat oor regeringsoptrede wat met die regte kragtens hierdie Verbond verband hou, toesig moet hou, nie institusioneel genoegsaam onafhanklik is nie en dat hulle begrotings ontoereikend is. (Item 10 van die Samevattende opmerkings.)

Elders spreek die Komitee sy kommer uit oor die talle voorvalle van rassisme en xenofobie met inbegrip van gewelddadige aanvalle op buitelanders, vlugtelingen en asielsoekers in Suid-Afrika. Die Komitee is ook bekommerd dat die Suid-Afrikaanse regering nie in staat blyk te wees om sodanige aanvalle te verhoed en om aanvallers aanspreeklik te hou nie. (Item 14 van die Samevattende opmerkings.) Die Komitee is van mening dat die regering meer moet doen om sodanige rasse- en xenofobiese aanvalle te verhoed en om alle gemeenskappe in Suid-Afrika daarteen te beskerm. (Item 15 van die Samevattende opmerkings.)

Uit hierdie bondige oorsig is dit duidelik dat die Kommissie in vele opsigte wesenlik misluk het. Soos reeds opgemerk, word die mening gehuldig dat die hooforsaak vir die Kommissie se mislukking egter geïdentifiseer moet word sodat erns gemaak kan word met die sentrale konsep wat die Kommissie se werksaamhede behoort te rig, naamlik die kwessie van die kollektiewe regte van gemeenskappe. Die konsep van gemeenskapsregte word vervolgens toegelig.

4. DIE KONSEP VAN GEMEENSKAPSREGTE

4.1 Die naoorlogse en plaaslike afkeuring van die regserkenning van gemeenskappe

In die eerste dekades na die Tweede Wêreldoorlog het die liberale individualisme sowel in die internasionale positiewe reg as die regsteorie hoogty gevier. Gevolglik was die oorheersende sienswyse dat basiese regte slegs individue kon toekom,²⁹ terwyl gemeenskappe (byvoorbeeld kultuur-, taal- en godsdiensgemeenskappe) daarenteen nie op werklike basiese regte kon aanspraak maak nie. Dit was in teenstelling met die vooroorlogse tydperk, waartydens daar breedvoerig vir die regte van minderhede as gemeenskappe voorsiening gemaak is.³⁰

Vir sover daar akkommodering van minderhede van hierdie aard was, was dit aan die hand van die paradigma van individuele regsbeskerming en nie deur die beskerming van die gemeenskappe as sodanig nie. Hierdie benadering het tot uitdrukking gekom in artikel 27 van die Internasionale Verbond vir Burgerlike en Politieke Regte (IVBPR),³¹ wat in die naoorlogse tydvak algemeen in die internasionale reg as vertrekpunt vir die beskerming van minderhede gebruik is. Die artikel bepaal soos volg:

²⁸ https://tbinternet.ohchr.org/_layouts/15/treatybodyexternal/Download.aspx?symbolno=CCPR/C/ZAF/CO/1&Lang=En op 24 Junie 2019 geraadpleeg.

²⁹ In bepaalde gevalle kan basiese regte natuurlik ook deur regspersone uitgeoefen word, soos kerkgenootskappe wat godsdiensregte, en mediamaatkappye wat die reg op vryheid van uitdrukking kan uitoefen.

³⁰ Henrard (2000:3-8). Sien ook Henrard (2011: 116); De Villiers (2014:458, 459).

³¹ In Engels afgekort as ICCPR.

In those states in which ethnic, religious or linguistic minorities exist, persons belonging to such minorities shall not be denied the right, in community with other members of their group, to enjoy their own culture, to profess and practice their own religion, or to use their own language.

In Suid-Afrika is die regsbeskerming van gemeenskappe meer bepaald vanuit sekere politieke gesigspunte 'n omstrede konsep. Die belangrikste rede hiervoor is dat aansprake op gemeenskapsregte in bepaalde kringe beskou word as 'n heimlike strategie om wat beskou word as wit bevoorregting na die beëindiging van wit minderheidsregering onder 'n ander vaandel voort te sit. Gedurende die politieke onderhandelings van die vroeë 1990's, wat uiteindelik tot die aanvaarding van die huidige grondwet gelei het, is die idee van regte in groepsverband met agterdog bejeën. Die ANC het dit sterk teengestaan en aangevoer dat dit op 'n verskuilde verskansing van wit regte neerkom.³² Oudpresident Nelson Mandela skryf byvoorbeeld soos volg oor 'n gesprek wat hy en sy voorganger, oudpresident De Klerk, in 1989 by die presidensiële woning in Tuynhuys, Kaapstad gehad het:

One of the issues I emphasized that day was the National Party's recently introduced five-year plan, which contained the concept of 'group rights'. The idea of 'group rights' was that no racial or ethnic group could take precedence over any other. Although they defined 'group rights' as a way of protecting the freedom of minorities in a new South Africa, in fact their proposal was a means of preserving white domination. I told Mr De Klerk that this was unacceptable to the ANC.³³

Pallo Jordan, 'n lid van die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee, later minister en destyds 'n leidende intellektueel in die ANC, het verklaar dat die erkenning van minderheidsregte inderdaad 'n voorwaarde vir bemagtiging en selfbeskikking van minderhede is, maar dat dit in Suid-Afrika "reaksionêr" sal wees, aangesien minderheidsregte in Suid-Afrika volgens die ANC "die regte van die meerderheid [sal] ondermyn en die magte van die onderdrukkende minderheid in stand [sal] hou".³⁴

Ook in die Suid-Afrikaanse regsdiskoers is daar teen die erkenning van die regte van gemeenskappe gepolemiseer. Daar is onder andere aangevoer dat die erkenning van die regte van gemeenskappe "regswetenskaplik" en "regsfilosofies" onhoudbaar is. Sommige regsakademiërs het hierteen gepolemiseer³⁵ en die Suid-Afrikaanse Regskommissie het ook standpunt teen die regserkenning van gemeenskappe ingeneem.³⁶ Hierdie standpunte is egter grondig agterhaal. Onlangse regsteoretiese ontledings het hierdie eng individualisme by sekere regsteoretici weerlê. Voorts het die internasionale positiewe reg ook 'n beslissende wending geneem in die guns van die beskerming van gemeenskappe naas individue. Hierdie ontwikkelings word hierna toegelig.

³² Mandela (1994:692).

³³ *Ibid* 664. Met verloop van tyd sou prominente NP-leiers soos Roelf Meyer hierdie standpunt eggo.

³⁴ Giliomee (2012:334). Die ANC se alliansievenoot, die SAKP, het hierby aangesluit deur te sê dat die konsep van "groepsregte" verwerp word as "deurspek met die gevaar van die voortsetting van ongelykheid" (Giliomee 2012:363).

³⁵ Sien byvoorbeeld Du Plessis (1987:124-144 op 133); Du Plessis (1988:17).

³⁶ South African Law Commission. 1991. Project 58 Group and human rights working paper 25. Para 13.4; 13.5; en 13.11.

4.2 Regsteoretiese standpunte vir die regserkenning van gemeenskappe

Daar bestaan talle regte met betrekking tot taal, kultuur, godsdiens en dergelike ander oënskyklik suiwer individuele regte wat slegs ten volle geniet kan word in gemeenskap en saam met ander individue wat wesenlik in 'n soortgelyke posisie verkeer. Gemeenskappe is as't ware die noodsaaklike habitat vir die individuele lede en hulle regte. Sonder daardie habitat kan daar nie werklik van individuele regsbeskerming van kultuur-, taal- en godsdiensverwante belange sprake wees nie.

Daar is talle regte wat nie werklik deur 'n enkele individu uitgeoefen kan word nie, aangesien die belange wat deur sodanige regte beskerm word, as't ware supra-individueel is. Die regte kan nie in 'n enkele individu en met die uitsluiting van ander uitgeoefen word nie.³⁷ Die belange wat deur hierdie regte beskerm word, het 'n inherent kollektiewe dimensie, aangesien ander soortgelyk geplaaaste mense in dieselfde gemeenskap 'n noodsaaklike vereiste vir die uitoefening van die betrokke regte is. Die reg op assosiasie is so 'n reg.

Assosiasie is inherent wederkerig. Ander mense met wie geassosieer kan word, is 'n noodsaaklike voorwaarde vir die uitoefening van die reg. Wanneer die reg geskend word, ly nie net 'n enkeling nie, maar ten minste twee mense gelyktydig skade. Dieselfde geld vir die reg op vryheid van uitdrukking. In die afwesigheid van ander mense (geadresseerdes en reagerendes) wat van die uitdrukking kan kennis neem en daarop kan reageer, beteken hierdie reg eenvoudig niks. Die reg op vryheid van uitdrukking is gevolglik gemeenskapsafhanklik. Sonder 'n gemeenskap kan die reg nie uitgeoefen word nie.³⁸ Die reg op godsdiens is ook nie werklik individualisties denkbaar nie. Wesenlike aspekte van die reg op godsdiens is kollektief van aard en kan slegs in gemeenskap met ander uitgeoefen word. Réaume verduidelik dit soos volg:

Although in some aspects their relationship with God may be capable of individual enjoyment, there are also many aspects of their religious practice, including communal worship and celebration of sacred events, which require the joint participation of others to make them valuable. No one person can have the good unless at least some others also enjoy it. Part of the meaning, and therefore part of the value, of these events would be lost if each member of the community celebrates them privately.³⁹

Taal- en kulturele regte kan ook slegs na behore uitgeoefen word in (kommunikatiewe) wisselwerking met, met ander woorde in gemeenskap met mense wat dieselfde taal en kultuur deel. Uitoefening van die regte veronderstel die teenwoordigheid van 'n taal- en kultuurgemeenskap wat die habitat vir die uitoefening van die regte verskaf.⁴⁰ Rodolfo Stavenhagen, eertydse VN rapporteur oor die regte van inheemse bevolkings, verduidelik die kollektiewe element inherent aan regte rakende kultuur soos volg:

However, when we refer to cultural rights, as well as to many social and economic rights, a collective approach is often required, since some of them can only be enjoyed in community with others and that community must have the possibility to preserve, protect and develop what it has in common. Beneficiaries of these rights may be individuals but

³⁷ Hartney (1991:293-314 by 298).

³⁸ Taylor (1993:176) sê in hierdie verband dat die Franse taal beskou kan word as 'n kollektiewe hulpbron wat individue kan gebruik.

³⁹ Réaume (1988:1-24 by 16).

⁴⁰ *Ibid* 10.

their content evaporates without the preservation and the collective rights of groups. The rights pertain to persons belonging to specific cultures and shaped by these cultures, who engage in collective action, who share common values, and who can only be the bearers of these common values by joining with other members of their group.⁴¹

In ooreenstemming hiermee spreek Helen O’Nions haar kommer oor die ontoereikendheid van uitsluitlik individuele regte met betrekking tot die beskerming van gemeenskappe uit. Sy skryf:

An examination of the individual emphasis of human rights law ... will reveal the paradox of limited group rights recognition within the individualist framework ... [I]t is apparent that many of the positive rights endorsed in the International Covenants of 1966 have collective dimensions; without acknowledgement of the group these rights become redundant.⁴²

In die Suid-Afrikaanse regdiskoers is die noodsaak van die verwerping van gemeenskapsgebaseerde regte ook uitgeklaar en terselfdertyd is daar standpunt teen die verwerping van sodanige regte ingeneem.⁴³ Ofskoon taal- en kultuurverwante regte kragtens die Suid-Afrikaanse Grondwet, meer bepaald artikels 30 en 31, net soos artikel 27 van die Internasionale Verbond vir Burgerlike en Politieke Regte in individuele terme omskryf is,⁴⁴ is dit duidelik dat die regte nie werklik suiwer individueel van aard is nie. Soos hier bo aangevoer word, kan die regte alleenlik in gemeenskap met soortgelyk geplaaste individue wat tot dieselfde gemeenskap behoort, uitgeoefen word.

Dit is waarom Iain Currie en Johan De Waal dié regte tereg as hibriede regte tipeer, met ander woorde regte wat tegelyk individuele en gemeenskapsregte (met ’n kollektiewe element) is.⁴⁵ Die regte is inherent assosiatief en nie suiwer individueel nie. Currie en De Waal onderstreep ten slotte die belangrikheid van hierdie regte in die Suid-Afrikaanse Grondwet met verwysing na artikel 31, en wys daarop dat die reg pluralisme onderskryf en selfs ’n plig op die staat plaas om die integriteit van gemeenskappe nie net te verdra nie, maar dit boonop te bevorder. Hulle verklaar:

The inclusion of s31 in the Constitution includes a commitment to the maintenance of cultural pluralism even where this requires positive measures to be taken by the state to

⁴¹ Stavenhagen (1995:68).

⁴² O’Nions (2007:25-26).

⁴³ Malan (2008: 415-437, veral 422-428).

⁴⁴ Artikels 30 en 31 lui soos volg:

30. Taal en kultuur

Elkeen het die reg om die taal van eie keuse te gebruik en om aan die kulturele lewe van eie keuse deel te neem, maar niemand wat hierdie regte uitoefen, mag dit doen op ’n wyse wat met enige bepaling van die Handves van Regte onbestaanbaar is nie.

31. Kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe

(1) Persone wat aan ’n kultuur-, godsdiens- of taalgemeenskap behoort, mag nie die reg ontsê word om, saam met ander lede van daardie gemeenskap-

(a) hul kultuur te geniet, hul godsdiens te beoefen en hul taal te gebruik nie; en

(b) kultuur-, godsdiens- en taalverenigings en ander organe van die burgerlike gemeenskap te vorm, in stand te hou en daarby aan te sluit nie.

(2) Die regte in subartikel (1) mag nie uitgeoefen word op ’n wyse wat met enige bepaling van die Handves van Regte onbestaanbaar is nie.

⁴⁵ Currie & De Waal (2013:626).

ensure the survival and development of minority cultures where they are threatened by disintegration. A state committed to cultural pluralism cannot simply remain neutral as its cultural patrimony fades to dull uniformity.⁴⁶

4.3 Ontwikkelings in die internasionale positiewe reg

Die sienswyse van dié skrywers strook met tersaaklike ontwikkelings in die internasionale reg, wat hier bespreek word. Die internasionale positiewe reg vertoon naamlik eweneens 'n beduidende beweging weg van 'n individualistiese na 'n kollektiewe sienswyse, waarvolgens daar vir die regte van gemeenskappe naas dié van individue voorsiening gemaak word. Dit is meer bepaald sigbaar in die benadering tot minderheidsregte kragtens bogemelde artikel 27 van die IVBPR.

Ofskoon artikel 27 van die IVBPR in individualistiese terme geformuleer is, het die Internasionale Komitee vir Menseregte, synde die liggaam wat vir die toepassing van die Verbond verantwoordelik is, dit uitbreidend vertolk. Gevolglik word 'n betekenis daaraan geheg wat nie net bepaalde (negatiewe) vryhede gun aan individue wat behoort tot die gemeenskappe waarna artikel 27 verwys nie, maar bowendien van regerings vereis om daadwerklike stappe te doen om belange van minderheidsgemeenskappe te bevorder. Verder vertolk hierdie Komitee die bepaling toenemend as 'n kollektiewe reg wat gemeenskappe toekom, en nie bloot individue nie.⁴⁷

Die Internasionale Komitee vir Menseregte het in *General Comment 23* riglyne met betrekking tot die vertolking van artikel 27 van die IVBPR verskaf. Die Komitee verklaar uitdruklik dat, hoewel artikel 27 in negatiewe terme verwoord is, dit steeds op die erkenning van 'n reg neerkom en dat state gevolglik onder 'n verpligting is om te verseker dat die bestaan en uitoefening van daardie reg teen ontkenning of skending beskerm moet word.⁴⁸ Met betrekking tot die gemeenskapsaard van die regte vervat in artikel 27, spreek die Komitee hom soos volg uit:

Although the rights protected under article 27 are individual rights, they depend in turn on the ability of the minority group to maintain its culture, language or religion. Accordingly, positive measures by States may also be necessary to protect the identity of a minority and the rights of its members to enjoy and develop their culture and language and to practice their religion, in community with the other members of the group.⁴⁹

Hierdie ontwikkeling moet oorweeg word in samehang met artikel 2 van die IVBPR. In hierdie artikel gaan die IVBPR as't ware uit sy pad om die regte wat daarin vervat is te onderstreep, pligte op die staatspartye te plaas om daadwerklike stappe te doen om aan die regte uitvoering te gee en derhalwe te verhoed dat die regte blote verklarings word. Dienooreenkomstig bepaal artikel 2(1):

⁴⁶ Currie & De Waal (2013:631). Sien verder die breedvoerige ontleding van Malan (2008:415-437).

⁴⁷ Sien byvoorbeeld Åkermark (1997:139-144).

⁴⁸ Human Rights Committee. 1994. General Comment 23, Article 27, Compilation of General Comments and General Recommendations Adopted by Human Rights Treaty Bodies. *UN Doc. HRI/GEN/1/Rev.1*. Item 6.1.

⁴⁹ Human Rights Committee. 1994. General Comment 23, Article 27, Compilation of General Comments and General Recommendations Adopted by Human Rights Treaty Bodies. *UN Doc. HRI/GEN/1/Rev.1*. Item 6.2.

Each State Party to the present Covenant undertakes to respect and to ensure to all individuals within its territory and subject to its jurisdiction the rights recognized in the present Covenant...

en in artikel 2(2) dat:

Where not already provided for by existing legislative or other measures, each State Party... undertakes to take the necessary steps, in accordance with its constitutional processes and with the provisions of the present Covenant, to adopt such laws or other measures as may be necessary to give effect to the rights recognized in the present Covenant.

Subartikel (3) bepaal dat die huishoudelike reg van state voorsiening moet maak vir doeltreffende afdwingbare remedies in geval van regskenning.

Die doeltreffende regsbeskerming van artikel 2 moet uiteraard daarop gemik wees om aan die regte kragtens artikel 27, soos dit deur die Komitee vertolk word soos wat pas hierbo behandel is, uitvoering te gee.⁵⁰

In 1992 het die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies die Verklaring oor die Regte van Persone wat behoort aan Nasionale of Etniese, Godsdiens- of Taalminderhede aanvaar.⁵¹ Etlieke van die bepalinge van hierdie verklaring is besonder belangwekkend vir sover hulle juis 'n gemeenskapsbenadering in plaas van 'n individuele benadering met betrekking tot die beskerming van taal-, kultuur-, etniese en godsdiensbelange onderskryf. Terselfdertyd gaan die verklaring verder as 'n letterlike vertaling van die bewoording van artikel 27 van die IVBPR, aangesien dit ook positiewe verpligtinge op regerings plaas om die belange van gemeenskappe te beskerm en te bevorder, en nie bloot met 'n laissez faire-benadering te volstaan nie. Artikel 1 van die verklaring vereis juis daadwerklik positiewe optrede van regering. Dit lui:

States shall protect the existence and the national or ethnic, cultural, religious and linguistic identity of minorities within their respective territories and shall encourage conditions for the promotion of that identity.

Artikel 2(3) van hierdie verklaring het op demokratiese besluitneming betrekking en beoog in werklikheid 'n bepaalde vorm van selfbeskikking vir minderhede. Die bepaling lui:

Persons belonging to minorities have the right to participate effectively in decisions on the national and, where appropriate, regional level concerning the minority to which they belong or the regions in which they live, in a manner not incompatible with national legislation.

Artikel 2(5) van die verklaring is veral belangwekkend, aangesien dit die integriteit van gemeenskappe oor staatsgrense heen beskerm. Die implikasie daarvan is dat die feit dat gemeenskappe in verskillende state woonagtig is, nie enige nadelige uitwerking op hulle regte as 'n gemeenskap behoort te hê nie. Dit bepaal:

Persons belonging to minorities have the right to establish and maintain, without any discrimination, free and peaceful contacts with other members of their group and with

⁵⁰ Sien hieroor verder die bespreking van Malan (2008:415-437); Joseph & Castan (2013:867-882).

⁵¹ United Nations General Assembly. 18 December 1992. Declaration on the Rights of Persons Belonging to National or Ethnic, Religious and Linguistic Minorities. *General Assembly Resolution 47/135*.

persons belonging to other minorities, as well as contacts across frontiers with citizens of other States to whom they are related by national or ethnic, religious or linguistic ties.

Artikel 4 lê uitgebreide verpligtinge op regerings om minderhede op 'n verskeidenheid van wyses deur positiewe optrede te beskerm. Dis gepas om die hele bepaling aan te haal. Dit lui:

1. States shall take measures where required to ensure that persons belonging to minorities may exercise fully and effectively all their human rights and fundamental freedoms without any discrimination and in full equality before the law.
2. States shall take measures to create favourable conditions to enable persons belonging to minorities to express their characteristics and to develop their culture, language, religion, traditions and customs, except where specific practices are in violation of national law and contrary to international standards.
3. States should take appropriate measures so that, wherever possible, persons belonging to minorities may have adequate opportunities to learn their mother tongue or to have instruction in their mother tongue.
4. States should, where appropriate, take measures in the field of education, in order to encourage knowledge of the history, traditions, language and culture of the minorities existing within their territory. Persons belonging to minorities should have adequate opportunities to gain knowledge of the society as a whole.
5. States should consider appropriate measures so that persons belonging to minorities may participate fully in the economic progress and development in their country.

Die algemene stemming van die internasionale regsdiskoers het trouens toenemend ten gunste van die beskerming van minderheidsgemeenskappe geswaai. In die *Oxford Handbook on the United Nations* word 'n hele hoofstuk aan die beskerming van minderhede gewy.⁵² Die voormalige sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies, Kofi Annan, het ook in sy memoires deurlopend gunstig na die onderwerp verwys.⁵³ Annan sluit sy lewensverhaal byvoorbeeld af met die kragtige stelling dat die Verenigde Nasies sy plek in die 21ste eeu sal verdien indien die VN nie bloot state bedien nie, maar volke.⁵⁴ Regoor die wêreld is daar ook tans 'n golf van publikasies, wetgewing en dergelike ander regsinstrumente wat spesifiek vir minderheidsgemeenskappe voorsiening maak. Die verlening van regte aan gemeenskappe van hierdie aard word tans internasionaal hoog aangeprys.⁵⁵ Hierdie veranderde stemming in die regsdiskoers gaan hand aan hand met dramatiese politieke gebeure sedert die einde van die Koue Oorlog. Talle nuwe state, wat onder andere uitdrukking gee aan die strewe na politieke selfstandigheid van kultuurgemeenskappe het ontstaan. Daarbenewens is daar groeiende aandrag op desentralisasie, afwenteling van gesag en 'n tendens weg van unitarisme na federalisme en selfregering in selfs die eertyds mees unitêre state soos Brittanje en Spanje. Nie-territoriale outonomie voortspruitend uit 'n hernude belangstelling in die denke van Renner en Buaer, het ook nou weer sterk op die voorgrond getree, terwyl kultuurgemeenskappe,⁵⁶ wat vir dekades, indien nie eeue nie, uit die gesigsveld verdwyn het, nou weer op erkenning en selfregering aanspraak maak.⁵⁷

⁵² Weiss & Daws (2007:Hoofstuk 30).

⁵³ Annan (2012).

⁵⁴ Annan (2012:372).

⁵⁵ sien byvoorbeeld die inleidende paragrawe in Potier (2001:Paper 6).

⁵⁶ Vgl byvoorbeeld De Villiers (2012:170-183).

⁵⁷ Vgl byvoorbeeld Matthee (2017).

Die VN se *Development Report* van 2004 verteenwoordig 'n enorme stap vorentoe vir die regte van minderheidsgemeenskappe. Die verslag beklemtoon dat die erkenning van die aansprake van kultuur- en dergelike minderheidsgemeenskappe 'n uiters aktuele aangeleentheid is, gegewe die feit dat tweederdes van alle state vandag beduidende minderhede huisves.⁵⁸ Die verslag bevat 'n omvattende standpuntinname teenoor die wyse waarop die moderne staat ingerig behoort te word om na behore vir alle gemeenskappe voorsiening te maak, met inbegrip van alle minderhede – ook welvarende minderhede.⁵⁹

Die leidende beginsel wat as't ware die benadering van die verslag rig, is dié van kulturele vryheid. Dienooreenkomstig neem die verslag grondig standpunt in teen enige beleidsrigtings wat op die homogenisering van staatsbevolkings mag uitloop en onderskryf die idee van multikulturele en veeltalige state.⁶⁰ Dit onderskryf multikulturele burgerskap en verwerp terselfdertyd blote simplistiese meerderheidsdemokrasie (“majoritarianism”). In die plek daarvan ondersteun dit 'n benadering tot demokrasie wat aan alle gemeenskappe gelyke seggenskap verleen oor sake wat hulle welsyn in die besonder raak. Volgens die verslag is kulturele vryheid 'n wesenlike bestanddeel van menslike ontwikkeling.⁶¹ Dienooreenkomstig word verklaar:

Human development requires more than health, education, a decent standard of living and political freedom. People's cultural identities must be recognized and accommodated by the state, and people must be free to express these identities without being discriminated against in other aspects of their lives. In short: cultural liberty is a human right and an important aspect of human development – and thus worthy of state action and attention.⁷⁶²

Die verslag gaan dan voort om die hegte verband tussen menslike ontwikkeling en kulturele vryheid te trek:

A further dimension of human development, difficult to measure and even to define, is vitally important: cultural liberty is central to the capability of people to live as they would like. The advance of cultural liberty must be a central aspect of human development, and

⁵⁸ United Nations Development Programme Human Development Report: Cultural Liberty in Today's Diverse World (2004:29).

⁵⁹ United Nations Development Programme Human Development Report: Cultural Liberty in Today's Diverse World (2004:36). Die VN se Werkgroep oor Minderhede beklemtoon dat minderheidstatus nie van armoede afhanklik is nie. Hulle sê: “To be clear, minority status and poverty are not co-terminus; in fact, membership in a strong, cohesive minority community may even improve the economic prospects of minorities because of factors such as solidarity, communal ownership of goods and wealth, or the psychological benefits of taking pride in one's ethnic, religious, cultural or linguistic identity. It is also sometimes the case that minority communities are economically dominant (for example, because of specialization in certain fields of employment), while still being denied a range of human rights, in particular access to political power and protection from discrimination” (VN Werkgroep oor Minderhede Minority Rights and Development: Overcoming exclusion, discrimination and poverty (29 Mei 2002)).

⁶⁰ Hierdie stelling is in ooreenstemming met Saks R se goedkeurende verwysing van Gauteng Provinsiale Legislature In re: Gauteng School Education Bill of 1995, 1996 (4) BCLR 537(KH), 566D-E (para 66) na die standpunt dat daar in 'n plurale samelewing 'n reg is om verskillend te wees en dat dié reg onder andere die reg impliseer om nie aan assimilasië onderwerp te wees nie.

⁶¹ United Nations Development Programme Human Development Report: Cultural Liberty in Today's Diverse World (2004:1).

⁶² United Nations Development Programme Human Development Report: Cultural Liberty in Today's Diverse World (2004:6).

this requires going beyond social, political and economic opportunities since they do not guarantee cultural liberty.⁶³

Die bevordering van menslike ontwikkeling vereis dat kulturele vryheid bevorder moet word en standpunt teen unikulturalisme ingeneem moet word. Hieroor laat die verslag hom soos volg uit:

To expand cultural freedoms requires explicit policies to address denials of cultural liberty – multicultural policies. To do this, states need to recognize cultural differences in their constitutions, their laws and their institutions. They also need to formulate policies to ensure that the interests of particular groups – whether minorities or historically marginalized majorities – are not ignored or overridden by the majority or by dominant groups.⁶⁴

Die verslag is daarop bedag dat lede van minderheidsgemeenskappe hulleself in so 'n swak posisie mag bevind dat die verlening van 'n reg op 'n vrye keuse met betrekking tot die taal wat hulle wil gebruik of die kultuur wat hulle wil beoefen, dikwels 'n blote skyn vrye keuse is. Dit is omdat lede van gemeenskappe dikwels vir alle praktiese doeleindes verplig word om by 'n dominante taal en kultuur aan te sluit ten einde ekonomies te herleef. Hulle kan dit derhalwe ekonomies nie bekostig om hulle eie taal te gebruik en in hulle kultuurgemeenskap te bly nie. Die verslag wil nie hê dat lede van minderhede in hierdie onbenydenswaardige posisie geplaas moet word nie. Gevolglik word die volgende belangwekkende stelling gemaak:

Language is often a key element of an individual's cultural identity. Limitations on people's ability to use their mother tongue – and limited facility in speaking the dominant or official national language – can exclude people from education, political life and access to justice. There is no more powerful means of 'encouraging' individuals to assimilate to a dominant culture than having the economic, social and political returns stacked against their mother tongue. Such assimilation is not freely chosen if the choice is between one's mother tongue and one's future. In 19th century Belgium, for example, the Flemish who strived for upward mobility had little choice but to learn French – the sole official language – and in time many abandoned their ancestral language altogether. These pressures have not gone away in other countries: the indigenous people of Guatemala are much more likely to prosper speaking Spanish.⁶⁵

Die verslag neem standpunt in teen simplistiese meerderheidsdemokrasie (“majoritarianism”) en onderskryf daarenteen multikulturele demokrasie, wat daarop gemik is om alle gemeenskappe – met inbegrip van minderhede – op gelykwaardige wyse te akkommodeer en vir alle gemeenskappe kulturele vryheid te verseker. Multikulturele demokrasie kan op verskeie maniere verwesenlik word, onder andere deur asimmetriese federalisme.⁶⁶ Die blote feit, beklemtoon die verslag, dat mense gelyke stemreg het, beteken dikwels dat minderhede –

⁶³ United Nations Development Programme Human Development Report: Cultural Liberty in Today's Diverse World (2004:6).

⁶⁴ United Nations Development Programme Human Development Report: Cultural Liberty in Today's Diverse World (2004:7).

⁶⁵ United Nations Development Programme Human Development Report: Cultural Liberty in Today's Diverse World. 2004. (Voetnote verwyder); Sien ook 37.

⁶⁶ United Nations Development Programme Human Development Report: Cultural Liberty in Today's Diverse World (2004:37; 50).

anders as wat egte demokrasie beoog – nie bemagtig word nie, maar juis blywend ontmagtig word en geen (kulturele) vryheid geniet nie, in teenstelling met die dominante posisie waarin die meerderheid verkeer. Demokrasie kan derhalwe dikwels nie deur die verlening van stemreg bewerkstellig word nie. Meer word vereis om demokrasie te bewerkstellig. Dienooreenkomstig word verklaar:

However, something more is required, because even if members of minorities have equal political rights in a democracy, they may consistently be underrepresented or outvoted, and so view the central government as alien and oppressive. Not surprisingly, many minorities resist alien or oppressive rule and seek more political power. That is why a ‘multicultural’ conception of democracy is often required.⁶⁷

4.4 Bondige samevatting

Die oorsig van die regsteoretiese insigte sowel as van die positief-regtelike ontwikkelings op die internasionale front bring die volgende duidelik na vore:

- Eerstens, dat die opruiming van taal-, kultuur- en godsdienst- en dergelike vorme van heterogeniteit deur nasiebouprogramme van homogenisering ten einde ’n eenvormige staatsbevolking tot stand te bring, juridies toenemend onaanvaarbaar word.
- Tweedens, dat demokrasie nie aan blote meerderheidsregering gelykgestel kan word nie, en dat demokrasie juis vereis dat minderhede in die posisie geplaas moet word om op sterkte van die beginsel van kulturele vryheid beslissende inspraak in hulle eie lot te hê.
- Derdens, en van die grootste belang vir die onderhawige bespreking, dat staatsbevolkings in heterogene state nie soos kragtens ’n liberaal-individualistiese beskouing as ’n blote versameling van ’n klomp individue gesien word nie, maar juis ook as ’n versameling van gemeenskappe. Die gemeenskappe beskik oor ’n integriteit van hulle eie. Hulle is nie blote afgeleides van toevallige individuele versameling nie. Gemeenskappe het hulle integriteit onder andere daaraan te danke dat hulle individue se bestaan en die uitoefening van individuele regte moontlik maak.

Anders as wat ’n simplisties-liberale beskouing sou leer, is individue nie die enigste oorspronklike akteurs van die samelewing nie. Gemeenskappe is eweneens oorspronklike samelewingsakteurs. Dit verklaar waarom die verskynsel van die regte van gemeenskappe die afgelope dekades in toenemende mate erken is. Dit verklaar ook waarom regte wat met die eerste oogopslag individueel voorkom, inderdaad tegelykertyd ook ’n gemeenskapskarakter het in die sin dat individue die regte slegs in gemeenskap met ander mense van dieselfde gemeenskap kan uitoefen. Dit is gevolglik hibriede eerder as blote individuele regte.

Die Suid-Afrikaanse grondwetlike reg kan nie koud staan teenoor hierdie ontwikkelings nie. Trouens, daar is verskeie aanduidings dat die Suid-Afrikaanse Grondwet juis die idee van die regte van gemeenskappe onderskryf. Daar is verskeie sterk aanduidings te dien effekte:

⁶⁷ United Nations Development Programme Human Development Report: Cultural Liberty in Today’s Diverse World (2004:7).

- Eerstens is die konsep van gemeenskapsregte soos aangedui die fundamentele konsep waarop artikel 185 van die Grondwet en die Wet op die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe geskoei is.
- Tweedens is daar talle regte in die handves van regte wat nie bloot individuele regte nie, maar juis hibriede regte is, met ander woorde regte wat slegs in gemeenskapsverband uitgeoefen kan word, en regte wat derhalwe die beskerming van die gemeenskap naas individue vereis.

Regte wat hier ter sprake is, en waarna ten dele hierbo verwys is, is die reg op godsdiensvryheid; vryheid van uitdrukking; vergaderingvryheid; assosiasie; onderwys in die taal van keuse; taal en kultuur en die reg van persone wat aan 'n kultuur-, godsdiens- of taalgemeenskap behoort, om saam met ander lede van daardie gemeenskap – (a) hulle kultuur te geniet, hulle godsdiens te beoefen en hulle taal te gebruik; en (b) kultuur-, godsdiens- en taalverenigings en ander organe van die burgerlike gemeenskap te vorm, in stand te hou en daarby aan te sluit.⁶⁸

- Derdens is daar die amptelike taalbepalings van die Grondwet, wat inherent op die belange van taalgemeenskappe betrekking het.⁶⁹
- Vierdens is daar die voorwaardelike grondwetlike voorsiening vir selfbeskikking, met inbegrip van territoriale selfbeskikking.⁷⁰

Currie en De Waal,⁷¹ sowel as George Devenish,⁷² het dus gelyk dat die Grondwet 'n beduidende aantal bepalinge bevat wat spesifiek op die akkommodering van etniese, godsdiens- en taalverwante minderhede gerig is.

5. GEVOLGTREKING

'n Oppervlakkige lees van die handves van regte dui dalk daarop dat die Grondwet geen ruimte vir die bevordering en beskerming van gemeenskappe bied nie, en dat daar gevolglik wesenlik geen of min ruimte vir die artikel 185-Kommissie bestaan om sy verantwoordelikheid na te kom om die regte van gemeenskappe te bevorder en te beskerm. Dit is omdat die Grondwet, wat in individueel-regtelike terme geformuleer is, nie uitdruklik erkenning aan die regte van gemeenskappe gee nie. Te oordeel aan die mislukking van die Kommissie, blyk die Kommissie self ook hierdie mening toegedaan te wees.

Hierdie sienswyse is egter verkeerd. Daar bestaan inderdaad aansienlike ruimte vir die Kommissie om die regte van gemeenskappe onder beskerming te neem en te bevorder en as sodanig sy grondwetlike en wetgewende plig na te kom. Regsteoretiese en meer bepaald positief-regtelike ontwikkeling op die gebied van die internasionale reg, wat in afdeling 4 hierbo behandel is, demonstreer oortuigend dat talle oënskyklik suiwer individuele regte inderdaad eintlik gemeenskapsregte is of, ten minste as hibriede regte, 'n sterk gemeenskapselement het. Artikel 31 van die Grondwet is so 'n reg, maar daar is trouens talle ander regte in die handves van regte wat ook 'n gemeenskapskarakter het. (Daarby moet die

⁶⁸ Onderskeidelik artikels 15, 16, 17, 18, 29, 30 en 31 van die Grondwet.

⁶⁹ Artikel 6 van die Grondwet

⁷⁰ Artikel 235 van die Grondwet.

⁷¹ Currie & De Waal (2013:625).

⁷² Devenish (1999:425) verklaar: "The constitution as a whole is designed to ensure that minority interests are accommodated fairly, without emasculating the legitimate rights of the majority."

gemeenskapsregtelike implikasies van artikels 6 en 235 natuurlik ook in berekening gebring word.)

Die Kommissie het egter versuim om van hierdie ontwikkelings kennis te neem. As gevolg daarvan het die Kommissie homself in 'n hoek vasgeverf en homself wesenlik sonder enige sin vir sy eie bestaan en sonder enige funksie gelaat. As die Kommissie met hierdie sienswyse volhou, en nie van die navolgenswaardige internasionale presedente kennis neem en sy eie werksaamhede dienooreenkomstig aanpas nie, is daar eintlik geen werklike rede vir sy voortbestaan nie. Suid-Afrika is 'n land van kultuur-, taal- en godsdiensgemeenskappe wat by uitnemendheid 'n behoefte het om die regte van gemeenskappe onder beskerming te neem. Die Kommissie kan egter nie koud staan teenoor die internasionale ontwikkelings nie. Vir sover die Kommissie dit wel doen, laat hy nie net hierdie gemeenskappe in die steek nie, maar sit bowendien sy mislukte rekord voort.

BIBLIOGRAFIE

AMPTELIKE DOKUMENTE

Ad hoc Committee on the Review of Chapter 9 and Associated Institutions. 31 July 2007. Report. South African Law Commission. 1991. Project 58 Group and human rights working paper 25.

BOEKE EN JOERNAALARTIKELS

- Åkermark, A.S. 1997. *Justification of minority protection in international law*. The Hague: Kluwer Law International.
- Annan, K. 2012. *Interventions: A Life in War and Peace*. New York: Penguin.
- Currie, I. & De Waal, J. 2013. *The Bill of Rights Handbook*. 6th Edition. Cape Town: Juta.
- De Villiers, B. 2012. Minorities on a non-territorial basis – recent international developments. *Beijing Law Review*, (5):170-183.
- De Villiers, B. 2014. Section 235 of the Constitution: Too soon or too late for Cultural Self-determination in South Africa? *South African Human Rights Journal*, (30):458-483.
- Devenish, A. 1999. *Commentary on the South African Bill of Rights*. Durban: Butterworths.
- Du Plessis, L.M. 1987. 'n Regsteoreties-regsfilosofiese peiling van die menseregtehandves-debat in Suid-Afrika. *Tydskrif vir Regswetenskap*: 124-144.
- Du Plessis, L.M. 1988. Filosofiese perspektief op 'n menseregtehandves in Suid-Afrika. In Van der Westhuizen & Viljoen (reds.). *'n Menseregtehandves vir Suid-Afrika*. Durban: Butterworths.
- Giliomee, H. 2012. *Die Laaste Afrikanerleiers*. Kaapstad: Tafelberg.
- Hartney, M. 1991. Some Confusion Concerning Collective Rights. *Canadian Journal for Law and Jurisprudence*: 293-314.
- Henrard, C. 2000. *Devising an Adequate System of Minority Protection*. Zuidpoolsingel, Nederland: Marthinus Nijhoff Publishers.
- Henrard, C. 2011. *The Ambiguous Relationship between Religious Minorities and Fundamental (Minority) Rights*. The Hague: Eleven International Publishing.
- Human Rights Committee. 2016. International Covenant on Civil and Political Rights. https://tbinternet.ohchr.org/_layouts/15/treatybodyexternal/Download.aspx?symbolno=CCPR/C/ZAF/CO/1&Lang=En [24 Junie 2019].
- Joseph, S. & Castan, M. 2013. *The International Covenant on civil and Political Rights: cases, materials and commentary*. Third Edition. Oxford: Oxford University Press.
- Malan, K. 2008. The deficiency of individual rights and the quest for community protection. *Tydskrif vir die Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, (71):415-437.
- Mandela, N. 1994. *Long Walk to Freedom*. Randburg: MacDonald Purnell.
- Matthee, H. (red.). 2017. *Kultuurvryheid en selfbestuur – keuses van klein groepe wêreldwyd*. Pretoria: Kraal.
- O'Nions, H. 2007. *Minority Rights Protection in International Law*. London: Routledge.
- Potier, T. 2001. Regionally non-dominant titular peoples: the next phase in minority rights? *Journal on*

Ethnopolitics and Minority Issues in Europe. Paper 6.

- Réaume, R. 1988. Individuals, groups and rights to public goods. *University of Toronto Law Review*, 38(1):1-24.
- Stavenhagen, R. 1995. Cultural rights and universal human rights. In: Eide et al. (eds). *Economic, social and cultural rights: A textbook*. Berlin: Springer.
- Taylor, C. 1993. *Reconciling the solitudes: Essays on Canadian Federalism and Nationalism*. Montreal: McGill-Queen's University Press.
- Weiss, T.G. & Daws, S. 2007. *Oxford Handbook on the United Nations*. Oxford: Oxford University Press.
- Woolman, S. et al. 2010. *Constitutional Law of South Africa*. Cape Town: Juta.

INTERNASIONALE REGSINSTRUMENTE

- Human Rights Committee. 1994. General Comment 23, Article 27, Compilation of General Comments and General Recommendations Adopted by Human Rights Treaty Bodies. *UN Doc. HRI/GEN/1/Rev.1*.
- Human Rights Committee. 27 April 2016. Concluding observations on the initial report of South Africa. *Document Number: CCPR/C/ZAF/CO/1*.
- United Nations Development Programme Human Development Report: Cultural Liberty in Today's Diverse World. 2004.
- United Nations General Assembly. 18 December 1992. Declaration on the Rights of Persons Belonging to National or Ethnic, Religious and Linguistic Minorities. *General Assembly Resolution 47/135*.
- United Nations Workgroup on Minorities. 29 May 2002. Minority Rights and Development: Overcoming exclusion, discrimination and poverty.

REGSPRAAK

Gauteng Provincial Legislature In re: Gauteng School Education Bill of 1995 1996 (4) BCLR 537 (KH).

WETGEWING

- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.
- Wet op die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe, 19 van 2002.

Ondervindinge, uitdagings en suksesse: Vroeëlees- begrippraktyke in hulpbronbeperkte omgewings met kinders uit linguisties-diverse agtergronde

Experiences, challenges and successes: Early-reading comprehension practices in resource-constrained settings with children from linguistically diverse backgrounds

MARYKE MIHAI EN SURETTE VAN STADEN

Rekenaar- en Tegnologie-onderrig

Fakulteit Opvoedkunde

Universiteit van Pretoria

E-pos: Maryke.Mihai@up.ac.za



Maryke Mihai

Surette van Staden

MARYKE ANNEKE MIHAI het die volgende kwalifikasies aan die Universiteit van Pretoria behaal: BA cum laude (1984); Hoër Onderwysdiploma cum laude (1985); Honneurs in Afrikaans cum laude (1986); MEd (2007) en PhD in Rekenaarondersteunde Onderrig (2015). Sy het twintig jaar lank Afrikaans aan hoërskoolleerders onderrig voordat sy in 2008 aangestel is as 'n lektor in die Departement Wiskunde-, Wetenskap- en Tegnologie-onderrig in die Fakulteit van Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria. Haar navorsingsbelangstellings sluit rekenaarondersteunde onderrig, tale, assessering, instruksionele ontwerp en bestuur in.

MARYKE ANNEKE MIHAI obtained a BA-degree cum laude (1984), Higher Education Diploma cum laude (1985), Honours in Afrikaans cum laude (1986), MEd (2007) and PhD in Computer-Integrated Education (2015) from the University of Pretoria. She taught Afrikaans to high school learners for twenty years; since 2008 she has been employed as lecturer at the University of Pretoria in the Science, Mathematics and Technology department within the Faculty of Education. Her research interests include computer integrated education, languages, assessment, instructional design and management.

SURETTE VAN STADEN het voorheen by die Sentrum vir Evaluasie en Assessering in die Onderwysfakulteit, Universiteit van Pretoria gewerk; tans is sy 'n senior lektor in die Departement van Wiskunde-, Wetenskap- en Tegnologie-onderrig. Sedert Desember 2018 is sy aangestel as direkteur van die Sentrum vir Evaluasie en Assessering. Sy is die Nasionale Navorsingskoördineerder vir die PIRLS-2021 studie en die mederedakteur van die joernaal *Reading and Writing*, wat deur die Vereniging vir geletterdheid ("Literacy Association") van Suid-Afrika gehuisves word.

SURETTE VAN STADEN was formerly employed at the Centre for Evaluation and Assessment (CEA) at the Faculty of Education, University of Pretoria and currently teaches in the Department of Maths, Science and Technology Education. Since December 2018, she has been appointed as director for the CEA. She is the National Research Coordinator for the PIRLS 2021 study, and is the associate editor for *Reading and Writing*, a journal which is housed by the Literacy Association of South Africa (LITASA).

ABSTRACT***Experiences, challenges and successes: Early-reading comprehension practices in resource-constrained settings with children from linguistically diverse backgrounds***

Against a contextual background of deprivation, South Africa is constantly placed at the bottom of achievement when compared to participating countries in large-scale assessments of reading competency. In an attempt to address the reasons underlying such under-achievement, this paper seeks to provide evidence gleaned from selected Foundation Phase teacher focus group interviews about the reading practices that are employed when teaching reading in resource deprived environments to children from linguistically diverse backgrounds.

Given South Africa's poor performance in reading assessments, the research questions focussed, firstly, on the challenges reported when working in resource-constrained settings, with the added complexity of linguistic diversity amongst learners; secondly, the reading strategies and the solutions teachers suggest when teaching these learners were observed and critically evaluated against a backdrop of national and international studies on reading.

Focus group interviews were conducted at two resource constrained schools in township settings in the Gauteng province. Each focus group consisted of six Foundation Phase teachers, who are currently teaching students between Grades 1 and 3. The teachers varied in ages between 24 and 64. All the participating teachers were female and had previously received training as Foundation Phase teachers.

Atlas.ti was used for the content analysis of the data and by means of open coding, we created codes, indicated by subtitles such as "Reading challenges", "Reading strategies" and "Solutions to problems". As each code was created, the programme used it to detect the relevant content in the interviews, which was then tagged with the code name. In this way, it was easy to determine what various participants had commented on different topics during the interviews in the data analysis.

One of the most commonly mentioned reading-specific challenges occurs when learners are supposed to "read", since it would appear that they are not really reading, but rather relying on their memory. Sometimes learners even "read" without having any books in front of them. It is easy for the learners to memorise what they have read from the graded readers, since words and phrases are often repeated in these readers. Often learners are also "reading" the pictures, therefore reading what they think based on what is happening in the pictures. Furthermore, due to the absence of decoding skills, learners do not know how to construct sentences, and are therefore also experiencing problems with writing. The lesson plans provide ready made assessments where little effort or evidence of skill mastery is expected of learners.

In terms of resource specific challenges, teachers paint a social context where many learners live in shacks without electricity, and are likely to come from abusive families where drugs and illegal gambling are commonplace. The two schools that participated in this study serve many families who come from different regions of the country or other countries like Malawi and Zimbabwe. Learners therefore find themselves in classrooms where the LoLT is mainly Sepedi or isiZulu, languages that many of them do not understand.

Teachers described the lack of parental support in terms of parents who do not get involved in their children's schoolwork, who do not help children with their homework and where there is no culture of reading at home that could be cultivated, for example, by parents who themselves read or who buy books or newspapers. Class sizes posed another resource specific constraint. Teachers reported that their classes are too big to pay attention to all individuals while reading. The number of learners fluctuates between 35 and 46 students per class.

Teachers indicated that when teaching reading, they mostly start a lesson with phonics, progress to using pictures, after which they then proceed to words, and thereafter sentences. Great emphasis is placed on the difference between the vowels and consonants.

The teacher also breaks up the word in syllables and let students repeat those in order to enhance easier reading. Posters that accompany the textbooks are also used, specifically to teach tenses and plurals. Pictures seem to be the most important strategy, and are reportedly used by all the teachers.

Teachers also emphasise that they frequently explain what they regard as difficult words, followed by questions on what should be prior knowledge. Only then the story is read and explained. Thereafter they let the class join in a reading chorus after which they ask them questions based on the story.

Questioning is an important strategy, happening at any time during the reading process. The use of flashcards is widely practised and usually done when teachers put flashcards on the wall to aid with word recognition and learners reading all the words they did, for example, in the first term. The teachers start with words on flashcards on Monday and introduce more words every day. Questions are conducted orally, and any written work expected from students is postponed until Friday. Learners are required to answer questions about the stories in written format, and they have to write down what they have drawn if they had to draw a picture of the story. The reading lesson is concluded by doing corrections of the written work.

Teachers were not able to provide any solutions to their classroom reading practice or reflect on alternative strategies where current strategies proved to be ineffective. No convincing evidence could be found where teachers ascertain whether learners have read with understanding by giving feedback on the strategies and skills that were used. In the examples that were provided, teachers merely asked learners to repeat what was read in a chorus, with little inquiry as to which strategies were used or how learners managed to arrive at understanding when reading independently.

The significance of the current study lies in its presentation of existing literature about what is known about early grade reading instruction and evidence to the contrary from this study that shows that directed reading instruction is not done satisfactorily. The ineffectiveness of reading instruction may be due to teachers' lack of understanding of active reading components, as presented among other issues here. Reading specific challenges and resource specific challenges, as presented in this study, compound an already complex social context where learners come from varied linguistic backgrounds. Added to this complexity, teachers' inability to teach directed reading instruction successfully and with a wide repertoire of skills and strategies to monitor learners' reading progress puts learners at a double deficit – not only are they socially at a disadvantage in attempts to make academic progress, but they are also at an instructional disadvantage in being taught basic reading skills such as decoding ineffectively – skills that could have ensured early success and ultimately academic progress and achievement in later grades.

KEY WORDS: focus group interviews; foundation phase; linguistic diversity; reading challenges; reading instruction; reading practices; reading resources; reading solutions; resource constrained environments; resource specific challenges

TREFWOORDE: fokusgroeponderhoude; grondslagfase; hulpbronbeperkte omgewings; hulpbronnuitdagings; leeshulpbronne; leesinstruksie; leesoplossings; leespraktyke; leesuitdagings; taalkundige diversiteit

OPSOMMING

Leerderprestasie in geletterdheid in die vroeë grade in Suid-Afrika bly laag wanneer dit gemeet word aan 'n aantal nasionale en internasionale assesseringsprogramme. Hierdie artikel fokus op vroeë leesbegrip en verskaf bevindinge uit fokusgroeponderhoude met Grondslagfase-onderwysers oor leespraktyke wat gebruik word wanneer lees in hulpbronbeperkte omgewings onderrig word.

Onderwysers getuig oor hoe hulle die onderrig van lees ervaar, asook wat hulle uitdagings en moontlike oplossings is om sukses te verseker. Die huidige studie dui op 'n gebrek aan leesbegripinstruksie in die vroeë grade. Dit bevestig verder dat onderwysers in staat is om nuwe woordeskat en klanke in 'n sekere mate bekend te stel, maar hul repertoire om 'n verskeidenheid begripvaardighede aan leerders te onderrig, is beperk en min aanduidings dat leerders met begrip kan lees, word opgemerk. Hierdie studie toon aan dat leesinstruksie in 'n ontwikkelende, hulpbronbeperkte omgewing, nie bevredigend gedoen word nie.

1. INLEIDING

Navorsers het gevorder in hul begrip van die kognitiewe prosesse wat lesers gebruik wanneer hul tekste wil verstaan. Pretorius (2008) beskryf lees as 'n kognitief-linguistiese aktiwiteit, met geletterdheid op sigself 'n sosiaal-ingeboorde verskynsel wat interaksie tussen leser en teks veronderstel en wat tot vlotheid behoort te lei. Scarborough, Neuman en Dickinson (2001), daarenteen, sien die leesproses as bestaande uit fonemiese bewustheid, dekodering en die herkenning van gedrukte woorde.

Ander outeurs brei uit oor die waarde van leesbegrip, die graad van sukses in leesinstruksie en suksesvolle lees. Betekenis en waarde word toegeken aan die leesdaad en aan situasies waarin lees voorkom, en sodra houdings oor lees gevorm word, beïnvloed dit huis-, skool-, werk- en gemeenskapsgeletterdheidspraktyke. Ander veranderlikes wat houdings oor lees beïnvloed, sluit volgens Grabe (2004) leerdervvaardigheid, ouderdom, eerste- en tweedetaal verwantskappe, motivering, kognitiewe verwerkingsfaktore, onderwyserfaktore, kurrikulum-materiale en -hulpbronne en die instruksionele omgewing in. Dit alles beïnvloed die graad van sukses in leesinstruksie.

Leesbegrip beteken dat ons probeer sin maak uit dit wat op die bladsy geskryf staan. In hierdie studie word direkte en eksplisiete leesinstruksie as sinonieme beskou. Dit berus op die behaviouristiese leerteorie en elke leertaak word in klein komponente opgebreek. Eenvoudiger vaardighede moet bemeester word voordat na moeiliker vaardighede beweeg word. Onderwysers is eers heeltemal verantwoordelik vir die leerders se vordering, maar gee leerders meer verantwoordelikheid namate hulle vorder. Die leesproses bestaan uit vooraflees, lees en postlees. Tydens vooraflees gebruik lesers bestaande kennis om oor die onderwerp te dink. Leerders maak voorspellings oor die moontlike betekenis van die teks. Hulle gebruik soek- en vlugleesvaardighede om die teks te verken. Tydens lees fokus leerders op woordkeuse, maak afleidings, toon begrip deur vrae te vra en te beantwoord. Tydens postlees reflekteer leerders oor die teksinhoud, hulle interpreteer die teks as geheel, en kom tot gevolgtrekkings daaroor.

Cutting en Scarborough (2006) noem die invloedryke werk van Gough en Tunmer (1986) in hul eenvoudige model van leesbegrip wat uit twee komponente bestaan, naamlik dekodering en luisterbegrip. Hierdie outeurs beskou die suksesvolle lees van 'n teks as 'n presiese identifikasie van die gedrukte woorde en 'n analise van die linguistiese vaardighede. As leesbegrip 'n proses van betekenis-making is, is daar verwante strategieë wat met begripinstruksie geassosieer kan word.

Ness (2011) sien hierdie strategieë as *begripsmonitering*, waar die leerder geleer word hoe om bewus te word van sy verstaan van die teks, *samewerkende leer*, waar die leerder saamwerk om strategieë in hul leeskonteks te leer en *grafiese en semantiese organiseerders*, waar leerders die betekenis of verwantskappe deur die teks verteenwoordig, grafies kan uitdruk. Hierdie definisie van leesbegrip en die verskillende take wat daarmee geassosieer word, beklemtoon die feit dat lees met begrip die uiteindelijke doelwit van geletterdheidsvaardigheid bly.

Ten spyte van die navorsing wat direkte instruksie van leesbegrip in die vroeë grade ondersteun, vind te min direkte onderrig in die meeste skole plaas. Redes vir Grondslagfase-onderwysers se onvermoë om by direkte begripsinstruksie betrokke te raak, sluit in hul gebrek aan begrip van aktiewe leeskomponente wat kritiek is in die vroeë fases van leesonderrig. Wanneer onderwysers in die vroeë grade begripsvaardighede onderrig, gebruik hulle volgens Dougherty Stahl (2004) geleide herverklaring, storiëkaarte, onderwysergegenereerde vrae, vraag-antwoordverwantskappe, en wedersydse onderrig. Benaderings soos geteikende aktivering van voorkennis, gesprekke oor tekste, direkte lees-dink aktiwiteite, leeswebbe, visuele beelde en transaksionele strategie-instruksie word min gebruik. Volgens Ness (2011) kontroleer onderwysers die interaksie met hul leerders wanneer hulle lees onderrig deur vrae te vra en hulle evalueer slegs die korrektheid van leerders se antwoorde. Voorts word die kompleksiteit van die onderrig van leesbegrip verder bemoeilik deur die gebrek aan toepaslike tekste en die balans tussen inhoud en watter strategieë relevant is afhangende van die inhoud wat gelees word.

Aansluitend hierby blyk dit uit navorsing dat baie leerders wat op graad 3-vlak lees, nie outomaties ontwikkel in vaardige begripslesers in later grade nie. Daarom moet onderwysers begrip uitdruklik onderrig, beginnende in die laerskool en aanhou daarmee reg deur die hoërskool (Bishop, Reyes & Pflaum 2006).

Aangesien baie onderwysers 'n gebrekkige vermoë het om leesbegrip te onderrig, verskaf 'n aantal navorsers riglyne, modelle en raamwerke om onderwysers by te staan. Houtveen en van de Grift (2006) stel byvoorbeeld 'n leesmodel voor wat op 'n ontleding van goeie en uitstaande lesers gebaseer is. Voordat 'n leerder begin om 'n teks te lees, moet die redes vir die lees van daardie teks en die aktivering van vorige kennis eers gedoen word. Die onderwyser se rol is om die leerder by te staan in die voorspelling van die inhoud gebaseer op die teksstruktuur en eienskappe van die teks. Leerders moet alreeds weet dat tekste uit hoofstukke, afdelings en paragrawe bestaan en dat afdelings van die teks uit die titel, onderafdelings, opsommings, die uitleg en gebruik van leestekens bestaan.

Bykomend tot hierdie aktiwiteite voor lees, beskryf Duke en Pearson (2009) die stappe wat nodig is om 'n ondersteunende klaskamerkonteks vir lees te verseker. Dit sluit in dat baie tyd aan lees gespandeer word, dat tekste om verskillende redes gelees word en dat verskeie genres gelees word. Dit vind plaas in 'n omgewing ryk aan woordeskat, met 'n akkurate en outomatiese dekodering van woorde, waar tyd gespandeer word aan die skryf van tekste vir ander om te verstaan in 'n omgewing waarin oor tekste gepraat word.

Aansluitend hierby glo Slavin en Chambers (2016) in die bou van leerders se woordeskat binne konteks. 'n Fokus op temas, soos "Winter" of "Vervoer" verseker byvoorbeeld beter woordeskatontwikkeling as om aan leerders 'n klein getal teikenwoorde te leer. Volgens Houtveen en van de Grift (2006) moet leerders in staat wees tot vaardighede soos die nagaan van verstaan van wat gelees is, herstel van die verstaan van wat gelees is, verifikasie en aanpassing van die eerste indruk van die teks, onderskeiding tussen onderwerpe, versameling van inligting uit die teks, afleiding van die betekenis van onbekende woorde en om 'n indeks te gebruik.

Vergelykbaar met dergelike leesaktiwiteite, meen Sporer, Brunstein en Kieschke (2009) dat eksplisiete leesinstruksie en die gebruik van veelvuldige leesstrategieë 'n haalbare hulpmiddel is om studente se leesbegrip te verbeter. Dat afgesien van dekoderingsvaardighede, leerders ook oor woordeskat en metakognitiewe vaardighede gedurende lees moet beskik om hul begrip te monitor en te reflekteer oor wat gelees is, blyk voorts uit 'n studie van ses graad 3-klaskamers in twee stedelike laerskole in die suidweste van die VSA (Veder, Boulware-Gooden, Carreker, Thornhill en Joshi 2007). Bevoegde lesers leer komponente soos meta-kognitiewe- en dekoderingsvaardighede gelyktydig en vlot, en as enige komponent onvoldoende is, sal begrip beperk wees.

Boulware-Gooden et al. (2007) illustreer verder, aan die hand van 'n vroeëre studie deur Biemiller en Slonim (2001), die belangrikheid van woordeskat deur daarop te wys dat leerders in graad 2 in die Kanadese konteks in die hoogste kwadrant van woordeskatkennis 'n gemiddeld van 7 100 kernwoorde bekom het, vergeleke met 'n gemiddeld van 3 000 kernwoorde van leerders in die laagste kwadrant. Om leerders in die laagste kwadrant op gelyke voet met die hoër kwadrante te bring, verg uitgebreide woordeskatinstruksie, iets wat die meeste skole in Suid-Afrika nie bevorder nie, en waarvoor onderwysers nie tyd het wanneer hulle onder druk geplaas word om inhoud te dek nie (Ness 2011).

Na die leesproses is dit volgens Houtveen en van de Grift (2007) die onderwyser wat moet bepaal of leerders met begrip gelees het deur terugvoer te gee oor die strategieë en vaardighede wat gebruik is. 'n Onderwyser moet aan leerders verduidelik waar die gepaste gebruik van 'n strategie na die korrekte antwoord en verstaan van die teks gelei het. In hierdie skrywers se werk berus die onderrig van leesbegrip trouens op 'n model waar die onderwyser strategieë modelleer en verduidelik, voortgaan met leerders wat die strategieë oefen, en dan leerders se gebruik van strategieë afrig.

In die hieropvolgende afdelings, sal ons data in verband gebring word met hierdie model van verduideliking, oefening en afrigting soos voorgestel deur Houtveen en van de Grift (2007).

2. KONTEKS VAN DIE HUIDIGE STUDIE

Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel het groot veranderinge ondergaan sedert die aanbreek van demokrasie in 1994. Die belangrikste komponente van transformasie in die onderwysstelsel is gedurende hierdie tydperk geïnspireer deur beginsels van toegang, regstelling en kwaliteit. Kamwangamalu (2001) beskou hierdie beginsels, wat deel vorm van regeringsbeleid, trouens as die begin van verpligte onderrig vir alle bevolkingsgroepe: meer spesifiek verteenwoordig dit vir leerders tussen die ouderdomme van 7 en 15 'n enkele, verenigde, nasionale onderwysstelsel met nege provinsiale departemente wat die negentien onderwysdepartemente van die apartheidsera moes vervang in 'n nuwe nasionale kurrikulum.

'n Ander poging tot transformasie was om die ontwikkeling van al die amptelike tale in Suid-Afrika te verseker. Die Taal-in-Onderrigbeleid (Department of Education, Government gazette no 18546, December 19, 1997), 'n beleid wat taalgelykheid en kwaliteit in al 11 amptelike tale bevorder, is hier van kardinale belang. In die aanhef van hierdie beleid (The South African National Educational System Language Policy 1997), word erken dat die kulturele diversiteit van Suid-Afrika 'n nasionale bate is en met hierdie bate in gedagte, beoog die Taalbeleid om veeltaligheid en die ontwikkeling van al 11 gespesifiseerde amptelike tale in die Suid-Afrikaanse konstitusie te ontwikkel.

Die Taal-in-Onderrigbeleid stip verder uit dat dit berus op die onderliggende beginsel om huistale te onderhou, terwyl dit terselfdertyd toegang verskaf tot die effektiewe aanleer van

addisionele tale. Die Onderwysdepartement wil dus 'n bykomende benadering volg om tweetaligheid vanaf 'n moedertaalbasis te bevorder – leerders wat 'n sterk moedertaalfondasie het, neem meer aktief deel en met meer selfvertroue in hul leer, en oortref hul portuurgroep wat slegs van 'n tweedetaalbasis werk (Edwards & Ngwaru 2011).

Die logika van die Onderwystaalbeleid is gebaseer op die erkenning dat Suid-Afrika 'n veeltalige gemeenskap is en dat moedertaal die mees toepaslike leertaal is. Al erken die beleid dat die leerder 'n sterk vaardigheid in ten minste een ander taal moet hê, is Engels volgens Heugh (2000) 'n hoëprioriteitstaal. Tweetalige of meertalige onderrig is gekonseptualiseer as die byvoeg van 'n tweede en selfs 'n derde taal in die leerder se repertoire, om akademiese en taalkundige sukses te bevorder. Die beleid verhoed nie toegang tot Engels nie en verminder ook nie die leerder se geleentheid om betekenisvol in Engels te kommunikeer nie. Intendeel, die beleid beskou die gebruik van Engels as 'n beter geleentheid vir die uitbreiding van kommunikasie (Heugh 2000).

Volgens regeringsbeleid word huistaalonderrig spesifiek aanbeveel vir swart leerders, wat nie slegs die meerderheid is nie, maar dikwels ook onder moeilike omstandighede grootword. Sowel Kamwangamalu (2003) as Mda (2004) wys egter daarop dat die beleid nie daarin geslaag het om voorsiening te maak vir alle leerders nie, aangesien onderrig vanaf graad 4 en verder grootliks in Engels geskied, wat 'n tweede of selfs derde taal vir die meeste van die kinders is. Juis om hierdie rede bevind Kamwangamalu (2003) dat daar in stedelike swart gemeenskappe 'n taalverskuiwing weg van inheemse Afrikatale na Engels bespeur kan word.

In ooreenstemming met so 'n gewaande taalverskuiwing beweer Setati, Adler, Reed en Bapoo (2002) dat die meerderheid van Suid-Afrikaanse onderwysers in klaskamers werk waar Engels die amptelike taal van onderrig en leer is, maar dat dit nie die onderwyser of leerders se hooftaal is nie. Met die uitsondering van tekste wat gebruik word vir die onderrig van 'n spesifieke taal as vak (byvoorbeeld Zoeloe of Tswana) word die meeste onderrig- en leermateriaal in Afrikaans of Engels gedruk. Anekdotiese getuienis ondersteun hierdie stelling, want verouderde Afrikaanse handboeke wat nie meer in stedelike skole gebruik word nie, is in baie plattelandse swart skole opgemerk. Ironies is Engels en Afrikaans tale wat deur die minderheid Suid-Afrikaanse onderwysers en leerders as huistaal gepraat word (Setati et al. 2002). Soos Hirsch (2003) aantoon ten opsigte van leesuitdagings in 'n ontwikkelende konteks binne die VSA, sou dit nietemin 'n vergissing wees om, gegewe die komplekse sosiale en linguistiese Suid-Afrikaanse konteks, sonder meer te aanvaar dat begripsprobleme slegs tot benadeelde leerders (leerders in moeilike omstandighede waar ouers gewoonlik nie betrokke is nie) beperk is.

Teen hierdie beleids- en kontekstuele agtergrond, het assesseringsresultate ernstige bekommernisse oor leerderprestasie gewek. Suid-Afrikaanse leerders se swak prestasie in leesgeletterdheid is aanvanklik vasgestel in die 2006-uitslae van die Progress in International Reading Literacy Study (PIRLS). Die Suid-Afrikaanse PIRLS 2006-studie het eerstens 'n graad 4-bevolking geassesseer en vervolgens ook 'n tweede bevolking van graad 5-leerders ingesluit as 'n nasionale opsie binne die studie (Howie, Venter, van Staden, Zimmerman, Long, Scherman & Archer 2009). Suid-Afrika se graad 5-leerders het die laagste telling van die 45 deelnemende onderwysstelsels behaal, naamlik 302, terwyl graad 4-leerders gemiddeld 233 punte behaal het. Die gemiddelde prestasie vir beide hierdie grade was ver onder die internasionale gemiddeld van 500 punte.

PrePIRLS 2011 se resultate wys op voortgaande onderprestasie deur Suid-Afrikaanse leerders met min bewys van verbeterde leesgeletterdheid, selfs nadat 'n makliker assessering geadministreer is. In die prePIRLS-2011-studie het Suid-Afrikaanse graad 4-leerders die

laagste leesprestasie van 461 in vergelyking met die internasionale gemiddelde van 500 behaal (Howie et al. 2012), ’n bevinding soortgelyk aan PIRLS 2016, wat Suid-Afrikaanse graad 4-prestasie weer eens laaste van alle deelnemende lande plaas (Howie et al. 2016).

3. DOELWIT EN BETEKENIS VAN DIE STUDIE

Na aanleiding van die voorafgaande uiteensetting kan gestel word dat bevindinge uit grootliks kwantitatiewe studies vrae oplewer oor onderwysers se praktyke wanneer hulle lees onderrig, spesifiek in die laer grade. Gebaseer op dergelike kwantitatiewe aanduidings word kwalitatiewe data ook benodig. Die doelwit van die huidige studie was dus om uit ’n aantal fokusgroep-onderhoude te bepaal wat onderwysers se leesbegrippraktyke in instellings met beperkte hulpbronne is, soos spesifiek gerig op Grondslagfase-leerders met uiteenlopende taalkundige agtergronde.

Onderwyserondervindinge, uitdagings en suksesse het tot die volgende vrae vir die studie aanleiding gegee:

1. Wat is Grondslagfase-onderwysers se gemelde uitdagings wanneer hulle werk in instellings met beperkte hulpbronne, met leerders met uiteenlopende taalkundige agtergronde?
2. Watter leesstrategieë stel onderwysers voor in hulpbronbeperkte klaskamers met taalkundig diverse leerders?
3. Wat is die oplossings wat onderwysers vir leesbegrip met leerders in die Grondslagfase voorstel?

4. METODES

Fokusgroeponderhoude is by twee hulpbronbeperkte skole in die Gauteng-provinsie onderneem. Elke fokusgroeponderhoud is met ses Grondslagfase-onderwysers, tussen die ouderdomme van 24 en 64, wat leerders tussen graad 1 en 3 onderrig, gedoen. Twee onderwysers uit elke graad is by elke skool betrek. Alle deelnemende onderwysers was vroulik en het opleiding as Grondslagfase-onderwysers ontvang.

Die navorsers het Atlas.ti vir die inhoudsanalise van die data gebruik. Eers is ’n nuwe hermeneutiese eenheid in Atlas.ti oopgemaak. Ons het al die getranskribeerde onderhoude in Atlas.ti gelaai en al die herhalende idees gemerk. Deur oop kodering is kodes geskep met die subtitels “Leesuitdagings”, “Leesstrategieë” en “Oplossings vir probleme”. Namate elke kode geskep is, is die program gebruik om die relevante inhoud in die onderhoude op te spoor. Op hierdie manier was dit maklik om vas te stel wat verskillende deelnemers oor verskillende onderwerpe te sê gehad het.

Die navorsers het ’n drukstuk van al die kodes geskep om die aantal kere wat elke kode voorgekom het, te tel om te bepaal watter kode die belangrikste is. Toe het ons kodefamilies geskep, die kodes wat saam behoort onder subopskrifte geplaas, naamlik “Leesspesifieke uitdagings”, en “Hulpbronspesifieke uitdagings”. Dit was moontlik om verskillende tipes verwantskappe tussen die families te vind. In die proses is betekenseenhede deurlopend met mekaar en met ontluikende kategorieë vergelyk. Ons het ook na negatiewe gevalle in die kwalitatiewe analise gesoek. Dit is reaksies of gebeure wat teenstrydig met die belangrikste bevindinge is, maar dit is nie opgemerk nie.

5. BEVINDINGE

Uit die fokusgroeponderhoude het baie uitdagings na vore gekom, wat vir die doel van hierdie studie in leesspesifieke en hulpbronspesifieke uitdagings ingedeel word. Die volgende afdeling verskaf besonderhede van die leesspesifieke uitdagings, gevolg deur uitbreiding oor die hulpbronspesifieke uitdagings. Teen hierdie agtergrond word strategieë wat onderwysers gebruik, bespreek.

5.1 Leesspesifieke uitdagings

Een van die uitdagings wat die meeste genoem word, is wat gebeur wanneer leerders veronderstel is om te “lees”, maar nie regtig lees nie, maar op hul geheue staatmaak. Marguerite (’n graad 3-onderwyseres) sê:

... they just read, read, read, and then you say, show me here, he doesn’t pronounce what he is pointing. He has crammed. Crammed. Cramming work. When you say, tomorrow we are going to read, they cram.

Hier verwys “cramming” na die handeling van memorisering van die teks wat in die klas gelees is. Soms “lees” leerders sonder boeke voor hulle. Dit is maklik vir leerders om te memoriseer wat hulle in hul leesboeke lees, want woorde en frases word dikwels herhaal. Onderwysers voeg by dat leerders nie met begrip lees nie, en dat hulle oorgretig is om vroe te beantwoord voordat hulle verstaan wat gevra word. Leerders “lees” ook prentjies, hulle lees dus wat hulle dink gaan gebeur gebaseer op die prentjies. Leerders beskik nie oor dekodeeringsvaardighede nie, weet nie hoe om sinne te konstrueer nie en ervaar daarom skryfprobleme.

Volgens die meeste van die onderwysers is die pas van die leerplanne te vinnig en ’n mens kan nie vir ’n week op ’n konsep fokus nie, maar moet daagliks na iets nuuts beweeg. Rosie (’n graad 2-onderwyseres) sê:

... the lesson plans that we are using, there is a lot that we have to do on the same day and we do not spend enough time on the comprehension, instead we quickly rush to do something else. The lesson plans are not made to consider the students’ pace, today something new, tomorrow something new. There is not enough gap to let those slow students incorporate clearly with the ones who are coping. The time allocation for reading is just 30 minutes a day and then 30 minutes writing. When you continue the following day, students forgot what they learnt the previous day.

Jennifer (’n graad-3 onderwyseres) ondersteun hierdie opinie en sê:

I am supposed to do a comprehension on Friday, that they must answer and write in their books and at the same time I have to do a spelling test at the same time as reading individually, so it is a lot and the students are very slow and if I want them to do the right thing I have to give them enough time, but if I am rushing them that is when they are getting everything wrong because I didn’t give them enough time, I just wanted to rush to cover all the work.

Die lesplanne verskaf assesserings waar baie min vaardighede van leerders verwag word. Daar word byvoorbeeld slegs van leerders verwag om na dinge in prentjies te wys en hulle kry volpunte sonder om ’n woord te skryf. Onderwysers het min tyd om hulle werk ordentlik te

doen. Hulle rapporteer dat hulle baie werkswinkels het om by te woon in plaas daarvan om vir hulle lesse vir die volgende dag voor te berei.

5.2 Hulpbronspesifieke uitdagings

Rakende hulpbronspesifieke uitdagings, skilder onderwysers 'n sosiale konteks van baie leerders wat in plakkershutte bly sonder elektrisiteit, hulle kom uit families waar hulle mishandel word en waar dwelms en onwettige dobbelary alledaags is. Onderwysers kla oor 'n skaarste aan hulpbronne. Die skole wat besoek is, het leestekste wat deur die Gautengse Departement van Onderwys verskaf is, maar die beskikbaarheid van elektroniese hulpbronne, (soos interaktiewe witborde en rekenaars), is skaars. Die meeste onderwysers gebruik die swartbord en probeer improviseer deur hulle eie prentjies te teken om begrip in die leesklas aan te help.

Hierdie hulpbehoewende agtergrond, die taalversperring, familie-agtergrondkonteks en groot klasse met 'n gebrek aan vaste leesgrondslag, is problematies vir alle onderwysers. Die twee skole wat aan hierdie studie deelgeneem het, bedien baie families wat van verskillende dele uit die land of ander lande soos Malawi en Zimbabwe kom. Leerders bevind hulle dus in klasse waar die taal van onderrig en leer hoofsaaklik Sepedi of Zoeloe is, tale wat volgens een van die onderwyseresse, baie van die leerders nie verstaan nie. Boonop is selfoongebruik 'n gewilde tydverdryf met die gevolg dat leerders vanaf 'n jong ouderdom gewoond raak aan SMS-taal en hulle nie die afkortings se korrekte spelling of betekenis ken nie. Hierdie stelling is deur drie deelnemers bevestig.

Onderwysers beskryf die gebrek aan ouerondersteuning van ouers wat nie by hulle kinders se skoolwerk betrokke raak nie, wat hulle kinders nie met huiswerk help nie en waar daar geen leeskuiluur by die huis gekultiveer word deur ouers wat self lees of boeke en koerante koop nie. Leerders lees nie vir pret nie. Ouers se onbetrokkenheid kan teruggevoer word na lang werksure en ongeletterdheid en ook soms self skooluitvallers is. Baie ouers dwing geen dissipline af nie en woon nie ouervergaderings by nie. Onderwysers dink dat leerders wat oor hierdie luukses beskik, tuis meestal voor die televisie sit en nie huiswerk doen nie.

Klasgroottes is 'n ander hulpbronspesifieke beperking. Onderwysers berig dat hulle klasse te groot is om aan alle individue aandag te skenk terwyl hulle lees. Klasgroottes wissel tussen 35 en 46 leerders. Dissipline is 'n probleem, terwyl skole aanhou om nuwe leerders toe te laat en onderwysers moet sorg dat leerders die werk inhaal. Baie leerders het nie 'n soliede leesfondasie nie, leerders in graad 2 kan dikwels nie op graad 1-vlak lees nie. In graad 2 is onderwysers veronderstel om sinne te onderrig, terwyl leerders nie woorde kan skryf nie. Onderwysers is van mening dat klasse in verskillende strome ingedeel moet word om meer aandag aan leerders op verskillende vlakke te kan gee.

5.3 Strategieë in hulpbronbeperkte klasse

Onderwysers is gevra watter leesstrategieë hulle die meeste in hierdie hulpbronbeperkte klasse met linguisties-diverse leerders gebruik. Grondslagfase-onderwysers van die twee skole het sekere leesstrategieë bespreek wat hulle in hulle klasse gebruik, sowel as die proses wat hulle gedurende lees gebruik.

Dit lyk of onderwysers die verband kan lê tussen klanke as die aanvanklike vaardigheid wat lei na die lees van 'n teks met begrip. Onderwysers berig dat wanneer hulle lees onderrig, hulle 'n les gewoonlik met klanke begin, vorder na die gebruik van prentjies, daarna voortgaan

na woorde, gevolg deur sinne. Groot klem word geplaas op die verskil tussen vokale en konsonante.

Delia (’n graad 1-onderwyseres) sê:

What is working for me if you like let’s say maybe you are using, introducing a certain story... the firstly you have to, if you say you are teaching ‘p’ then you have to say, you ‘poo’ and show the picture starting with that sounds then from there you ask them different words that start with the ‘p’ then from there you show them pictures then you say anyone that can give us a sentence about this let’s say ‘pot’. Then from there at least they have a clear idea what is going on. Then for them, then it’s going to be easy for them to read this pictures with phonics and then the story.

Die onderwyser breek die woord in lettergrepe op en laat leerders dit herhaal om dit makliker te maak om te lees. Een onderwyser gebruik die letters in die leerders se name en vanne om hulle te leer hoe om te lees. Sy vra ook vir die leerders om hulle eie prentjies oor die storie te teken. Plakkate wat die handboeke vergesel, word ook gebruik, spesifiek om tye en meervoude te onderrig. Prentjies is die belangrikste leesstrategie en dit word deur al die onderwysers gebruik. Leerders word gevra om te voorspel wat hulle dink in die storie gaan gebeur deur na die prentjies te kyk.

Onderwysers verduidelik dikwels wat hulle as moeilike woorde beskou, gevolg deur vorige kennis. Dan word die storie gelees en verduidelik. Daarna sluit die klas by haar aan in ’n leeskoor en dan vra sy vir hulle vroe gebaseer op die storie. Jeanine (’n graad 2-onderwyseres) beskryf die proses soos volg:

So, I read three times. I read and explain. I read and they follow, then I read with them. I look at the lesson plan first what type of questions they are going to ask the students. I look at the pictures before we even read. They must tell me what is happening in the pictures. Therefore, they have an idea now what we are going to read about. Then I make them underline the most important things in order for them to understand. Then I ask them questions. So, it helps me to help them to understand the story.

Om vrae te vra is ook ’n belangrike strategie en dit gebeur enige tyd gedurende die leesproses. Gloria (’n graad 1-onderwyseres) sê:


When I am reading, I do not wait until the end of the story to ask questions, because some of them do not pay attention, so I immediately ask the question and then we will go on with the story, then afterwards I ask questions again, for instance if we speak about this giraffe, they must have more facts about this giraffe, when I ask questions, they have a direction. I ask afterwards if anyone can tell me how the story started, and what happened, just to tell the sequence of the story. Students must also be able to retell the story to show understanding.

’n Onderwyser kan ook vir die leerders ’n storie vertel oor wat hulle gaan lees en hulle dan die storie laat dramatiseer. Terwyl hulle lees en dramatiseer, onderrig onderwysers ook die gebruik van leestekens, deur leerders te onderrig hoe die stem verander wanneer ’n komma, punt, uitroepteken of vraagteken gebruik word. Onderwysers gebruik ook sang as ’n strategie om die dramatisering aan te vul.

Die gebruik van flitskaarte word wyd beoefen en word gewoonlik gedoen wanneer onderwysers flitskaarte op die muur plaas om met woordherkenning te help. Die onderwysers begin met woorde op flitskaarte op Maandag, en stel elke dag meer woorde bekend.

Al die onderwysers bevestig dat vrae mondelings gedoen word en slegs teen Vrydag word geskrewe werk aangepak. Daar word van leerders vereis om vrae oor die stories in geskrewe formaat te beantwoord, en hulle moet neerskryf wat hulle geteken het as hulle 'n prentjie van die storie moes teken. Die leesles word afgesluit deur verbetering van geskrewe werk te doen.

Figuur 1 verskaf 'n grafiese illustrasie van hoe die onderwysers voorspelling, prentjies en vraagstelling gebruik wanneer hulle lees in die Grondslagfase onderrig:



Figuur 1: Leesstrategieë in die Grondslagfase

Gedurende die fokusgroeponderhoude het onderwysers oplossings vir leesprobleme in verband gebring met hoe hulle dink die sisteem behoort te verander. Hulle het byvoorbeeld 'n beroep gedoen om beter hulpbronne, soos leesboeke wat gepas is vir die vlak van die leerders, met interessante stories en opvallende prentjies, in Engels as die taal van onderrig en leer te kan bekom.

Onderwysers was nie in staat om enige oplossings aan te bied vir hul klaskamerleespraktyk nie, of om oor alternatiewe strategieë te reflekteer waar huidige strategieë nie effektief was nie. Geen oortuigende aanduidings kon gevind word waar onderwysers bepaal of leerders met begrip geles het deur terugvoer te verskaf op die strategieë en vaardighede wat gebruik is nie. In voorbeelde wat verskaf is, het onderwysers slegs vir leerders gevra om wat geles is

in 'n koor te herhaal met min ondersoek na watter strategieë gebruik is of hoe leerders dit reggekry het om met begrip te lees wanneer hulle onafhanklik gelees het.

Sommige praktyke, soos waar die onderwyser strategieë verduidelik en modelleer, byvoorbeeld gedurende die onderrig van klanke, kan vergelyk word met die model voorgestel deur Houtveen en van de Grift (2007). Min aanduidings kan in verband gebring word met leerders wat die strategieë oefen of onderwysers wat die leerders se gebruik van strategieë afrig. Die huidige data wys dat onderwysers probeer om in direkte begripsinstruksie betrokke te raak, maar daar is steeds 'n gebrek aan begrip van aktiewe leeskomponente wat kritiek is in die vroeë fases van leesonderrig.

Die huidige data verskaf getuienis in ooreenstemming met Dougherty Stahl (2004) soos vroeër aangehaal, wat verklaar dat, wanneer leesbegripvaardighede getoets word, onderwysers in die vroeë grade gewoonlik geleide hervertelling, storiakaarte, vrae, vraag-antwoord-verwantskappe en wedersydse onderrig gebruik. In die huidige studie, is daar beperkte aanduidings van die gebruik van refleksie oor benaderings soos geteikende aktivering van vorige kennis, praat oor die teks, gerigte lees-dinkaktiwiteit, visuele beelde in konteks en transaksionele strategie-instruksie – strategieë wat bevorder behoort te word. Soortgelyk aan die observasies deur Ness (2011), het onderwysers in die huidige studie verkies om die interaksie met hul leerders te kontroleer wanneer hulle lees onderrig deur vrae te vra en slegs die leerders te evalueer op die korrektheid van hul antwoorde.

6. BESPREKING

Teen 'n kontekstuele agtergrond van hulpbehoewendheid, plaas resultate van grootskaalse assesserings Suid-Afrika aan die onderpunt van prestasie op die lys van deelnemende lande in dergelike studies. Die doel van hierdie studie was om voorbeelde uit gekose Grondslagfase-onderwyserfokusgroeponderhoude te verskaf oor die leespraktyke wat gebruik word wanneer lees in hulpbronbeperkte omgewings onderrig word.

Onderwysers se ervarings in leesonderrig, wat hulle uitdagings is en hul voorstelle vir moontlike oplossings was die basis van bevindings om die data van die huidige studie in die konteks van bestaande literatuur te beskou oor wat ons weet van effektiewe leesbegrip-onderrigpraktyke en onderwysers se gebruik van instruksionele modelle.

Vroeë leesinstruksie bestaan uit fonemiese bewustheid, dekodering en visuele herkenning van gedrukte woorde. Leesvaardigheid ontwikkel na graad 2 wanneer begripslees tot die leesdaad bygevoeg word (Scarborough, Neuman & Dickinson 2001). Bevindings uit die huidige studie illustreer 'n bekommerenswaardige praktyk van memorisering wanneer “gelees” word. Min terugvoer oor die strategieë en vaardighede wat deur onderwysers gebruik word, beteken dat onderwysers steeds 'n gebrek aan begrip van aktiewe leeskomponente het wat van kritieke belang is in die vroeë fases van leesonderrig, soos hierbo genoem in terme van die identifikasie van gedrukte woorde om die betekenis van die teks te verstaan. Uit onderwyserverslae blyk dat interaksie gedurende leesklasse grootliks in beheer van die onderwyser was, wat vrae vra en korrekte antwoorde soek as bewys van begrip.

Die betekenis van die huidige studie lê in die voorlegging van beskikbare literatuur oor wat bekend is oor vroeë grade se leesinstruksie enersyds en bevindinge in hierdie studie wat daarop dui dat direkte leesinstruksie nie bevredigend gedoen word nie andersyds. Die ondoeltreffendheid van leesinstruksie mag die gevolg wees van onderwysers se gebrek aan begrip van leeskomponente. Leesspesifieke uitdagings en hulpbronspesifieke uitdagings, soos in hierdie studie aangebied, bevestig 'n reeds komplekse sosiale konteks waar leerders uit verskillende linguistiese agtergronde kom.

Dit spreek vanself dat leerders weens dergelike tekortkominge as ‘t ware teen ’n dubbele agterstand geplaas word: nie alleen is hulle sosiaal benadeel in hul pogings om akademies vooruit te gaan nie, maar ervaar hulle ook ’n instruksionele agterstand deurdat die basiese leesvaardighede soos dekodering, onsuksesvol onderrig word.

BIBLIOGRAFIE

- Biemiller, A. & Slonim, N. 2001. Estimating root word vocabulary growth in normative and advantaged populations: Evidence for a common sequence of vocabulary acquisition. *Journal of Educational Psychology*, 93(3):498.
- Bishop, P.A., Reyes, C. & Pflaum, S. W. 2006. Read smarter, not harder: Global reading comprehension strategies. *International Reading Association*: 66-75.
- Boulware-Gooden, R. S., Carreker, A., Thornhill, R. & Joshi, M. 2007. Instruction of metacognitive strategies enhances reading comprehension and vocabulary achievement of third grade students. *The Reading Teacher*, (61)1:70-77.
- Cutting, L.E. & Scarborough, H.S. 2006. Prediction of reading comprehension: Relative contributions of word recognition, language proficiency, and other cognitive skills can depend on how comprehension is measured. *Scientific studies of reading*, 10(3):277-299.
- Department of Education, South Africa. 1997. Government gazette no. 18546.
- Dougherty Stahl, K.A. 2004. Proof, practice and promise: Comprehension strategy instruction in the primary grades. *The Reading Teacher*, 57(7):598-609.
- Duke, N.K. & Pearson, P.D. 2009. Effective practices for developing reading comprehension. *The Journal of Education*, 189(1/2):107-122.
- Edwards, V. & Ngwaru, J.M. 2011. Multilingual education in South Africa: The role of publishers. *Journal of Multilingual and Multicultural Development*, 32(5):435-450.
- Gough, P.B. & Tunmer, W.E. 1986. Decoding, reading, and reading disability. *Remedial and special education*, 7(1):6-10.
- Grabe, W. 2004. Research on teaching reading. *Annual Review of Applied Linguistics*, 24:44-69.
- Heugh, K. 2000. The case against bilingual and multilingual education in South Africa. *PRAESA Occasional Papers*, 6:2-42.
- Hirsch, E.D. 2003. Reading comprehension requires knowledge – of worlds and the world. *American Educator*; 10-44.
- Houtveen, A.A.M. & van de Grift, J.C.M. 2007. Effects of metacognitive strategy instruction and instruction time on reading comprehension. *School Effectiveness and School Improvement*, 18(2):173-190.
- Howie, S.J., Venter, E., van Staden, S., Zimmerman, L., Long, C., Scherman, V & Archer, E. 2009. *PIRLS 2006 Summary Report: South African children's reading literacy achievement*. Pretoria: Centre for Evaluation and Assessment.
- Howie, S.J., van Staden, S., Tshela, M., Dowse, C. & Zimmerman, L. 2012. *South African Children's Reading Literacy Achievement Summary Report*. Pretoria: Centre for Evaluation and Assessment.
- Howie, S.J., Combrinck, C., Roux, K., Tshela, M., Mtstatse, N., McLeod, Palane & Mokoena, G. 2017. *PIRLS 2016: South African Highlights Report*. Pretoria: Centre for Evaluation and Assessment.
- Kamwangamalu, N.M. 2003. Social change and language shift: South Africa. *Annual Review of Applied Linguistics*, 23:225-242.
- Mda, T. 2004. Education and multilingualism. In M. C. Nkomo, McKinney, C, & Chisholm, L. *Reflections on school integration: Colloquium proceedings*. Cape Town: HSRC Press.
- Ness, M. 2011. Explicit reading comprehension instruction in early classrooms: Teacher use of reading comprehension strategies. *Journal of Research in Childhood Education*, 25(1):98-117.
- National Reading Panel. 2000. Teaching children to read: An evidence-based assessment of the scientific research literature on reading and its implication for reading instruction: Reports of the subgroups. Washington DC: National Institute of Child Health and Development.
- Pretorius, E.J. 2002. Reading ability and academic performance in South Africa: Are we fiddling while Rome is burning? *Language Matters: Studies in the Languages of Africa*, 33(1):169-196.

- Scarborough, H. S., Neuman, S.B. & Dickinson, D. 2001. Connecting early language and literacy to later reading (dis)abilities: Evidence, theory, and practice. In F. Fletcher-Campbell, J. Soler & G. Reid. *Approaching difficulties in literacy development. Assessment, pedagogy and programmes*. London: Sage.
- Setati, M., Adler, J., Reed, Y., & Bapoo, A. 2002. Incomplete journeys: Code-switching and other language practices in mathematics, science and English language classrooms in South Africa. *Language and education*, 16(2):128-149.
- Slavin, R.E. & Chambers, B. 2016. Evidence-based reform: Enhancing language and literacy in early childhood education. *Early Child Development and Care*: 1-7.
- Sporer, N., Brunstein J.C. & Kieschke, U. 2009. Improving students' reading comprehension skills: Effects of strategy instruction and reciprocal teaching. *Learning and Instruction*, 19:272-286.
- The South African National Educational System Language Policy Document. [Online]. Available: www.education.gov.za. Accessed 26 September 2017.

Weer 'n spelreël

Ek dink dit het vir die breë Afrikaanssprekende gemeenskap polities inkorrekt geword om goeie, korrekte, idiomatiese Afrikaans te gebruik. 'n Mens wanhoop soms aan die toekoms van Standaardafrikaans as jy luister na onderhoude wat op radio en TV met allerlei mense oor allerhande onderwerpe gevoer word (om van sg. Afrikaanse “kunstefeeste” nie eens te praat nie). Ek het ook 'n besondere broertjie dood aan adverteerders wat Afrikaanssprekendes se klandisie en geld wil hê maar nie eens die hofflikheid het om te voldoen aan die basiese norme van Standaardafrikaans se spelreëls en idioom nie.

Om vas te stel wat die oorsaak van sulke onvermoë en ongeërgdheid is, laat ek aan bevoegde navorsers oor – dit is nie my terrein nie. Ek het egter wel die vermoede dat behoorlike taalonderrig – sowel formeel in die onderwysstelsel as informeel deur byvoorbeeld ouers en grootouers – 'n positiewe rol kan speel.

Om my deeltjie by te dra (al is dit dalk botter aan die galg) bespreek ek in hierdie rubriek weer aan die hand van ons spelreëls een soort fout wat ek gereeld sien.

Dié reël (wat ek al vantevore bespreek het) is wat in die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* “samestellende samestellings” genoem word (reël 12.6). Dié soort samestelling bestaan uit 'n woordgroep van telwoord of byvoeglike naamwoord plus selfstandige naamwoord (wat as woordgroep dus gewoonlik los geskryf word) wat gesamentlik verbind met 'n verdere selfstandige naamwoord. Algemene voorbeelde is:

korttermynversekering: (b.nw. *kort* + s.nw. *termyn*) + s.nw. *versekering*

langtermynlening: (b.nw. *lang* + s.nw. *termyn*) + s.nw. *lening*

hoëhakskoen: (b.nw. *hoë* + s.nw. *hak*) + s.nw. *skoen*

vyfjaarplan: (telw. *vyf* + s.nw. *jaar*) + s.nw. *plan*

tweewiel fiets: (telw. *twee* + s.nw. *wiel*) + s.nw. *fiets*

eerstejaarstudent: (telw. *eerste* + s.nw. *jaar*) + s.nw. *student*

Almal weet dat 'n byvoeglike naamwoord baie dikwels 'n selfstandige naamwoord kan bepaal – op skool het ons destyds geleer hy “vertel jou iets meer” van die selfstandige naamwoord. In bostaande gevalle is dit duidelik dat die byvoeglike naamwoord of telwoord op die **eerste** selfstandige naamwoord betrekking het: *kort* het betrekking op *termyn* en nie op *versekering* nie, *vyf* op *jaar* en nie op *plan* nie, en so meer.

In 'n koerantberig oor 'n Karooboer wat groot welslae met bokhaar behaal het, is daar dus tereg geskryf van die goeie pryse wat hy behaal met *grootbokhaar* en met *jongbokhaar*, want dit is immers nie “groot haar” of “jong haar” nie, maar die haar van 'n groot/jong bok.

Daarenteen is onlangs 'n paar keer berig oor ons politieke stelsel, wat die *oorheersende partystelsel* genoem is. Dit sou beteken dat die partystelsel oorheers en, by implikasie, dat 'n ander soort stelsel daaraan ondergeskik is. Dit kan ek my nie behoorlik voorstel nie. Wat die skrywers eintlik bedoel het, is 'n stelsel waarin daar 'n oorheersende party is wat vermoedelik kan maak en breek soos hy wil. *Oorheersende* het dus betrekking op *party*, nie op *stelsel* nie: (b.nw. *oorheersende* + s.nw. *party*) + s.nw. *stelsel*.

Om dus die korrekte betekenis oor te dra en terselfdertyd aan die spelreël te voldoen, moes dit dus wees *oorheersendepartystelsel*.

Baie mense skrik as hulle sulke “vreemde” of “lang” samestellings moet vorm. In die meeste gevalle is dit onnodig om daarvoor te skrik, maar indien dit wel steur, kan ’n mens ’n koppelteken voor die laaste selfstandige naamwoord invoeg, byvoorbeeld *oorheersendeparty-stelsel*, of jy kan dit omstel, byvoorbeeld *stelsel van/met ’n oorheersende party*. In verreweg die meeste gevalle is dit egter onnodig.

Nog so ’n samestelling waarvan ’n mens gereeld lees, behoort te wees *monetêrebeleidskomitee*, want dit is ’n komitee vir of oor monetêre beleid.

Gewoonlik is die fout wat met hierdie soort samestellings gemaak word, dat die byvoeglike naamwoord los geskryf word, soos pas geïllustreer. Die teenoorgestelde gebeur egter ook soms, vreemd genoeg. Dit behels dat die byvoeglike naamwoord vas geskryf word, terwyl dit los moet wees.

In ’n onlangse berig oor Suid-Afrika se elektrisiteitsprobleme is geskryf dat die stad Kaapstad hom van Eskom wil losmaak want “daar is talle *privatekragverskaffers* by wie ons krag kan koop”. Dit beteken dus daar is verskaffers van private krag (wat sou “private krag” wees?), maar die bedoeling was waarskynlik dat daar talle verskaffers van krag in die private sektor (nie in die owerheidsektor nie) is – dus *private kragverskaffers*.

As ’n mens twyfel, is bogenoemde toetsie (op watter s.n.w. die b.n.w. slaan) gewoonlik baie nuttig.

Wat het dit te doen met my inleidende paragrawe? Dit: Ek glo dat as jongmense – veral op skool, maar gewis ook studente vir wie se beroepe skriftelike Standaardafrikaans belangrik is, soos onderwysers, joernaliste of vertalers – uit die staanspoor behoorlik geléer word hoe om te skryf en te spel, ons teen die wanhoop, onvermoë en ongeërgdheid breek kan aandraai en weer ’n mate van taaltrots kan aankweek.

JD (Tom) McLACHLAN

E-pos: tommcl@whalemail.co.za

Oproep om artikelbydraes: Spesiale tema

GODSDIENS EN DIE REG

Die aktualiteit van 'n gesprek oor godsdiens en die reg was nog nooit so relevant soos juis nou nie. Die onlangse Weermag-herrie oor die Moslem-kopdoek, verskeie ander godsdienstige dispute in die werkplek en in skole, en onwettige optredes deur kerkleiers het die soeklig opnuut laat val op die plek van godsdiens in ons samelewing en op die spanning tussen **godsdiens en die reg**, wat hom op vele ander lewensterreine afspeel. Daar is gereeld onmin tussen mense en gemeenskappe oor verskillende godsdienstige praktyke en rituele. Ons lees van pogings om kerke en godsdiens in Suid-Afrika te reguleer, maar ook van verskeie godsdiensgroepe wat ander se regte onherroeplik aantas in die naam van godsdiens. Die howe word by godsdiensdispute ingesleep, wat ook weer die reg op godsdiensvryheid ter sprake bring en die steeds moeilike verhouding tussen kerk en staat in Suid-Afrika uitlig.

Bydraes wat op die verhouding tussen **godsdiens en die reg** fokus, sal verwelkom word uit verskillende vakgebiede (die regte, teologie, filosofie, opvoedkunde en ander) en uit ander jurisdiksies, soos België en Nederland.

Hierdie temanommer sal vroeg in 2021 verskyn en bydraes moet die gasredakteur teen einde **Maart 2020** bereik.

Die gasredakteur is **prof. Helena van Coller** en bydraes, of voornemens om bydraes te lewer, kan gestuur word aan h.vancoller@ru.ac.za. Enige navrae kan ook aan haar gerig word.

Bydraes vir hierdie temanommer kan in *Afrikaans* of *Nederlands* geskryf word. Beide moet egter taalversorg word. Die algemene voorskrifte vir skrywers kan gevind word op die volgende skakel:

<http://tgwsak.co.za/>

Belangrike datums:

- Nou tot en met Desember 2019: Aanduiding van belangstelling om 'n bydrae vir die temanommer **Godsdiens en die Reg** te lewer.
- Augustus 2019 – Maart 2020: Indiening van artikels.
- Einde Maart 2020: Finale manuskrip moet aan die gasredakteur, prof. Helena van Coller, gestuur word by h.vancoller@ru.ac.za.
- April – Augustus 2020: Keuringsproses en finalisering van bydraes (kan korter of langer duur, afhangende van die aard en omvang van her- of bywerking wat deur keurder(s) voorgestel word).
- Bydraers kan moontlik ook genader word om as keurders van artikels op te tree.
- September/Oktob 2020: Gefinaliseerde manuskrip (goedgekeurde en taalversorgde artikels, tesame met alle keurdersverslae) terug by die redakteur.
- Vroeg 2021: Verskyning van temanommer.

Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, kuns en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, sal nie vir publikasie oorweeg word nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, sal gratis aan die outeur verskaf word. Indien meer eksemplare verlang word, kan dit van die Akademieskantoor bestel word teen die heersende prys.

Die volgende voorskrifte geld vir voorgelede manuskripte:

- Indien **slegs per pos**, moet manuskripte in triplikaat aan die redaksie voorgelê word. Stuur **verkieklik 'n elektroniese kopie** aan publikasies@akademie.co.za – in welke geval dit nie nodig is om drie afskrifte per pos te stuur nie. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word met Arial 12-punt skrifgrootte en 'n 25 mm linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n erkende taalversorger geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans geskryf wees en beperk wees tot **6 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort curriculum vitae in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en foto van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Dit moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600-1000** woorde in Engels. Die opsomming word begin met die **vertaling van die titel**.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels aanbied net na die opsomming.
- **Illustrasies of tekeninge** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.
- Opskrifte in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* lyk soos volg:

1. HOOFOPSKRIFTE verskyn in hoofletters en is vetgedruk. Daar is 'n spasie tussen die hoofopskrif en die teks.

1.1 Opskrifte is in kleinletters en vetgedruk; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

1.1.1 Subopskrifte is kursief; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte mag genommer word indien verkies. Daar is geen punte na opskrifte nie.

Opskrifte by tabelle lyk soos volg:

TABEL 2: Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

Onderskrifte by figure lyk soos volg:

Figuur 3: *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: die waardestruktuur.*

Plaas asseblief tabelle en figure in die korrekte posisie binne die teks.

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale is nie. Aanhalings wat langer as **drie** reëls is, word geïndenteer en het nie aanhalingstekens nie. Enige invoegsel binne 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Korreksies:** Ekstra korreksies moet deur die skrywer betaal word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Voorbeelde:

Boek: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Tydskrifartikel: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

Hoofstuk in 'n boek: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652-1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

Internetbron:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 Oktober 2004].

OF IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Indien die bron Afrikaans is, is al die bibliografiese inligting in Afrikaans, of andersom in Engels.

Bronverwysings in die teks:

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45). (aan die einde van 'n sin)

Bladgeld: Die *Tydskrif* hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen vir bladgeld. Die *Tydskrif* is 'n goedgekeurde publikasie wat betref subsidie aan universiteite en navorsingsuitsette.

Kopiereg: Outeur(s) behou kopiereg van 'n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

Verantwoordelikheid vir handskrifte, illustrasies en diskette:

Hoewel die Redaksie uiteraard alle sorg betrag by die hantering van manuskripte, foto's en tekeninge vir illustrasies, ensovoorts, kan onder geen omstandighede verantwoordelikheid aanvaar word vir enige verlies of skade wat in dié verband mag plaasvind nie. Indien outeurs materiaal wil terughê, moet hulle tesame met die toesending van materiaal die Redaksie hiervan verwittig.

Guidelines to authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the following subject fields: theology, languages, art and culture, social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions that have been published elsewhere will not be considered. Two complimentary copies of the edition that contains an author's contribution, will be mailed to each author free of charge. More copies may be ordered from the publications office at the set price.

The following regulations apply for submitted manuscripts:

- If contributions are sent only by **post**, please submit three copies. We prefer that contributions are submitted via e-mail to publikasies@akademie.co.za in which instance it is not necessary to send three copies by postage. Manuscripts must be typed in double spacing Arial 12 with a 25 mm left margin. Manuscripts must be **edited and submitted in accordance with the technical specifications of the journal**.
- Authors must submit written proof that the manuscript has been edited by a knowledgeable language practitioner.
- Contributions must be submitted in Afrikaans (or Dutch) and are limited to **6 000** words.
- Please submit an abridged curriculum vitae in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG) of each author.
- Manuscripts must contain a summary of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1000** words. The English abstract should start with a **translation of the title**.
- A list of approximately **10-20 key terms** in Afrikaans and English must be given after the summary.
- **Illustrations or drawings** must have suitable captions placed below the graphic, and should be in a size appropriate to the format of the journal.
- Guidelines for headings:

1. **MAIN HEADINGS** are in capital letters and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1 **Headings** are in lower case and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1.1 *Sub-headings* are in italics. Leave a space between the heading and the text.

Headings may be numbered if preferred. Do not put full stops after headings.

Table headings:

TABLE 2: Economic development according to demographic groups

Captions of figures:

Figure 3: Systemic interdependence.

Please insert the illustration in the correct position within the text.

- **Quotations** are not in italics – even when in another language. Quotations that exceed **three** lines should be indented and do not get quotation marks. Any insert to a quotation is between square brackets. See examples in the printed journal.
- **Abbreviations** must be avoided if at all possible.
- **Corrections** after final copy has been approved will be charged as author's corrections.
- **Bibliographic references** are based on the abbreviated Harvard method, with some variation for certain subjects.

Examples:

Book: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

Article from journal or magazine: Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

Chapter in a book: Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652–1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

Internet source:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

OR IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 October 2004].

If the source is Afrikaans, all bibliographic detail is in Afrikaans, or vice versa in English.

References in the text:

According to Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45). (at the end of a sentence)

Page fees: There is a charge of R300 per printed page (+VAT) towards the printing costs. It is the responsibility of the author to arrange for payment of these fees by his/her university/institution. The journal is an approved publication with regard to government subsidy for universities and research institutes.

Copyright: Copyright for articles published in the Journal rests with the author(s).

Responsibility for manuscripts, illustrations and disks:

Although the editor and publications office will always take care in the handling of manuscripts, pictures and graphic material, we cannot take responsibility for any lost material – please keep back-ups. If an author would like to have material returned, please inform the editorial office on submission of the article.



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sferes te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidissiplinêre organisasie.

Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook die lewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidissiplinêre organisasie wat die belange van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daarvoor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.



Sedert Maart 2009 geïndekseer in die Social Sciences Citation Index

VOORBLADFOTO:
Engelenburghuis: Gister en vandag